b160 40910

UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State
34300004522516
Universiteit Vrystaat

Universiteit van die
Vrystaat
BLOEMFONTEIN

02 NOV 2010

UV SASOL BIBLIOTEEK

# PROMISSIOTERAPIE BY VROUE NA DIE VERLIES VAN 'N EGGENOOT : 'N PASTORAAL-NARRATIEWE STUDIE

deur

Annamarie de Beer

Voorgelê ter vervulling van die graad

Philosophiae Doctor

in die

Fakulteit Teologie : Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Promotor : Prof Jan-Albert van den Berg

November 2009

**Verklaring**

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Philosophiae Doctor aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

adeBeer ............................ 30-3-2010 ............................

A. de Beer Datum

## Dankbetuigings

*Ek wil graag my dank en waardering uitspreek aan die volgende persone wat my met die navorsing bygestaan het:*

- My studieleier, Prof. Jan-Albert van den Berg, vir sy positiewe leiding, geduld en aanmoediging.
- Aan my medenavorsers, die vroue, wat ingestem het dat ek hul verhale mag gebruik.
- Aan die Fakulteit Teologie vir die beurse wat aan my toegeken is.
- My man, Andries, wat vir my 'n inspirasie was in die navorsing.

Aan my Hemelse Vader wat my op my lewenspad van rou begelei het.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1
## NAVORSINGSONTWERP


1. Ter Inleiding 1
2. Voorafgaande 5
3. Probleemsamehang 9
4. Agtergrond van medenavorsers 13
5. Intensie 18
   - 5.1 Die vroue se vertolking van hoop en vertroosting in die rouproses van 'n eggenoot. 18
   - 5.2 Die rol van eskatologie en promissioterapie by hoop en vertroosting na die verlies van 'n eggenoot. 18
   - 5.3 Die implikasies in die daaglikse bestaan van die vroue wanneer daar hoop op opstanding uit die dood is. 18
   - 5.4 Dat Christenvroue, vanuit hul spirituele agtergrond, hoop en vertroosting vind in die wete dat hul geliefde in die hemel is. 18
   - 5.5 Die vroue se persepsie van die hemel volgens hul eie oortuiging en die verband van dié persepsie met die konstatering van 'n pastorale troos en hoop. 18
   - 5.6 Die ontwikkeling van 'n pastoraal-narratiewe benadering vir betrokkenheid by vroue van wie 'n eggenoot gesterf het. 19
6. Navorsingsverwagtinge 19
   - 5.1 Die vroue se vertolking van hoop en vertroosting speel 'n rol in die rouproses. 19
   - 5.2 Die veronderstelling dat promissioterapie 'n rol speel in die skep van hoop en vertroosting na verlies van 'n geliefde. 19
   - 5.3 Hoop op opstanding uit die dood hou implikasies in vir die daaglikse bestaan van die bedroefde. 19
   - 5.4 Christenvroue, vanweë hul spirituele agtergrond, vind hoop en vertroosting uit die veronderstelling dat hul geliefdes in die hemel is. 19
   - 5.5 Die vroue se persepsie en konstruering van hulle voorstelling

van die lewe hierna (hemel) word deur hulle stemme in die vorm van taal uitgebeeld. Die verband met hoop en vertroosting word deur hierdie persepsie uitgewys. 19

5.6 'n Pastoraal-narratiewe benadering vir betrokkenheid by die fasilitering van hoop en vertroosting, by persone van wie 'n geliefde gesterf het, kan ontwikkel en nuttig aangewend word. 19

7. Metodologie 20

8. Navorsingsbeperkings 27

9. Hoofstukuiteensetting 27

Hoofstuk 1 Navorsingsontwerp 27

Hoofstuk 2 Teologiese plasing en antropologiese verkenning 28

Hoofstuk 3 Omskrywing en verduideliking van eskatologie en promissioterapie. 29

Hoofstuk 4 Begripsomskrywing van die rouproses, narratiewe terapie, die lewe hierna en die verband met hoop en vertroosting 30

Hoofstuk 5 'n Narratiewe-pastorale benadering om hoop en vertroosting te fasiliteer. 31

Hoofstuk 6 'n Refleksie oor die navorsingsproses 32

10. Slot 32

## HOOFSTUK 2

## TEOLOGIESE PLASING EN ANTROPOLOGIESE VERKENNING

1. Aan die begin 33

2. Rol en betekenis van die teologie 33

3. Pastoraal-teologiese verwantskap 37

4. Praktiese teologie 37

5. Posisionering 40

6. Paradigma 42

6.1 Postmodernisme 43

6.2 Postmoderniteit 45

6.3 Pastoraat 47

7. Epistemologie 49

7.1 Sosiale konstruksie diskoers 50

7.2 Konteks 51
7.3 Narratief-hermeneutiese plasing 52
7.4 Deelnemende aksienavorsing 53
7.5 Taal 53
8. Teologiese perspektiewe vir 'n pastorale antropologie 53
8.1 Dood 54
8.2 Lewe 58
8.3 Lewensin 60
9. Oor die mens 60
10. Fundering en normering van 'n teologiese antropologie 63
10.1 Eenheidsgedagte 63
10.2 Spiritualiteit 65
10.3 Voorstelling van die antropologiese driedeling 68
10.4 My perspektief 77
11. My narratief 77
12. Samevatting 78

## HOOFSTUK 3

## ESKATOLOGIE EN PROMISSIOTERAPIE

1. Oorsig en heenwysing 80
2. Tydlose misterie 82
2.1 Eskatologiese noodsaaklikheid, betekenis, funksie en perspektiewe 85
2.2 Die verband tussen eskatologie en hierdie studie 90
2.3 Die verband tussen die mens as spirituele wese en die eskatologie 96
2.4 Bipolêre benadering aangevul deur die eskatologiese perspektief 98
2.5 Eskatologie en hermeneutiek 100
2.6 Eskatologie en pastorale terapie 100
2.7 Die waarde van die eskatologiese perspektief vir die ontwerp van 'n benadering vir betrokkenheid by agtergeblewenes, om hoop en vertroosting te fasiliteer 101
3. Vertroosting in die toekoms 102
4. Die strekking van promissioterapie en hoopterapie 109
4.1 Verandering deur promissioterapie 110

4.2 Om te hoop 112
5. Hoop en vertroosting 120
5.1 Terapie en vertroosting 122
5.2 Ander eksterne faktore wat 'n rol by vertroosting speel 126
6. Vertroosting in die oortuiging dat daar 'n lewe hierna bestaan 127
7. Samevatting 130

HOOFSTUK 4
BEGRIPSOMSKRYWING VAN DIE ROUPROSES, NARRATIEWE TERAPIE, DIE LEWE HIERNA EN DIE VERBAND MET HOOP EN VERTROOSTING
1. Na aanleiding van ... 133
2. Verlies 134
3. Om te treur 139
4. Verhalende benadering 147
5. Oorsig 155
6. 'n Bestemming in die toekoms 157
6.1 Waarom hieroor skryf? 158
6.2 Die hemel 160
6.3 Waarheen? 162
7. Die vroue se stemme 164
8. Samevatting 179

HOOFSTUK 5
'N NARRATIEWE-PASTORALE BENADERING OM HOOP EN VERTROOSTING TE FASILITEER
1. Aaneenskakeling 181
2. Pastoraat en die verhaal 182
3. Insiggewend 184
4. Modellering 189
5. Pastoraat en gesprek 189
6. Pastoraat en verhalende uitgangspunt 200

7. Die terapeut 202
8. Ontwerp 203
9. Elemente van die pastorale vennootskap 207
10. Verhale in die navorsing 209
11. Samevatting 215

**HOOFSTUK 6**

**'N REFLEKSIE OOR DIE NAVORSINGSPROSES**

**BIBLIOGRAFIE**

1. Inleiding 218
2. 'n Terugblik 219
3. Die verhouding tussen terapeut en gespreksgenote 224
4. Ontluiking van die vroue se verhale 229
5. Die waarde van die navorsing 242
6. Gespreksgenote se ervaring van die navorsing 248
7. Persoonlike ervaring van die navorsing 251
8. Slot 252

**LITERATUURVERWYSINGS** 254

Opsomming

Abstract

Sleutelwoorde

As long as we have hope

we have direction

the energy to move

and the map to move by

We have a hundred alternatives

a thousand paths

and an infinity of dreams

Hopeful we are halfway

to where we want to go

Hopeless

we are lost forever

Lao Tzu

(Chinese filosoof 570-490 B.C)

# HOOFSTUK 1

## NAVORSINGSONTWERP

### 1. TER INLEIDING

Hierdie navorsingsverhaal oor promissioterapie by vroue, na die verlies van 'n eggenoot, word metafories aangebied in die voorstelling van 'n ketting met skakels. Die skakels van die ketting is 'n aanduiding van die kontinuïteit van die navorsingsverhaal. Die beginpunt van die navorsingsketting behels die bewuswording van 'n probleem en die eindpunt stel die uitkomste van die navorsing voor. Die verhaal word saamgebind deur grepe uit gedigte van Totius, wat deur sy taalgebruik 'n aanvoeling vir tekste, woorde en betekenis toon, en daarom aansluiting vind by die narratiewe benadering. Sy ervaring van die rouproses beeld ook die ooreenstemmende belewenis met die vroue se rousmart en pyn uit.

Die aaneenskakeling van die navorsingsketting beeld kortliks die navorsingsverhaal soos volg uit:

- *Skakel een*

  Dié skakel stel die navorsingsontwerp voor. Die ontstaan van die probleem, met betrekking tot die fasilitering van hoop en vertroosting danksy promissioterapie, word bespreek. Die navorsingsprojek word omskryf en afgebaken. Medenavorsers word aan die leser bekendgestel. Die narratiewe intensies en navorsingsverwagtings word verhelder. Daarna volg die metodologiese verantwoording van die studie.

- *Skakel twee*

  Die teologiese verband word deur die bespreking van teologiese perspektiewe vir 'n pastorale antropologie uitgewys. Praktiese Teologie word as geskikte vertrekpunt vir die studie verken en verduidelik.

- *Skakel drie*

  Postmoderniteit, as paradigmatiese benadering en operasionele raamwerk vir hierdie navorsing, word bespreek.

- *Skakel vier*

  Hierdie skakel behels 'n diskoers oor die mens. Dit omvat die fundering en normering van 'n teologiese antropologie, na aanleiding van die eenheidsgedagte, spiritualiteit, die voorstelling van die antropologiese driedeling en die navorser se perspektief. Die epistemologiese vraagstuk kom daarna *aan bod.*

- *Skakel vyf*

  Die begrippe eskatologie en promissioterapie word deurgrond en bespreek.

- *Skakel ses*

  Promissioterapie en die vyf bewegings van Müller (2000:72-103) se gespreksbenadering word verhelder.

- *Skakel sewe*

  Die begripsomskrywing van die rouproses en die verband met hoop en vertroosting word bespreek. Die metaforiese meelewing met Totius word geaksentueer.

- *Skakel agt*

  Die diskoers oor hoop en vertroosting, met vrae van gespreksgenote en hulle voorstellings in verbatim-vorm kom in hierdie skakel aan die beurt.

- *Skakel nege*

  Hierdie skakel gee 'n blik op hermeneutiek en pastorale terapie.

- *Skakel tien*

  Hierdie skakel behels 'n voorstelling van 'n narratiewe-pastorale benadering, om hoop en vertroosting by gespreksgenote te fasiliteer.

Hierdie tien skakels dui die verloop van die navorsingsprojek aan. Met behulp van fragmente van gesprekke met die vroue, word die sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie beklemtoon.

Na my persoonlike verlies van my eggenoot, het Totius se gedigte oor verlies my aangegryp. Verskeie emosies het na vore gekom en die vraag na hoop en vertroosting het ontstaan. In meelewing met Totius is die volgende greep uit sy gedig "Ek wou my ganse digkuns waag" 'n literêre voorstelling van intense emosie, wat na verlies ervaar word.

*Ek wou my ganse digkuns waag*
*om ál my hartpyn uit te klaag;*
*om in my klanke uit te sê,*
*om soos in marmer vas te lê*
*die beelt'nis van my pyn (Totius 1933:32).*

Totius het na die dood van sy twee kinders self die pyn van verlies ervaar. Hierdie leed het aanleiding gegee tot 'n aantal gedigte wat uit sy pen ontstaan het. Sy gedigte weerspieël diepere gevoelens, wat na die dood van 'n geliefde ervaar word. Aangesien hierdie gedigte godsdienstig van aard is, en inpas by die tema van hierdie studie, word grepe daaruit as "voertuig" voorgehou om hierdie navorsing metafories saam te bind. Dit pas dan ook binne die narratiewe paradigma, wat 'n aanvoeling vir tekste, woorde en betekenis het.

Ter versterking van die rasionaal om Totius se werk as voertuig te gebruik, word 'n oorsig van sy geskiedenis gegee. Volgens Cloete (1976:Proloog) is Totius op 21 Februarie 1877 in die Paarl gebore en het hy in 1896 na die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp gegaan. "Hy was die 86ste student van hierdie inrigting sedert die oprigting in 1869" (d'Assonville 1993:52). Hy was in 1899 predikant op Rustenburg en het na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog na Nederland gereis vir verdere studie. Nadat hy in 1903 sy doktorsgraad in Amsterdam behaal het, het hy in Potchefstroom predikant geword. Hy het dieselfde jaar met Marie Postma in die huwelik getree. In 1911 is hy as hoogleraar aan die

Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk aangestel. Totius emeriteer in 1949 en is in 1953 oorlede.

Sy gedigte van *Passieblomme* het ontstaan na die dood van sy twee kinders. Sy seuntjie, Francois, is in November 1920 aan breinvliesontsteking oorlede. "Hierdie lyde wat baie smartlik was, het ongeveer drie weke geduur en ons ouerharte geweldig aangegryp" (Totius 1933:7). Die gesin het twee keer elke dag in die siekekamer saamgekom en gebid (d'Assonville 1993:131). Sy dogtertjie, Wilhelmina, het kort daarna, op oujaarsdagaand gesterf, toe sy deur 'n weerligstraal getref is. "Dadelik het ek haar van die grond opgehef, maar sy was onmiddellik dood" (Totius 1933:8). Totius het sy hele huisgesin bymekaar geroep en hulle het almal op die stoep om die doodsbed van Wilhelmina gekniel (d'Assonville 1993:135). Sy persoonlike ervaring van rousmart, en die uitbeelding daarvan in die vorm van gedigte, het die pyn rondom verlies in taal verwoord. Totius se poësie kan in vier groot groepe verdeel word, naamlik nasionale, persoonlike, natuur- en godsdienstige gedigte (Cloete 1976:Proloog). Dit is nie altyd moontlik om tussen dié vier groepe te onderskei nie, maar daar is 'n deurlopende godsdienstige lyn in al sy werk. Die rasionaal en motivering om Totius se gedigte as metafoor in 'n pastorale studie te gebruik behels die volgende:

- sy godsdienstige agtergrond,
- die aanklank met die godsdienstige aard van sy werk,
- sy persoonlike ervaring van verlies van geliefdes, en
- sy vermoë om hierdie ervarings in taal uit te beeld.

Die verskillende grepe uit Totius se gedigte, wat in hierdie proefskrif opgeneem is, is vanuit verskeie oorwegings gekies. Die mees essensiële oorwegings is die gedeelde rousmart, sowel as Totius se begaafdheid om die pyn, wat hy as gevolg daarvan beleef het, in woorde weer te gee. Die sterkste oorweging, met betrekking tot die narratiewe benadering, spruit voort uit Totius se gebruik van taal, wat die toepaslikheid met hierdie navorsing uitbeeld. Hy het die vermoë om die belewenis van emosie in taal te omskep. Verder is spesifieke fragmente uit gedigte van Totius gekies, omdat dit die kongruente belewenis met die vroue se rouproses en pyn uitbeeld.

## 2. VOORAFGAANDE

Die bewuswording van 'n vraagstuk vorm die eerste stap in enige navorsing. Dit blyk asof Totius ook met kwessies waarvan hy bewus geraak het en waaroor hy onseker was geworstel het. Die volgende fragment uit sy gedig "Ek graaf met my gedagtes" skep die indruk dat daar 'n soeke na antwoorde is.

*Ek graaf met my gedagtes*
*in die geheimenis,*
*en soek of daar geen antwoord*
*op al my raaisels is (Totius 1933:51)*

Hierdie navorsing handel oor die toepassing van *promissioterapie* as hoop en vertroosting by vroue, na die verlies van 'n eggenoot. Capps (1995:12) is van mening dat die terapeut 'n voorsiener van hoop is. Bemiddeling van hoop op 'n beter toekoms maak terapie sinvol en pastoraal (Müller 1996:177). Om die begrip promissioterapie te verduidelik is dit nodig om te verstaan wat terapie beteken.

Lynch (1997:4) beskryf terapie as 'n proses waarin die terapeut en 'n persoon die ervaring van die persoon bespreek, in die hoop dat 'n positiewe verandering in die persoon se lewe bewerkstellig word. Hiermee stem Botha (2007:7) saam wanneer hy sê "Therapy deals with life itself, and with the issues of life through mutual communication between therapist and client." Diepere kwessies in die mens se lewe word ontbloot en bespreek met die doel om 'n helende ondervinding te fasiliteer. Dit vind plaas met die spesifieke doel om die persoon se self-verstaan te verander. Die gespreksgenoot ervaar persoonlike groei deur die alternatiewe storie, wat in die terapeutiese proses tot stand kom. Dit word onder andere gesien as betekenisvolle herformulering, wat soos Müller (1996:129) dit stel "...nie noodwendig positief hoef te wees nie, die bedoeling is eerder dat die uitkoms positief moet wees..." Daar moet positiewe verandering in 'n persoon se lewensverhaal plaasvind. Dit impliseer nie gedragsverandering nie, maar wel dat nuwe betekenis aan probleemgedrag gegee word. Die verbeelde toekomsverhaal kan ook 'n rol by formulering van die alternatiewe toekomsverhaal speel (Botha 2007:508). Die gespreksgenote ontdek

en bou aan hulle identiteit (Müller 2000:10). Die sinvolle funksionering van 'n persoon word geraak.

Louw (1999a:510) reken dat terapie te doen het met 'n hulpverlenende aksie, wat konstruktiewe en positiewe implikasie vir die menslike bestaan, en sy sinvolle funksionering, tot gevolg kan hê. *Pastorale* terapie kan gesien word as 'n meganisme om in gesprek te tree met vroue se diskoerse in die lig van God se storie (De Beer 2007:43). Dit is 'n deelnemende proses waarin terapeute met mense saamwerk (Kotzé & Kotzé 2001:8). Die navorser se teologiese, wetenskaplike en filosofiese posisionering speel 'n rol in die navorsingsprosedures en -uitkomste. 'n Persoon se eie teologiese oriëntering beïnvloed dus hoe pastorale terapie gesien word.

Pastorale terapie behels hoopterapie aan die mens wat soek na lewensin en kan, in samehang met die hoop van die Christelike geloof, omskryf word as promissioterapie. Dit kan gesien word as 'n "...vorm van hoopterapie aan die mens in sy/haar soeke na lewensin" (Louw 1999a:14). Voordat hoop ontsluit word, moet 'n persoon eers lyding ervaar (Du Toit 1990:9). Hoop spruit dus voort uit die belewenis van lyding. Die transformerende effek van die vervulde heilsbeloftes in Christus, wat deur die Heilige Gees die toekoms ontsluit en hoop wek, word in promissioterapie weerspieël (Louw 1999a:28). Verder kan promissioterapie, binne die konteks van heilsterapie, aan pastorale terapie 'n eie identiteit verskaf. Volgens Louw (1999a:518) is promissioterapie 'n vakwetenskaplike term, wat die uniekheid van pastorale terapie van psigoterapie onderskei. Hy reken die verskil lê in die *doel* (geloofsvolwassenheid), die *effek* (versoening) en die *middele,* wat gebruik word om verandering te genereer. Hierdie drie komponente behels die Skrif, gebed en die sakramente.

Promissioterapie gaan in hierdie navorsing oor die herstrukturering van die vroue se begrip van rousmart, om hoop en vertroosting te fasiliteer. "Promissioterapie wil die mens nie slegs laat fokus op *singewende* waardes nie, maar op 'n *sinontvangende* lewensbron wat prakties die mens daagliks kan help om dankbaar te leef en hoopvol te sterf" (Louw 1999a:14). Die teenwoordigheid van God word beklemtoon, wat geloofsgroei bevorder en geloofsvolwassenheid kweek. Stocks (1985:82) skryf dat

'n Christen geloofsvolwassenheid bereik as gevolg van 'n "...deepening relationship with Christ individually (one-to-one) and as the result of increasing quality of human interaction." Die klem van groei is dus op interpersoonlike verhoudings. Geloofsvolwassenheid behels die vermoë om 'n verhouding met Christus te hê, Sy teenwoordigheid te verstaan en Hom te dank, ten spyte van die verlies wat ervaar word. God se teenwoordigheid en liefdestrou is vir die gelowige sigbaar in sy beloftes, wat hoop in tye van verlies vir die mens bied.

Moltman (1967:18) reken dat "Christian hope is resurrection hope..." In aansluiting hierby skryf Capps (1995:8) dat wanneer mense, wat probleme ervaar, hulp soek "...they are, in this very act, seeking hope." Louw (1999a:519) stem daarmee saam wanneer hy skryf dat promissioterapie hoop in die mens se hart wek en dat Christelike hoop wesenlik opstandingshoop is. Hierdie hoop is gevestig op lewe na die dood. Dit omvat die *begin* in die *einde,* wat weer eskatologie impliseer. Van der Ven (1993:68) reken eskatologie is gemoeid met die *nou* van die teenwoordige. Die *nou* kan verstaan word as hulpmiddel, wat as deurgang tot die toekoms kan dien. Dit bring 'n gesindheid van hoop vir die toekoms, waarop almal nog in afwagting is. Eskatologie beteken volgens Moltmann (1967:16) "...the doctrine of the Christian hope, which embraces both the object hoped for and also the hope inspired by it." Die aard van hoop, en hoe dit die daaglikse lewe beïnvloed, is van belang vir hierdie studie. Aanleidende omstandighede, wat kan bydra tot hoop en vertroosting, word verreken en word in hoofstuk 3 bespreek.

Die funksie van eskatologie en promissioterapie word verder verken om die verband met hoop en vertroosting te probeer vasstel. Daar is baie vrae rondom hierdie begrippe en aangesien dit sentraal tot hierdie studie staan, word dit in hoofstuk 3 breedvoerig bespreek. Daar is nie 'n chronologiese volgorde nie, maar vir die navorser is dit van belang om eerstens duidelikheid te verkry oor eskatologie, aangesien eskatologie die pastorale gebeure met opset op die toekoms van die komende ryk van God rig (Louw 1999a:149). Die eskatologie bied 'n raamwerk vir etiek en behels die konteks waarbinne gelowiges tot 'n bepaalde lewenswyse aangespoor word (Smit 2008: Elektroniese bron). Dit vestig ook die aandag op God se laaste optrede teenoor Sy skepping, die laaste dae, die belofte van die toekoms en die *hoop* wat uit hierdie belofte ontstaan (Sauer 1981:3). Geloof in 'n lewe hierna

speel volgens Kübler-Ross en Kessler (2005:109) "...a role in how we grieve, the impact being left to each individual." Promissioterapie vloei na my mening voort uit eskatologie, omdat eskatologie die kader bied vir die konteks waarbinne promissioterapie kan geskied. Die konteks van promissioterapie in hierdie navorsing is die kommunikasienetwerk van die terapeut-gespreksgenoot-interaksie. Tydens hierdie proses word daar gepoog om geloofstabiliteit te fasiliteer, wat volgens Louw (1999a:300) in die trou van God bestendigheid vind. Dit word gekonstrueer en bemoedig deur die waarheid van die vervulde Skrifbeloftes. Die begrip *belofte* is 'n oorkoepelende term vir God se genadige betrokkenheid by mense (Nel 2005:11).

Baie mense voel wanhopig en ondervind persoonlike onsekerheid, asook gevoelens van hartseer en pyn, na die dood van 'n geliefde. Totius beskryf dit treffend in sy gedig "O Die pyn-gedagte" wanneer hy sê:

*O Die pyn-gedagte: My kind is dood!...*
*Dit brand soos 'n pyl in my;*
*die mense die sien daar niks nie van,*
*en die Here alleen die weet wat ek ly (Totius 1933:21).*

Spreekwoordelik verkeer 'n persoon in diep waters en word deur 'n stroom sterker as die persoon self, soms ook sterker as daardie persoon se geloof, meegesleur (Van Niekerk 2002:23). Die vroue kan gevoelens van moedeloosheid ervaar. Skielik is daar baie vrae sonder antwoorde. Dit behels onder andere vrae oor *hoekom* die persoon moes sterf, *waar* die gestorwene nou is, sowel as vrae oor die *opstanding* uit die dood (Marais 1992:3; Steyn 2000:31). Volgens Conradie (2006:42) bied die hoop op lewe na die dood onmiddellike troos wanneer iemand na aan 'n mens sterf. God verander droefheid sonder hoop na droefheid gevul met hoop deur die versekering dat ons weer ons geliefdes sal sien (Bothma 2006:12). "Christene is mense wat kan treur met hoop in hulle harte" (Smit 2000:11). Die fokus van hierdie studie is 'n soeke na meganismes om hoop en vertroosting by die agtergeblewene te fasiliteer. Hoop raak 'n persoon se vertroosting en funksionering in die lewe. Daar sal gepoog word om deur betrokkenheid en met behulp van promissioterapie insig by persone, wat verlies ervaar, te fasiliteer.

'n Spekulatiewe verkenning gaan saam met die vroue, as die belangrikste kenbron in hierdie studie, onderneem word. Volgens Malan (2006:1068) kan spekulatiewe ervaringe as hipotetiese ervaringe gesien word. 'n Hipotese kan ooreenstemmend met Landman (2009:elektroniese bron) as 'n vermoede of 'n verwagting aangaande die verband tussen twee of meer verskynsels (interpretasies) omskryf word. In aansluiting by die narratiewe benadering word dit in hierdie navorsing grotendeels as verwagting gesien. Dit vind plaas wanneer *glinsteroomblikke* in die gesprek te voorskyn kom en die terapeut hulle kan gebruik as basis om te spekuleer oor hoe dinge kon wees, moontlik kan wees, of as 'n manier waarop hierdie momente lewendig gehou en in 'n verhaal omskep kan word. Hierdie verkenning is spekulatief van aard aangesien daar saam met die vroue oor die ondersoek en hulle verwagtinge nagedink word. Vrae kan gestel word om hulle verhale verder te ontgin en te verryk. Die doel is om elke moontlike interpretasie onder die vergrootglas te neem en verder te ontwikkel (Kerlinger, 1973:384). Hierdie diskoers word verder verhelder deur die bespreking van die narratiewe benadering in hoofstuk 4.

Wanneer die term *hy* of *sy* in die studie gebruik word, verwys dit nie spesifiek na die manlike nie, maar kan dit beide geslagte insluit. Waar dit 'n spesifieke geslag behels, sal dit aangedui word. Die terme *navorser* en *terapeut* word afwisselend gebruik, aangesien die studie navorsing behels, en impliseer nie subjek/objek as sodanig nie. Dit beklemtoon volgens die postmodernistiese perspektief dat die navorser of terapeut 'n fasiliteerder is en nie 'n gespreksgenoot wat antwoorde of oplossings verskaf nie.

Die deelnemers in die pastorale gesprek word gesien as gespreksgenote. Die woorde terapie, gesprek en benadering word afwisselend beskou. Waar verwys word na 'n elektroniese bron is die bladsynommer nie aangedui nie aangesien meeste elektroniese artikels nie bladsynommers het waarna verwys kan word nie.

## 3. PROBLEEMSAMEHANG

In meelewing met Totius se volgende woorde uit sy gedig "O Gee my maar net 'n sekonde" sou ek ook graag vooraf wou weet wat op my wag.

*O Gee my maar net 'n sekonde*
*van voorwetenskap en 'k sal*
*aan arg'lose wesens ontkoming verkonde*
*voordat nog die dood hul skielik oorval(Totius 1933:17).*

My persoonlike verlies het aanleiding gegee tot die verhaal rondom die navorsing en die keuse van die tema. 'n Ramp het my op die 11$^{de}$ September 2007 getref toe my man in 'n motorongeluk oorlede is. Hy het 'n paar uur vantevore gesond en vrolik die huis verlaat en nooit weer teruggekeer nie. "Wie verwag die dood... op énige dag?" (De Kock 2007:21). Baie vrae het ontstaan, maar het nie antwoorde gehad nie. Waar is hy nou? Wat het van hom geword? Waar vind 'n mens vertroosting? Wat nou? Dit stem ooreen met die vrae van die medenavorsers, wat voortspruit uit die rousmart wat hulle ondervind. Dit impliseer hulle soeke na antwoorde, wat moontlik weer vir hulle hoop kan gee. As Christen stem ek saam met De Kock (2007:55), wat sê dat God niemand in die steek laat wat by Hom troos en hulp soek nie. Ek het aan God se beloftes oor die opstanding en 'n lewe hierna vasgehou. Volgens Gous (2005:174) is die ligpunt, waarna mense met verlange uitsien, die idee om geliefdes, wat gesterf het, weer in die lewe hierna te sien. Hierdie verlange in die teenswoordige na die toekomstige lewe weerspieël 'n eskatologiese perspektief. Dit het my laat nadink oor die *eskatologie* en *promissioterapie*, en laat wonder oor die hoop en vertroosting wat dit ander vroue kan bied as hulle 'n eggenoot verloor het.

Die idee van 'n lewe hierna het my laat nadink oor die *hemel*. Nicholson (2008:21) praat oor die hemel en sê dat daar geen ander onderwerp is wat die hart meer laat ontvlam en die verbeelding meer aangryp as die onderwerp van die hemel nie. Die *hemel* word volgens Louw (2006g:22) die finale eindbestemming genoem. Hy skryf verder dat die eindbestemming bloot 'n ruimte is wat God se beloftes skep. As 'n mens glo dat 'n geliefde hemel toe gaan, sal daardie persoon hartseer wees, maar die versekering hê dat die persoon wat oorlede is, gelukkig in die hemel is (Kübler-Ross & Kessler 2005:110). Dit stem ooreen met Smit (2000:11) wat skryf dat Christene glo hulle geliefdes is by God in die hemel en dat hulle kan hoop om hulle weer eendag te sien. Vrae van die gespreksgenote oor die toekomstige lewe, of die lewe hierna, beklemtoon hulle bepeinsing *oor*, en persepsie *van*, die hemel. Deur

die vroue se stemme word gepoog om die gevisualiseerde landskap van die hemel uit te beeld en die betekenis daarvan in die konstruering van 'n kongruente teologiese promissioterapie te omskryf.

'n Narratiewe-pastorale ontdekkingstog gaan, saam met vroue wat 'n eggenoot aan die dood afgestaan het, in hierdie studie onderneem word. My ervaring, kulturele konteks, spirituele agtergrond, sowel as persoonlike diskoerse, het 'n oorheersende rol in die formulering van die probleem gespeel.

> *In hierdie navorsingsprojek verkies ek dan om drie vroue, wat in Kroonstad woon, se belewenis van die eskatologie en promissioterapie, as hoop en vertroosting, na die verlies van 'n eggenoot te ondersoek. My persoonlike ervaring vind ook weerklank in my stem wat bygevoeg word.*

Die drie vroue word later in die hoofstuk anoniem aan die leser bekendgestel. Die gebruik van skuilname is met die vroue bespreek. Hulle kon self besluit watter name hulle verkies. Die name Janie, Sarie en Belinda is voorgestel en het hulle goedkeuring weggedra.

Die vraag ontstaan of daar werklik hoop en vertroosting in promissioterapie gevind kan word. Aangesien hoop ontstaan wanneer lyding ervaar word, is dit belangrik om verskillende perspektiewe ten opsigte van lyding te verken. Die volgende uiteensetting wys daarop dat elke perspektief 'n ander invalshoek het:

- 'n Teologiese perspektief – die hantering van lyding deur die kerk en teologie (Du Toit 1990:1-9).
- 'n Mediese perspektief – die mens is 'n bio-psigo-sosiale wese met 'n spirituele komponent. Lyding wissel van fisiese tot psigiese ongemak. Vorms van lyding is pyn, onsekerheid, bekommernis, aanhoor van slegte nuus, gestremdheid, psigiatriese siektes, gemoedsversteurings (Bodemer 1990:11-12).

- 'n Psigologiese perspektief – pyn as lyding is 'n menslike totaliteitsbelewenis. "Dit het betrekking op 'n *persoon* wat in nood kan wees; een wat pyn het, en as gevolg daarvan lyding ondergaan" (Jordaan 1990:13-21).
- 'n Maatskaplike perspektief – wederkerige verhoudings waarbinne meegevoel en veral medelye in hulpverlening van toepassing is (Hugo 1990:22-29). Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan is 'n goeie voorbeeld.

Steyn & Van den Berg (2005:2) skryf dat die mensdom nader aan mekaar beweeg as gevolg van pyn en lyding. Dit bring vertroosting en nuwe kreatiwiteit na vore waarin daar saam oor die hantering van pyn en lyding besin kan word. Daar word in hierdie studie op belewenis van hoop en vertroosting vir die eerste jaar na die verlies van 'n eggenoot gefokus, wat voortvloei uit 'n persoonlike begrip van eskatologie en promissioterapie. Alhoewel rousmart nie slegs 'n "...series of events, stages, or timelines" (Kübler-Ross & Kessler 2005:203) is nie, word die eerste jaar gekies omdat die pyn van die verlies en die soeke na antwoorde in hierdie periode, baie intens beleef word. Gedurende hierdie tydperk beleef die vroue nog verskillende stadiums van rou voordat aanvaarding bereik word. De Klerk (1972:126) reken dat die volle inhoud van rousmartbelewing in die fase onmiddellik na die afsterwe van 'n persoon gebore word. Smit (2000:20) beskou die eerste jaar as die moeilikste. Volgens Van Niekerk (2002:24) word skommelende en botsende emosies as deel van die rouproses, veral tydens die eerste drie maande, ervaar. Endres (2009a:209) reken dat "As gevolg van die manier waarop die dood plaasgevind het, word getraumatiseerdes oorstroom met intense en pynvolle gevoelens gedurende die vroeë stadiums van die trauma."

Veranderlikes wat 'n rol kan speel in die duur en intensiteit van die rouproses kan moontlik afhang van die gelukskwaliteit van die bepaalde verhouding. Nog faktore wat die intensiteit van die rouproses beïnvloed is, volgens Smit (2000:6-7), 'n persoon se spesifieke temperament, die lengte en intensiteit van die verhouding met die geliefde, die omstandighede waarin die verlies ervaar word, die verbintenis met die persoon en die stadium van die rouproses. Veranderlikes wat Du Toit (2003:30-33) bespreek handel oor wie die oorlede persoon was, die aard van gehegtheid, die omstandighede van die dood, die historiese verlede van die agtergeblewene, die persoonlikheid van die bedroefde, sosiale en kulturele gebruike, en gelyktydige

krisisse of stressore. Verlies het baie fasette, en om rousmart deur te werk is prosesmatig en verskil van persoon tot persoon. Volgens Kübler-Ross & Kessler (2005:29) "...your loss stands alone in its meaning to you, in its painful uniqueness." Voorts skryf Smit (2000:5) dat elke vrou rousmart op 'n unieke, persoonlike manier ervaar. Nolte (2005:124) stem daarmee saam wanneer hy skryf dat "Om te treur is 'n uiters persoonlike en individuele ervaring." Die duur van die rouproses verskil van persoon tot persoon (Bowlby 1979:82).

Aangesien die vroue, wat medenavorsers in die studie is, onbekend aan die leser is, het die navorser dit belangrik geag om hulle narratiewe, wat inligting oor hulle agtergrond verskaf, kortliks weer te gee. Vervolgens word gespreksgenote bekend gestel.

## 4. AGTERGROND VAN MEDENAVORSERS

Die navorser is 'n pastorale terapeut in Kroonstad en die vroue wat by die navorsing betrokke is het vir terapie ingeskakel. Die deelname van mense *waaroor* en *waarvoor* die navorsing gedoen word, is volgens Kotzé (2002:27) 'n vereiste om eties te wees. Dit is op alle vlakke van die navorsing van primêre belang. Elke vrou se identiteit word beskerm deur die gebruik van 'n pseudoniem. Hulle verhale word, met hulle toestemming, in die navorsing gebruik. Die uitkoms van die navorsing sal met elkeen deurgewerk word om dank vir hulle bydrae te betoon. 'n Groepsessie sal, na afloop van die studie, met die medenavorsers gereël word. Dit word beplan om hulle ervaring van die terapeutiese betrokkenheid vas te stel en weer te gee.

Die navorsingsverhaal handel oor die volgende drie vroue wat in Kroonstad woon, asook oor die navorser se verhaal, waarna deurgaans in die studie verwys word. Die agtergrond behels die verhale van die vroue, wat hul belewenis en lewensomstandighede konstrueer en in taal omskryf. Volgens Müller (2002:6) "The user of the words is referring to a relationship, which is developing in accordance with a particular worldview." In die vertel van hulle traumatiese ondervindings beskryf die vroue in werklikheid 'n verhouding met daardie ervaring. Hulle verhale word slegs kortliks, op sirkulêre wyse van praktyk-teorie, geskets om die leser 'n blik op hulle lewens te gee.

*Janie*

*Janie is 'n middeljarige dame van 52-jarige ouderdom. Haar man is in Oktober 2007 oorlede. Sy het my 5 maande na sy dood kom sien. Nadat die egpaar finansiële probleme ontwikkel het, was hulle genoodsaak om hulle plaas te verlaat. Haar man het begin onderwys gee, maar was ongelukkig in die onderwysberoep en het nie goed met sy prinsipaal oor die weg gekom nie. As gevolg van die stres wat hy ervaar het, het hy 'n maagseer ontwikkel en sy gesondheid het stelselmatig agteruit gegaan. Hy kon die spanning nie langer hanteer nie en is 'n jaar later na twee massiewe hartaanvalle oorlede. Sy was nie by die hospitaal toe hy gesterf het nie en was baie geskok toe sy die tyding kry dat hy dood is. Die egpaar het drie kinders, wat onafhanklik is. Die jongste seun bly nog by haar in die huis. Janie het emosioneel baie swaar na haar verlies gekry. Dit was vir haar moeilik om haar man se dood te aanvaar en dit het baie onsekerheid veroorsaak Sy was selfs nie meer seker of sy moet kerk toe gaan nie. Sy probeer om nie voor haar seun te huil nie, want sy wil hom nie ontstel nie. Sy het erge skuldgevoelens en verwyt haarself dat sy meer vir haar man moes gedoen het. Daar het baie vrae in haar kop rondgemaal waarvoor sy antwoorde gesoek het. Hierdie vrae het, volgens haar, veral gefokus op die moontlikheid van 'n lewe hierna. Sy ervaar woedeuitbarstings, depressie en huil baie. Daar was ook baie praktiese implikasies wat sy moes hanteer en sy het gevoel sy is nie daarvoor opgewasse nie. Sy het gevoel dat haar toekoms duister was en sy het nie lus gehad om aan te gaan nie. Haar pa het haar aangeraai om 'n terapeut te gaan sien.*

Janie is die kundige oor haar lewe en die navorser het respekvol na haar verhaal geluister. Haar verhaal is 'n weergawe van haar werklikheid, soos sy dit konstrueer en in taal verwoord. Die navorser het probeer verstaan en interpreteer (Hermeneutiek) tussen haar verhaal en God se verhaal. "In die narratiewe proses besef die mens dat normatiewe beantwoording ten opsigte van menslike

gedragswyses gemaak moet word ten einde dit in ooreenstemming met Bybelse norme te bring" (Moore 2004: 308).

Volgens White & Epston (1990:3) is dit die betekenis wat mense aan hulle gebeurtenisse toeken, wat hulle gedrag bepaal. Dit was duidelik dat Janie graag hulp wou hê, alhoewel haar pa haar gevra het om vir terapie te kom. Sy wou graag weer sinvol met haar lewe voortgaan en weer kan hoop op 'n toekoms waar haar pyn versag het en sy vir ander betekenis het.

*Sarie*

*Sy is 61 jaar oud en het agt maande na haar man se dood, in Julie 2007, vir terapie ingeskakel. Hulle het 'n baie goeie en gelukkige huweliksverhouding gehad. Sy het 'n beroep gehad en moes voltyds werk. Hy het haar baie met die versorging van hulle kinders gehelp. Hulle het drie kinders gehad, maar die oudste seun is ongeveer 20 jaar gelede na 'n motorongeluk dood. Haar dogter is geskei en woon met haar twee dogtertjies by Sarie. Sy raak baie hartseer as sy oor haar man se siekte en dood praat. Hy het emfiseem gehad en het baie gely. Sy het hulpeloos en magteloos gevoel omdat sy niks vir hom kon doen nie en net moes toekyk hoe hy agteruitgaan. Na haar man se worsteling met emfiseem en sy heengaan wou sy aanvanklik niks van godsdiens weet nie. Sy en haar man se godsdiens was die anker in hulle lewe, maar nou was sy onseker. Haar man het, ten spyte van sy siektetoestand, nog aan sy geloof vasgehou. Hy was 'n groot Christen en gereed om hemel toe te gaan. Sy is oortuig dat hy hemel toe is. Hy het vir haar gesê dat hy daar vir haar sal wag. Dit was vir haar vertroostend. Sy wil graag haar verhouding met die Here herstel sodat sy sekerheid kan hê daaroor. Sy het weer hartseer ervaar toe sy van haar man se persoonlike besittings moes begin weggee. Dit het gevoel asof sy van voor af moet afskeid neem. Dit het haar laat wonder of die lewe nog sin en betekenis kan inhou. Sy kon ook nie die doel om te lewe en dan weer dood te gaan insien nie. Sy voel dat sy moet voortgaan om te lewe vir die twee kleindogters se onthalwe.*

Hierdie is 'n weergawe van Sarie se verhaal, wat sy oor die situasie gekonstrueer het en wat sy as problematies ervaar. Nie-verbaal was dit opmerklik dat Sarie aanvanklik baie rusteloos was. Sy het haar hande inmekaar gewring en gevroetel. Haar gedagtes was onsamehangend. Sy het later tydens die gesprek rustiger geraak en haar gedagtes georden. Die volgende waarneming beklemtoon die siening van praktyk-teorie-praktyk (Browning 1991:7) in hierdie studie. Sarie het pyn ervaar aangesien sy wanhopig gevoel het en nog nie kon vrede maak met die idee dat haar man se plek leeg is nie. Müller (2000:44) reken dat *hooploosheid* die ergste vorm van lyding is wat pastorale terapeute moet teëwerk. Sy het gewonder of die lewe nog sin en betekenis kan inhou.

*Belinda*

*Belinda is 57 jaar oud en was 33 jaar lank getroud. Haar man is in Januarie 2008 oorlede. Die egpaar het twee seuns en 'n dogter gehad. Sy het drie maande na haar man se dood vir terapie ingeskakel. Hierdie verlies was vir haar moeilik om te hanteer aangesien sy alreeds twee seuns weens ongelukke verloor het. Die een seun was 22 jaar en die ander een 28 jaar. Net voor die dood van haar jongste seun is sy met borskanker gediagnoseer en moes sy 'n mastektomie ondergaan. Agt jaar later is haar man skielik een nag, na 'n hartaanval oorlede. Hy het haar wakker gemaak en gekla van 'n erge pyn. Hy is oorlede voordat die dokter opgedaag het. Hulle het 'n baie gelukkige huwelik gehad en hy het haar altyd ondersteun, veral tydens die verlies van hulle kinders. Sy voel nou verlore en onseker oor hoe sy met haar lewe kan voortgaan. Alles het nou vir haar te veel geword. Daar was niks wat hierdie leemte in haar lewe kon vul nie. Sy het nog vroeër die aand met hom gepraat en daar was niks fout nie. Sy was haar hele lewe lank gelowig, maar kan nie verstaan waarom die Here toegelaat het dat dit gebeur nie. Die verlange en eensaamheid was vir haar te erg. Dit was vir haar nog altyd baie sleg om alleen te wees en sy wou graag mense rondom haar hê. Nou voel sy egter of sy nie meer wil lewe nie en sou ook eerder wou sterf sodat sy by haar man en kinders kan wees. In die proses het sy begin om haarself te isoleer en het al hoe minder met*

*ander gekommunikeer. Sy wou aanvanklik met niemand daaroor praat nie, maar haar predikant het haar aangeraai om 'n terapeut te sien.*

Belinda se emosies tydens die gesprek was baie labiel. Sy het met tye baie gehuil en ander tye was sy weer kalm. Dit was duidelik dat sy die verlies baie intens beleef het. Sy was blootgestel aan herhaalde verliese en het die hoop om met die lewe aan te gaan, verloor. Daar moet dus gewerk word aan 'n bemoedigende storie wat hoop vir die toekoms bied (Müller 2000:12). Die aanpassings, wat gefasiliteer moet word, is 'n unieke uitkoms, "...wat lei tot eskatologiese hoop" (Moore 2004: 308). Die beweging tussen praktyk-teorie-praktyk is weereens aan die orde.

Volgens Müller (2000:9) gee mense betekenis aan hulle lewens deur die stories wat hulle daaroor konstrueer. Hulle lewens is egter veel ryker as die stories wat hulle daaroor vertel. Die vroue sal hulle narratiewe konstrueer volgens hulle ervarings, terwyl die stories weer die lewe van die vroue vorm. Dit kan dus gestel word dat lewe en stories aanmekaar in verhouding tot mekaar staan. Die dominante diskoerse in hulle stories sal die hoofrol speel. Dit moet in gedagte gehou word dat diskoerse "...both in what it says and in what it does, is linked to the character and structure of experience" (Chamberlain 1990:52). Waar diskoerse ter sprake is kom taal onder die soeklig. Vir die postmoderniste is die enigste wêreld, wat mense kan ken, die wêreld wat deur taal, as 'n interaktiewe proses, gedeel word (Freedman & Combs 1996:28). Vanuit 'n postmoderne perspektief kan gestel word dat die taal, wat mense gebruik, hulle wêreld en oortuigings uitmaak. Betekenis en begrip bestaan deur die gebruik van taal. Volgens Brink (1987:35) orden en maak taal die wêreld vir die mens hanteerbaar. Deur taal konstrueer mense hulle siening van die werklikheid (Müller 2000:13). Die verhale van die vroue word in terme van taal verstaan. Volgens Kotzé & Kotzé (1997:35) verteenwoordig taal nie mense se lewens nie, maar "...constitutes and shapes it." Anderson & Goolishian (1988:378) stel dit dat om te verstaan altyd 'n proses is wat nog op pad is en nooit ten volle bereik word nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat betekenis gevind word deur die woord in verhouding tot die konteks (Freedman & Combs 1996:29).

Die terapeut se meelewing met die ervarings van hierdie drie vroue het geboorte gegee aan die idee om 'n benadering, wat hoop en vertroosting by hulle kan

fasiliteer, te formuleer. Vervolgens dus die bestemming van die ontdekkingstog saam met die vroue.

## 5. INTENSIE

Die oorkoepelende doel van hierdie navorsing is die ontwikkeling van 'n benadering in 'n terapeutiese omgewing(s), ten einde met die hulp van promissioterapie weer hoop en vertroosting na die dood van 'n eggenoot by vroue te fasiliteer. Die rol wat eskatologie speel sal ondersoek word sodat die verband met promissioterapie beskryf kan word. Daar word in die studie allereers gepoog om die vrae, voortspruitend uit die navorsingsprobleem, aan die orde te stel. As vertrekpunt kan sekere mylpale, of narratiewe intensies, vervolgens vir die ondersoek van die navorsingsprobleem geformuleer word. Daar gaan gepoog word om die volgende met 'n ondersoekende en beskrywende studie te verduidelik: ondersoekend in die sin om te eksploreer met die hulp van vraagstelling aan medenavorsers en beskrywend met betrekking tot die uitbeelding van gespreksgenote se belewenis. Die volgende kan as rigtingwysers gesien word:

5.1 Die vroue se vertolking van hoop en vertroosting in die rouproses van 'n eggenoot.

5.2 Die rol van eskatologie en promissioterapie by hoop en vertroosting na die verlies van 'n eggenoot.

5.3 Die implikasies in die daaglikse bestaan van die vroue wanneer daar hoop op opstanding uit die dood is.

5.4 Dat Christenvroue, vanuit hul spirituele agtergrond, hoop en vertroosting vind in die wete dat hul geliefde in die hemel is.

5.5 Die vroue se persepsie van die hemel volgens hul eie oortuiging en die verband van dié persepsie met die konstatering van 'n pastorale troos en hoop.

5.6 Die ontwikkeling van 'n narratiewe-pastorale benadering vir betrokkenheid by vroue van wie 'n eggenoot gesterf het.

## 6. NAVORSINGSVERWAGTINGE

Die uiteensetting van die navorsingsverwagtings fokus op wat moontlik in die studie bereik gaan word, waarom die ondersoek belangrik is en die bydrae daarvan tot die studieveld.

6.1 Die vroue se vertolking van hoop en vertroosting speel 'n rol in die rouproses.

6.2 Die veronderstelling dat promissioterapie 'n rol speel in die skep van hoop en vertroosting na verlies van 'n geliefde.

6.3 Hoop op opstanding uit die dood hou implikasies in vir die daaglikse bestaan van die bedroefde.

6.4 Christenvroue, vanweë hul spirituele agtergrond, vind hoop en vertroosting in die veronderstelling dat hul geliefdes in die hemel is.

6.5 Die vroue se persepsie en konstruering van hulle voorstelling van die lewe hierna (hemel) word deur hulle stemme in die vorm van taal uitgebeeld. Die verband met hoop en vertroosting word deur hierdie persepsie uitgewys.

6.6 'n Narratiewe-pastorale benadering vir betrokkenheid by die fasilitering van hoop en vertroosting, by vroue van wie 'n eggenoot gesterf het, kan ontwikkel en nuttig aangewend word.

Die metodologie gee struktuur aan die navorsing en wys hoe die onderskeie perspektiewe saamwerk sodat navorsingsvrae verken kan word. Metodologie handel oor die aard van die navorsing en dui op die wyse waarop data ingesamel en verwerk word. Aangesien 'n bepaalde werkwyse benodig word om kennis vir hierdie navorsing in te win, word die metodologie vervolgens bespreek.

## 7. METODOLOGIE

Die volgende fragment uit Totius se gedig "Ek graaf met my gedagtes" word gekies na aanleiding daarvan dat dit by die idee van soeke, en die wyse waarop dit nagespeur word, aansluit en dit verwoord.

*Ek graaf nes in 'n sandhoop*
*Met my : Waarom? En Hoe?(Totius 1933:51)*

In hierdie navorsing word die beginsels van interpretasie en regverdiging vir wetenskaplike navorsing vanuit die postmoderne perspektief verantwoord. Die metodologiese aannames in die studie spruit voort uit die metateoretiese en teoretiese aannames. Metodologie word deur Schurink (1998:240) gesien as die "...researcher's perception of how he can find out about reality or the world." In hierdie studie word verskillende handelswyses vir insameling van inligting gebruik. "Qualitative research involves the utilization of a variety of methods and approaches which enable the researcher to explore the social world in an attempt to access and understand the unique ways that individuals and communities inhabit it" (Swinton & Mowat 2006:29). Die doel is die beskrywing, sinvolheid ontdek en interpretering of rekonstruering van die interaksie in terme van die betekenis wat die gespreksgenote daaraan heg. Kwalitatiewe onderhoude word deur Botha (2001:15) as geskik beskou om inligting oor menslike ervaring en gedrag te ontgin. Volgens hom berus kwalitatiewe onderhoude op belangstelling in mense se stories (Botha 2001:17). "The telling of stories and the accurate recording, transcription and analysis of this data forms the heart of the qualitative research enterprise" (Swinton & Mowat 2006:38). Daar kan egter hoogstens daarna *gestreef* word om gedrag te verstaan.

Die volgende aspekte van kwalitatiewe navorsing is ook van belang:

> *Qualitative researchers believe that since humans are conscious of their own behaviour, the thoughts, feelings and perceptions of their informants are vital. How people attach meaning and what meanings they attach are the bases of their behaviour. Only qualitative methods, such as participant observation and unstructured interviewing, permit*

*access to individual meaning in the context of ongoing daily life. Concerned with the truth as the informant perceives it (Burns 1990:388).*

Volgens McMillan & Schumacher (2001:16) ontwikkel kwalitatiewe navorsing konteksgebonde veralgemenings. Met betrekking tot die narratiewe navorsing word konteksgebonde *beskrywings* van gebeurtenisse ontwikkel. Elke vakwetenskap sal kennis kwalitatief volgens relevante gegewens, met betrekking tot probleme in menslike ontwikkeling, inwin. Schurink (1998:240) beskryf kwalitatiewe navorsing as 'n multiperspektiewelike benadering tot sosiale interaksie. Dit verwys na navorsingsmetodes wat die navorser in staat stel om 'n menslike verskynsel in diepte te verken en te beskryf (Denzin & Lincoln 2000:3). In hierdie navorsing behels dit die belewenis van hoop en vertroosting. Dit kan dus verskillende betekenisse vir verskillende mense hê. Menslike aksies word beïnvloed deur die verband waarin hulle voorkom. Kwalitatiewe navorsing word paradigmaties interpretatief bespreek, met 'n ontologiese siening van die mens as unieke wese en interpreteerder/kommunikeerder van sy/haar leefwêreld (Botha 2001:14). Hierdie leefwêreld, of realiteit, word volgens Freedman & Combs (1996:22) sosiaal gekonstrueer, deur taal saamgestel, georganiseer en deur narratiewe onderhou en dit behels geen wesenlike waarhede nie. In die narratiewe-sosiaal konstruksionistiese siening kan die realiteit nie objektief geken word nie, "...all we can do is interpret experience" (Freedman & Combs 1996:33).

Navorsing kan ook vanuit 'n bepaalde aksieveld ontwikkel (Fourie 2008:55). Die ABDCE-proses verskaf riglyne vir navorsing volgens die narratiewe benadering (Müller, Van Deventer & Laas: elektroniese bron). Dit behels die ontstaan en verloop van 'n verhaal in die navorsingsproses volgens die; A (aksie), B (agtergrond), D (ontwikkeling), C (klimaks) en E (einde).

Die waarde van kwalitatiewe navorsing lê verder in die diversiteit van alternatiewe diskoerse wat vir navorsing gebruik kan word. Denzin & Lincoln sê dat kwalitatiewe navorsers in die versameling van kennis,

> *"...use semiotics, narrative, content, discourse, archival, and phonemic analysis, even statistics. They also draw upon and*

*utilize the approaches, methods, and techniques of ethnomethodology, phenomenology, hermeneutics, feminism, rhizomatics, deconstructionism, ethnographies, interviews, psychoanalysis, cultural studies, survey research, and participant observations" (Denzin & Lincoln 1994:3)*

Die kundigheid van die navorser sal grotendeels bepaal of verlangde inligting verkry word. Kwalitatiewe navorsing behels meer as slegs tegniek. Dit is, volgens Sears (1992:148), 'n "...gewilligheid om betrokke te raak en betrek te word." Dit behels die veelvuldige betekenisse van lewe, deur mense gekonstrueer binne die konteks van hulle taal en kultuur. Dit word soos volg beskryf:

> *"Qualitative researchers stress the socially constructed nature of reality, the intimate relationship between the researcher and what is studied, and the situational constraints that shape inquiry" (Denzin & Lincoln 2003:13).*

Die navorsing word binne die narratief-hermeneutiese navorsingsbenadering geplaas en daar word verkies om van kwalitatiewe navorsing gebruik te maak, soos vergestalt in die metodologie van deelnemende aksie-navorsing. Dit dui op die gesamentlike bereiking van aksie (verandering) en navorsing (begrip) (Dick 1997: elektroniese bron). Persone wat deel van hierdie projek is, word nie subjekte genoem nie, maar word as deelnemers gesien. Dit het 'n verduidelikende en beskrywende karakter en die navorsing is, volgens Strydom (2002:419-423), 'n bemagtigende deelname van medenavorsers. Dit sinspeel op 'n gesamentlike bereiking van aksie en navorsing.

Aangesien die navorsing narratief-pastoraal is, behels dit teologiese teorie. Dit dui weer op die tersaaklikheid van eie waardes. In deelnemende aksie-navorsing kry hierdie styl waarneembaar vorm. Daar word na die narratiewe van gespreksgenote, wat vrywillig deelneem aan die navorsing, geluister. Die doel is om die vroue te bemagtig om sin en betekenis in hulle lewens te vind. Alle narratiewe word ontgin, veral narratiewe van hoop en vertroosting.

Herhaalde onderhoude is met die betrokke vroue gevoer en hulle gesprekke is in verslagvorm gedokumenteer. Hulle het nie gemaklik gevoel met die voorstel om die gesprekke op band op te neem nie. Die gevoel rondom hierdie ongemak is met hulle deurgewerk en dit het geblyk dat hulle die inligting as persoonlik beskou. Dit was vir hulle beter dat ek skriftelik verslag hou. Grepe van hulle gesprekke, wat van toepassing vir hierdie studie is, is verbatim neergeskryf. Uittreksels van die gesprekke met die vroue in die ondersoek word in die vorm van verbatim-aanhalings beskryf. Die praktyk-teorie-praktyk benadering (Browning 1991:7) sal deurgaans beklemtoon word. Persepsies van gespreksgenote word in aanmerking geneem en weergegee. Aangesien slegs fragmente van hulle gesprekke gebruik word, is daar geen chronologiese volgorde nie. Aanhalings van gesprekke word geposisioneer om die verband met die navorsing aan te dui. Kwalitatiewe navorsers poog om insig te verkry in die wyse waarop mense gebeurtenisse ervaar en navorsingsresultate is nie geldig vir die hele bevolking nie.

Hierdie studie word vanuit 'n postmoderne, sosiale konstruksie-diskoers onderneem. Dit is die oortuiging dat die realiteit van die persoon nie objektief kenbaar is nie. Daar word saam gesoek na verborge betekenisse. Volgens Müller (1996:33) is dit 'n "...gedeelde konstruk binne 'n interpreterende gemeenskap." Kennis word deur Kotzé & Kotzé (1997:27) gesien as 'n sosiale konstruksie en nie as die objektiewe beskrywing van eksterne realiteite nie. Die vroue, wat hulle verhale vertel, asook die navorser is deel van die sosiale konstruksie-diskoers. Die uitgangspunt van die sosiale konstruksie-diskoers is, volgens Freedman & Combs (1996:6), onder andere die oortuigings, waardes, instellings, gewoontes, etikette, wette en verdeling van arbeid, wat ons sosiale werklikheid vorm. Dit word gekonstrueer deur lede van 'n kultuur soos hulle van dag tot dag, en generasie tot generasie, in interaksie verkeer. Gemeenskappe konstrueer dus die *lense* waardeur hulle lede die wêreld interpreteer. Die werklikhede, wat mense as vanselfsprekend aanvaar, is die werklikhede waarmee gemeenskappe 'n persoon sedert geboorte omring. Dit verskaf dus die oortuigings, praktyke, woorde en ervarings waarbinne die persoon lewe. "We find our existence not separately from our relationships, but within them" (Gergen 1991:28).

Postmoderniteit, wat onder meer subjektiewe integriteit, beperktheid van taal en die misterie van verstaan veronderstel (Van den Berg 2006:168-171), word as raamwerk vir hierdie navorsing gebruik. Volgens Geyser (2003:30) word postmoderniteit gebruik om na die nuwe kultuursituasie, wat op moderniteit volg, te wys. Postmoderniteit erken, volgens De Beer & Van den Berg (2008:48), die invloed van konteks(te) soos onder meer vergestalt in die betekenis van gebeure en omstandighede vir die individu (Janse van Rensburg 2000:35). Dit is egter weens die misterie van verstaan en die beperktheid van taal (Van den Berg 2006:169-172) sensitief vir die betekenis van byvoorbeeld Bybeltekste vir dié werklikheid.

Die plek en rol van God in die vroue se narratiewe word verken en bespreek om die vroue se godsdienstige ervaring te beskryf en om aan te toon hoe dit betekenis aan die gebeure in hul lewens gee. Mense "...exist and act in situations and engage in interpretations of situations" (Farley 1987:11). Die hermeneutiese proses is noodsaaklik omdat dit die hele pastoraal-terapeutiese gebeurtenis omvou en ook om dít, wat God in sy Woord aan mense bekend maak, te verstaan. Volgens Landman (2009:Elektroniese bron) is hermeneutiek 'n interpretasiekunde, wat gemik is op begrip deur die aanwending van taal. Woorde het nie vaste betekenisse nie; die mens gee betekenis aan woorde (König 2006:90). Begripshelderheid, begripsverklaring, begripsensitiwiteit en begripsidentiteit word beklemtoon aangesien elke woord self 'n hermeneutiese funksie het (Frör 1967:11-12). 'n Hermeneutiese aanslag beteken volgens Endres (2009a:117) dat "...die pastoraat minder by die verklaring van probleme betrokke is en meer by die verstaan van menslike probleme." Hermeneutiek handel in hierdie navorsing daaroor dat die vroue se ervaring 'n belangrike bron van kennis (betekenisse) is. Tydens die hermeneutiese proses in hierdie navorsing word gesoek na die betekenis van die ervaring ten opsigte van verlies van 'n eggenoot. Subjektiwiteit behels 'n persoonlike betrokkenheid by die vroue en is die middelpunt van die hermeneutiese dialoog. Een korrekte interpretasie is dus nie moontlik nie, aangesien dit om 'n wisselwerking van interpretasies gaan. Volgens Louw (1999a:23) wil 'n hermeneutiese benadering nie "...soseer verklaar nie maar, wil verbande ontdek met die oog op singewing." Metafore speel 'n belangrike rol in 'n hermeneutiese paradigma.

'n Literatuurstudie sal onderneem word, waarin bepaalde sake met betrekking tot die onderwerp van hierdie navorsing, nagegaan sal word. Standpunte, wat in die literatuur voorkom, en aansluiting by die praktyk vind, kan nagespeur word. Waar internet bronne gebruik word, is die datum van onttrekking op die web as verwysingsdatum aangedui . Browning (1991:34-39) se benadering, waarin gebruik gemaak word van 'n sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie, vorm die basis van die wyse waarop gesprekke met die vroue in hierdie studie omskryf word. Kernbegrippe word omskryf en verduidelik na aanleiding van inligting ingewin uit die literatuur. Moontlike faktore wat 'n rol speel, soos byvoorbeeld die vroue se siening van eskatologie en promissioterapie, word ook in aanmerking geneem. Gevolgtrekkings en afleidings met betrekking tot hierdie ondersoek, soos tekortkominge in die literatuur of tematiese merkers wat algemeen voorkom, sal na aanleiding daarvan gemaak word. Die navorser sal van diagramme gebruik maak waar dit nodig is om standpunte te staaf of beter toe te lig. Oorkoepelend word die metafoor van 'n navorsingsketting gebruik om die navorsingsverhaal saam te bind. Grepe uit gedigte van Totius word metafories gebruik om die meelewing met die vroue se pyn uit te beeld.

Die voorstelling van 'n pastoraal-terapeutiese benadering is om vroue te bemagtig ten einde hoop en vertroosting na die verlies van 'n eggenoot te fasiliteer. Yancey (1990:140) vermeld dat die regte hulp op die regte tyd die rigting van 'n persoon se lewe mag bepaal. Die funksie van die benadering is, om met behulp van fasiliterende interaksie, in staat te wees om die vroue te bemagtig om hoop en vertroosting in hulle rouproses te ontdek. "Die metodologie fokus daarop om luistervaardigheid en dialoog tussen Christen-vrou en Christen-navorser te fasiliteer in die vertroue dat God met almal praat" (De Beer 2007:8).

In hierdie navorsing sal daar op die Skrif en teksgedeeltes, wat op hierdie studie van toepassing is, gefokus word aangesien die studie 'n pastorale ondersoek behels. Die term "Skrifvertolking" word in pastorale Skrifgebruik aangewend (Louw 1999a:430). Dit moet nie as Woordverkondiging met 'n kerugmatiese klem, soos in die erediens aan bod gestel, gesien word nie. Aangesien die navorser 'n pastoraal-terapeutiese benadering wil ontwikkel, beteken dit dat die studie met teologiese teorie besig is. Hierdie studie behels 'n ideografiese benadering tot navorsing en is

kontekstueel gebind. Die konteks omvat onderhoude met vroue, binne die eerste jaar na die verlies van 'n eggenoot. Versigtigheid in vertolking hang saam met die kultuurkonteks. Die Skrif word toenemend gesien as 'n verhaal van mense se ervaringe met God binne kultuur-historiese konteks (Louw 1999a:433).

Deelnemers word beskou as unieke persone binne hulle persoonlike konteks. Die gespreksgenote het die reg op vrywillige deelname, vertroulikheid en die reg om enige tyd aan die navorsing te onttrek. Hulle toestemming om inligting te gebruik is verkry en hulle privaatheid en anonimiteit is deur die gebruik van skuilname beskerm. Daar sal slegs met hulle toestemming 'n groepsessie gereël word. Gespreksgenote se reg om inligting vertroulik te hou, word daardeur in die studie gerespekteer. Dit is die navorser se verantwoordelikheid om die deelnemers teen misleiding en potensiële skade te beskerm. Terugvoer oor die navorsingsuitkomste, en die moontlike gebruik daarvan, sal na afloop van die studie aan die deelnemers bekend gemaak word.

Die antropologiese siening van respek, menswaardigheid, voordeligheid, nie-nadeligheid, geregtigheid, toestemming van proefpersone – wetlik en moreel – erkenning en verwysings omvat die etiese oorwegings van die studie. "How one views the human being plays a fundamental role in all of the communication and caring models" (Louw 2005a:1). Die navorser glo dat God alle mense uniek geskep het en dat elke persoon 'n besondere ruimte, taak en rol het om in die lewe te vervul. Elkeen is geregtig om keuses te maak en besluite te neem. Mense is dus vir die rigting en kwaliteit van hul eie bestaan verantwoordelik. My integriteit as navorser gaan daaroor dat ek eerlik omtrent my eie beperkinge, bevoegdheid en waardes moet wees. Eksterne gebeure word vanuit 'n persoonlike verwysingsraamwerk waargeneem en hierdie raamwerk sal betekenis aan ervarings gee. Die navorser sal deurentyd poog om die gebeure op 'n eerlike en volledige wyse te dokumenteer.

Die vertrouenswaardigheid van die navorsing sal deurgaans geëvalueer word aan die hand van beheermaatreëls, soos geloofwaardigheid, deeglikheid en bevestigbaarheid. Die narratiewe vertellings van die gespreksgenote sal 'n bydrae lewer tot die konstruering van 'n geskakeerde verhaal. Diskoerse sal oorweeg word en moontlike kontrasterende diskoerse sal bevraagteken word. By die interpretasie

sal op verskillende verhale, wat dieselfde tema beskryf, gelet word. Deur herinterpretasie en herstrukturering van hierdie verhale word beoog om verandering te fasiliteer sodat die vroue hoop en vertroosting kan beleef. Dit kan moontlik daartoe bydra dat hulle weer sin en betekenis in hulle lewens kan vind.

## 8. NAVORSINGSBEPERKINGS

Moontlike navorsingsbeperkings kan in verloop van die studie ondervind word. Op hierdie stadium van die navorsing kan slegs oor moontlike navorsingsbeperkings gespekuleer word. Veranderlikes, wat egter wel 'n rol kan speel, is onder andere die keuse van 'n homogene groep Afrikaanssprekende vroue, homogene kultuur en spiritualiteit. Beperkings, wat die verloop van die ondersoek rigtinggewend beïnvloed het, sal in die reflektering van die studie uitgewys word.

## 9. HOOFSTUK UITEENSETTING

Die hoofstuk uiteensetting vorm 'n skematiese voorstelling van fases wat die navorsing sal deurloop en hoe hierdie fases aaneenskakel. Die navorsing kan as 'n ketting met skakels voorgestel word. Die ketting se beginpunt vorm die bewuswording van die probleem en die eindpunt is die uitkomste. Die skakels van die kettings dui die verloop van die navorsingsproses aan. Die onderskeie skakels (hoofstukke) volg op mekaar en vorm die navorsingsverhaal.

Vervolgens die uiteensetting van die hoofstukke.

### HOOFSTUK 1

### NAVORSINGSONTWERP

Hierdie hoofstuk word as die eerste, tweede en derde skakels van die navorsingsketting aangebied. Dit vorm die bloudruk van die studie en behels die uiteensetting van die navorsingsontwerp. Dit omvat die navorsingsamehang wat die konteks, waarbinne hierdie navorsing ontstaan het, behels. My persoonlike verlies van 'n eggenoot het aanleiding tot betrokkenheid by vroue, wat dieselfde verlies

ervaar het, gegee. Daar word slegs kortliks 'n diskoers oor eskatologie en promissioterapie aangebied aangesien hierdie begrippe breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek word. Die verband tussen eskatologie en promissioterapie word verorden, in dié sin dat eskatologie die raamwerk bied vir die konteks waarbinne promissioterapie kan geskied. Promissioterapie as meganisme, wat moontlikhede bied om hoop en vertroosting te vind, kom kortweg aan bod en word later in die studie verder ondersoek. Grepe uit Totius se gedigte word as voertuig voorgehou om die navorsing metafories saam te bind. Die rasionaal en motivering oor die aanklank met die godsdienstige aard van sy werk, sowel as sy godsdienstige agtergrond en persoonlike ervaring van verlies van geliefdes word verhelder. In aansluiting by die narratiewe benadering is veral op sy gebruik van taal gefokus. Die toepaslikheid daarvan in hierdie navorsing, sowel as met die vroue se rouproses word uitgebeeld. Hierdie studie word vanuit 'n postmoderne, sosiale konstruksie-diskoers onderneem met postmoderniteit as modus operandi. Die raamwerk van postmoderniteit is geskik aangesien dit onder meer subjektiewe integriteit, beperktheid van taal en die misterie van verstaan veronderstel. Die oorhoofse doelstelling van die navorsing, sowel as die navorsingsverwagtings wat daaruit voortspruit, word bespreek. Voorts word die metodologie, hoofstuk uiteensetting en slot verduidelik. In die volgende hoofstuk word die navorsing binne teologiese verband geplaas, en die paradigmatiese en epistemologiese siening, asook die antropologiese beskouing word verhelder.

## HOOFSTUK 2

## TEOLOGIESE PLASING EN ANTROPOLOGIESE VERKENNING

Hierdie hoofstuk word aangebied in skakels twee, drie en vier van die navorsingsketting. Dit stel die grondplan, waaruit die proefskrif ontplooi, voor en handel oor die teologiese plasing van die navorsing. Die pastoraal-teologiese aansluiting word toegelig. 'n Praktiese teologiese posisionering word gesien as geskikte vertrekpunt vir hierdie navorsing en die grond daarvoor word verduidelik. Voorts word die paradigmatiese plasing van die navorsing bespreek deur die begrippe postmodernisme, postmoderniteit en pastoraat te ontgin en te verduidelik. Antropologie as epistemologiese vertrekpunt binne die teologie word bespreek. Dit

word gedoen deur te fokus op teologiese perspektiewe vir 'n pastorale antropologie, wat veral op die perspektief van Daniël Louw gegrond is. Die rede vir hierdie keuse word verhelder in die hoofstuk. Met die bespreking van onderskeie perspektiewe oor die mens word gepoog om die sluier te lig oor *wie* en *wat* die mens is. Die fundering en normering van 'n teologiese antropologie (epistemologie) dui aan hoe die mens in die navorsing benader word. Begrippe van belang word bespreek en die eenheidsgedagte van die mens word aan die hand van 'n diagram voorgestel. Aangesien hierdie navorsing oor die verlies van 'n geliefde gaan, is dit belangrik om die begrippe, dood, lewe en lewensin te verken en te verhelder. Verder omvat hierdie hoofstuk die navorser se persoonlike narratief, wat die motivering vir die studie behels. In die samevatting word die kern van die hoofstuk weergegee. In aansluiting by hierdie hoofstuk en die tema van die studie, is dit nodig om relevante begrippe te verhelder.

## HOOFSTUK 3

## OMSKRYWING EN VERDUIDELIKING VAN ESKATOLOGIE EN PROMISSIOTERAPIE

Skakels vyf en ses is die voorstelling van hierdie begrippe. Die begrip eskatologie word eerstens aan die orde gestel. Dit word bespreek na aanleiding van die eskatologiese noodsaaklikheid, betekenis en funksie van die eskatologie, asook eskatologiese perspektiewe. Die verband tussen eskatologie en hierdie studie word uitgelig en bespreek. Aangesien daar 'n moontlike verband tussen die mens, as spirituele wese, en die eskatologie bestaan, word dit aan die hand van die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese omskryf. Die bipolêre benadering tot die studie word deur die eskatologiese perspektief aangevul. Hermeneutiek, pastorale terapie en die waarde van die eskatologiese perspektief vir die ontwerp van 'n benadering vir betrokkenheid by agtergeblewenes, om hoop en vertroosting te fasiliteer, kom onder die soeklig. Promissioterapie kom daarna aan bod met die volgende vyf gespreksbewegings as basis; die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal, die hervertelde verledeverhaal en die verbeelde toekomsverhaal (Müller 2000:72-103). Sinvolle funksionering word na aanleiding van insig, groei en heling bespreek. Die skakeling tussen eskatologie en promissioterapie word na

aanleiding van inligting uit die Skrif, literatuur, internet en die sienings van gespreksgenote, verduidelik. Promissioterapie word verhelder deur 'n bespreking van verandering met behulp van promissioterapie, met die oog op geloofsvolwassenheid, en die begrip oor hoop wat ook verder verduidelik word. Die skakeling tussen hoop en vertroosting word bespreek deur verskeie faktore, wat 'n rol kan speel, voor te hou. Die oortuiging dat daar 'n lewe hierna bestaan, en die vertroosting wat dit die mens bied, kom volgende onder die soeklig en word verduidelik deur fragmente uit gesprekke met vroue wat hulle eggenotes aan die dood afgestaan het. In 'n opsomming oor die hoofstuk word die belangrikste gedagtes weergegee.

## HOOFSTUK 4

## BEGRIPSOMSKRYWING VAN DIE ROUPROSES, NARRATIEWE TERAPIE, DIE LEWE HIERNA EN DIE VERBAND MET HOOP EN VERTROOSTING

In hierdie hoofstuk word skakels sewe en agt van die navorsingsketting verteenwoordig. Die rouproses word verken en verhelder aangesien dit verband hou met hierdie studie. In hierdie bespreking word op die verlies wat ervaar word gelet. Dit word toegelig deur uittreksels van die vroue se verhale. Die take van rou word kortliks geskets. Om die tema van rou vir pastorale terapie te verduidelik word die betekenis van rousmart, fases van rou en onverwerkte rou verduidelik. Vervolgens word die narratiewe benadering bespreek. Sosiale konstruksie-diskoers, dekonstruksie, rekonstruksie en ko-konstruksie, asook eksternalisering word gesien as belangrike aspekte van die narratiewe benadering en word ondersoek en verduidelik. Die verband tussen die narratiewe benadering en promissioterapie word aangetoon. 'n Oorsig van die begrippe spiritualiteit, eskatologie, promissioterapie, hoop en vertroosting, rou en die narratiewe benadering word gegee om die verband tussen mekaar aan te dui. Dit word met 'n diagram voorgestel. Hieruit sal moontlike betekenisse manifesteer wat persone aan hul begrip van die hemel koppel, veral met betrekking tot hoop en vertroosting na die verlies van 'n geliefde. Die rede waarom dit in belang van hierdie navorsing is om 'n diskoers oor die hemel te voer, word ondersoek. Die vroue se stemme kom aan die woord in hulle vrae oor die hemel. Diskoerse van die gespreksgenote oor hulle

voorstelling van die hemel, sowel as perspektiewe uit die literatuur, word weergegee. In die samevatting word die hoofpunte van die hoofstuk kortliks verhelder.

## HOOFSTUK 5

## 'N NARRATIEWE-PASTORALE BENADERING OM HOOP EN VERTROOSTING TE FASILITEER

Skakels nege en tien word deur hierdie hoofstuk voorgestel. Die hoofstuk behels die voorstelling van 'n narratiewe-pastorale benadering om hoop en vertroosting by vroue, wat 'n eggenoot verloor het, te fasiliteer. Die pastoraat word verken aan die hand van die vier funksies, naamlik heling, bystand, begeleiding en versoening (Heitink 1998:127). Narratiewe-pastorale begeleiding word bespreek na aanleiding van die begrippe pastorale terapie, hermeneutiek en konteks. In die modellering word aangetoon dat die menslike konteks in terme van die Skrifteks verstaan moet word. Aangesien dit in die pastoraat om 'n dialogiese proses van kontak en ontmoeting gaan (Louw 1999a:305), word die pastoraat en gesprek verken. Die toepaslike begrippe, gespreksprosedure, vaardighede en taal word uitgelig en verhelder. Die gespreksprosedure word verder toegelig na aanleiding van die vyf bewegings van Müller (2000:72-103) se gespreksbenadering. Pastoraat en die verhalende uitgangspunt word met betrekking tot Skrifgebruik in die pastoraat verduidelik. Die bewustheid en posisionering van die terapeut is noodsaaklik en word na aanleiding van vrae voorgestel. 'n Gespreksprosedure vir hierdie navorsing word aan die orde gestel. Elemente van die pastorale vennootskap kom volgende aan bod en behels beginsels wat uit voorafgaande besprekings geformuleer is. Vervolgens word fragmente van die verhale van gespreksgenote in die navorsing, asook my eie verhaal, weergegee. Die verhale word volgens die vyf bewegings van Müller (2000:72-103) se gespreksprosedure, naamlik die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal, die hervertelde verledeverhaal en die verbeelde toekomsverhaal, uitgebeeld. In die samevatting word daar 'n opsomming van die onderskeie besprekings in die hoofstuk gegee.

HOOFSTUK 6

## 'N REFLEKSIE OOR DIE NAVORSINGSPROSES

Hierdie hoofstuk vorm die eindpunt van die navorsingsketting en behels 'n reflektering oor die navorsingsproses, wat die verloop van die navorsing, asook die belewenis van die navorser, omvat. Die navorsingsproses is nie slegs gerig op die versameling van inligting nie, maar die visie is om uiteindelik 'n terapeutiese benadering te formuleer om hoop en vertroosting by vroue, wat hulle eggenotes verloor het, te fasiliteer. Die gespreksgenote se ervaring van die proses, asook die betekenis daarvan vir hulle, word ondersoek en weergegee. My persoonlike ervaring van die navorsingsproses kom ook aan bod. Die aktualiteit en waarde van die navorsing word oordink. Die voorsiene impak van die voorgenome navorsing, en/of watter gevolge die toepassing van hierdie nuwe kennis in die samelewing sou kon hê, word in hierdie hoofstuk geformuleer. Dit sluit byvoorbeeld die volgende in: in watter opsigte dit 'n nuwe bydrae tot die vakgebied sal lewer; hoe dit konvensionele sienswyses bevestig of bevraagteken, en hoe dit tot bestaande diskoerse bydra.

## 9. SLOT

In hierdie hoofstuk is die oorsig, rasionaal en kontekstualisering van die studie bespreek. Nadat die agtergrond geskets en die probleem geformuleer is, is die doelstelling en paradigmatiese perspektief bespreek. Die navorsingsontwerp en navorsingsmetode, sowel as die maatreëls om vertrouenswaardigheid te verseker, is kortliks bespreek. Etiese maatreëls is kortliks beskryf. Die bespreking is afgesluit met die hoofstukindeling en slot. Dit gee 'n geheelbeeld van die navorsingsverhaal.

In die volgende hoofstuk word die antropologiese verkenning aangebied. Dit is nodig om 'n mensbeeld voor te stel aangesien die mens sentraal in die terapeutiese situasie en hierdie navorsing staan.

# HOOFSTUK 2

## TEOLOGIESE PLASING EN ANTROPOLOGIESE VERKENNING

### 1. AAN DIE BEGIN

Skakel twee van die navorsingsketting, wat die teologiese verband behels, skakel drie, wat die paradigmatiese benadering omskryf en skakel vier, wat die antropologiese verkenning voorstel, vorm gesamentlik hoofstuk 2. Die eerste skakel van die navorsingsketting het in die vorige hoofstuk die navorsingsontwerp, wat lig werp op die vooraf-studie en rasionaal van hierdie navorsing, voorgestel. Dit behels onder andere die navorsingsprobleem, wat handel oor die konteks waarbinne hierdie navorsing ontstaan het. Verder is daar aandag gegee aan die navorsings-doelstellings, -verwagtings, -metodologie, -beperkings en die hoofstuk uiteensetting.

Hierdie hoofstuk bied die grondplan waaruit die proefskrif ontplooi. Dit handel oor die teologiese plasing van die navorsing. Daar word, vanuit my paradigma ten opsigte van teologie, 'n keuse gemaak vir 'n markties-teologiese benadering. Die doel is om 'n antropologie vir hierdie navorsing te formuleer en die betekenis, wat dit vir praktiese teologie inhou, te bespreek. Antropologiese paradigmas is nodig omdat dit die motivering van navorsingsepistemologie vir hierdie studie behels. Sodanige vertrekpunte gee rigting aan die navorsing. Daar sal ook gelet word op die pastorale implikasies wat 'n bepaalde antropologie inhou. Die rede en verklaring waarom daar op 'n antropologiese verkenning besluit is, sal mettertyd aan bod gestel word.

### 2. ROL EN BETEKENIS VAN DIE TEOLOGIE

In die pastorale antropologie gaan dit om 'n verstaan van die mens in terme van herstel (terapie), asook oor begeleiding in terme van soeke na lewensin (Louw 1999a:156). Dit behels weer die vraag oor hoe die Skrif die mens verstaan en daarom is dit vir die teologie van belang. Voorts word die teologiese aspek bespreek.

Die vraag oor wat teologie is, hou hiermee verband. Teologie kan gesien word as 'n sistematiese oordenking van geloof onder streng wetenskaplike toestande (Heyns & Pieterse 1990:3). Geloof is, volgens Immink (2003:11), 'n sosiale en kommunikatiewe gebeurtenis. Teologie kan egter slegs die mens se verklarings omtrent God, en geloof in God, bestudeer. Geloof is 'n middel waardeur die pastoraat, antropologies gesproke, werk (Louw 1999a:194). God is nie die objek van ons studie nie, maar wel mense se diskoerse omtrent geloof. In die Christelike geloofspraxis behels dit geloof in God. Geloof word deur die mens geleef. Immink (2003:11) stel dit dat "Geloof en leven zijn nauw op elkaar betrokken en onderling verweven." Geloof werk in op die alledaagse lewe en die lewe het weer 'n invloed op geloof. Hieruit kan afgelei word dat 'n persoon se geloof verbonde is aan die konteks waarin 'n persoon hom bevind.

Teologie moet egter nie met geloof of spiritualiteit verwar word nie. Spiritualiteit verwys na die impak van geloof "as directed towards and by God" (Louw 2008:49) en die religieuse bewustheid van mense, sowel as op hul religieuse praxis, die motivering en intensie van aksie en geloofspraktyke. Maris (1999:33) skryf dat "We zullen moeten spreken van het *geloof* als de spil van de spiritualiteit..." Volgens Myburg (1995:6) behels spiritualiteit die manier waarop elke mens persoonlik met God en die wêreld, binne die raamwerk van voorgeskrewe en beskikbare geloofspraktyke, omgaan. "Dit gaan dus oor 'n lewe van geloof, wat dit dryf en motiveer, wat dit volhou en ontwikkel" (Von Benecke 2005:14). Van der Merwe (1995:1) sien spiritualiteit as die wyse waarop mense hulle verhouding met die Here verstaan en uitleef. Vir Louw (1999a:136) gaan dit ook oor die wyse hoe die Christelike lewe uitgeleef word. Volgens McCarthy (2000:197) is dit onmoontlik om 'n persoon of groep se spiritualiteit los van die totale konteks te verstaan. Spiritualiteit gaan oor ons geleefde ervaring van God in veelvuldige lewenskontekste. "This experience of God enables humans to discover the transcendent meaning of everyday life, including our work, relationships, and life in the church and world" (Louw 2008:49-50). Soms daag lewenservaring geloof uit en op ander tye help geloof weer om vol te hou in die lewe. Daar is dus sprake van 'n dinamiese verhouding tussen geloof en lewe. Louw (2008:46) sê dat 'n mens gesond is wanneer hy/sy 'n bron van geloof het wat 'n betekenisvolle lewe fasiliteer. Geloofsvolwassenheid weerspieël 'n sekere begrip van God, wat 'n sinvolle lewe

moontlik maak. Met geloofsvolwassenheid bedoel hy die kongruensie tussen dít waarin 'n persoon glo, en hoe daardie persoon in die bewustheid van God se teenwoordigheid optree. Volgens Stocks (1985:77) kan Christelike, spirituele groei "...generally be defined as the completion or carrying forward of felt meanings having to do with God. Given that God is involved in all areas of a person's life, spiritual growth is potentially part of every event." Dit vind plaas deur interaksie met die self, ander gelowiges en met God in gebed en aanbidding. Gemeenskap en openhartigheid is nodig vir spirituele groei.

Vir die teologie is dit belangrik om te verstaan wat die Bybel oor die mens sê. Bybelse antropologie impliseer, volgens Louw (1999a:192-193), 'n beeld van die mens, soos dit manifesteer in sonde, genade, bekering, wedergeboorte, die krag van die versoening en opstandingsoorwinning (nuwe lewe). Die Bybelse mensbeeld werk met die vooronderstelling dat die mens van God afhanklik is en vanuit 'n verhouding met God verstaan moet word. Dit behels weer die vraag oor hoe die Skrif die mens verstaan.

Volgens Louw (1999a:192) is die basiese elemente van 'n Bybelse mensbeeld soos volg:

- Werk met die sentrale vooronderstelling dat die mens van God afhanklik is en vanuit 'n verhouding met God verstaan moet word.
- Die Skrif spreek die mens aan op grond van skepselmatige gerigtheid op God en genade, en nie op grond van sonde en skuld nie.
- Die Bybelse mensbeeld is realisties (die mens is goed en sleg).
- Die Bybelse mensbeeld sien die mens as wese wat op God se liefdevolle en genadige toewending kan reageer (impliseer 'n verantwoordelike reaksie en afhanklikheid van God).
- Geloofswerklikheid is fundamenteel vir 'n teologiese antropologie. Geloof is die middel waardeur die pastoraat, antropologies gesproke, werk.
- Die elemente geloof, liefde, hoop, dankbaarheid en blydskap, versterk die mens se skepselmatige en strukturele gerigtheid op God. Dit bou die proses van geloofsvolwassenheid en verskaf 'n dimensie van sin en

gerigtheid op die toekoms aan die dinamiek van 'n teologiese antropologie. Vir 'n pastorale strategie blyk geloof, liefde, hoop, dankbaarheid en blydskap fundamenteel te wees. Dit versterk die mens se skepselmatige en strukturele gerigtheid op God.

Bezuidenhout (2005:70) sien die mens in 'n Bybels-pastorale omskrywing as "...geskape, liggaamlike, religieuse en psigologiese wese, terwyl die mens altyd in sy totaliteit optree." Hy reken dat die *imago Dei* (beeld van God) die allesomvattende uitgangspunt in die Bybels-pastorale mensbeeld is.

Dit gaan in 'n pastorale antropologie om die mens vanuit 'n verhouding met God (Louw 1999a:156). Dit gaan om die verstaan van die mens in terme van herstel, asook begeleiding in die soeke na lewensin. Rice (1991:21) sê "Many people have become serious in their search for a living and vital relationship with God because they feel empty." In hierdie deurmekaar wêreld soek mense die versekering van God se nabyheid en betroubaarheid. Die pastorale betekenis in hierdie studie gaan daaroor om wanhoop na hoop te transformeer by persone wat 'n geliefde verloor het. Dit sal vertroosting fasiliteer om te weet waar jou geliefde is, dat daar 'n opstanding en herontmoeting is en dat, deur die fasilitering, wanhoop na hoop omgeskakel kan word. Dit is weliswaar ook waar van ander modelle, maar Louw se model is reeds 'n samevloeiing van ander teologiese modelle. In 'n poging om die teks te verhelder sal relevante perspektiewe, waar dit betrekking het, aangehaal of geïntegreer word.

Louw (1999a:87) se model word teologies bepaal deur die eskatologiese perspektief, en pastoraal deur geloofsvolwassenheid of spiritualiteit. Ontwikkeling en vestiging van geloofsvolwassenheid is van belang. Aangesien *hoop* 'n belangrike deel uitmaak van hierdie navorsing, is teleologie (doelgerigtheid en hoopdimensie van die geloof), gelowige gerigtheid en voortdurende ontwikkeling van die geloof vanuit die oorwinningsdimensie van hoop van belang. Sy formulering van *promissioterapie* verskaf 'n eiesoortige benadering aan pastorale terapie, wat aansluiting by hierdie studie vind. Promissioterapie word in hoofstuk 3 volledig bespreek.

Daar moet altyd onthou word dat die mens 'n wese is wat reageer op inhoude uit die interne en eksterne leefwêreld. Dit toon aan dat die persoon uit 'n besondere

paradigma funksioneer en op 'n unieke wyse op sekere ervarings of belewenisse reageer. Verder beteken dit dat die persoon se verwysingsraamwerk in gesprekke met ander persone weerspieël word. "Pastorale sorg en troos beoog 'n verandering wat "herstel" asook "genesing" tot gevolg het " (Louw 1999a:157). Pastorale antropologie gaan oor sin, terapie en die kwaliteit van menslike lewe.

## 3. PASTORAAL-TEOLOGIESE VERWANTSKAP

Wanneer die Christen se verhaal in die lig van God se verhaal (soos beskryf in die Bybel) verstaan word, kry dit betekenis. Hier word aanvaar dat, om in die pastoraat met die mens te werk alleen moontlik is vanuit grondige kennis van die mens. Van den Berg (2006:173) sê dat pastorale teologie nie kan funksioneer sonder die korrelasie tussen Bybelse tekste en die menslike konteks nie. Lewensverhale word aan die Christelike verhaal verbind (De Beer 2007:19). Die Woord werk nie los van die skepping nie en besit, as heilsmiddel, 'n eiesoortigheid wat voorkom dat menslike tegnieke dit manipuleer (Louw 1999:50). Die pastorale proses behels die vertel en formuleer van verhale, met die oog op 'n hoopvolle toekoms vir die gespreksgenoot (Scholtz 2005:142).

In hierdie studie word die sintetiese, stereometriese en perpektiwiese omvang verreken. Dit sluit die daaglikse lewe van mense in. Praktiese teologie word volgens Gerkin (1997:111) "...the task of maintaining the connections between the varied stories of life and the grounding story of the Christian community. Pastoral care becomes the community of faith's living expression of that grounding story." Aangesien die kerk betrokke is, handel pastorale teologie ook oor die kerk se gemeenskap met die wêreld (Seegers 2005:19). Die kerk staan in diens van God en is dus verantwoordelik om pastoraal versorgend en betrokke te wees.

## 4. PRAKTIESE TEOLOGIE

Die teologiese taak word, volgens Browning (1991:5-8), benader met vrae wat gevorm is deur die sekulêre en godsdienstige praktyke waarin die mens betrokke is. Hierdie praktyke is betekenisvol of teoreties belaai. Dit beteken ook dat teorie en praktyk geïntegreer is. Praktiese Teologie is 'n onderdeel van fundamentele

Praktiese Teologie omdat praktiese denke die middelpunt van menslike denke is, en teoretiese en tegniese denke afleidings van praktiese denke is. Teologie is as geheel fundamentele Praktiese Teologie met vier sub-bewegings, naamlik deskriptiewe teologie, historiese teologie, sistematiese teologie en volledige of strategiese praktiese teologie (Browning 1991:47). Praktiese Teologie het, volgens Endres (2009a:97), die besondere fokus om die dinamika van spesifieke situasies te verken, sodat verstaan kan word wat in daardie situasies belewe word. Whitehead (1987:47) sê dat Praktiese Teologie verstaan kan word as daardie proses waardeur Christene op 'n betekenisvolle vraag van die lewe reflekteer en "...through clarification and purification move toward some graceful action."

Praktiese Teologie kan gesien word as 'n geskikte vertrekpunt vir hierdie navorsing. Die rede hiervoor is dat Praktiese Teologie te doen het met aksies wat uitgevoer word in diens van die evangelie (Heyns & Pieterse 1990:6). Praktiese Teologie kan gesien word as die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses. Daar word gepoog om menslike handelinge, met betrekking tot die Christengeloof, teologies te verhelder en te vernuwe. Die teenwoordigheid van God in 'n persoon se lewe behoort by te dra tot betekenis in die lewe, asook humaniteit (Louw 2008:54). Praktiese Teologie, as kommunikatiewe handelingsteorie is, volgens Bothma (2004:41), die kritiese, empiries-georiënteerde, teologiese teorie binne 'n hermeneutiese raamwerk. Dit behels die kommunikasie van die Christelike geloof in die praxis. Volgens Immink (2003:12) is Praktiese Teologie, as teologiese dissipline, met geloof-in-uitvoering besig. Dit is 'n manier van lewe, wat volgens Veling (2005:240) behels dat:

> *To imitate Christ is to follow Christ, and it is in following this way that we are led into the truth and life (John 14:6). This, in a nutshell, is the method of theology, the "theological method." And this is what it means to speak of practical theology as a way of life.*

Verder fokus Praktiese Teologie op handelingsdoeleindes, wat geloof kommunikeer, opbou en verdiep. Meeks (1979:62) sê aangesien teologie 'n funksie van die kerk is, "Everything that Practical Theology does *should* be done as a function of the church

and in the service of the church". Die primêre taak van Praktiese Teologie is, volgens Endres (2009a:98), om gelowige gebruike te verseker en in werking te stel. Müller (1996:5) omskryf Praktiese Teologie as "die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe. Wetend dat die mens nie verklaar kan word nie impliseer dat 'n antropologie essensieel 'n hermeneutiese probleem is" (Louw 1999a: 156-157).

Dit word veronderstel dat die mens uniek is en hermeneuties-kommunikatief handel in verhouding met God, homself, ander mense en sy omgewing. Hierteenoor huldig Scholtz (2005:141) die mening dat die pastoraat hom, sedert die sewentigerjare, in 'n nuwe hermeneutiese fase bevind. In hierdie fase staan die teologie en terapie/psigologie in 'n bipolêre verhouding tot mekaar. 'n Hermeneutiese kyk op die realiteit is, volgens Müller (1996:19), "...ook 'n narratiewe kyk op die werklikheid." Daar kan dus afgelei word dat die narratiewe benadering aansluiting vind by die hermeneutiese perspektief. "In die kies van 'n narratiewe hermeneutiese praktiese teologie val die naald van die kompas op diepgaande betrokkenheid by mekaar" (Van den Berg & Smit 2009: Elektroniese bron).

Die narratiewe benadering kan gesien word as 'n uitvloeisel, wat vanuit die hermeneutiese perspektief ontwikkel. Ganzevoort & Visser (2007:100) sê die narratiewe benadering staan in 'n hermeneutiese perspektief en probeer verduidelik wat in die pastorale ontmoeting gebeur, asook hoe die verhaal van mense, en die verhaal van God, mekaar raak en beïnvloed. Browning (1991:15) redeneer dat beide praktiese teologie, en die beskrywing van situasies, voortgaan as dialoog of gesprek. Volgens hom is dit die hermeneutiese model van Praktiese Teologie wat die aandag getrek het. Hierdie siening beskou *verstaan* as gedragslyn in die vorm van dialoog of gesprek. Deur gesprek of dialoog word vrae aan die gespreksgenoot gestel en word die berader met hulle vrae, verbintenisse en praktyke gekonfronteer.

Die narratiewe-hermeneutiese Praktiese Teologie, soos aangebied deur Gerkin (1986:22), is 'n sinvolle opheldering van die postmoderne agtergrond en sluit by die epistemologie van hierdie studie aan.

## 5. POSISIONERING

Die navorsing word binne die Praktiese Teologie geplaas aangesien duidelike teologiese vertrekpunte nodig is om dit rigting te gee. Die handelende God, en sy betrokkenheid by die mens in nood, word binne die raamwerk van die Praktiese Teologie geïnterpreteer (Fourie 2004:22). In hierdie studie word die mens vanuit 'n kommunikatiewe perspektief binne sy konteks verstaan. Die studie vind veral aansluiting by die gedragsdimensie binne die Praktiese Teologie. Dit behels die gereedmaak en modus operandi van die navorsing.

Praktiese Teologie omvat teorie sowel as praxis. Die beskouing van Kruger (2000:30) is dat die teorie by meeste praktiese teoloë 'n normatiewe karakter dra, terwyl die praxis 'n beskrywende karakter dra. Hierdeur word die *status van die Skrif* nie in gedrang gebring nie. Müller (2005:3) huldig die siening dat Praktiese Teologie vanuit 'n spesifieke en konkrete moment van praxis ontwikkel moet word, en gebaseer is op 'n hermeneutiese paradigma. Volgens hom gebeur Praktiese Teologie "...whenever and wherever there is a reflection on practice, from the perspective of the experience of the presence of God" (Müller 2009d:2).

Daar is verskeie vlakke van Praktiese Teologie en dit kan spontaan, informeel en lokaal, of formeel, sistematies en georganiseerd wees. Dit kan deel vorm van bedieningsaktiwiteite op die gemeentelike vlak of dit kan hoogs akademies op universitêre vlak wees. Dit word in alle geval deur die moment van praxis gelei. Browning (1991:6-8) stel 'n siening voor, wat beweeg van praktyk na teorie en terug na praktyk. Die teoreties-belaaide praktyke moet ondersoek word. Godsdienstige gemeenskappe beweeg in 'n krisistyd deur 'n proses. Dit beweeg vanaf momente van verenigde praktyk tot momente van dekonstruksie, tot nuwe tentatiewe rekonstruksies en vereniging. Wanneer 'n nuwe krisis ontstaan beweeg die gemeenskap weereens deur die hele proses.

Immink (2003:14-18) praat van die invalshoeke waaruit die vroeëre godsdienstige praxis beskou is, naamlik die ekklesiologiese benadering en die geloofspraxis-benadering. By die kerklike model is die kerklike institusionele aspekte van die godsdiens op die voorgrond. Met die geloofspraxis (klerikale model) as invalshoek,

word na diegene gekyk wat 'n kerklike amp beklee. In die nuwer modelle word die Praktiese Teologie nie meer in die afgebakende gebied van die kerk gelokaliseer nie, maar in die koördinasiesisteem van die samelewing, Christendom en die kerk. Praktiese Teologie gee nie slegs rekenskap van die teologiese karakter van die Christelike geloof nie, maar poog ook om die godsdienstige praxis waar te neem en te verdiskonteer. Browning (1991:5) reken dat "Theology can be practical if we bring practical concerns to it from the beginning."

Müller (2009d:elektroniese bron) vind dat postfoundationalistiese, Praktiese Teologie 'n waardevolle bydrae lewer tot 'n herontdekking van die basiese vorme van Praktiese Teologie en die verstaan daarvan. Dit is 'n poging om verder as die modernistiese grense van Praktiese Teologie te beweeg, asook om die relativisme van anti-foundationalistiese teorieë te vermy. 'n Postfoundationalistiese gedagte van rasionaliteit sal, volgens Van Huyssteen (1999:8), 'n unieke skakel tussen teologie en die wetenskap voorsien, en ons oë open om :

- Kontekstualiteit, en die insluiting van beide teologie en die wetenskap in die verskillende gebiede van kultuur, te erken.
- Die epistemologiese, deurslaggewende rol van geïnterpreteerde ervaring, en die wyse waarop tradisie die epistemiese en nie-epistemiese waardes wat ons refleksie van beide God en die wêreld oordra, te bevestig.
- Terselfdertyd word kreatief verder gewys op die beperkings (grense,"confines") van die plaaslike (lokale) gemeenskap, groep of kultuur teenoor ("toward", jeens, tot) aanneemlike vorme van transgemeenskaplike ("trans-communal") en interdissiplinêre gesprek.

Hieruit kan afgelei word dat die terapeut se eie interpretasie, oortuigings, verbintenisse en vooroordele 'n rol by epistemologiese veronderstellings, en dus ook die terapeutiese benadering, speel. Verder is die konteks, kultuur en verhoudings waarbinne die gesprek plaasvind ook van belang. 'n Postfoundationalistiese idee slaag daarin om die modernistiese uiterstes, sowel as die relativisme van die postmodernisme, te vermy. Postfoundationalisme "...unifies and integrates our interpreted experience without totalizing it" (Van Huyssteen 1999:13).

Om 'n Prakties-teologiese antropologie te formuleer is 'n uitdaging, aangesien ons besorg is oor die mens. Ons kan dit alleen bereik indien ons erns maak met die beskrywing van die werklikheid van menswees. Die mens vervul dus 'n sentrale rol in die praxis en is daarom van belang. My eie plasing in die Praktiese Teologie dra daartoe by dat ek die betekenis van pastorale antropologie kan ondersoek. Uitgangspunte van 'n prakties-teologiese antropologie is te vinde in die wisselwerking tussen teologiese én antropologiese gesigspunte (Vos 1995:177-182). Aangesien hierdie wisselwerking verband hou met die verstaan van die mens, sy wese en aktiwiteite, is dit relevant vir die studie.

'n Bepaalde paradigmatiese plasing van die navorsing is nodig en sal vervolgens bespreek word. Dit is van belang omdat die paradigma die breë konseptuele konteks van die navorsingsprojek vorm en beskou kan word as 'n stel basiese oortuigings wat oor grondbeginsels handel (De Beer 2007:11). Daar sal verder gelet word op die epistemologiese diskoers, met die klem op kontekstualiteit.

## 6. PARADIGMA

Die navorser se denkraamwerk sal die verwysingsraamwerk wees waarvolgens die data, wat gedurende die navorsingsproses ingesamel word, geïnterpreteer word. Volgens Janse van Rensburg (1996:152) kan die begrip *paradigma* as 'n *model*, *vertrekpunt*, *verwysingsraamwerk*, *konsep* of *veronderstelling* gebruik word, wat die wyse van fundering, strukturering, aanbieding en gevolgtrekkings van 'n saak of leerstelling *rigtinggewend* bepaal. In alle navorsing word daar vanuit 'n bepaalde verwysingsraamwerk gewerk, wat bepaal hoe die wêreld gesien en beleef word. In ooreenstemming hiermee skryf Schurink (1998:240) dat "A paradigm is a set of beliefs that constitutes the researcher's ontology (i.e. the researcher's perceptions regarding the nature of reality or the world and what there is to know about it)...." Die paradigma vorm die operasionele raamwerk waarbinne feite geplaas word, sodat hul betekenis duideliker gesien kan word. Louw (1999a:110) sê dat die begrip "paradigma" 'n bepaalde manier van dink behels deur gebruik te maak van gevestigde konsepte en bestaande, tradisionele persepsies. Daar het met verloop van tyd 'n paradigmaskuif plaasgevind. Aangesien die navorser 'n epistemologie verkies wat van benaderings van die postmoderne paradigma gebruik maak, is dit

van belang om die postmodernisme verder te bespreek. Die bedoeling is nie om 'n volledige beskrywing van *postmodernisme, postmoderniteit en pastoraat te gee nie, maar slegs om die verband daarvan met hierdie navorsing aan te dui.*

### *6.1 Postmodernisme*

Postmodernisme is die geestesstroming waarbinne ons staan (Klopper 2006:Elektroniese bron). Die term 'post' beteken *na* en daarom impliseer *post-modernisme* dat dit na modernisme gekom het (Van der Walt 2006 : Elektroniese bron). Modernisme, as denkrigting, het absolute sekerhede gehuldig. Volgens Lyon (1994:21) "...modernity started out to conquer the world in the name of reason..." Die enigste werklikheid is dít wat ons sintuiglik kan waarneem. Van Huyssteen (1999:6) reken dat nie slegs teologie, maar ook die postmoderne wetenskap en postmoderne filosofie van wetenskap, dramaties van positivistiese en tegnosentriese begrippe van wetenskaplike rasionaliteit wegbeweeg het, met "...closely aligned beliefs in linear progress, guaranteed success, deterministic predictability, absolute truths, and some uniform, standardized form of knowledge." Voorts sê King (1998:95) dat die opkoms van postmodernisme nuwe geleenthede voorsien om die verband tussen praxis en aksie te verhelder. Dus word nuwe geleenthede en uitdagings vir teologiese en godsdienstige refleksie geskep. Fourie (2004 :11) reken postmodernisme staan in reaksie tot die standaardwetenskapsbeskouing en daar word na nuwe epistemologiese uitweë gesoek. Modernisme se objektiwistiese benadering is reduserend ten opsigte van die interpretasie en die inwin van kennis, en daarom word postmoderne navorsing verkies (De Beer 2007:12).

Postmodernisme verwys na die situasie waarbinne die navorser haar ondersoek doen. In hierdie situasie word daar gepoog om die ervaring van wanhoop, na die dood van 'n geliefde, by 'n persoon te verken, te begryp en dit te interpreteer. 'n Postmoderne paradigma, wat 'n persoon se perspektiewe en oortuigings van die lewe en die wêreld bepaal, se vooropstelling is dat kennis nooit absoluut is nie, maar kontekstueel lokaal en

pluralisties (Müller 2002:22). Die modernisme se strekking van een absolute waarheid word in die postmoderne benadering tot 'n plurale werklikheid met meer waarhede uitgebrei. Verskillende persone sal verskillende waarhede in hul situasie van verlies beleef. Die persoon se woorde sal innerlike belewing uitdruk en beteken dus baie meer as wat die persoon bedoel. Daarvolgens heg die terapeut of leser ook self 'n eie betekenis aan die betrokke woorde. Elkeen het die reg om self te besluit. Veelvoudige perspektiewe geniet aandag in 'n postmodernistiese gesteldheid.

Aangesien die navorsing 'n proses is, betrek dit die navorser, in fasiliterende hoedanigheid, by die verloop daarvan. Daar kan dus veronderstel word dat navorsingsgebeure 'n onderlinge samehang het wat in wisselwerking is. Moontlike nuwe wyses van interaksie kan geskep word, wat betekenisse en interpretasies van gebeure kan verander. Gedurende die navorsingsproses is die persoon se belewenis, en die betekenis wat daaraan gegee word, verken. Die postmodernistiese perspektief beklemtoon die terapeut as fasiliteerder en nie as iemand wat antwoorde of oplossings verskaf nie.

Hierdie perspektief in die pastoraat beweeg weg daarvan dat die terapeut die kundige moet wees. Dit beweeg ook weg van diagnose en prognose. Dit laat ruimte vir 'n nuwe verhaal as die uiteinde van die pastorale proses tussen die medenavorsers (Botha 2003:81). Dit sluit dus aan by die narratiewe proses, wat volgens Morgan (2000:2) terapie is "...which centres people as the experts in their own lives." Volgens Ganzevoort en Visser (2007:114) "Om te beginnen wordt de cliënt zelf geacht de expert te zijn inzake haar of zijn leven." Die terapeut neem die posisie van *nie-weet* in.

Navorsing volgens die narratiewe benadering kan volgens die ABDCE-proses gedoen word (Müller, Van Deventer & Laas: elektroniese bron). "Die uitgangspunt is nie die tradisionele siening dat navorsing vanuit die oogpunt van 'n probleemstelling gedoen behoort te word nie, maar navorsing kan ook vanuit 'n bepaalde aksieveld ontwikkel" (Fourie 2008:55). Die ABDCE-wyse verskaf riglyne vir die logiese vloei van die navorsing volgens die narratiewe benadering. Voorts word die proses volgens die betrokke letters verduidelik:

- Die A (*Action*) staan vir aksie. As deel van die aksie werk deelnemers met die *nou* van die storie, nie met die verlede of die toekoms nie.
- Die B (*Background*) behels die agtergrond van die *nou* teen die sosio-politieke en ekonomiese agtergrond.
- Die D (*Development*) neem die aksie en agtergrond in aanmerking en die deelnemers (navorser en medenavorsers) ontwikkel die intrige.
- Die C (*climax*) is waar alles bymekaarkom en die klimaks, waar daar 'n verskil vir die deelnemers is, bereik word.
- Die E (*ending*) behels die einde van die navorsingsproses, wat die persone laat met 'n sin van wat plaasgevind het, waar die navorser en medenavorsers hulle nou bevind en wat dit beteken.

Die idee van navorsing is om na die verhale van die vroue te luister en om by hierdie stories ingetrek te word, "The narrative researcher has subjective integrity in mind and strives for participatory observation" (Müller, Van Deventer & Laas: elektroniese bron). Volgens Bezuidenhout (2005:23) moet daar onderskei word tussen "...die mens in die postmoderne tyd, die postmoderne mens en die mens wat bewustelik/onbewustelik deur postmoderne idees beïnvloed word". Na my mening is dit die postmoderne mens in 'n postmoderne era, wat idees van die mens beïnvloed. Die postmoderne era (postmoderniteit), moet dus ook verreken word.

## *6.2 Postmoderniteit*

Dit word gestel dat, in ooreenstemming met De Beer (2007:12), *postmoderniteit* daarna verwys dat 'n persoon se omstandighede die persoon se lewensbeskouing bepaal. Hierdie omstandighede behels die postmoderne era, wat gekenmerk word deur buigsaamheid en verandering (Botha 2003:19). Die voorafgaande era is verby en die mens word erken as 'n unieke individu wat in hierdie era leef (Müller 1996:55). Postmoderniteit beklemtoon, volgens Endres (2009a:30), die diversiteit en toevalligheid van die menslike natuur. Aangesien die mens tans in 'n postmoderne era leef (Müller 1996:55; Botha 2003:19; De Beer 2007:13), word postmoderniteit as vertrekpunt vir die navorsingsdoeleindes van hierdie studie gebruik.

Meganismes, soos dekonstruksie, kan met vrug binne postmoderniteit aangewend word. Deur dekonstruksie kan daar op kreatiewe wyse na die mens, sy kennis en sy lewensomstandighede gekyk word (Van Jaarsveld 2001:101).

Postmoderniteit is 'n veelvlakkige konsep, wat ons paraat maak op 'n verskeidenheid belangrike sosiale en kulturele verskille (Lyon (1994:Voorwoord). Dit gaan vir die navorser oor die tydperk waarin gelewe word en waartydens die navorsing gedoen word. Die navorser se perspektiewe en oortuigings word deur postmoderniteit as raamwerk van verstaanstrukture bepaal. Dit omvat egter ook stelsels van oortuigings of waardes. Postmoderniteit behels verder dat sommige integriteitswaardes, soos byvoorbeeld tekste uit die Skrif, 'n invloed daarop het en erken word. Vervolgens kan dus gesê word dat postmoderniteit nie 'n totale postmodernistiese beskouing is nie. Die rede hiervoor is dat dit nie onvoorwaardelik oopeindigend is nie. Dit behels dus elemente van beide modernisme, sowel as postmodernisme. Vir die navorser beteken postmoderniteit dat dit 'n klem van beoordelende samespraak, of beoordelende denkvermoë, met 'n sekere paradigma ondersteun (Van den Berg 2006:167). *Post*-moderniteit bestaan, volgens Degenaar (2000:Elektroniese bron), in die belewenis en aanvaarding van die menigvuldigheid van sake, asook in die ontkenning van 'n heersende gedragskode, wat helderheid en totale sekerheid kan waarborg. Dit verteenwoordig nie 'n volslae alternatiewe denksisteem nie. Dit kan dus gestel word dat postmoderniteit beweer dat die werklikheid bestaan, dat vasgehou kan word aan wat die Skrif sê, maar dat vrae daaroor gestel word.

Die betekenis van postmoderniteit vir pastorale teologie is gegrond daarop dat dit as metodologiese kritiek gesien kan word (De Beer 2007:13). Dit bevraagteken, met ander woorde, die betroubaarheid en aspirasies van gebruiklike kwantitatiewe sosiale wetenskap, wat insig navors. Geloofwaardige humaniteit, soos menslikheid, ervaringe, gebeure, afwisseling en geldigheid van verskeie waarhede, word op die voorgrond gestel.

As in gedagte gehou word dat postmoderniteit vir die navorser, in ooreenstemming met Van den Berg (2006:167-172), beteken dat:

- dit nie die modernistiese ideaal van objektiwiteit onderhou nie;
- dat dit 'n aanvoeling vir die beperktheid van taal toon;
- dat dit ruimtes bied om God as misterie te bely;
- en dat dit 'n eie bepaalde geloofs- en kerklike tradisie omvat, maar dat ons saam met ander in werklike situasies en in 'n bepaalde konteks leef;

kan afgelei word dat die eiesoortige inset van die pastoraat, met postmoderniteit as verwysingsraamwerk, behou word. Dit is belangrik om te verstaan wat die pastoraat behels en vervolgens word dit bespreek.

### *6.3 Pastoraat*

Die pastoraat kan wesenlik gesien word as 'n teologiese vakgebied. Pastoraat is geloofshulp, wat as lewenshulp aangebied word. Volgens Louw (1999a:167) kan dit nie ontken word dat Rogers die oë van die pastoraat oopgemaak het vir liefde en waardering binne die pastorale ontmoeting nie. Dit poog om mense te help om sinvol te leef en om 'n samehang met hul verstaan van God, en basiese lewensvraagstukke, soos angs, skuld, wanhoop en vertwyfeling, te bewerkstellig. Die unieke karakter van die pastoraat kan in terme van pastorale sorg beskou word:

- Pastorale sorg gaan oor begrip en interpretasie vanuit die perspektief van geloof. Dit verwys na 'n hermeneutiek van die sorg van God (paraklese) in die lig van die eskatologiese perspektief: die heil en betrokkenheid van God by lewensgebeurtenisse. "Paraklese kommunikeer wesenlik die toekomsdimensie van Christelike hoop" (Louw 1999a:77). Pastorale sorg is geloofsorg as lewensorg; dit handel met die interpretasie van die teenwoordigheid en die wil van God, binne die parameters van ons menslike soeke na betekenis.

- Pastorale sorg streef na die ontwikkeling van toepaslike Godsbeelde en 'n geloofsvolwassenheid, om sodoende mense te help om verskillende lewensgebeurtenisse te kan hanteer. Dit gaan, volgens Louw (2008:77), oor die toepaslikheid van Godsbeelde en nie "...whether they are appropriate in terms of our human quest for meaning and our struggle to come to terms with human suffering" nie. Hier speel die Bybel 'n vername rol.

- Pastorale sorg poog om die teenwoordigheid van God se Gees te beliggaam sodat mense genees en heel kan word. "Pastoral care is about the enfleshment and embodiment of the engagement of God with life issues in such a way that concrete actions of comfort, change, liberation and transformation take place" (Louw 2008:74). Ons poging is om te lei, te onderhou en om mense te bemoedig (vertroos), sodat hulle bewus raak van God se identifisering met die drie basiese, eksistensiële en menslike toestande. Dit omvat ons angs, vrees vir verwerping en vrees vir die dood (nodig vir sekuriteit en aanvaarding). Verder sluit dit in ons skuld en skuldgevoelens, etiese kwessies en ons gewete om goed te doen, en geregtigheid. Ons hopeloosheid, hulpeloosheid, vertwyfeling en wanhoop, ons behoefte aan hoop en ons soeke na sin en betekenis word ook hierby ingesluit. Om 'n betekenisvolle verhouding met God te vestig speel die gebruik van die Bybel, die sakramente, gebed en die gemeenskap van gelowiges 'n beslissende rol (Louw 1999a:380-384).

- Pastorale sorg gaan oor 'n liturgie van lewe. Dit handel binne die dinamiek van verhoudings en konteks. Daarom is die basiese vaardighede, naamlik empatie, interpatie en simpatie, van belang. "Pastoral care entails being with people where they are and meeting them in their being functions with deep concern and sincere empathy" (Louw 2008:75).

Hierdie karaktertrekke van die pastoraat behels dat dit primêr handel met die interaksie en kommunikasie van die ontmoeting tussen God en die mens. Dit

word gerig op 'n teologiese verstaan en interpretasie van die betekenis van toepaslike Godsbeelde in terme van ons menslike poging om met ons lewe vrede te maak. 'n Persoon se godsbegrip het 'n invloed op sy siening en verwerking van lyding (Louw 1985:12).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat postmoderniteit subjektiewe integriteit, beperktheid van taal, misterie van verstaan en betekenis van die konteks beklemtoon. Postmoderniteit sal dus die inhoud en omvang van die navorsingsverhaal uiteensit.

## 7. EPISTEMOLOGIE

Die vraagstuk van die epistemologie handel, volgens Louw (1999a:10), oor hoe daar tot kennis gekom word en wat die bron van kennis is. Epistemologie behels dus die veronderstelling wat aandui hoe kennis beredeneer word en die navorsing benader word. Dit behels die vraag oor hoe en wat 'n persoon dink, waarneem en besluit (Dill 1996:6). Die beperkings, kennis, agtergrond en gesindheid van die navorser kan betekenisvolle gevolge vir die navorsingsprosedure en uitkomste hê (De Beer 2007:14). Epistemologie word volgens Janse van Rensburg (2000:2-3) verduidelik met behulp van die metafoor van 'n skildery, as die wyse of teorie van hoe verf op 'n doek behoort geplaas te word om die paradigma te pas. Dit is, met ander woorde, die medium en tegniek, byvoorbeeld abstrak of impressionisties. 'n Sekere verwysingsraamwerk of paradigma word verkry wanneer kennis op 'n wyse georden word dat dit 'n oortuiging raak. Schurink (1998:240) sê epistemologie behels "..the researcher's perceptions of *where* he stands in relation to reality or the world..."

As navorser van hierdie studie posisioneer ek my in die kwalitatiewe navorsingsepistemologie. Die rede hiervoor is dat kwalitatiewe navorsing 'n multimetodiese fokus het. Aangesien kwalitatiewe navorsing, volgens Schurink (1998:240), gebruik maak van verskillende vakgebiede en tegnieke, is dit van toepassing op hierdie navorsing waar kennis op verskillende maniere bekom word. De Beer (2007:20) meld dat persepsies, wat beskryf word soos dit manifesteer, nie noodwendig vir die hele bevolking geldig is nie.

Daar word dus ook in hierdie navorsing verskeie metodes gebruik om inligting in te samel. Voorts behels kwalitatiewe navorsing "...a multiperspective approach (utilising different qualitative techniques and data collection methods) to social interaction, aimed at describing, making sense of, interpreting or reconstructing this interaction in terms of the meanings that the subjects attach to it" (Denzin & Lincoln, 1994:2). Dit omvat, met ander woorde, 'n interpreterende benadering en beteken dat die navorser mense in hulle eie omstandighede bestudeer. Daar word gepoog om die betekenis, wat mense aan hulle situasie gee, te verstaan en interpreteer. Dit sluit persoonlike ervaring en lewensverhale in, wat ruimte bied vir die gebruik van die narratiewe benadering, hermeneutiek, dekonstruksie en deelnemende waarneming. Hoofsaaklik dui dit daarop dat kwalitatiewe navorsing beskrywend van aard is (Schurink 1998:240).

Freedman en Combs (1996:23) sê dat "all the things that make up the psychological fabric of 'reality' – arise through social interaction over time." Mense konstrueer hulle werklikheid soos hulle dit elke dag leef. Hulle skep hulle eie verhale. Die sosiale aspek, sowel as die narratiewe-pastorale benadering, word beklemtoon. Vir die kwalitatiewe navorser word narratiewe kennis waargeneem as 'n "...legitimate, rigorous and valid form of knowledge that informs us about the world in ways which are publicly significant" (Swinton & Mowat 2006:38). Volgens Fourie (2004:11) is die sosiale aard van konstrukte, waarbinne die postmoderne mens waarheid beleef, die eerste vlak in die bepaling van 'n epistemologie. Hy beklemtoon dus ook die sosiale aspek. Aangesien die volgende konsepte, *sosiale konstruksie-diskoers, konteks, narratief-hermeneutiese plasing, deelnemende aksienavorsing* en *taal* veel meer as die bespreking daarvan behels, fokus die navorser slegs op elemente van belang vir die studie.

### *7.1 Sosiale konstruksie-diskoers*

Mense konstrueer hulle werklikheid soos hulle elke dag leef (De Beer 2007:14). Die sosiale aard van konstrukte, waarbinne die postmoderne mens waarheid beleef, is die eerste vlak in die bepaling van epistemologie (Fourie 2004:11). "Adopting a postmodern, narrative, social constructionist worldview offers useful ideas about how power, knowledge, and 'truth' are negotiated"

(Freedman & Combs 1996:22). Volgens De Beer (2007:15) word binne postmoderniteit aanvaar dat ons nie in 'n wêreld met een enkele waarheid leef nie, maar in 'n wêreld met verskeie waarhede. Dit handel oor die sosiale aard van konstrukte waarbinne 'n agtergeblewene, in 'n postmoderne konteks, die waarheid beleef. Die sosiale konstruksie-diskoers, sowel as die konteks waarbinne dit plaasvind, is van belang. Dit kan moontlik bydra om te verstaan hoe promissioterapie hoop en vertroosting aan 'n persoon kan bied na die verlies van 'n geliefde.

> *"As narrative therapists, pastors and researchers, we position ourselves within the social-constructionist (some would say: postmodern) paradigm, which has implications not only for the way in which we think about truth, but also for the way in which we try to be truthful in doing research" (Müller, Van Deventer & Human 2006:2).*

*7.2 Konteks*

Die spesifieke konteks waarin die agtergeblewenes se sosiale lewe en verhoudings plaasvind, beïnvloed hulle begrip van die werklikheid. Die wyse waarop vandag geken en besluit word, word nie meer deur algemeen geldende waarhede bepaal nie. Die proses van besluitneming en kennis word gekenmerk as situasioneel en meervoudig. Volgens Fourie (2004:19) werk sosiale konstruksie met die gedagte van meervoudige waarhede (pluraliteit). 'n Individu word toegelaat om binne 'n bepaalde konteks eie besluite te neem. Die postmoderne persoon het nie 'n probleem daarmee dat daar 'n meervoudige manier van ken en besluit oor sake is nie. Op 'n pluralistiese manier word daar met meervoudigheid saamgeleef (De Beer 2007:15). Alles hoef nie meer binne een enkele raamwerk in te pas nie (Müller 2002:22). As navorser bevind ek my binne 'n paradigma van postmoderniteit, wat 'n rol speel in die verstaan van die inhoud, binne 'n bepaalde konteks, van vroue wat die verlies van 'n eggenoot beleef.

UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY



1196 28341

Iemand wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het se religieuse konteks, sowel as daardie persoon se verhouding met God, is van belang. Müller (1996:3) verwys daarna dat 'n denkraamwerk gevorm word deur kontekstuele ervaringe, wat 'n narratiewe vorm aanneem. Volgens Fourie (2004:20) het 'n kontekstuele benadering 'n oop standpunt, wat uitmond in die uitwerking van teologie op die sosiale praxis om terapeutiese verandering te bewerkstellig. Die konteks is nie net in die geloofsgemeenskap vervat nie, maar vorm deel van die sosiale gemeenskap. Kennis moet geneem word van die teologie, sowel as die situasie. 'n Persoon wat die verlies van 'n geliefde ervaar is 'n sosiale wese, wat verlies binne 'n konteks beleef.

### 7.3 *Narratief-hermeneutiese plasing*

Die narratiewe perspektief is die konkretisering van die hermeneutiese benadering. Volgens Ganzevoort en Visser (2007:100) staan die narratiewe benadering in 'n hermeneutiese perspektief en probeer om te verduidelik wat in die pastorale ontmoeting gebeur. Dit omskryf hoe die verhaal van mense en die verhaal van God mekaar raak en beïnvloed. Aangesien die verhaal van God en die verhaal van die mens op allerlei maniere betrokke en verweef is, plaas ek my navorsing binne die narratief-hermeneutiese navorsingsbenadering. Seegers (2005:72) sê dat die gelowige mens se verhaal betekenis en sin kry wanneer dit in die lig van God se verhaal geïnterpreteer word (soos in die Bybel beskryf). Louw (2005b:101) reken dat verstaan nie gaan om verklaring nie, maar om perspektiewe en insig. Dit beteken die potensiaal om die samehang binne die netwerk van 'n krisis raak te sien. Daar word ook opgelet na 'n spesifieke houding, wat kan bydra tot 'n opbouende proses van integrasie, doelwitstelling en singewing.

Scholtz (2005:143) bied 'n drieledige skematisering van pastorale benaderings aan, naamlik: pastoraat as die vervanging van die gespreksgenoot se verhaal; pastoraat as die ontwikkeling van die gespreksgenoot se verhaal; pastoraat as die ko-konstruksie van 'n nuwe verhaal. Hierdie nuwe verhaal is 'n skepping en resultaat van die pastorale

proses. Die nuwe verhaal word deur die onderskeie gespreksgenote gekokonstrueer (Scholtz 2005:148).

### *7.4 Deelnemende Aksienavorsing*

Die gespreksgenote word gesien as medenavorsers. Hulle is deelnemers aan die gesprek en navorsing – "...the narrative researcher has subjective integrity in mind and strives for participatory observation" (Müller, Van Deventer & Human 2006:3). In die narratiewe benadering is die klem op die aksie en nie op die probleem nie. Die probleem, sowel as die aksie, moet nagevors word met die oog op 'n alternatiewe storie.

### *7.5 Taal*

'n Verhaal of 'n probleem kan slegs deur taal aan 'n terapeut gekommunikeer word. Volgens Seegers (2005:31) gaan dit in die narratief-hermeneutiese benadering om die vertel, sowel as die verstaan, deur interpretasie van verhale. Deur die gebruik van woorde kan die persoon wat 'n geliefde verloor, betekenis aan ervarings gee. Hierdie persoon kan die verhaal aan die orde stel met betrekking tot vele ander verhale van sy lewe. Dit gaan in die narratiewe benadering nie slegs om die spesifieke verhaal wat vertel word nie (Ganzevoort & Visser 2007:115). In hierdie ondersoek word taal dan ook die meganisme waardeur sin in die vertel van die verhaal gegee word. Kliënte se verstaan van hul werklikheid kry gestalte in hulle gebruik van taal (Müller 2000:59). Paradigmaties word dit nie as relatiwisme gesien nie, maar eerder, soos Van den Berg (2006:170) dit stel, "tot 'n aanvoeling vir die beperktheid van taal."

## 8. TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE VIR 'N PASTORALE ANTROPOLOGIE

Vir hierdie navorsing word veral op die perspektief van Daniël Louw gefokus. Die keuse vir Louw is gegrond op die feit dat sy konvergensie-teorie (eskatologiese model) direkte gevolge vir 'n mensbeeld (antropologie) inhou (Louw 1999a:150). Dit laat ruimte om na te dink oor 'n *beliggaamde-siel-gees* pastorale antropologie, asook

die tema van die opstanding waarop gefokus word om hoop en vertroosting aan die agtergeblewenes te bied.

In die pastoraal-antropologiese perspektief gaan dit om die mens vanuit 'n verhouding met God, die teologiese betekenis van die ontmoeting en kommunikasie-gebeure tussen God en mens, asook die uitwerking van hierdie proses op die verstaan van die mens (Louw 1999a:5). Antropologie word deur Grobbelaar (2009:Elektroniese bron) as dié deel van Christelike teologie gesien wat ondersoek instel na die mens se oorsprong, natuur en samestelling, spesifiek in vergelyking met God. Volgens Louw (1999a:20) is die mens 'n etiese wese, wat deur die Gees van God bemagtig is met die vrug van die Gees. Hy sien die nuwe mens as "...die pneumatiese mens wie se lewe kwalitatief bepaal word deur die werking van die Heilige Gees" (Louw 1999a:30).

Die soeklig in hierdie navorsing val op persone wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, met die oog op terapeutiese betrokkenheid. Die impak van die dood op die liggaam, siel en gees is dus belangrik. Aangesien dit belangrik is om voort te bou op die argitektuur van my argument is dit nodig om vervolgens dood, lewe, lewensin en daarna die rol en betekenis van teologie te bespreek. Om 'n goeie begrip te kry is dit nodig om eers stil te staan by die dood self.

### *8.1 Dood*

Totius het kennis gemaak met die dood na die afsterwe van sy twee kinders. Hy stel die dood gelyk aan verdwyning in die volgende fragment uit sy gedig "Daar is geen dood."

*Daar is geen dood.*
*Wat lewe heet, is net die op en neer*
*as ons klein skuitjie al maar daal en klim;*
*en wat ons sterwe noem, is niks nie meer*
*as ons verdwyning op die gidse kim (Totius 1933:56).*

Louw (2005b:3) sien *dood* as die landskap waarbinne die profiel van lewe geskets word. Met *dood* bedoel hy die vernietiging van verhoudings, ontbloting van menslike weerloosheid en wanhoop, in die aangesig van eensaamheid, isolasie, verwerping en verlies. Alhoewel 'n persoon hierdie aspekte net so sleg kan beleef as fisiese dood, word daar met hierdie navorsing gefokus op die fisiese dood. Volgens Heyns (1981:416) het die dood 'n positiewe aspek wat na vore tree: "...die mens is van nature sterflik, sodat ons 'einde' in die dood, nie net ons oordeel is nie, maar ook ons bestemming." Hy skryf verder dat aan die mens belowe is – en dit is die hoop – dat die mens, wat nou hier mens is, nie eenmaal niks sal wees nie, maar in Christus Jesus, voor God die ewige lewe deelagtig sal wees. In die fisiese sin maak die dood deel uit van God se goeie skepping. Dood is dus 'n natuurlike verskynsel. Volgens Ferreira (2008:Elektroniese bron) is opvoeding oor die dood 'n relatief groeiende studieveld by universiteite, kerke en elders. Die dood is egter 'n verskrikking, sodat mense liewer nie daaraan wil dink of selfs daaroor wil praat nie. Bothma (2006:67) meen dat die dood die mens lewensruimte en tyd, om die aardse lewe te ontplooi en tot vervulling te kom, ontneem. Die dood word as onheil ervaar. Kennis dat die dood vir 'n mens wag maak dat vrees, verwyt, kommer, verdriet, eensaamheid, verset en ontkenning deel vorm van 'n groot verskeidenheid reaksies. Burger (2006:14-25) bespreek drie stadiums van die mens se bestaan; die aardse stadium, die tussentoestand en die derde stadium om oor na te dink. Die aardse bestaan word beëindig as die dood intree.

Heyns (1981:394) reken dat die persoon, wat nadink oor die dood, eers duidelikheid oor die lewe moet hê aangesien dit in die Skrif ten nouste aan mekaar verbind is. Die lewe behels om te bestaan en dit impliseer weer 'n voortbestaan. By die dood word 'n grens oorgesteek. Dit is 'n oorbeweeg van een dimensie na 'n ander. Deist (2007:55) sê dat dood nie die einde van die lewe *is* nie, maar 'n ander vorm van lewe. Terwyl die liggaam agterbly, word die spirituele komponent van die mens (gees en siel) oorgeplaas na die hiernamaals. 'n Persoon se siening van die dood en die hiernamaals is ter sprake aangesien dood skeiding bring. 'n Mens se benadering tot die dood kan, tot 'n mate, hulp bied aan dié wat agterbly. Dit is belangrik om na te dink oor wat ná die dood van belang is. Met die sirkulêre benadering van praktyk en

teorie word fragmente uit die verhale van die vroue, wat dui op hulle begrip van die dood, aangehaal.

*Janie: Die feit dat my man dood is beteken vir my dat hy weg is.*
*Navorser: Wat bedoel jy met "weg is"?*
*Janie: Hy is nie meer hier by my nie. Ek kan hom nie meer sien, hoor of voel nie.*
*Navorser: Waar dink jy is hy nou as hy nie meer by jou is nie?*
*Janie: Ek dink hy is by die Here.*

Volgens Heyns (1981:394) word in die Skrif gekonstateer dat daar 'n kontinuïteit is van die individuele lewende bestaan. Dood is die begin van die ewige lewe. Met die dood is ons onmiddellik in 'n heerlike toestand van volkome rus en vrede. Terwyl die liggaam leweloos agterbly is die ware "geliefde", die eintlike mens wat in daardie liggaam gewoon het, reeds op 'n ander plek saam met Jesus en ons dierbares wat ons vooruitgegaan het. Al die onvolmaaktheid van hierdie wêreld is onmiddellik iets van die verlede. Die persoon is reeds by Hom, in vrede en in rus (Openbaring 7:13-17).

Hierdie agtergrond oor die dood verander dit nie in iets wat maklik aanvaarbaar is nie. Met die dood van 'n dierbare word ons steeds gekonfronteer met 'n onomkeerbare, onvermydelike situasie wat ons nie in staat is om te kan verander nie.

*Sarie: Die dood beteken vir my net 'n tree tussen hierdie lewe en die ewige lewe.*
*Navorser: Wat behels hierdie tree vir jou?*
*Sarie: Dit beteken vir my dat my man opgehou asemhaal het op hierdie aarde. Hy het 'n nuwe lewe by God betree.*

As Christene vind ons egter troos in die sekerheid van die opstanding, die lewe hierna en die invloed van Jesus Christus daarop.

*My stem: Die dood vernietig die skeiding tussen die lewe en die hiernamaals. Dit bring 'n voortsetting van lewe saam met Christus.*

Ons weet wat gaan gebeur. Ons hoef nie te treur soos mense wat nie hoop het nie, want die dood, wat so finaal was, het vir die gelowige niks meer as 'n nagrus geword nie (Dreyer 2009:Elektroniese bron). Paulus noem die gelowige mense wat gesterf het *ontslapenes* (1 Tessalonisense 4:13).

Dood raak die liggaamlike op 'n fisiese wyse, maar die belofte dat die spirituele (siel en gees) element voortleef, kan hoop en vertroosting aan die agtergeblewene bied.

*Belinda: Ek assosieer die dood met hartseer en skeiding. My twee seuns en my man is dood en ek bly agter met die pyn.*
*Navorser: Wil jy daaroor praat?*
*Belinda: Praat sal nie help nie, want dit sal hulle nie terugbring nie. Dood is finaal.*
*Navorser: Wat bedoel jy met finaal?*
*Belinda: Hulle is in die hemel en kan nie weer terugkom aarde toe nie. Ek sal hulle nooit weer hier op aarde sien nie, want hulle liggame het dood gegaan. Al hoop wat oorbly is dat ons eendag almal saam in die hemel sal wees.*

Paulus praat van die dood as die laaste vyand (1 Korintiërs 15:26). Die vyand is oorwin deur Christus wat opgestaan het. Die dood maak ons lewe leeg, maar God wil ons verander deur ons in geheel te red. Hy wil ons liggaam, siel en gees deur die verandering red. Ons gees word gered wanneer ons wedergebore word. Met die wederkoms kry ons 'n nuwe liggaam. Ons word in Christus herskep tot goeie werke.

Inligting word ingewin wat die navorser in staat stel om hoop en vertroosting deur promissioterapie aan agtergeblewenes te bied. Kommunikasie, met die oog op hulpverlening aan die gespreksgenoot, word vooropgestel.

8.2 *Lewe*

In Totius se gedig "Geloof" kry mens die idee van lewe en hoop, en hoe die mens daarmee moet voortgaan.

*Tóg leef ons voort, gewis en vas,*
*al het ons ook geen oogbewys;*
*tog seil ons voort op ons kompas :*
*die kusland sál ons oog verras*
*as't uit die golwe oplaas verrys (Totius 1933:54)*

Volgens Burger (2006:14) begin lewe by die oomblik van bevrugting. God is betrokke vanaf daardie oomblik. "Die waaragtige lewe is dus 'n verbondenheid met Jesus Christus..." (Heyns 1981:394-395). Burger (2006:14) noem verder dat die duur van lewe onseker is en dat die mens tydens hierdie fase uit drie komponente, naamlik liggaam, siel en gees, bestaan.

In die lig van Louw (2008:20-21) se idee oor die konsep van lewe, maak hy basiese besluite met betrekking tot antropologie. Dit handel ook oor basiese antropologiese paradigmas. Hierdie paradigmas is van toepassing, en toepaslik, vir pastorale sorg en berading in verskillende kulturele opsette. Dit dra ook by tot die verheldering van die posisie van pastorale terapie, binne 'n interdissiplinêre benadering. Voorts meld hy opsies, in terme van verskillende basiese, menslike funksies, naamlik:

- *Weet*-funksies – die klem is hier op die kognitiewe dimensie. In teoretiese gestalte sal 'n analitiese benadering (bv. psigoanalise) die vertrekpunt wees.
- *Doen*-funksies – die klem is op aksie. Dit behels byvoorbeeld aksies van bevryding, programme en projekte asook vaardighede vir lewenslesse. Dit is werklik 'n baie betroubare perspektief in pastorale sorg en terapie, met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling en menslike kwessies soos diskriminasie en oorheersing.

- *Luister*-funksies – luister- en kommunikasievaardighede in terapie is, sonder enige twyfel, deel van die alfabet van pastorale sorg.
- *Wees*-funksies – menslike wesens bestaan binne die dinamiek van verhoudingsisteme en kulturele omgewings, wat die posisie en *habitus* (houding en geneigdheid) beïnvloed.

Bostaande funksies is, volgens Louw (2008:21), die mees toepaslike vertrekpunt vir 'n teologiese benadering tot die mens, en dus ook die lewe. Hy noem ook dat die keuse vir houding en geneigdheid (*habitus)* ondersteun word in die veld van pastorale sorg en praktiese teologie. Dit kan gesien word as vertrekpunt om te weerspieël wat met antropologie in pastorale sorg en terapie bedoel word, sowel as die argument om *siel* binne 'n sistemiese benadering te verstaan. Sisteemdenke fokus volgens Louw (2005b:25-26) op:

- Verhoudings en onderlinge interaksie;
- Konkrete ervaringe, soos wat dit in emosionele toestande manifesteer;
- Die kwaliteit en gehalte van gedrag en van wees-funksies *(habitus);*
- Hoe mense hulle binne die netwerk van verhoudinge uitdruk (posisioneer), ervaar en evalueer;
- Reaksiepatrone, gesindheid en houding;
- Groei tot integriteit, volwassenheid en die kreatiwiteit van singewing. Probleme word gesien as geleenthede om selfinsig te verwerf, nuwe keuses te maak, te verander en te groei;
- Evaluering, wat kyk na die verband tussen die dele;
- Beskrywings en die rol van interpretasie. Dit gee voorkeur aan narratiewe, metafore en simbole.
- Die konteks en kultuur wat 'n rol speel in die interaksieproses;
- Die hede, met die oog op die toekoms;
- Ruimte, en die tussenfaktore in verhoudingsnetwerke wat prosesse beskryf.

Antropologie behels, volgens Louw (1999a:5), die vraag na hoe die mens verstaan moet word om by te dra tot 'n proses van sinsontsluiting. Vervolgens word sienswyses oor die sinvolheid van die lewe aan die orde gestel.

*8.3 Lewensin*

Louw (2005b:3) sê dat die mens lewensmoed benodig om sinvol te kan leef. Die vraag ontstaan oor wat inderdaad sinvol in die lewe is. Die lewe is sinvol wanneer 'n mens nie iets van die lewe verwag nie, maar om te weet dat die lewe iets van my verwag (Frankl 1975:7). "Die sinvraagstuk is vir 'n pastorale antropologie van groot belang" (Louw 1999a:156). Die kuns van die lewe is getoonset in die ritme van singewing en menswaardigheid (Louw 2005b:1). Dan stel hy die vraag oor hoe siele *mooi* en *sinvol* kan leef. Daar word dus op verstaan van die mens gefokus. Hy (Louw 1999a:156) reken ook dat dit nie net om die sinvraagstuk gaan nie, maar ook om die kern van menswees en menslike moontlikhede, ten einde die humaniteit en verandering van lewe te kan ontdek.

## 9. OOR DIE MENS

Die volgende woorde van Totius, in sy verwerking van Psalm 8, weerspieël 'n siening van die mens.

*Wat is die mens dan dat U hom gedenk het,*
*die mensekind wat U so ryk beskenk het!*
*Met eer en heerlikheid is hy gekroon,*
*skaars minder as die eng'le om u troon (Cloete 1976:75).*

Onderskeie antropologiese perspektiewe poog om die misterie rondom die vraag oor *wie* of *wat* die mens is, op te klaar. Die woord antropologie kom van die Griekse woord af wat *mens* beteken (Kruger 2008:Elektroniese bron). Volgens Dooyeweerd (1969:9) is daar baie gespesialiseerde vakwetenskappe wat te doen het met die bestudering van die mens, maar elkeen hou hom slegs met 'n bepaalde gesigspunt of aspek van die menslike lewe besig. Die pastorale bediening gaan wesenlik om 'n bediening aan *mense* en daarom "...word enige beleid en strategie finaal bepaal deur die grondliggende beskouing oor die mens" (Louw 1999a:152). Die pastorale ontmoeting hang van die navorser se beskouing van die mens af. Die mens kan nie los van kennis van God verstaan word nie. Die Skrif bied 'n totale blik op die mens

en daarom "...gaan dit om die ganse mens in sy verhouding tot God..." (Heyns 1981:119). Aangesien hierdie navorsing oor betrokkenheid, sowel as terapie, by die mens gaan is dit van kardinale belang om verskillende sienings oor die mens te bespreek.

Verskeie teologiese perspektiewe kan insette lewer om meer duidelikheid oor die mens te kry. Louw (1999a:157) reken dat pastorale antropologie in die mens belangstel, met die oog op terapeutiese betrokkenheid. Dit is van belang, aangesien 'n formulering van 'n terapeutiese benadering vir betrokkenheid by persone, wat 'n geliefde verloor het, een van die navorsingsverwagtings van hierdie studie is. Die antropologie, sowel as sekere sentrale sleutelkonsepte, word verkennend ondersoek en verklaar. Metateorieë sal kortliks, waar nodig, bespreek word. Daar sal later aangetoon word watter rol antropologie by 'n narratiewe-pastorale berading speel.

Die rol van 'n antropologie in 'n teologie vir die pastoraat gaan oor die spesifieke siening wat die berader oor die mens het. Dit bepaal hoe daardie persoon hanteer word, watter middele gebruik word en wat uiteindelik deur die berading beoog word. Kriel (2002:136) se perspektief is dat ons siening van die mens se betekenis vir alle professionele dissiplines belangrik is, selfs vir die funksionering van die gemeenskap. Wat die hermeneutiek betref reken Browning (1991:79) dat "...much of theology's present dialogue with the social sciences, follows a theory-to-practice model" (met "social sciences" bedoel hy menswetenskappe). Verskeie vakdissiplines voorsien die basiese boustene van erkende teorieë, wat 'n konsekwente perspektief op sigself voorsien en met ander teorieë kombineer, sonder om integriteit te verloor.

Hermeneutiese perspektiewe het 'n betekenisvolle impak op menswetenskappe. Daar moet ook kennis geneem word van die rol wat nuwere ontwikkelinge in die verhouding tussen teologie en wetenskap speel. Louw (1999a:27) vermeld nuwere ontwikkelinge in die psigologie, asook die dualistiese skeiding tussen siel en liggaam. Dit is relevant vir pastorale berading en beklemtoon die betekenis daarvan vir die beskrywing van 'n prakties-teologiese antropologie. Die feit dat die psigologiese dissiplines pastorale sorg beïnvloed is, volgens Browning (1991:80), die rede waarom menswetenskappe vir pastorale terapie van belang is. Volgens hom beïnvloed Sosiologie bevryding, politiese geleerdheid, kerkbeplanning en die denke

van kerkmense. Antropologie beïnvloed liturgie en religieuse onderrig. Hy noem ook dat die psigologie van morele ontwikkeling en ontwikkelingspsigologie 'n impak op ons begrip van die mens en Christelike volwassenheid het.

Daar is ongetwyfeld verskillende perspektiewe oor die mens. Diverse sienings omtrent die mens beïnvloed dan ook terapie met die mens. Rogers (1960:26) bevestig dit wanneer hy skryf dat die terapeut se siening omtrent die menslike natuur vir terapie gevolge het. Louw (1999a:150) stem hiermee saam as hy sê dat ons siening van wie die mens is, vir enige terapie deurslaggewend is. Die narratiewe-pastorale berader sal 'n teologiese inslag hê en na die mens vanuit 'n bepaalde oortuiging kyk. "How one views the human being plays a fundamental role in all of the communication and caring models" (Louw 2005a:1).

Pastorale sorg veronderstel die mens. Die antropologiese perspektiewe vanuit die teologie, filosofie en menswetenskappe bepaal die pastorale ontmoeting, sowel as die terapeutiese uitkoms (Van den Berg 2008:121). Browning (1991:81) sê "It is extremely important for theology – especially practical theology – to have a strong and positive relation with the modern human sciences." Na aanleiding hiervan is die navorser van mening dat enige beleid en strategie oor pastorale bediening aan mense, deur die grondliggende beskouing oor die mens bepaal word. Die mens is 'n unieke wese wat, volgens Louw (1999a:185), daarop dui dat die mens as lewende wese *(nèfèsj)* kwalitatief van ander skeppingselemente verskil. Onties gesproke sê die beeld van God dat die mens van God afhanklik is en 'n ewige bestemmingsfunksie besit. Die mens word vanuit 'n verhouding met God verstaan. God moet verheerlik word deur alles wat die mens doen. Die mens is daar vir God.

Vir hierdie navorsing is dit dus 'n uitdaging om, in die formulering van 'n pastorale antropologie, na te dink oor regverdiging van 'n pastoraal-antropologiese beskrywing, terwyl ander resente perspektiewe ook in verrekening gebring behoort te word. Vanselfsprekend sal dit lei tot besinning oor die werkswyse waarbinne sodanige klem tot sy reg sal kom. Dié aktualiteit en belangrikheid van nuwere navorsing, ten opsigte van die verhouding tussen teologie en wetenskap, is die afgelope tyd onder meer in Suid-Afrika beklemtoon (Van den Berg 2007:2).

## 10. FUNDERING EN NORMERING VAN 'N TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE

'n Teologiese antropologie bepaal die doeltreffendheid van die pastorale ontmoeting en die terapeutiese effek wat so 'n ontmoeting op menslike probleme het. Die vertolking van 'n antropologie in 'n teologie vir die pastoraat gaan oor die spesifieke siening wat die berader oor die mens het. 'n Spesifieke antropologie word dikwels veronderstel, sonder om 'n eksplisiete beskrywing of 'n uiteensetting, oor hoe hierdie antropologie berading en terapie beïnvloed, te gee (Louw 1999a:17). Dit skep die indruk dat daar min werk, wat besondere aandag aan antropologie gee, in pastorale teologie bestaan. Dit stem ooreen met Van den Berg (2007:2), wat reken dat "...alhoewel 'n bepaalde teologiese antropologie vir die pastoraat veronderstel word, daar dikwels min of weinig van dié antropologie en die implikasie daarvan vir die pastoraat beskryf word." Dit beklemtoon onder meer ook die nodigheid daarvan om 'n antropologie vir hierdie navorsing te formuleer.

Volgens Moore (2004:38) is die spanningsveld in die teologiese antropologie tussen God en mens, binne die spanningspole van Skepper-skepsel, sonde-genade, dood en lewe, geleë. Odendaal (2008:Elektroniese bron) reken dat ons nie vanuit die antropologie die idee mag kry dat die Bybel die mens moet aanspreek en lig op volle menslikheid werp nie. Die teologiese antropologie gaan van die veronderstelling uit dat die mens "...'n etiese wese is sodat kognitiewe, konatiewe, affektiewe en liggaamlike funksies gerig word deur gekose gedrag van lewenswaardes" (Louw 1999a:30). Diskoerse, oor die rol wat teologiese antropologie in pastorale terapie speel, is veral vir hierdie studie van belang en sal verreken word.

Na aanleiding van verskeie diskoerse oor die samestelling van die mens as liggaam, siel en gees, word die volgende bespreking as belangrik geag om 'n beter begrip van die mensbeeld te verkry.

### *10.1 Eenheidsgedagte*

Antropologie behels die siening van die mens, of veronderstel 'n mensbeeld. Die navorser sien die mens as 'n drievoudige wese wat bestaan uit liggaam, siel

en gees. Die mens bestaan as 'n eenheid, wat bekleed is met 'n liggaam, sowel as 'n spirituele element van siel en gees.

Volgens Zodhiates (1994:24) "Scripture teaches that man is made up of two elements, the physical and the spiritual." Hierdie verdeling behels 'n innerlike lewe, wat langs 'n fisiese bestaan, en wat voortdurend op mekaar inwerk. Die dualistiese siening word deur Immink (2003:32) onderskryf, wat reken dat die menslike bestaan 'n geestelike sy het. Daar word in die literatuur ook dikwels melding gemaak van 'n dualistiese skeiding tussen liggaam en gees (Heyns 1981:123; Murphy 2006:2; Du Toit 2007:1257). Volgens Heyns (1981:123) is die mens as liggaam en siel 'n lewende, maar ook 'n geestelike wese. Hy reken dat daar nie met hierdie begrip 'n derde deel tot die legkaart toegevoeg word nie, maar dat dit 'n bepaalde omskrywing gee van die wyse waarop die mens liggaam en siel is. Zodhiates (1994:25) noem ook nog 'n onderskeiding binne die spirituele element van die mens. Met verwysing na die apostel Paulus (1 Tess. 5:23 asook Hebr. 4:12) kom hy tot die gevolgtrekking dat die mens uit drie elemente bestaan; *liggaam, siel* en *gees*. Volgens Burger (2006:14) bestaan die mens in aardse gestalte ook uit drie komponente, naamlik liggaam, siel en gees. Hierdie drie dele is nie skeibaar nie. Conradie (2006:55) sê dat daar kritiek teen die tradisionele beeld van 'n veronderstelde tweedeling is en wys daarop dat die hele mens vanuit drie perspektiewe bekyk en beskryf kan word, naamlik liggaam, siel en gees.

Dit wil dus voorkom asof daar 'n voorstelling, vanaf 'n dualistiese na 'n driedeling van die mens, na vore gekom het. Vir die navorser impliseer die dualistiese siening 'n liggaamlike, sowel as 'n spirituele komponent. Die spirituele komponent verteenwoordig ook 'n dualisme, naamlik siel en gees. Daarom word die afleiding van 'n driedeling gemaak, naamlik liggaam, siel en gees. Hieruit kan afgelei word dat 'n bepaalde pastorale antropologie beskryf word.

Wanneer die spirituele verwoord word, is dit treffend hoe sentraal die liggaam in die voorstellingsprosesse staan. Louw (1999a:195-196) sê dat 'n eenheidsvisie nie die diverse aspekte van menswees, naamlik siel, gees en liggaam, negeer nie. Hy noem drie benaderings oor die Skrif se mensvisie; sinteties,

stereometries of holisties, en perspektiwies. Die sintetiese benadering noem 'n deel van die liggaam, byvoorbeeld die niere, om 'n bepaalde funksie daarvan as dié van die geheel te beskryf. Hierdie benadering omvat die liggaamlike van die mens. In die stereometriese benadering word begrippe soos hart, vlees, siel en gees afwisselend gebruik om 'n bepaalde aspek van die totale mens te belig. Na my mening behels dit die sielsaspek van die mens. Die perspektiwiese benadering gaan oor die transendente dimensie van die menslike bestaan en behels dus die geestelike faset. Dit benader die mens vanuit sy verhouding met God en werk met die veronderstelling dat die mens van God afhanklik is en op Hom gerig is.

Die verdeling van die liggaamlike en spirituele kan op 'n dualistiese skeiding dui, maar aangesien die spirituele element 'n dualistiese vorm aanneem, word daar vir dié studie by 'n driedeling van liggaam, siel en gees volstaan. Hierdie begrippe word dikwels nie noukeurig van mekaar afgegrens nie en om hierdie rede oorvloei dit dikwels met mekaar. Volgens Bezuidenhout (2005:63) is die klem, wat Jesus op die "hele hart", "hele verstand" en "die hele krag" lê (Deuteronomium 6:5 aangehaal in Lukas 10:27), 'n aanduiding van die eenheid van die mens. Die spirituele element word, deur die navorser, as die siel en gees gesien. In die formulering van 'n antropologie vir hierdie navorsing sal hierdie *driedeling* gehandhaaf word. Spiritualiteit is 'n belangrike element van die mens en moet verstaan word voordat 'n antropologie duidelik omskryf kan word. Vervolgens word spiritualiteit aan die orde gestel.

### *10.2 Spiritualiteit*

Volgens Myburg (1995:4) moet daar uit die konteks waarin die begrip gebruik word, of uit die kwalifisering van die begrip, afgelei word wat daarmee bedoel word. Verwysings na die begrip spiritualiteit kom in verskillende kontekste voor. Daarom is dit belangrik om na spiritualiteit binne die postmoderne konteks te kyk. Schneiders (2005:15) skryf dat die leser "...should bear in mind that spirituality is studied in a variety of academic contexts and the objectives pursued in these diverse settings significantly influence what is studied and how it is studied." Beide spiritualiteit en postmoderniteit behels veelvuldige

interpretasies. Postmodernisme omvat diversiteit, kompleksiteit en dualisme. In die postmoderne era is daar nuwe geleenthede en uitdagings vir die teologie. Schneiders (2005:19-28) onderskei drie benaderings in die bestudering van spiritualiteit, naamlik die historiese benadering, teologiese benadering en die antropologiese benadering. Hierdie drie benaderings is nie in kompetisie nie, maar verteenwoordig slegs 'n intreepunt tot die studie van spiritualiteit. Die historiese benadering is geskik vir 'n sekulêre universiteitsopset, die teologiese benadering in 'n denominasie-opset en die antropologiese benadering in 'n interreligieuse graad navorsingsopset. In hierdie studie is die antropologiese benadering, wat volgens Schneiders (2005:19-28) die mees onlangse ontwikkeling is en beïnvloed is deur postmoderniteit (kultureel en akademies), van toepassing. Dit pas in by hierdie studie aangesien antropologies-georiënteerde studies in Christelike spiritualiteit 'n hermeneutiese metodologie beklemtoon. "The primary focus of research is interpretation of the subject matter of the field in order to broaden and deepen our understanding of Christian spirituality as an instance of the human search for transcendence and ultimate meaning" (Schneiders 2005:26).

Hierdie studie handel oor 'n Christelike antropologiese spiritualiteit. Daar moet tussen godsdiens en spiritualiteit onderskei word (Von Benecke 2005:12). Dit moet altyd in gedagte gehou word dat spiritualiteit aan geloof en geloofservaring verwant is, terwyl Godsbeelde ook ter sake is (Louw 2008:49). Die skakeling met godsdiens kan nie geïgnoreer word nie. Die differensiasie tussen siel en gees word nie op grond van inhoud onderskei nie, maar wel in terme van die werking wat verrig word. Die begrip spiritualiteit het, volgens King (1998:96), die kode geword vir die soeke na rigting, doel en betekenis (sin), verwant aan die diepste dimensie van die menslike bestaan.

Volgens Louw (1999a:31) verteenwoordig spiritualiteit die praktyk van die Christelike geloof. Studies oor spiritualiteit bestudeer nie slegs Christelike geloof nie, maar die geleefde ervaring van Christelike geloof (Schneiders 2005:17). Spiritualiteit gaan oor die totale menslike bestaan as outentieke lewe voor God (Dreyer 1999:379). Die gelowige word al meer wat hy/sy reeds in Christus is. Dit behels die transenderende kwaliteit inherent aan ons menslike bestaan.

"Transendensie verteenwoordig die spirituele dimensie van bestaan as daardie poging om tydelike ervaringe te oorstyg met behulp van die religieuse faktor, geloof en hoop" (Louw 2005b:133). Elke lewensverhaal het 'n transenderende dimensie. "Het levensverhaal transcendeert namelijk de feitelijke laag van de levensloop zelf en construeert in narratieve zin een leefbare wreld waarin een zekere samenhang en grond gevonden wordt onder het eigen bestaan" (Ganzevoort & Visser 2007:56). Die oordra van 'n lewensverhaal word deur 'n verlange na heil gedra, tot die mate waartoe verskillende mense se heil eksplisiet religieus is. Die identiteitsvormende, sosiale en transendente dimensies van 'n narratief raak mekaar in die alledaagse lewe aan. Lewensbeskouing, godsdiens en die geestelike staan nie los van mekaar nie.

Sodra daar van spiritualiteit gepraat word, is geloof ter sprake. Volgens Rice (1991:27) is geloof "...the result of the experience of the holy within the life of the believer." Dit benodig persoonlike oopmaak van die self tot aanvaarding en integrasie met God. Prozesky (1998:162-174) sê dat "... faith is a matter of acting in terms of a transcendent dimension; what is believed necessarily affects the actions of the believer, or it is not a genuine religious belief." Sy invalshoek van geloof, soos in die realiteit van die kontemporêre wêreld geleef word, beklemtoon dat dit kan humaniseer en skend, bevry en gevange neem, bevoordeel en benadeel. Geloof gaan vir hom oor wát geglo word. Dit skakel met politiek, etiek van mag (morele oordele wat normes en waardes behels) en inklusiewe welstand ("inclusive well-being"). Dit gaan daaroor dat geen godsdienstige, politiese of ekonomiese struktuur geduld word as dit nie opsetlik welstand ("well-being") van lewe en natuurlike omgewing voorstaan nie. Vir Prozesky skiet Christendom hier te kort. Uit sy oogpunt van die resente Suid-Afrikaanse ervaring moet medelye, diens en self-opoffering bevorder word. Sy standpunt kan tot 'n breër begrip van geloof bydra, maar vir hierdie navorsing word met die toepassing van die Christengeloof volstaan.

Spiritualiteit is die skakeling met die belewenis van God se teenwoordigheid in die wêreld en die beoefening van Christengeloof (Louw 2008:51). Dit impliseer dus betrokkenheid met lewe. Hierdie bewustheid van God lei volgens hom tot twee aksies; eerstens lei dit tot gebed en tweedens lei dit tot liefdadigheidsdade

binne 'n gemeenskap. Hierdie gebede lei tot gemeenskap met God en die fokus is dan op groei en geloof. Hier is die fokus op hernuwing en verandering van die struktuur van die omgewing. Volgens King (1998:110) is die skakeling tussen spiritualiteit en postmodernisme belangrik omdat,

> *"...it affirms the possibility of spirituality in a secular society; it recognizes spirituality as an open-ended quest with the potential for considerable further development; it acknowledges the transformative potential of spirituality for contemporary consciousness and culture".*

Intrinsiek verwys spiritualiteit na "...daardie kritiese areas van ons menswees waarin dit gaan om die vraagstuk van humaniteit, menswaardigheid en volwassenheid soos bepaal deur die heil/versoening in Christus" (Louw 2005b:134). Spiritualiteit is 'n wesenlike deel van die lewensproses, wat die kwaliteit van lewenskuns en lewensvaardighede beskryf. Daar is altyd beweging, 'n proses of groei betrokke. Tolle (2005:18-19) sê dat om te besef hoe "spiritueel" 'n mens is, niks te doen het met waarin geglo word nie, maar alles te doen het met 'n bewustheidstoestand. Dit bepaal weer 'n persoon se optrede in die wêreld en daardie persoon se interaksie met ander.


Alhoewel kontemporêre spiritualiteit by 'n kruispad van baie gelowe is (King 1998:103), sien die navorser, in ooreenstemming met Louw (1999a:232), dat spiritualiteit in 'n sekere sin regstreeks met "...die belewing van God se teenwoordigheid in die wêreld en die doen van die Christelike geloof" verband hou. Spiritualiteit word as 'n bewustheid van transendensie, te midde van eksistensiële en sosiale konflik gesien (Louw 2008:51).

### *10.3 Voorstelling van die antropologiese driedeling*

*Diagram 1* is 'n voorstelling van die samestelling van die drie elemente wat vervolgens bespreek word. Hierdie elemente vorm 'n eenheid, wat in wisselwerking verkeer. Daar is nie 'n definitiewe begin of einde nie. Dit behels die totaliteit van die menslike persoon na liggaam, siel en gees, waarbinne die wisselwerking plaasvind. Vir hierdie navorsing word die *spirituele element* van

die menslike liggaam as bestaande uit siel en gees gesien. Daar is 'n inwoning van Christus in die mens deur die Heilige Gees. Louw (1999a:211) sê dat hierdie inwoning so radikaal is dat "...menslike seksualiteit en liggaamlikheid 'n besondere plek inneem in God se openbaring." Die liggaam is die tempel van God en God moet ook daardeur verheerlik word. Volgens Bezuidenhout (2005:39) is geen mensbeskouing sonder die karaktertrek van liggaamlikheid volledig nie.

*Diagram 1*




*Sirkulêre voorstelling van die eenheidsgedagte van die mens*

Hierdie indeling word gedoen om meer duidelikheid omtrent die moontlike betekenis daarvan vir 'n pastorale antropologie te verkry. Die eenheidsgedagte moet nie uit die oog verloor word nie. Alhoewel die mens 'n eenheid is, word die drie elemente van die mens – sinteties, stereometries en perspektiwies – vervolgens afsonderlik bespreek. Die bespreking van die onderskeie elemente word nie volgens 'n spesifieke volgorde gedoen nie, aangesien dit die mens in totaliteit behels.

- *Sintetiese mensvisie (Liggaamlike)*

Die liggaam is God se skepping. Dit behels die voorstelling van 'n mens se werklikheid. Volgens Louw (2005b:11) verteenwoordig die liggaam "...onder bepaalde omstandighede die aspekte van konkrete lewenswerklikheid, kontak met lewe". 'n Liggaam is nodig om te kan lewe en dit kan moontlik help om selfs nader aan God te kom. Die liggaam is altyd daar. Bynum (1991:235, 296), sowel as Louw (1999a:202), reken dat aangesien die mens 'n eenheid is, *het* jy nie 'n liggaam nie, maar *is* jy jou liggaam. Hiermee stem Heyns (1981:121) nie saam nie. Hy reken dat die uitspraak "...ek *is* my liggaam..." die mens in sy liggaamlikheid laat opgaan.

Sonder 'n liggaam kan 'n mens egter nie lewe nie. Volgens Van Huyssteen (2006:276) beteken dit dat 'n persoon 'n liggaam in die wêreld moet wees om as menslike wese te bestaan. Die menslike liggaam kan as die mens se *voertuig* in die wêreld gesien word. Slegs deur middel van 'n liggaam raak die mens bewus van die wêreld en kry dit betekenis. Dit maak 'n mens interaktief in 'n spesifieke omgewing betrokke. Stevens (2002:Elektroniese bron) vergelyk die liggaam met 'n outomatiese masjien, wat deur die mens beset en beheer word. Die liggaam word deur die mens geanimeer, en suksesvolle funksionering van die liggaam-siel-gees-stelsel vra 'n besonderse netwerkkommunikasie. Die mens is 'n komplekse organisme. Die liggaam kommunikeer met alle stelsels deur middel van die brein en die senuweestelsel, asook deur middel van die hormonale stelsel.

Vorster (2001:441) sien die liggaam as 'n ruimte waarop boodskappe aan en deur die gemeenskap gesein word. Verder word die liggaam as 'n belangrike epistemologiese bron beskou, wat inligting kan bied oor 'n bepaalde gemeenskap se waardes, sentimente en ideologieë. Liggame is soos sponse, wat hul gemeenskap se betekenis insuig. In aansluiting by die sosiale konstruksionisme kan dit gesien word dat gemeenskappe 'n voorskriftelike liggaam as model vir hul volgelinge konstrueer. Dit word dan van die mens verwag om daardie *liggaam* te gaan leef, en hulle daardeur te bemagtig, maar ook te beheer. Hierdie konstrukte word enersyds deur die

lede van die gemeenskap opgeneem. Andersyds word die lede ook volledig in die betekenis-netwerke van hulle gemeenskap ingetrek (Leder 1990:165; Vorster 1997:397).

Gemeenskappe openbaar dominante en alternatiewe kultuurpatrone. As draer van die gemeenskap se waardes, is die liggaam altyd teenwoordig (Vorster 2001:441). Jou identiteit word in terme van die liggaam verstaan (Murphy 2006:141). Dikwels is daar deur die mens, met 'n eie *stem*, verset teen die gekonstrueerde, *ideale,* voorgeskrewe liggaam. Tydens hierdie uitdagingsproses reken Isherwood (2000:14) dat "...bodies know more deeply than minds alone". Deur ons liggame staan ons ook met mekaar in kontak. Wanneer Van den Berg (2007:9) die liggaamlike aksent vir die pastorale teologie en antropologie in aanmerking neem, behels dit dat taal en rasionaliteit vanuit die liggaamlike ontwikkel.

Om liggaamlikheid se betekenis vir die pastorale antropologie, en vir hierdie navorsing, te beskryf word die posisie ingeneem dat die mens se liggaam 'n werktuig op aarde is waarin die spirituele element, naamlik die siel en gees, gehuisves word. Volgens Louw (1999a:202) is die ervaring van erotiese gevoelens en seksuele begeertes deel van liggaamlikheid. Hierdie ervaring word aan die ruimte binne die huwelik gekoppel, waarbinne mense ervaar dat hulle onvoorwaardelik aanvaar word, sonder die angs vir verwerping en isolasie (Louw 2005b:45). Mense moet hul identiteit en menswaardigheid binne die huweliksruimte, deur liefde, ontdek en daardeur bewus raak van God se teenwoordigheid, barmhartigheid en genade. Seksuele en liggaamlike bewuswording is bedoel tot onderlinge aanvulling en intieme verwantskap. "Deel van hierdie intieme verbintenis is erotiese gevoelens" (Louw 1999a:202). Die skeppingsleer van pastorale antropologie onderstreep liggaamlikheid, seksualiteit en erotiek as integrale deel van die mens se bestaan voor God.

Die liggaam akkommodeer die siel en gees. Bezuidenhout (2005:37) sê dat liggaamlikheid die mens aan sy aardsgebondenheid herinner met sweet, trane, pyn en lyding, genot, vreugdes, beperkinge, tydelikheid en dood. Daar

moet verder ook in die fisiese behoeftes van die liggaam voorsien word. Dit moet gevoed, gereinig, geklee en gedokter word, en is ook die bron van sondes. Die pastoraat moet ook met die fisiese kenmerke en omstandighede van die mens rekening hou. Die mens kan as 'n sondige wese gesien word. Volgens Louw (1999a:197) staan sonde in verband met "...die mens se vervreemding van God en selfsugtige handhawing van eie belange ten koste van andere". Sonde setel in 'n gebroke verhouding van ongehoorsaamheid aan God en staan ook nooit los van skuld en skaamte nie. Louw (1999a:200) reken verder dat sonde nie binne die kader van onheil geïnterpreteer moet word nie, maar dat dit binne die konteks van heil verstaan moet word. Hy sê dat die mens in terme van God se genade geëvalueer moet word, wat die basis van 'n teologiese antropologie positief maak.

Liggaamlikheid is volgens Bezuidenhout (2005:39) nie van die geloofslewe van die mens los te make nie. Wanneer die liggaam ter sprake is, impliseer dit ook pneumatiese inlewing of inwoning. Volgens Louw (1999a:56) leef God in Christus deur sy Gees in die mens en maak die menslike liggaam die tempel van God. 'n Pastorale antropologie is 'n wisselvorm vir pneumatologie. Dit het te doen met menslike gedrag, wat deur die Gees bepaal word (Louw 1999a:207).

➢ *Stereometriese mensvisie (Siel)*

Louw (2005b:9) reken dat mense nie hulle "siel" verstaan nie. Hy sê dat ons nie verstaan hoe die menslike siel inmekaar steek en funksioneer nie. Hy probeer om die kuns van lewe in 'n enkele sin saam te vat. "Wie die ratwerke van die menslike siel verstaan, verstaan die kuns van hoe om sinvol en met hoop te leef" (Louw 2005b:10). Verder skryf hy dat lewenskuns met insig en verstaan te doen het, dat daar nie antwoorde gevind kan word op alle lewensvraagstukke nie en dat dit om moed en hoop handel. Hy sê dat begrippe soos hart (die meer mistieke en onbewuste aspekte, en soms verborge motiewe en faktore wat die wil (konatiewe) bepaal), verstand, (denke, kognitiewe aspekte), niere (intense ervaring en emosionele toestande) en selfs liggaam, in die Skrif bepaalde gesigpunte op menswees

beskryf. Die begrippe psuché (siel), kardia (hart) en nous (denke) beklemtoon dat die mens 'n persoon met 'n bewussyn is wat besluite kan neem en in verantwoordelikheid voor God kan lewe (Louw 1999a:203). Die wisselwerkende verband tussen die drie weerspieël iets van die mens se persoonlikheid.

Die siel is 'n aanduiding van menslike lewe en daarom is daar 'n verwantskap tussen persoonlikheid en siel. Persoonlikheid is, volgens Louw (2005b:26), 'n bepaalde gestalte van ruimte, prosesse en netwerke. Met ruimte bedoel hy die atmosfeer, wat as gevolg van die dinamika van interaksieprosesse binne verhoudingsnetwerke, geskep word. Ruimte gee aan menswees 'n spesifieke profiel, wat 'n milieu soos 'n portretraam skep, wat die dele en die geheel tot 'n ruimte saamvoeg. Wat belangrik is vir hierdie navorsing is Louw (2005b:27-28) se mening dat die terapeutiese ruimte, waar twee mense mekaar ontmoet, mekaar as menswaardig sien, onvoorwaardelik aanvaar en waardeer, 'n situasie skep waarbinne mense geheel kan word. Hy noem hierdie ruimte van intimiteit die *sakrale* ruimte van egte ontmoeting en erkenning. Binne hierdie ervaring word sin en identiteit ontdek.

Die siel word deur die liggaam gehuisves. Volgens Du Toit (2007 :Elektroniese bron) verwys die siel na die mens se *verstand, denke, wil* en *emosies*. Hy reken dat die Bybel 'n onderskeid tussen siel en gees maak, wat 'n sekere orde meebring wat in die teenswoordige bedeling hier op aarde gehandhaaf moet word. Die geestelike word, volgens 1 Korinthiërs 15:46, nie eerste gestel nie, maar eers die natuurlike en daarna die geestelike. Van den Berg (2007:11) sê dat 'n *beliggaamde-siel* antropologie om 'n bepaalde Godsbeskouing vra en dat die mens ook as verhoudingswese gesien moet word. Verder skryf hy dat 'n *beliggaamde-siel* antropologie om 'n nuwe identiteit vra. 'n Persoon se identiteit word in terme van 'n liggaam verstaan. Dit beklemtoon menslike gedrag, asook die mens as verhoudingswese.

Volgens Bezuidenhout (2005:58) is menslike gedrag die resultaat van die mens se innerlike belewenisse, besluite en wilsbehoeftes. Daar kan dus afgelei word dat gelowiges vanuit hulle siel (persoonlikheid of temperament)

lewe. Dit behels die wil, die emosies en die denke. Volgens Romeine 10:10 sien Paulus die hart as die instrument vir die beoefening van geloof. Denke (nous) dui, volgens Louw (1999a:204), aan dat die mens met begrip op die openbaring van God kan reageer. Waar dit die siel raak, redeneer Louw (2008:26), dat die siel "...is much more of a *relational* and *systemic* entity within the happenstances of life than a fixed, metaphysical substance merely located within the inner, psychic being." Mense leef in plek en ruimte, en is sensitief vir reaksies, response en houdings binne ruimte of atmosfeer en plek. Plek behels die omgewing, kultuur en konteks.

Om die betekenis van die siel vir die pastorale antropologie te beskryf, behels die standpunt dat dit verwys na die verstand, denke, wil en emosies. Dit gaan vir Louw (2008:20-21) oor die wees-funksie van die mens, wat die *habitus* behels. Dit is 'n vertrekpunt om die siel binne 'n sistemiese benadering te kan verstaan. "*Habitus* serves as a culturally encoded way of being in the world that enables humans to co-operate and cope with the unforeseen and ever-changing situations of life" (Louw 2008:21). Dit verteenwoordig die mens se posisie binne historiese en kulturele omgewings en dien as 'n aanduiding van die kwaliteit van 'n persoon se posisie in plek en ruimte. Die mens is 'n siel "...binne die netwerk van menseverhoudinge" (Louw 2005b:13).

Daar word onderskei tussen 'n biomediese benadering en 'n holistiese-sistemiese benadering. Die implikasie van 'n holistiese-sistemiese benadering is dat die wese van 'n persoon meer belangrik as die funksionering van liggaamlike dele is (Louw 2008:41). Dit beteken dat 'n persoon as 'n verhoudings- en sosiale wese gesien moet word, wat binne 'n kulturele konteks optree. Vervolgens sê hy dat 'n mens 'n morele en spirituele sosiale wese, binne 'n dinamiese proses van betekenisgewing, is. Hy reken dat die komponente, moraliteit, spiritualiteit en betekenisgewing, nie tot analitiese verhoudingskategorieë beperk kan word nie. 'n Verdere implikasie van die holistiese benadering is dat die strukture in die gemeenskap, sowel as die dinamiek binne verhoudings, genees moet word om die persoon te kan heel. *Heel* impliseer *gesond* wees.

Louw (2008:44-46) onderskei sewe moontlike perspektiewe oor gesondheid, naamlik:

- *Die psigologiese perspektief* – 'n toestand van konflikvrye homeostase. Gesondheid word gesien as 'n toestand, min of meer vry van konflik (Louw 2008:44).
- *Die eksistensiële sienswyse* – keuse, aanpassing en selfvervulling. Gesondheid is die vermoë om by omstandighede aan te pas en om 'n persoon se totale bestaan as 'n proses van selfvervulling te sien. Mense wat hul bestaan as 'n geleentheid vir selfvervulling sien, deur keuses wat hulle self gemaak het, word as heel beskou (Louw 2008:44).
- *Die funksionele, pragmatiese perspektief* – die vermoë om te kan produseer. Gesondheid word gesien in terme van funksionaliteit en produktiwiteit (Louw 2008:45).
- *Die sosiale beskouing* – rolvervulling en die vermoë om binne die netwerk van verhoudings aan te pas. Die kwaliteit van 'n persoon se gesondheid word deur die mate van konformering aan sosiale norme en sukses van sosiale aanpassing bepaal (Louw 2008:45).
- *Die wetenskaplike sienswyse* – die funksies van die totale organisme. Gesondheid word gesien as 'n suiwer wetenskaplike aangeleentheid. Dit behels optimale biochemiese en organiese funksionering van liggaamlike prosesse en sluit die mediese perspektief en die harmonie van psigofisiese sisteme in. Die mens word gesien as 'n eenheid (Louw 2008:45).
- *Die mediese opvatting* – die harmonie van psigofisiese sisteme. Gesondheid is nie slegs 'n biologiese of psigologiese aangeleentheid nie. Die mens word gesien as 'n eenheid en 'n volledige entiteit. Geen deel kan van die geheel losgemaak word nie (Louw 2008:45-46).
- *Die religieuse, spirituele sienswyse* – die kwaliteit van geloof en die dimensie van die *siel*. Gesondheid word beskou vanuit 'n religieuse-etiese perspektief. Gesondheid word gesien as 'n spirituele toestand, wat die kwaliteit van geloof en die verbinding met 'n begrip van God en die terrein van transendensie aandui (Louw 2008:46).

- *Perspektiwiese mensvisie (Gees)*

Die gees se betekenis vir die pastorale antropologie handel oor die goddelike. 'n Geïntegreerde benadering behels die siening dat die liggaam belangrik en noodsaaklik, ook vir geestelike groei, is. 'n Persepsie dat die gees die liggaam beheer moet uit die weg geruim word. Die gees domineer nie die liggaam nie – dit word deel van die liggaam. 'n Hele aantal wetenskaplikes is besig om intensief na die kommunikasie tussen die liggaam en die gees te kyk. Dit is ook 'n oogmerk om, onder andere, die konstruktiewe bydrae van die spirituele tot prosesse van heling te verken. Die *vlees* in die Nuwe Testament verwys soms na die liggaam, maar primêr eerder na die uiterlike mens. Hierdie mens leef op aarde, onafhanklik van God. 'n Wedergebore mens is nie meer *in die vlees* nie, maar kan steeds wandel *na die vlees* (Rom. 7:5, 8:9 en 8:4, 8:12-13). Volgens du Toit (2007:Elektroniese bron) word die geestelike dimensie dikwels met die sielsdimensie verwar. Die geestelike dimensie kan, en moet, die denke en emosie beïnvloed, maar dit gebeur nie outomaties by wedergeboorte nie. Die groot verskil lê by die sintuie wat verskil. Die siel word deur die liggaamlike sintuie – reuk, gevoel, smaak, gehoor en sig – beïnvloed, en die gees weer deur onsigbare, geestelike sintuie. Sintuie wat aangewend word vir Bybelstudie, gebede, sang, ensovoorts, wat binne die sielsdimensie lê, kan 'n atmosfeer skep om geestelik met God in kontak te kom.

Die Geesbeheerde persoonlikheid is vir God aanvaarbaar, maar dit moet egter nie as 'n kriteria gesien word nie. Die moontlikheid bestaan dat 'n persoon se hele lewe deur persoonlikheid oorheers kan word, in plaas van deur die Gees van God. God sal nie 'n mens se persoonlikheid skielik verander nie, maar wel die swak punte in 'n mens se persoonlikheid vervorm. Dan bring Hy die sterk punte na vore sodat die mens, as unieke persoon, God en ander kan dien. Geestelike gelowiges is mense wat weet dat daar in hulle vlees *niks goeds woon nie* (Romeine 7:18), en daarom vertrou hulle nie op die vlees nie (Filipense 3:3). Hulle besef dat hulle sonder Christus niks kan doen nie (Johannes 15:5) en lewe vanuit geloof in die inwonende Christus (Gal. 2:20). Die Gees stel die mens in staat om 'n verhouding met God te hê. Dit

help die mens om God se stem te hoor. Dit behels die betekenis, wat deur die persoon gegee word, aan praktiese omgang met die lewe en lewensprobleme. Heelheid impliseer ook spirituele heelheid (Louw 2008:47).

### *10.4 My perspektief*

Die antropologiese konteks van die mens behels liggaam, siel en gees as eenheidsgedagte. Die mens is, met ander woorde, 'n komplekse wese wat as liggaam, siel en gees funksioneer. Die driedeling behoort in harmonie saam te werk. Die volgende siening word persoonlik deur die navorser ondersteun:

- Kortliks gestel, behels die sintetiese mensvisie die fisiologiese/ biologiese prosesse, aangesien die mens slegs deur en in die liggaam in hierdie wêreld kan bestaan.

- Die holistiese siening van die mens behels die kognitiewe, affektiewe en konatiewe prosesse. Dit verwys na die wesenlike gevoels- en ervaringslewe.

- Die perspektiwiese beskouing oor die mens gaan oor daardie gedeelte wat 'n verhouding tussen God en die mens uitvoerbaar maak. Dit kan beskou word as die middelpunt daarvan om mens te wees, aangesien hierdie vlak 'n invloed op die fisieke, emosionele, intellektuele en sosiale staat uitoefen.

Die eenheidsdenkbeeld van hierdie drie perspektiewe van die mens, wat in wisselwerking verkeer, moet altyd in gedagte gehou word.

## 11. MY NARRATIEF

Dit is beter om sover moontlik jou eie verhaal eerlik te probeer verstaan en te integreer in dit wat jy aanbied (Müller 2000:7). As terapeut is 'n persoon self volkome deel van dít wat aangebied word. Gevolglik is my eie verhaal van verlies van 'n geliefde die motivering vir hierdie navorsing. My hantering en reaksies speel

ook 'n rol in die waarneming van sienswyses, wat gebruik is om hoop en vertroosting te kan ervaar. Bezuidenhout (2005:56) sê dat om ewigheidswese te wees beteken "...dat die mens die liggaamlike dood – die regmatige straf op die sonde – moet transendeer." Hierdie transendering is alleen moontlik deur Christus se opstanding uit die dode en die toerekening daarvan aan gereddes. Persoonlik het die belofte van 'n opstanding uit die dood, en die feit dat geliefdes herenig sal word, vir my baie hoop gegee en vertroosting gebied. Dit was vir my 'n inspirasie om, met behulp van promissioterapie, 'n terapeutiese benadering te ontwikkel wat vir ander hoop en vertroosting kan bied.

Mense se verhale oor hulle ervaring na die verlies van 'n geliefde word regstreeks geraak. 'n Poging sal aangewend word om insig oor die wyse waarop hulle die verlies ervaar en hanteer het, te verkry. Hulle word by die navorsingsproses betrek om hulle verhale te kan verstaan en interpreteer. Kennis word vanuit hulle individuele verhale versamel. Betrokkenheid by persoonlike verhale sal help om hul narratiewe te ontsluit. Dit sal weereens bydra om die studie te versterk en te verryk.

## 12. SAMEVATTING

Die paradigmatiese benadering van hierdie studie is binne postmoderniteit geleë. Die navorsing handel oor 'n pastorale studie en daarom word dit binne die Praktiese Teologie geposisioneer. Die narratief-hermeneutiese benadering, sowel as die sosiale konstruksie diskoers, word verkies. Medenavorsers is deel van die ondersoek en daarom word beginsels onderliggend aan deelnemende aksienavorsing gebruik. Hierdie navorsing word met my eie narratief in gedagte gedoen. Elke persoon se ervaring en hantering van die verlies van 'n geliefde is uniek. So is ook elke persoon se belewenis van die lewe hierna. Paradigmatiese skuiwe het 'n invloed op die siening van die mens.

> *"A casual survey of the literature of theology and biblical studies throughout this century, then, shows a gradual replacement of a dualistic account of the person, along with the view of the afterlife based on the doctrine of the immortality of the soul, first by a recognition of the holistic character of biblical conceptions of the*

*person, often while still presupposing temporarily separable 'parts', and then by a holistic but also physicalist account of the person" (Murphy 2002:vii).*

'n Eie interpretasie en formulering van die antropologie vir hierdie studie is ontwikkel.

Die volgende hoofstuk behels 'n omskrywing en verduideliking van eskatologie en promissioterapie. Hierdie begrippe word soos dit van toepassing is binne die konteks van hierdie ondersoek verhelder. Hieruit sal moontlik die betekenisse manifesteer, wat persone aan hulle begrip van promissioterapie, met betrekking tot hoop en vertroosting na die verlies van 'n geliefde, koppel. Dit word gedoen na aanleiding van inligting vanuit die Skrif, literatuur, internet en die sienings van gespreksgenote.

# HOOFSTUK 3

# ESKATOLOGIE EN PROMISSIOTERAPIE

## 1. OORSIG EN HEENWYSING

In die voorgaande hoofstuk is die tweede, derde en vierde skakels van die navorsingsketting bespreek. Dit het die teologiese verband van die navorsing aangedui. Die studie is in die derde skakel paradigmaties vanuit postmoderniteit benader, aangesien die mens tans binne 'n postmoderne era leef (Brueggeman 1993:ix; Kotzé & Kotzé 1997:27; Botha 2004:19; Van den Berg 2006:164; De Beer 2007:12). Die term "postmoderniteit" verwys na 'n postmoderne tydperk, wat deur buigsaamheid en verandering gekenmerk word (Botha 2004:19). Die voorafgaande era is verby en die mens word as 'n unieke individu, wat in hierdie era leef, erken (Müller 1996:55). Selfs Janse van Rensburg (2000:35; 2002:43), wat nie die postmodernisme voorstaan nie, stem saam dat die mens in 'n postmoderne era bestaan. Daar is ook aangetoon dat paradigmatiese skuiwe 'n invloed op die mens se lewensbeskouing het. Die studie is pastoraal van aard, met die mens as vertrekpunt, en is derhalwe binne die Praktiese Teologie geposisioneer.

Die vraag oor die antropologie in hierdie studie word sterk op die voorgrond vergestalt, en op grond daarvan is daar met die vierde skakel gepoog om dit in die vorige hoofstuk te verken en te verantwoord. 'n Daadwerklike poging is aangewend om die mensbeeld te verken, wat gelei het tot 'n eie interpretasie en formulering van antropologie vir hierdie navorsing. Die keuse is gemaak vir 'n holistiese antropologie. Daar is ook gekyk na die implikasies wat 'n bepaalde antropologie vir die pastoraat inhou. Die redes waarom daar op 'n antropologiese verkenning besluit is, is verduidelik. Aangesien daar op verhale van persone gefokus gaan word vir die inwin en ordening van inligting, is die narratief-hermeneutiese benadering, sowel as die sosiale konstruksie diskoers verkies en bespreek. Voortspruitend, en in kongruensie met die beweging van die navorsing, vorm medenavorsers deel van die ondersoek en daarom is die metodologie onderliggend aan deelnemende aksie-navorsing ook verken.

Aangesien hiérdie navorsing op hoop en vertroosting fokus, met spesifieke verwysing na die bydrae van eskatologie en promissioterapie, word daar vervolgens oor hierdie twee begrippe besin. Skakels vyf en ses van die navorsingsketting is die voorstelling van hierdie begrippe. Ek wil graag die oorsprong en betekenis van hierdie begrippe, aangehaal in die titel van die studie, ondersoek. Dit is noodsaaklik om hierdie begrippe te probeer verstaan voordat die verband met hoop en vertroosting verantwoord kan word. Daar word op belewenis van hoop en vertroosting gefokus, wat voortvloei uit 'n persoonlike begrip van eskatologie en promissioterapie, vir die eerste jaar na die verlies van 'n geliefde. Hierdie eerste jaar is gekies omdat die pyn van die verlies en die soeke na antwoorde gedurende hierdie periode baie intens beleef word (De Klerk 1972:126; Smit 2000:20; Van Niekerk 2002:24). Die vraag het ontstaan of daar werklik hoop en vertroosting met behulp van eskatologie en promissioterapie gevind kan word.

In die bespreking van die begrippe sal daar spesifiek gelet word op persone se unieke voorstelling van die lewe hierna, en watter rol dit kan speel om hoop en vertroosting te bied. Die plan is nie om 'n uitgewerkte stelsel van denke oor die hiernamaals te gee nie, maar om die verskillende sienswyses van persone in die proses te verwoord. Die klem sal op die vroue, wat hulle mans aan die dood afgestaan het, wees. Mense se ervaring en hantering van die verlies van 'n geliefde is individueel en uniek (Mullan, Skaff & Pearlin 2003:233; Gous 2005:102; Kübler-Ross & Kessler 2005:7; De Beer 2007:23). Aangesien elke persoon uniek is, sal elkeen se belewenis van die hiernamaals (Hemel) ook individueel ervaar word. "Daar is geen ander onderwerp wat die hart meer laat ontvlam en die verbeelding meer aangryp as die onderwerp van die hemel nie" (Nicholson 2008:21). Mense se begrip van eskatologie en promissioterapie, met betrekking tot hoop en vertroosting na die verlies van 'n geliefde, mag in die proses verhelder word. Dit word gedoen ingevolge inligting vanuit die sienings van gespreksgenote te verkry. Die verband tussen hierdie begrippe is van belang, aangesien dit deel van die navorsingsprobleem vorm. Gegewens volgens die Skrif, literatuur, die internet en enige ander resente beskikbare bronne, sal bydra tot die verstaan en interpretasie van hierdie inligting.

Die navorser se eie narratief is ook van belang en moet voortdurend verreken word. Dit kan 'n rol speel in die begrip en interpretasie van gegewens. Moontlike relevante begrippe sal binne die konteks verduidelik word.

## 2. TYDLOSE MISTERIE

Totius se woorde, uit sy gedig "Die lewe," omskryf die misterie van die lewe eskatologies as hy verwys na wat agter is, wat nóú is en wat in die toekoms wag.

*Wat agter is, is net 'n droom*
*uit neweldrade fyn geweef;*
*en wat nóú is, is soos 'n stroom*
*wat ylings langs my voete streef;*
*wat vóór is – newels wat nog loom*
*oor onbekende dieptes sweef.*
*Wanneer sal ek dan ooit kan sê :*
*„Ek het geleef?" (Cloete 1976:63).*

Die begrip *eskatologie* sal eerste aan die orde gestel word. Die eskatologie word eerstens voorgehou aangesien promissioterapie daaruit voortvloei, maar ook daarmee vervleg is. God se beloftes aangaande die heil van die mens is in Christus se kruis en opstanding vervul (Louw 1999a:2). Promissioterapie gaan om die beloftes, wat handel oor die *begin* in die *einde*, met ander woorde oor die eskatologie. Die belangrike skakeling tussen hierdie konsepte is die oorwinning van die opstanding, en die pastorale denke wat hieruit getipeer kan word. Hierdie diskoers oor die eskatologie moet nie as 'n dogmatologiese studie oor die eskatologie gesien word nie. Dit word slegs as 'n agtergrond voorgehou waarteen die betekenis vir die pastoraat uitgelig word. Die verband met dié navorsing word deurgaans aangedui. Sentraal in die pastoraat is die verkondiging van die Skrif en die oproep tot verandering en bekering (Louw 1984:7). Die pastoraat handel dus vanuit 'n Christelike geloofsperspektief.

In hierdie studie word daar afwisselend van eskatologie of Bybelse eskatologie gepraat. Die begrip *Bybelse eskatologie* beklemtoon weereens die Christelike aspek

of geestelike dimensie. Die vroue raak bewus van God se teenwoordigheid en dít lei tot gedrag waarvolgens hulle al hoe meer word wat hulle reeds in Christus is (Louw 1999a:31). Dit oefen dus 'n bepaalde invloed op die vroue se gedrag uit. Potensiaalontsluiting, in die pastoraat, geskied vanuit die eskatologiese perspektief/herskeppende heil (Denton 2005:77). Individuele interpretasies van vroue (medenavorsers), wat eggenotes aan die dood afgestaan het, word uitgelig en bespreek.

Die Nuwe Testamentiese tekste stippel meer breedvoerig die implikasies van Christus se wederkoms vir ons alledaagse lewe uit (die verskillende aspekte van eskatologie is verwant, aangesien dit met Jesus Christus verband hou). Parousia ('n tegniese begrip vir die wederkoms) is sentraal in die Nuwe Testamentiese verwagting, aangesien dit die voltooiing van God se begin deur Jesus Christus, aantoon (Louw 1999a:215). "Die opstanding is in eerste instansie 'n essensiële deel van die Christus- en Godsgetuienis van die Nuwe Testament. Die verhaal van die opstanding is deel van die Bybelse openbaring van wie Christus en wie God werklik is" (Burger 1995:18-19). Die opstanding is die bestemming van die mens wat verbind is tot Christus en deel in Sy opstanding. Travis (1980:24) stel dit dat "Christ himself is the distinctive and unifying feature of Christian eschatology."

Bybelse eskatologie is 'n studie van profetiese uitsprake oor wat die toekoms vir die kerk van Christus, vir Israel én vir die ongeredde wêreld inhou (Malan 2008:Elektroniese bron). Volgens Vosloo (2001:Elektroniese bron) gaan eskatologie oor die nuutheid wat God vir die toekomstige, maar ook vir die teenswoordige, bring. Sauer (1981:3) sê dat die Bybelse eskatologie met God se laaste optrede teenoor Sy skepping, die laaste dae, die belofte van die toekoms en die *hoop,* wat uit hierdie belofte ontstaan, handel. In die Bybel bied eskatologie die raamwerk vir die etiek; die konteks waarbinne gelowiges tot 'n bepaalde lewenswyse aangespoor word (Smit 2008:Elektroniese bron). Dit gaan dus oor geloofshulp, sowel as lewenshulp, en hieruit kan afgelei word dat dit wesenlik betekenis vir die pastoraat inhou. Volgens Bothma (2006:68) is Christene wat sterf, sowel as die gelowige mense wat ons vooruitgegaan het, onmiddellik in God se teenwoordigheid. Dit is belangrik vir die vroue om te kan weet waar hulle geliefdes is. Daar is egter 'n kwelvraag wat hier kan ontstaan indien die geliefde nie 'n gelowige was nie. Watter hoop en

vertroosting kan dan aan 'n agtergeblewene gebied word? Dit is 'n aangeleentheid wat in verdere studie oor sodanige onderwerp nagevors kan word. Hierdie studie gaan oor hoop en vertroosting by vroue, wat 'n mening gekonstrueer het dat hul geliefdes gelowig was.

Die eskatologiese denke wil egter die klem op die werklikheid plaas, wat veel groter as ons onderwerp is en nie eers deur ons ervaring tot werklikheid word nie. God is met die wêreldgeskiedenis op pad, en die opstanding is 'n keerpunt daarin. Die hemelvaart bevestig sy kosmiese heerskappy, die "reeds" en "nog nie" van die eskatologie (Van Wyk 2008:Elektroniese bron). Bybelse eskatologie is gebaseer (geanker) op wat God gedoen het in die dood en opstanding van Jesus Christus. Dit is gerig op die tyd van volvoering in die wederkoms van Christus (Sauer 1981:3). Die bestaande word nie opgehef deur die nuwe nie. Dit gaan ook nie slegs oor die heerlikheid van die nuwe nie, maar oor die heerlikheid van God (oor die heerlikheid van Sy wese). Die nuwe lewe is nie 'n ander lewe, of voortsetting van die lewe, of 'n herhaling van die lewe nie, maar dieselfde lewe *gered*. Om te glo dat die lewe gered is, is om te glo in die hemel. Die hemel is niks anders as die liefdeslewe van God nie (Vosloo 2001:Elektroniese bron). Die begrip *Hemel*, sowel as die medenavorsers se persepsie daarvan, word in die volgende hoofstuk meer volledig verken en verhelder.

In die vorige hoofstuk (7.2 Spiritualiteit), het dit duidelik geblyk dat geloof en geloofservaring aan spiritualiteit verwant is. Godsbeelde speel ook 'n rol (Louw 2008:49) en daarom kan die skakeling met godsdiens nie negeer word nie. Die vraag ontstaan oor die verband tussen eskatologie en geloof. Sal eskatologie daartoe bydra dat Christene hul geloof en toekomstige bestemming verstaan? Sauer (1981:4) antwoord hierdie vraag wanneer hy sê dat begrip van die Bybelse eskatologie "...can provide the Christian with a view of history, the assurance of its final conclusion, and assure the Christian of his ultimate destiny." Deur die geloof, die Heilige Gees en die Woord kry 'n persoon deel aan sy opstanding. "Die Christelike geloof is geheel en al eskatologie" (Vosloo 2001:Elektroniese bron). Eskatologie is nie maar 'n toevoegsel nie. Dit is nodig om die begrip eskatologie verder te verhelder sodat die verband met die tema van die navorsing beter verstaan word. Die navorser het besluit om eskatologie aan die hand van die volgende sewe

subopskrifte te verken. Die rasionaal hiervoor is dat dit 'n breë perspektief en oorsig vir die eskatologie, met betrekking tot die navorsing, bied.

- *Noodsaaklikheid, betekenis, funksie en perspektiewe*
- *Die verband tussen eskatologie en hierdie studie*
- *Die verband tussen die mens as spirituele wese en die eskatologie*
- *Bipolêre benadering aangevul deur die eskatologiese perspektief.*
- *Eskatologie en hermeneutiek*
- *Eskatologie en pastorale terapie*
- *Die waarde van die eskatologiese perspektief* vir *die ontwerp van 'n benadering vir betrokkenheid by agtergeblewenes om hoop en vertroosting te fasiliteer*

## *2.1 Eskatologiese noodsaaklikheid, betekenis, funksie en perspektiewe.*

Daar is 'n belangrike skakeling tussen die konsepte *eskatologie* en *promissioterapie.* Dit is nodig om die begrip *eskatologie* te deurgrond voordat die verband met promissioterapie duidelik sal word. Om die leser se horison met betrekking tot die verstaan van die begrip te verbreed, word dit vervolgens uiteengesit en verken.

- *Noodsaaklikheid van eskatologie*

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat eskatologie die teenswoordige, sowel as die toekomstige, behels. Die realiteit van die dood kan dus nie misken word nie. Hierdie navorsing wil juis die aandag op die toekomstige beloftes na die verlies van 'n eggenoot vestig. 'n Eskatologiese perspektief is dus nodig om te besef dat God die begin en einde verteenwoordig. Hieruit kan *hoop* vir die toekoms ontstaan. "Confronted with the reality of death, an understanding of biblical eschatology can assure the Christian of his ultimate destiny" (Sauer 1981:5). Om hoop by die persone, wat 'n geliefde verloor het, te fasiliteer vorm deel van die pastoraat en daarom is dit nodig om 'n eskatologiese begrip te hê. Hoop kan metafories gesien word as 'n toekomsdroom.

"Hoop rig hom op die aarde om die hemel waar te maak" (Du Toit 1990:9). Hoop is die melodie van die toekoms.

Antropologie, soos in die vorige hoofstuk bespreek, dui op die sintetiese (liggaamlike) aspek dat die mens na die beeld van God geskep is met 'n doel. Die mens is in die eerste instansie menslik en kan gesien word as die verteenwoordiger van God om hier op aarde oor die skepping te heers. Deur die skepping na God se beeld het die mens die vermoë om in 'n verantwoordelike verhouding met God, sowel as sy naaste, te leef. Dit is dus nie nodig om te spekuleer oor die toekoms nie. Die einde kan eerder as 'n voltooiing van die heil gesien word. Louw (1999a:13) sê dat pastorale terapie met die toepassing van geloofsbronne, die effek van Skrifgebruik en die uitwerking van gebed te doen het, en noem dit *heilsterapie*. Hy beskryf heilsterapie met die begrip *promissioterapie* en hoop dat die term, binne die konteks van die heilsterapie, 'n eie teologiese identiteit aan die pastorale terapie sal verskaf. Die begrippe *eskatologie* en *promissioterapie* is vervleg, maar sal vir die doel van hierdie studie afsonderlik hanteer word.

➢ *Betekenis van eskatologie*

Die begrip *eskatologie* kom nie in die Bybel voor nie. Die begrip is saamgestel uit twee Griekse woorde, *eschatos* en *logia*. *Eschatos* beteken "laaste" – dit dra 'n gewaarwording van dít wat laaste in plek of tyd is. Die woord *logia* word afgelei van die woord *logos*, wat die betekenis van 'n diskoers of inspraak het (Sauer 1981:3). "Met "eskatologie" word bedoel die leer oor die *eintlike* dinge en nie eerstens die leer oor die *uiteindelike* dinge nie" (Louw 1999a:15). Hy verduidelik verder dat dit gaan om die *begin* in die *einde*; die nuwe skepping en die triomf van die opstanding oor die dood.

Die betekenis van 'n eskatologiese perspektief behels dus dat dit vir die teenwoordige lewe, sowel as die toekomstige bedeling, nut inhou. Die

verlies wat die vroue ervaar staan onder die *eintlike,* en hul hoop word op die *uiteindelike* gebou.

Die vraag ontstaan oor watter nut Jesus se opstanding vir ons het. Die wederkoms van Christus beteken nie dat hierdie wêreld, en die dinge van hierdie wêreld, vir hulle wat wag op die koms van Christus nie belangrik is nie. Daarom gaan die lewe nie maar bloot daaroor om geluk te vind in die versadiging van ons begeertes hier op aarde nie, maar om 'n verlange na God se nuwe wêreld. Daar is 'n verlange na méér (Vosloo 2001:Elektroniese bron). Die uitdaging lê nie daarin om vas te stel of Jesus fisies opgestaan het of nie. "Die misterie van die opstanding is te groot om dit óf enersyds met wetenskaplike kategorieë te probeer verklaar, óf andersyds vas te skryf in die strakke taal van die dogma" (Müller 2006:39-40). Die Here word nie lewendig as dit gebeur nie, dit is die persoon wat tot nuwe lewe gewek word. Dit dien as herinnering aan die *hoop* wat deur Jesus se opstanding vir die mens vooropgestel word. Metafories gesien het die opstanding vir die mens nut, "...wat vir ons iets *verwerf* het" (Müller 2006:34). Verder reken Müller dat die opstanding iets is wat in die mens moet plaasvind. Dan word die mens ook *opgewek* tot 'n nuwe lewe. Dit bied vir die mens 'n waarborg, gefokus op die toekoms. Die toekoms het met die *volheid* te doen, "...die volheid van menswees wat dan eers werklikheid sal wees, en die volheid van God wat dan eers kenbaar sal wees" (Heyns 1981:139). Eskatologie het met die teenswoordige te make in soverre dit 'n transformasie van die hede is. Die idee van die *opstanding* moet die mens se betekeniswêreld verruim, al word dit metafories vertolk.

➢ *Funksie van eskatologie*

Louw (1999a:30) redeneer dat die eskatologiese perspektief (die volheid van die heil) as teologiese fokus- en interpretasiepunt, op 'n deurslaggewende wyse, die karakter van die God-mens-ontmoeting bepaal. Dit openbaar dus 'n normgewende funksie wat ontmoetingsprosesse op 'n konstruktiewe en kritiese wyse bepaal. Hy stel

dit dat die konvergensiepunt ook 'n spesifieke aard aan die ontmoetingsgebeure tussen God en mens gee. Dit is 'n bipolariteit wat dié van 'n *alreeds-* en *nog nie*-spanning behels. Dié siening is vir hierdie navorsing van belang, aangesien die terapeutiese verhouding met 'n persoon oor die "ontmoeting" met die persoon gaan. "Die pastorale ontmoeting wil die persoon beïnvloed, verander, vernuwe, troos en onderskraag" (Louw 1999a:13). Die groot vertroosting is dat die smart en lyding, wat die vroue ervaar, nie net aan die einde nie, maar nou reeds en by herhaling ervaar kan word as die begin van 'n nuwe, beter tyd. Die geheim is dat eskatologie aktualiteit in die hede, en nie slegs in die toekoms nie, behou. Indien daar slegs op die toekoms gefokus word, word alles 'n bietjie onwerklik.

As alles oënskynlik onverstoord en rustig voortgaan, bekommer mense hulle nie maklik oor die toekoms nie. Sodra verlies opduik en dit lyk of die gevestigde dinge aan die wankel is, word bekommerde vrae oor die toekoms gestel. Die toekoms is dan ook nie meer iets waarna uitgesien kan word nie. Eskatologie verseker die vroue dat die wederkoms van Christus, en die tekens wat dit aandui, nie iets in die verre toekoms is nie, maar in die hede is. Christus kom tot ons in die hede.

'n Belangrike aspek van eskatologie, wat in gedagte gehou moet word, is die apokaliptiese aard daarvan. Dit het te doen met die openbaring van die onbekende. Apokaliptiek is 'n term wat gebruik word om 'n bepaalde soort literatuur te beskryf "...that is believed to contain revelations of heavenly secrets or events which describe the end of the world and the inauguration of the kingdom of God" (Sauer 1981:6). Aangesien hierdie navorsing fokus op eskatologie word die apokaliptiek nie verder breedvoerig bespreek nie.

Eskatologie het 'n dualistiese funksie omdat dit die hede en die toekoms behels. Dit kan gestel word dat die toekoms, deur die eskatologie, in die teenswoordige indring. Volgens Vosloo (2001:Elektroniese bron) is dit menslik om hiervoor te wag, maar dit is nie verwagtings wat die mens se

diepste dors kan les nie. Daar word nie bloot vir 'n nuwe tydperk gewag nie, maar vir Iemand. Iemand wat Sy liefde en betroubaarheid gewys het deur 'n kruis en 'n leë graf. Deur die werking van die Gees van die gekruisigde en opgestane Jesus in hulle lewens, het gelowiges beleef hoe hulle lewens aangeraak en verander word. Daarom wag hulle met 'n juiste verwagting.

> *Eskatologiese perspektiewe*

Dit is nie my doel om eskatologie in diepte te analiseer nie, maar ek wil graag 'n breë oorsig van perspektiewe gee om 'n beter beeld daarvan te verkry. 'n Groot verskeidenheid interpretasies van eskatologiese modelle (Van der Walt 1969:97-98; Sauer 1981:13-30; Müller 1985:9-11; Van Wyngaardt 1991:17; Louw 1999:30; Wahl 2007:109) het met verloop van tyd ontstaan. In hierdie interpretasies word onder andere verwys na die liberale skool, konsekwente eskatologie, gerealiseerde eskatologie, transendente eskatologie, eksistensiële eskatologie, futuristies-horisontale eskatologie, evolusionistiese eskatologie en die bipolêre eskatologie. Sonder om op die verskeie nuanseringe binne hierdie bepaalde interpretasies te let, het die navorser dit goed gedink om die volgende indeling te bespreek. Aangesien hierdie interpretasies gesamentlik 'n eskatologiese perspektief behels, wat saamvloei met die intensie van hierdie studie, word die volgende uitgelig:

- Verwesenlikte eskatologie – die koninkryk van God word gesien as iets wat alreeds van krag is. God het die mens in Jesus Christus gekonfronteer. Die eskatologiese hoop is alreeds verwesenlik. Dit is positief soverre dit die teenwoordige aspek van die koninkryk van God beklemtoon.
- Verheerlikte eskatologie – volgens hierdie interpretasie word eskatologie nie as 'n reeks gebeurtenisse aan die einde van die geskiedenis verstaan nie, maar as 'n vervulling van die toekoms in die teenswoordige.

- Sistematiese eskatologie – hierdie benadering behels die volgorde van gebeurtenisse. Sekere gebeurtenisse vind plaas ter voorbereiding van die voleindiging van die koninkryk van God. Hierdie gebeurtenisse is die dood, die wederkoms, die opstanding en die laaste oordeel. Daar sal ook 'n tussentoestand vir die regverdige, sowel as die onregverdige wees.

Van der Walt (2009:Elektroniese bron) verdeel eskatologie tweeledig, naamlik *globale eskatologie* en *persoonlike eskatologie.* Die globale eskatologie handel oor die toekoms van die wêreld en die persoonlike eskatologie oor die individu se toekoms. Die oog van die gelowige vir 'n toekomsverwagting is op 'n dubbele horison gerig "...'n nabye en 'n verder verwyderde, of 'n individuele en 'n universele" (Heyns 1981:393). Hy sê verder dat die nabye horison, waar die gelowige reeds iets van God se beloftes geniet, in sekere opsigte 'n voorspel tot die verdere horison is, waar alle gelowiges die volle beloftes van God in Christus sal geniet.

Alhoewel alle genoemde skole, modelle en interpretasies waarde het, word daar in hierdie navorsing hoofsaaklik op die eskatologie, met betrekking tot die *reeds* en die *nog nie,* gefokus aangesien dit 'n bepaalde hermeneutiese raamwerk vorm waarbinne die navorsingsverwagtings toegelig kan word. Eskatologie het 'n dualistiese funksie omdat dit die hede en die toekoms behels. Dit kan gestel word dat die toekoms, deur die eskatologie, in die teenswoordige instap. Die vraag ontstaan oor wat die verband van eskatologie met hierdie navorsing is, en daarom word dit vervolgens verhelder.

### *2.2 Die verband tussen eskatologie en hierdie studie*

Die belangrikheid van die eskatologie vir hierdie navorsing gaan daaroor dat dit verband met Christenskap en hoop hou. Volgens Travis (1980:7) "Christanity without hope is an impossibility." Dit laat die vraag "*Hoop op wat?"*, ontstaan. In die geval van hierdie navorsing is die klem op hoop en vertroosting na die verlies van 'n eggenoot. Hierdie diskoerse word aan bod gestel deur inligting uit

die literatuur, asook 'n gespreksbenadering volgens die vyf bewegings van Müller (2000:72-103). Die verhale van die vroue dra by daartoe dat hierdie diskoerse verken en verhelder kan word. Die diskoers oor hoop sal moontlik 'n betekenisvolle bydrae in die debat oor hierdie vrae kan lewer, deur die aandag op sleutelkwessies te vestig en om van die navorser se eie gevolgtrekkings aan te dui. Louw (1999a:2) sê dat die pastoraat aan mense hulp wil verleen en hoop wil bied vanuit die oortuiging dat God se trou die inhoud van die geloof is, en dat God Sy beloftes aangaande die heil van die mens in Christus se kruis en opstanding vervul het (die eskatologiese perpektief). Daar is ook die oortuiging dat lewe voltrek word in die teenwoordigheid van God. Die pastoraat mag beloftes van 'n lewe hierna verwoord. In die opstanding van Christus werk die toekomstige alreeds transformerend in die teenswoordige, selfs al lyk dit asof dit nie verander het nie. Müller (2006:96) reken dat die mens te midde van lyding in Jesus se lyding ingetrek word en daardeur deel kry aan sy opstanding. Volgens hom is die betekenis van die opstanding nie iets vir anderkant die graf nie, maar 'n werklikheid midde-in die lyding. Die gelowige het 'n eskatologiese verwagting wat die dood versag. In die Skrif word gestel dat dood nie meer mag sal hê nie; die angel is uit die aardse dood verwyder (1 Kor. 15:55).

Vosloo (2001:Elektroniese bron) vra hoe die mens kan bly wag te midde van al die kragte wat op die mens inspeel en die mens se verwagting op God en nuutheid afstomp? Dan antwoord hy deur te sê dat dit dalk is omdat die mens God se beloftevolle Woord het. Daarom weet die mens dat elkeen vir hierdie God wag. Die mens kan nie weet wat om van die toekoms te verwag nie, maar weet wel dat die toekoms God is. Dáárom is die toekoms goed. "Die mens word geroep na die toekoms, maar dan nie *oor* die hede nie, dog *deur* en *met* die hede die toekoms in" (Heyns 1981:140). *Die* einde is dus iets waarna die mens met hoop en met verwagting kan uitsien. Die einde is immers Iemand en daarom is selfs die einde nie werklik die einde nie, maar die begin van die dieper lewe met God. Hierdie afleiding bring die idee van hereniging met geliefdes na die dood onder die aandag.

Sekere Bybelse beginsels, met betrekking tot die eskatologie, moet in gedagte gehou word wanneer dit 'n integrale deel van teologie en praktiese Christelike

ervarings moet wees. 'n Bybelse begrip van die eskatologie behels, volgens Sauer (1981:31-38), die volgende beginsels:

- Dat eskatologie by geskiedenis betrokke is, aangesien dit in die geskiedkundige elemente van die Ou Testament gegrond is. Volgens Vosloo (2009:Elektroniese bron) verander die herinneringsvolle omgang met die verlede 'n persoon se visie sodat anders na die huidige situasie gekyk word. Herinnering aan God se dade in die verlede het die verandering van die lewe ten doel. Die huidige word dus op God se werk gegrond. Dit is egter ook in die geskiedenis van die Nuwe Testament betrokke. Eskatologie gee uit die toekoms sin aan die hede en aan die geskiedenis. "Vanuit die einde wat in Gods hand lê, kry ons 'n nuwe perspektief op die geskiedenis" (Müller 1985:17). Van Eck (2008: Elektroniese bron) bevestig dit wanneer hy sê dat Jesus Sy openbare optrede begin deur aan te kondig dat die koninkryk naby gekom het (Mark 1:15), en verkondig dat hierdie koninkryk sal aanbreek wanneer die Seun van die mens sal kom. Wat meer is, hierdie koninkryk sal aanbreek nog in die leeftyd van die huidige geslag. Die hede moet vanuit die toekoms verstaan word.

- Eskatologie is onthullend en gewortel in Jesus Christus, wat God se verlossingsproses voltooi. "Dit gaan om *Christus* se koms in ons, met ons en deur ons op weg na die einde toe..." (Müller 1985:12).

Prediking oor die eskatologie plaas "...prediker en gemeente op die kruispunt tussen die oue, die verbygegane én die nuwe, die komende aeoon" (Müller 1985:12). Hy wys voorts op die volgende aspekte met betrekking tot eskatologiese prediking:

- *Dit is prediking met 'n vreemde aktualiteit en 'n aktuele vreemdheid.*

  Dit beklemtoon 'n lewenswandel (etiek) waarin na die dinge daarbo waar Christus is gestrewe word, waar die gemeente hom losmaak van wat

agter is en uitstrek na wat voor is, waarin hy hom inspan om alles syne te maak omdat Christus hom reeds syne gemaak het. (Müller 1985:12-13).

- *Dit is prediking tussen herinnering en verwagting.*

  Dit is 'n soort herdenking, 'n herinneringsgebeurtenis waarin die groot dade van God in die geskiedenis herdenk word, maar daar ook 'n verwagting is van wat nog kom (Müller 1985:13-14).

- *Dit is prediking wat op die persoonlik-eksistensiële vlak beweeg.*

  Dit dra die karakter van 'n boodskap en uitnodiging aan die mens met betrekking tot Hom wat kom (Müller 1985:14-15).

- *Dit is prediking met 'n kosmies-universele en missionêre perspektief.*

  Dit is nie net universeel gerig op die bekendmaking van die boodskap aan alle nasies nie, maar ook kosmies gerig op die versoening van die wêreld met God (Müller 1985:15-16).

- *Dit is prediking waarin vanuit die oorwinning geveg word.*

  Dit is nie net 'n berig oor die stryd en oorwinning nie, maar die voortsetting van die stryd vanuit die oorwinning (Müller 1985:16-17).

- *Dit is prediking wat uit die toekoms sin gee aan die hede en aan die geskiedenis.*

  Dit is die boodskap van God wat midde-in tyd staan en waar, vanuit hoop op die toekoms, die raaisels van die hede aangedurf word (Müller 1985:17-18).

- *Dit is prediking met 'n sterk pastorale en paranetiese motief.*

  Dit is 'n oproep tot waaksaamheid, wat vanuit die verwagting van die wederkoms gemotiveer word (Müller 1985:18-19).

- *Dit is prediking gelaai met 'n aansteeklike vreugde.*

  Dit is 'n allesomvattende vreugde met betrekking tot hoop op 'n toekoms saam met God (Müller 1985:19-20).

Die mens moet hom gereed maak om God te ontmoet. Die eskatologiese boodskap is 'n dringende oproep om standvastig te wees en God te dien. Die mens staan in die hede voor die keuse wat na die ewige bestemming lei. Volgens Matteus (7:13-14) is daar twee ewige bestemmings en die mens moet vanuit hierdie toekoms sy keuse maak.

Bosch (1991:502-504) onderskei die volgende vier hoof eskatologiese skole, wat elkeen 'n betekenisvolle impak op missionêre denke het: dialektiese eskatologie, eksistensiële eskatologie, geaktualiseerde eskatologie en die heils-historiese eskatologie.

- Die dialektiese model beklemtoon die absolute transendensie van God (Hy is apart van die wêreld)
- Die eksistensiële model spruit uit dieselfde grondslag voort (beklemtoon die kerugmatiese)
- Die geaktualiseerde model stem tot 'n mate met die gerealiseerde eskatologie ooreen (die einde is essensieel altyd naby)
- Die heils-historiese model neem die geskiedenis ernstig op en verskil van die ander modelle ten opsigte van:

  - 'n spesiale klem wat dit op die heerskappy van God as hermeneutiese sleutel plaas
  - die idee dat God se heerskappy teenswoordig en toekomstig is

- die feit dat die mens tussen die tyd van Christus se eerste en tweede koms lewe (die tyd van die Gees, wat beteken dat dit die tyd vir sending is). "As a matter of fact, mission is the most important characteristic of and activity during this interim period." (Bosch 1991:503)
- die feit dat dit 'n voorbereiding vir die einde is (sending moet voltooi word).

Eskatologie is na my mening tydloos. Die toekoms het hoop omdat God daar is, en omdat Sy Koninkryk, wat nou is, ook daar sal wees. Volgens Paulus is God se verbond met Abraham gedeeltelik steeds relevant vir die mens in die Nuwe Testament. Dit laat mens nadink oor watter aspekte van die verbond met Abraham relevant vir die mens van die Nuwe Testament is. God het aan Abraham 'n land, 'n nageslag soos die sterre en seën vir al die nasies belowe (Genesis 12,15,17). In die realisering van die verbond het geloof, offers en die besnydenis 'n belangrike rol gespeel. Geloof (Galasiërs 3:7-9) en Jesus as nakomeling van Abraham (Galasiërs 3:16) is steeds vandag relevant. Die gelowiges van vandag is kinders van Abraham omdat hulle deel in Abraham se geloof en in Christus as nakomeling van Abraham. Die mens, wat aan Christus behoort, is kinders (erfgename) van die belofte (Galasiërs 3:29). Die werking van die Gees in mense se lewens stel hulle in staat om die voorwaardes van die verbond na te kom. Daardeur ontstaan die begeerte om te doen wat God van ons vra. Die verbond het betekenis vir die pastorale terapeut aangesien dit die waarborg is waarop pastorale beraad gebou is. Dit beteken dat God met die noodlydende op pad is.

Deur die begrip *eskatologie* word Christus aangetoon. Volgens Travis (1980:12) het sekulêre eskatologieë, soos Marxisme, Fascisme en optimistiese humanisme getoon dat selfs as afstand van 'n religieus-gebaseerde eskatologie gedoen word, het die mens die vermoë om 'n ander objek van hoop te vind. Hy reken dat die mens 'n wese van hoop is wat nie 'n ingeboude begeerte na 'n beter wêreld vir lank kan onderdruk nie. Aangesien hierdie navorsing pastoraal

van aard is sal egter gefokus word op Christenvroue en hul eskatologiese siening.

### *2.3 Die verband tussen die mens as spirituele wese en die eskatologie*

Die terapeutiese benadering is op die geestelike of spirituele versorging van die totale mens (*cura animarum)* gerig. Dit beklemtoon ook die mens se psigo-fisiese, sowel as psigo-sosiale dimensies (Louw 1999a:36). "*Cura animarum* beskryf 'n heel eiesoortige versorgingsproses van menslike lewe as eiendom van God en die menslike persoon as skepsel van God" (Louw 1999a:38) In die pastorale verhouding gaan dit om die totale mens binne 'n verhouding tot God en gerigtheid op, en verantwoordelikheid teenoor, hierdie transendente dimensie van bestaan. "De pastorale relatie is een persoonijke relatie waarin de partners zich ten doel stellen voor Gods aangezicht samen intensief bezig te zijn met het interpreteren van de situatie, met het doel te komen tot een nieuw verstaan van het leven één of meer partners in deze relatie" (Ganzevoort 1994:355). Dit beskryf versorging van die totale mens vanuit 'n bepaalde perspektief (die geestelike dimensie van die mens se bestaan). Dit handel dus oor die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese elemente van die mens. In hoofstuk 2 is 'n sirkulêre voorstelling van die eenheidsgedagte van die mens, wat hierdie elemente bespreek, volledig uiteengesit. Hierdie indeling is gedoen om meer duidelikheid omtrent die moontlike betekenis daarvan vir 'n pastorale antropologie te verkry. Die eenheidsgedagte moet nie uit die oog verloor word nie. Alhoewel die mens 'n eenheid is, word die drie elemente van die mens – sinteties, stereometries en perspektiwies – afsonderlik voorgehou. Die bespreking van die onderskeie elemente is nie volgens 'n spesifieke volgorde gedoen nie, aangesien dit die mens in totaliteit behels.

- Sinteties

Die mens se liggaam behels die voorstelling van 'n persoon se werklikheid en is 'n skepping van God. Die mens se liggaam verteenwoordig "...onder bepaalde omstandighede die aspekte van konkrete lewenswerklikheid, kontak met lewe" (Louw 2005b:11). Die liggaam *is* die mens. Die

ontmoetingsgebeure vind deur die mens plaas. Dit beklemtoon die menslike (liggaamlike) komponent. Daar word met die mens binne die totaliteit van sy/haar bestaan gewerk. "God leef in Christus deur sy Gees in die mens in en maak die menslike liggaam (die skepping) sy tempel" (Louw 1999a:56). Kommunikasie binne die ontmoeting vind deur al drie menslike elemente plaas – liggaam, siel en gees. Die uitdaging gaan daaroor om duidelikheid te verkry deur saam met die gespreksgenoot te besin oor unieke uitkomste, met behulp van dekonstruksie, eksternalisering en metafore, om te interpreteer, te verstaan en kennis op te doen.

➢ Stereometries

Louw (1999a:36) sien *siel* as 'n begrip, wat die middelpunt van die menslike bestaan, in terme van geskapenheid en verantwoordelikheid voor God, beskryf. Die begrippe psuché (siel), kardia (hart) en nous (denke) lig uit dat die mens 'n persoon met 'n bewussyn is, wat besluite kan neem en in verantwoordelikheid voor God kan lewe (Louw 1999a:203). Die wisselwerkende verband tussen die siel, hart en denke weerspieël iets van die mens se persoonlikheid. Dit behels ook gerigtheid op God en die werking van 'n verhouding met God, met ander woorde, die *ek* in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens.

➢ Perspektiwies

Geestelik behels dit meer as die blote innerlike *ek*. Die mens se gees stel 'n persoon in staat om 'n wedersydse verhouding met God te hê. Duidelikheid omtrent 'n teologiese antropologie, sowel as die ontmoetingsgebeure, is van belang. Dit behels die betekenis wat deur die persoon aan praktiese omgang met die lewe en lewensprobleme gegee word. Die kommunikasie van die evangelie, *sowel* as die kontekstuele ontsluiting van die mens, is van belang (Louw 1999a:52). Die beeld van die pastorale ontmoeting moet altyd die heil van die mens en die wêreld in

berekening bring. Die kwalitatiewe verandering van die mens moet binne 'n persoonlike konteks verstaan word.

*2.4 Bipolêre benadering aangevul deur die eskatologiese perspektief.*

Bipolariteit moet perspektiwies verstaan word. Bipolariteit vind 'n perspektiwiese toespitsing of fokuspunt in die eskatologiese perspektief van die komende Godsryk (Denton 2005:76-77). Die bipolêre model word met 'n *konvergensiemodel* aangevul (Louw 1999:149; Dingemans 1991:23). Die konvergensiepunt beoog om die pastoraat vanuit 'n eskatologiese perspektief te bedryf. Die konvergensiemodel kan as 'n bipolêre benadering tussen die pastoraat en die psigologie gesien word. Daar is altyd skakeling met ander wetenskappe. "Juis deur van die wetenskap se resultate kennis te neem, kan teologie en in besonder die Praktiese Teologie en pastoraat, se eie bydrae verryk word in onder meer die beskrywing van 'n pastorale antropologie" (Van den Berg 2007:5). Vir aanvaarbare interdissiplinêre dialoog en klem op 'n verhouding tussen die wetenskap en teologie, beweeg die postfoundationalistiese benadering weg van 'n rigiede foundationalistiese, of realitiewe anti-foundationalistiese, posisie. *Postfoundationalistiese* Praktiese Teologie weerspieël, volgens Fourie (2008:123), die praktyk. Dit beweeg verby die grense van die modernistiese, wat meer op die formele en rasionele gerig is. Müller (2005:2) sien dit dat Praktiese Teologie "...happens whenever and wherever there is a reflection on practice, from the perspective of experience of the presence of God." Die Praktiese Teologie gebeur soos Fourie (2008:122) dit sien, "daar waar refleksie is op die praktyk vanuit die perspektief van die belewing van die teenwoordigheid van God." Postfoundationalistiese Praktiese Teologie is 'n wyse van verstaan binne die paradigma van die hermeneutiese benadering. Volgens (Louw 1999a:35) beteken dit dat die perspektief van die heil as 'n interpretasiepunt en normatiewe faktor vir pastorale hulpverlening geld, wat graag lidmate se geloofsvolwassenheid wil evalueer en ontwikkel (teologies gesproke word hiérdie 'n eskatologiese perspektief genoem).

Bipolariteit betrek die pastoraat en psigologie by mekaar. Wat in gedagte gehou moet word is dat God en die mens altyd hulle onderskeie karakters behou. Die

gevaar van komplementariteit kan na vore tree. Dit vind plaas wanneer die een werklikheid nie sonder die ander kan bestaan nie. God is egter nie ons medemens nie. Immink (2003:127) skryf dat "Wij kunnen niet over God beschikken, zijn tegenwoordigheid nie afdwingen. Dat heeft te maken met de vrijheid en soevereiniteit van God." Daar is 'n duidelike asimmetrie tussen God en mens. God en mens is nie so op mekaar aangewese dat albei mekaar verklaar nie (Louw 1999a:52-55). Hy skryf ook dat bipolariteit nooit as 'n volledige homeostase of sintese geïnterpreteer moet word nie. Janse van Rensburg (1996:157) sê dat die mens teenoor God in 'n bipolêre spanningsverhouding staan. Die mens het God nodig en God het die mens nodig!

Dit is nodig om vas te hou aan 'n konvergensiemodel, met die klem op die geloofs- en eskatologiese perspektief. Moore (2004:174) stel dit dat geloof 'n kardinale boublok is waarop 'n eskatologiese perspektief steun. Geloofsgedrag skakel met die heilsgeskiedenis van God, en dus ook aan die werklike ontmoetingsgebeure (Louw 1999a:91-92). Die heil van die evangelie bepaal, kwalitatief gesproke, die aard en bestemmingsfunksie van die mens, die geskiedenis en die ganse kosmos. Daar moet gesoek word na 'n ordeningsbegrip om die aard van die ontmoeting tussen God en mens te beskryf. In die lig van die gevaar van komplementariteit moet dit met 'n pneumatologiese perspektief aangevul word. Louw (1999a:56) reken dat dit binne 'n pneumatologiese perspektief moontlik word om van 'n insprekingspunt tussen God en mens te praat. Daar bestaan wel 'n dialogiese verband tussen God en mens. Die inwonende Gees van God stig 'n verband tussen die harte van God en mens (pneumatologiese inwoning of inlewing). Binne 'n eskatologiese perspektief word die bipolêre spanning deur 'n struktuur van belofte-in-vervulling getipeer. Die dinamika van *alreeds* en *nog nie* kenskets bipolariteit. Die eskatologiese siening dra daartoe by dat 'n bipolêre model met 'n konvergensiemodel gesubsidieer moet word (Louw 1999a:56-57).

### 2.5 *Eskatologie en hermeneutiek*

Hermeneutiek in pastorale teologie fokus op daardie tekstuele en kontekstuele metafore, simbole, taal en stories wat materiaal bied vir heling, transformasie, sorg, troos, hulp en diens (Louw 1999a:567). Bemagtiging is hier van belang om ook die doel van die pastoraat uit te wys, wat volgens Ganzevoort & Visser (2007:98) is dat "...de gesprekspartner zo te bekrachtigen dat hij of zij zelf verder kan komen." Volgens Seegers (2005:72) kry die gelowige mens se verhaal betekenis en sin wanneer dit in die lig van God se verhaal, soos beskryf in die Bybel, geïnterpreteer word. Voorts sê Louw (2005b:101):

> *Verstaan gaan nie om verklaring nie, maar om perspektiewe en insig. Dit beteken die vermoë om die verbande binne die netwerk van 'n krisis raak te sien en te soek na 'n bepaalde houding wat kan bydra tot 'n konstruktiewe proses van integrasie, doelwitstelling en singewing.*

Hierdie nuwe verhaal is 'n skepping en resultaat van die pastorale proses. Die nuwe verhaal word deur die onderskeie gespreksgenote geko-konstrueer (Scholtz 2005:148). Pastoraat kan as die ko-konstruksie van 'n nuwe verhaal gesien word.

Hierdie benaderings in die pastoraat beweeg weg daarvan dat die pastor die kundige moet wees. Dit beweeg ook weg van diagnose en prognose. Dit laat ruimte vir 'n nuwe verhaal as die resultaat van die pastorale proses tussen die medenavorsers (Botha 2003:81). Narratiewe Praktiese Teologie is 'n aaneenlopende hermeneutiese proses binne die pastoraat. Die bedoeling van die proses is die "transformation of the human story both individual and corporate, in ways that open the future of that story to creative possibilities" (Gerkin 1986:59).

### 2.6 *Eskatologie en pastorale terapie*

Deur voorafgaande diskoers oor die eskatologie word die opstandingshoop ontdek. Pastorale terapie kan, in samehang met die hoop van die Christelike geloof, as *promissioterapie* omskryf word. Dit behels "...die transformerende

effek van die vervulde heilsbeloftes in Christus wat deur die Heilige Gees die toekoms ontsluit en hoop wek" (Louw 1999a:28). Hierdie navorsing fokus op hoop en vertroosting na die verlies van 'n geliefde en daarom word promissioterapie, na die eskatologiese bespreking, ook verder verken en bespreek. Met die titel van die navorsing in gedagte kan afgelei word dat 'n pastorale benadering, met behulp van promissioterapie vir betrokkenheid by agtergeblewenes, hoop en vertroosting by hulle kan wek. Louw (1999a:299) reken dat die teologie hoofsaaklik van promissioterapie (wat met 'n spesifieke geloofsvolwassenheidsteorie korreleer) gebruik maak.

2.7 *Die waarde van die eskatologiese perspektief* vir *die ontwerp van 'n benadering vir betrokkenheid by agtergeblewenes, om hoop en vertroosting te fasiliteer.*

Die pastoraat verteenwoordig die oorwinningsdimensie van die opstanding, en die versoeningsdimensie van die kruis.

> *Daarom gaan dit in die pastorale kommunikasieproses, hulpverlening en ontmoeting om konkrete heilsbemiddeling met die oog op geloofsgroei. In dié opsig moet die pastorale bediening voorkomend te werk gaan en lidmate betyds skool en voorberei hoe om krisisse vanuit die geloof te verwerk* (Louw 1999a:36).

Die opstanding wil aandui dat wanhoop nie die laaste woord het nie. Soos Paulus in Filippense sê: "Vir my is die sterwe wins." Hoop en toekoms skakel met mekaar. Volgens Du Rand (2007:103) is hoop nie op 'n voorstelling van die toekomsgebeure gebaseer nie, maar op Hom wat in beheer van die toekomsgebeure is. Smit (2008:Elektroniese bron) reken dat vandag se liturgie iets wil weerspieël van hoe God in 'n donker tyd 'n moedelose twyfelaar ontmoet en teen logiese denke van krag oortuig, sodat ander ook in die proses in God die lig ontdek. In Romeine 15:13 staan dat God die bron van hoop is en dat Hy "...julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!" Vir die vroue, om met verwagting en hoop te lewe, is dit belangrik om nie hulle fokus op die Een wat

weer kom te verloor nie. Ons toekoms is nie iets nie, maar Iemand. Hierdie Iemand beloof om hierdie wêreld nuut te maak en roep ons op om aktief medewerkers in diens van God se komende wêreld te wees (Vosloo 2001:Elektroniese bron).

Met eskatologie word die volkomenheid van die tyd bedoel, soos wat God sy beloftes rakende die heil en verlossing van die mens alreeds in die kruis en opstanding van Christus vervul het. Hierdie skep alreeds die hoop van 'n toekoms van die Ryk van God, die komende Christus en die ewige lewe (Louw 1999a:35). Hoop op die toekoms is belangrik vir die kritiek op die huidige orde. Hoe maklik gebeur dit nie dat mense in hulle lewens maar net die bewegings uitvoer nie. Hulle verwag eintlik niks van die toekoms nie. Mense beleef nie hulle lewens as 'n misterie vol uitdagings en geleenthede nie. Dit skep 'n soort verwagtingloosheid tot 'n mate (Vosloo 2001:Elektroniese bron).

## 3. VERTROOSTING IN DIE TOEKOMS

Promissioterapie kan onder andere ook as die teologie van die opstanding gesien word (Louw 1999a:426-427). Dit bind die terapie wesenlik aan 'n teologiese saak en help die pastor om tussen die psigologiese en pastorale momente in terapeutiese betrokkenheid te onderskei. Hierdie onderskeiding is belangrik omdat 'n bipolêre model reeds aangetoon het dat daar 'n psigoterapeutiese moment in alle pastorale handelinge skuil. Psigologie het met interpersoonlike verhoudings te doen en behels 'n proses van groei, terwyl pastorale terapie ook onderliggende waardes en aannames bestudeer, maar "...the Christian therapist also attempts to understand how the Christian client distorts his or her relationship with Christ" (Stocks 1985:82). Die verskil lê in die doel, die effek, en die middele wat gebruik word om verandering te genereer. Geloofsvolwassenheid en versoening word deur die Skrif, gebed en die sakramente gefasiliteer. In terme van 'n teologiese antropologie kan die mens nie vernuwe, en op wesenlike genesing aanspraak maak, sonder die versoening en die vryspraak van God se genade nie. Promissioterapie impliseer dat 'n heilsterapie wesenlik vergifnishulp beoog.

Onder promissioterapie word dan die toespitsing van die heilsbeloftes, via die pastorale ontmoeting, op die pneumatiese mens se geloofsfunksies verstaan. Promissioterapie het dus die effek dat dit die proses van geloofsgroei stimuleer en die dimensie van spiritualiteit bevorder. Die terapeutiese effek van promissioterapie is dat wat God in Sy trou beloof het, geloof in die hart van die mens bewerkstellig, en vastigheid en sekuriteit bied (Louw 1999a:518). Promissioterapie wil die mens op *singewende* waardes, sowel as op 'n *sinontvangende* lewensbron laat fokus, wat die mens daagliks prakties kan help om dankbaar te leef en hoopvol te sterf (Louw 1999a:14). Die teenwoordigheid van God, wat geloofsgroei bevorder en geloofsvolwassenheid wek, word gesien as die lewensbron. Dit word as 'n vorm van hoopterapie in mense se soeke na lewensin aangebied. Verder stimuleer dit geloofsvolwassenheid. Dit verteenwoordig, met ander woorde, die genesende omvang van herstel en groei.

Promissioterapie tree in werking deur 'n verbintenis met die evangelie. Deur die kommunikasie van die evangelie is die Skrif van wesenlike belang. Binne die konteks van die pastorale ontmoeting word God, met behulp van die Skrif, verteenwoordig. Die intensie van die pastorale ontmoeting word in die poging om mense te troos, sodat hulle sinvol met hulle lewens kan voortgaan, gevind. Die terapeut streef daarna om die agtergeblewene hoop en vertroosting te bied deur insig, groei en herstel te fasiliteer. In die konteks van 'n postmoderne lewensituasie word die verhouding tussen terapeut en gespreksgenoot in hierdie studie, op beginsels onderliggend aan deelnemende aksienavorsing gebou. Voorts word die helpende verhouding, insig, groei, heling en heil in Christus aan die orde gestel. Daarna word spesifiek op die bedoeling van *promissioterapie* en *hoopterapie* gelet.
*Helpende verhouding* – In die Nuwe Testament verwys terapie na hulp en diens, wat uit die offergestalte van Christus se neerbuigende liefde, en God se barmhartigheid, voortspruit (Louw 1999a:427). In aansluiting by die narratiewe aksent van die studie, sal verhalestudies die kern van die terapie vorm. Bezuidenhout (2005:189-190) sê dat die verhaal die medium is waardeur God se handelswyse in Sy verbondsverhouding met Sy volk, binne die pastoraat, bekend word. Die feit dat stories, en die gebruik van die storie, nie iets nuuts in die pastoraat of terapie is nie word deur Müller (1996:101) gestaaf. Die narratiewe benadering word binne die pastoraat aangewend met 'n eie terminologiese

omskrywing. Hierdie terme sal verder in hoofstuk 4 toegelig word wanneer die narratiewe benadering aan die orde gestel word.

Die narratiewe benadering bied ruimte daarvoor dat persone en prosesse deel van die gesprek word (Botha 2003:9). Die vroue se verhale ontstaan in samehang met die konteks, waarin daar al heelwat ander en groter stories bestaan. Die verhaal word in verhouding tot vele ander verhale in die vroue se lewe aan die orde gestel (Ganzevoort & Visser 2007:115). Dit gaan nie slegs om die bepaalde verhaal wat vertel word nie. Nadenke oor hoop en vertroosting is veral op die eksistensiële belewing daarvan gerig. Die navorser word deur gesprek eksistensieel by die verhale van die vroue betrek.

In hierdie navorsing is die betrokke vroue aangemoedig om die opeenvolging van gebeure, ten opsigte van die verlies van hul eggenote, te herroep en na aanleiding van Müller se indeling te vertel. Terapeuties word daar in hierdie navorsing van Müller (2000:72-103) se gespreksbenadering gebruik gemaak omdat die terapie die vorm van 'n gesprek aanneem. Die vyf bewegings word net kortliks hier bespreek, aangesien dit in hoofstuk 5 meer volledig, as meganisme vir terapie, bespreek word. Die gespreksgenote is gehelp om die noodverhaal oor te dra. Terwyl 'n posisie van *nie-weet* gehandhaaf word, is hulle bygestaan om die volgende verhale aan die terapeut oor te dra:

- Noodverhaal

  Hulle verklarings van die pyn wat hulle ervaar. Die gespreksgenoot moet gehelp word om die noodverhaal te vertel (Müller 2000:72).

- Verledeverhaal

  Dit is deel van hulle identiteit en vorm die basis waarop terapeuties met 'n persoon gewerk kan word. Die verlede verskaf die boustene vir rekonstruksie. Dit behels die geskiedenis van die noodstorie wat vertel moet word (Müller 2000:72).

➢ Verduisterde toekomsverhaal (*backtracking*)

Metafories kan dit gesien word asof die vroue tot op die punt van 'n berg geklim het, en skielik is die wolke om hulle. Hulle kan nie die mooi landskap onder sien nie, maar hulle kan ook nie terugklim nie. Hulle voel vasgevang. Die toekomsverhaal word in die verledeverhaal ontdek (Müller 2000:72-73).

➢ Hervertelde verledeverhaal (*reframing*)

Dit behels 'n heroriëntasie in terme van waardes wat herontdek word, en waaruit 'n nuwe vertel van die verhaal moontlik word. Dit gaan oor die herstrukturering van die verledeverhaal met dieselfde stel feite, om 'n meer aanvaarbare storie te skep. In die narratiewe benadering word die storie nie as bron van inligting gebruik, sodat 'n metode aangewend kan word om die persoon te verander nie (Senekal 2005:72). Deur herhaaldelike herinterpretasie en herstrukturering vind verandering plaas en kan die vrou weer haar eie bestaan as betekenisvol beleef (Müller 2000:73).

➢ Verbeelde toekomsverhaal

Deur middel van verbeelding moet 'n nuwe toekomsbeeld geskep word. Die terapeut nooi die gespreksgenoot uit om oor die toekoms en toekomsdrome te gesels. Toekomsverhale neem op 'n natuurlike manier vorm aan. Dit is nou moontlik op grond van 'n geherstruktureerde verledeverhaal (Müller 2000:73).

Die gesprek van hulpverlening "...begin êrens en eindig êrens, maar verder is dit vry en vra dit om 'n kreatiewe aanpak" (Müller 2000:72). Die hulpverlenende aksie het, op een of ander wyse, te doen met aksie wat konstruktiewe en positiewe implikasies vir die menslike bestaan inhou, en mense se sinvolle funksionering tot gevolg kan hê (Louw 1999a:510). Die volgende aspekte is by die hulpverlenende aksie van belang en kom as subafdelings aan bod:

- Insig
- Groei
- Heling
- Heil in Christus

➢ *Insig*

Die impak van pastorale terapie op die funksionering van geloof is hoop. Dialoog en luistervaardighede is dan veronderstel om insig en persoonlike groei te bewerkstellig. Terapie het dus op die een of ander wyse met 'n hulpverlenende aksie te doen, wat konstruktiewe en positiewe implikasies vir die menslike bestaan, en sinvolle funksionering, tot gevolg kan hê. Die pastorale beïnvloedingsgebeure is op die versoeningswerklikheid, die oorwinningsdimensie en hoopeffek van die eskatologiese heilswaarheid gefokus. 'n Verandering in die geloofsfunksies van die mens word beoog, met die oog op 'n lewe wat hoop sal bring in die geval waar 'n geliefde oorlede is. In die narratiewe benadering word die storie nie as bron van inligting gebruik, sodat 'n metode aangewend kan word om die persoon te verander nie (Senekal 2005:72). Die storie word slegs herïnterpreteer en herstruktureer. Deur dit herhaaldelik te doen vind verandering plaas en kan die vrou weer haar eie bestaan as betekenisvol beleef. Vir Müller (2000:55) gaan dit eerder oor die verstaan en beskrywing van die werklikheid. Hy sê die narratiewe benadering is nie 'n metode nie, omdat dit nie wil voorgee asof dit maklike oplossings bied nie.

➢ *Groei*

Promissioterapie as die toespitsing van God se konkrete beloftes op die totale historiese situasie van die mens, het geloofsgroei en –ontwikkeling as onmiddellike effek. Volgens Louw (1999a:518) is pastorale terapie wesenlik heilsterapie en geloofsvolwassenheid is die oorhoofse doelwit daarvan. Geloof speel 'n belangrike rol in die proses van genesing. Dit bied sekuriteit op grond van God se beloftes. Dit speel 'n rol in die mens se verwagtinge en wense; in hierdie geval, die verwagting om weer bymekaar uit te kom. Spiritualiteit word geraak en dit het weer 'n invloed op die mens se insig en wilskrag. Uiteindelik bereik 'n persoon geloofsvolwassenheid en doen wat reg is – al is dit nie altyd lekker nie!

➢ *Heling*

Heling het 'n gespesialiseerde veld geword en kan onder andere in kategorieë geplaas word, soos geestelike genesing, liggaamlike genesing, geloofsgenesing en wondergenesings (Putter 2005:44). Die helende dimensie van die Christelike geloof is aan die versoenende werking van die kruis, die oorwinnende perspektief van die opstanding en die hoopdimensie van die Ryk van God (die parousia van Christus) gekoppel. Heling het nie net te doen met die mens se innerlike "siel" nie, maar met die totaliteit van sy menswees. Heling moet by pastorale terapie teologies as 'n uitvloeisel van God se trou en barmhartigheid verstaan word. Wie God vir die mens is, en hoe die mens God by die lewe en die toekoms van die skepping betrek, bepaal die karakter van pastorale terapie.

Terapie het met 'n vorm van hulp, wat gerig is op heling en herstel, te doen. Die mens moet gehelp word om tot genesing te kom, beter te funksioneer of 'n vorm van heel-wees te bereik, wat as welsyn of gesondheid getipeer kan word. Volgens Moore (2004:175) verwys heling, uit 'n pastoraal-eskatologiese perspektief, na die herstellende, genesende kragveld van God. Moore (2004:175) reken dat heil en heling 'n eenheid vorm en vervolgens word daar dan op die heil in Christus gelet. Binne die narratiewe benadering maak die terapeut van metafore, soos alternatiewe en unieke uitkomste wat op heling sinspeel, gebruik. Putter sê dat die diskoerse oor heling soos 'n neutedop oopgebreek word om dit op 'n alternatiewe manier te verstaan en nie om by die absolute waarheid uit te kom nie (Putter 2005:37).

➢ *Heil in Christus*

Dit wil help om versoening met God te ontdek en vanuit die Woord se vervulde beloftes te leef, sodat elkeen, vanuit die opstandingsperspektief op lewe, sin kan vind. As terapeut is die navorser nou betrokke daarby om God se wil, met betrekking tot die vraag na die sin van die lewe, te vertolk sodat hierdie vroue hoop en vertroosting kan ervaar. Louw (1999a:2) stel dit dat sin betrekking het op die kwaliteit van die mens se daaglikse bestaansfunksies ("being functions"), asook die keuses ten opsigte van lewensdoelwitte, normes en waardes met betrekking tot die mens se uiteindelike lewensbestemming. Die vroue se verhaal en God se verhaal (Skrif) moet in wisselwerking verkeer, tot so 'n mate dat

eksistensiële probleme met behulp van die Skrif geïnterpreteer en hanteer word. Smit (2006:182) sien dit ook dat "Deur die eeue, alhoewel op talle verskillende maniere, het die Bybelse boodskap gelowiges onderrig, vermaan, gelei, geleer, geïnspireer en georiënteer, óók met die oog op die lewe". Die vroue sal die werklikheid nou op 'n veranderde wyse waarneem en verstaan.

Pastorale terapie, as promissioterapie, beteken dat God deur die Skrif doen wat Hy beloof en dat die mens glo, omdat die genadegawe van die Skrif tot gevolg het dat gelowiges reageer en getroos (parakleties) kan lewe (Louw 1999a:441). Die God-mens-verhouding is die innerlike verhouding waarom dit in pastorale terapie gaan. Die doel van die terapeut is die herstel van hierdie verhouding, in samehang met eksistensiële probleme wat die persoon mag ervaar (Moore 2004:175). Promissioterapie wek, bewerk en versorg die geloof vanuit die sakramentele waarheidsgehalte van die Skrif. Geloof kan gesien word as die instrument waardeur die Boodskap verstaan en interpreteer word. Die gawe van die heil, met die boodskap "vir jou, in jou plek", skep die nuwe mens en laat geloofsvolwassenheid ontkiem.

> *Die begrip "vertolking" dui aan dat dit in die pastorale gesprek om daardie gebruikmaking van die Skrif gaan waarbinne die pastor 'n luisteraksie na die kante van God en sy openbaring, en van die mens en sy/haar probleme uitvoer (Louw 1999a:430).*

Promissioterapie werk in die pastorale gesprek met die Bybelboodskap as 'n aanbieding van genadegawes en hoop. Voorbeelde hiervan word in Psalm 119:130 gevind: "Wanneer u Woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is." Die Skrif bring ook troos, "Dit is my troos in my ellende: dat u belofte my in die lewe hou" (Psalm 119:50). Dit kan gestel word dat die Bybelboodskap die grondslag van terapie vorm, aangesien gelowiges altyd met oortuiging bely het dat "...die Bybel gesaghebbend is, ook vir die lewe van gelowiges, en daarby ook betroubaar, helder en genoegsaam" (Smit 2006:183). Die Bybelboodskap kan gesien word as die Lewende God wat persoonlik met die mens praat.

## 4. DIE STREKKING VAN *PROMISSIOTERAPIE* EN *HOOPTERAPIE*

Eskatologie behels die persepsie en promissioterapie die handeling. Volgens Louw (1999a:225) is die dimensie van eskatologie nie empiries waarneembaar nie. Die eskatologiese perspektief kan verder as 'n persepsie gesien word aangesien dit met verwagting werk en die volgende implikasies inhou:

- Dit verskaf 'n positiewe horison van sin
- Dit verbind die gelowige aan die trou van God
- Dit speel 'n kritiese rol, en
- Dit het spesifieke implikasies vir die pastorale optrede (Louw 1999a:91).

Promissioterapie is die handeling wat in eskatologie ingebed is. Dit is die poging om vir die vroue hoop te fasiliteer, sodat vertroosting en betekenis gevind word, wat geloofsgroei stimuleer. Moore (2004:174) reken dat pastorale terapie as heilsterapie op God se trou, Sy beloftes, die Skrif, sakramente en gebed gebaseer word. Verder sê sy dat heilsterapie binne die pastoraal-terapeutiese gesprek as *promissioterapie* verklaar kan word. Deur promissioterapie moet spiritualiteit bevorder word, sodat groei in geloof kan plaasvind. Groei in geloof kan weer op sy beurt spiritualiteit bevorder. Deur die bevordering van geloof en spiritualiteit, met God as die Een wat heling bevorder, kan genesing plaasvind. Die vroue kan nou die werklikheid op 'n ander manier waarneem en verstaan. Dit blyk ook uit die volgende uittreksels waar drie vroue, sowel as my eie stem, aan die woord gestel word.

> *Janie: Dit het vir my gevoel asof God my vergeet het, maar nadat ek die geleentheid gekry het om vir berading te gaan, is ek weer op koers en besef ek dat Hy deur elke beproewing daar is om my te ondersteun.*
>
> *Sarie: Na my man se worsteling met emfiseem en sy heengaan wou ek niks van godsdiens af weet nie. Ek weet egter nou dat my lewe sonder my Skepper betekenisloos is.*
>
> *Belinda: My hele lewe lank was ek gelowig, maar nou weet ek werklik dat my lewe sonder die Here sinloos is. My man se dood en die geleentheid om daaroor te kan praat het my weereens hoop gegee en*

*my geloof versterk. Sonder die Here kan ek nie voortgaan in hierdie wêreld nie.*

*My stem: Geloof was vir my die anker in 'n stormagtige see van hartseer en verlorenheid. Ek het besef dat dood nie die einde is nie, maar dat daar 'n toekoms saam met Christus wag. Dit het my moed gegee om aan te gaan.*

Die doel was om, deur begeleiding, die gespreksgenote tot geestelike volwassenheid te lei. Deur ontwikkeling van geloof het hoop by hulle ontstaan. Die dimensie van hoop, as deel van 'n toekomsverwagting, is gestimuleer of opgewek. Die Christelike hoop is opstandingshoop en staan volgens Louw (2007:61) vas "...omdat dit geanker is in die trou van God", Dit is die hoop op die oorbrugging van grense. Eskatologiese hoop vorm die aksent van die vertroosting oor hul verlies.

*4.1 Verandering deur promissioterapie.*

Pastorale terapie kan as heilsterapie gesien word, met 'n oorkoepelende doel van geloofsvolwassenheid. Volgens Louw (1999a:518-519) is die pastorale ontmoeting 'n beliggaming van die parakletiese gebeure en moet die pastoraat vanuit 'n eskatologiese perspektief beoefen word. Hy maak die volgende stellings ten opsigte hiervan:

- *Pastorale terapie, as heilsterapie, is wesenlik gekoppel aan God se trou en Sy beloftewoord, vanweë die gebruikmaking van die Skrif, sakramente en gebed.*

  Dit dui daarop dat die terapeutiese effek van heilsterapie binne die pastorale gesprek as promissioterapie gekenskets kan word. Die uitwerking van promissioterapie is stimulering van die proses van geloofsgroei en bevordering van die dimensie van spiritualiteit. Die uitkoms van promissioterapie is die uitwerking van dít wat voortspruit uit God se beloftes. Vir hierdie studie beteken dit dat die vroue met geloof kan voortleef, op grond van God se trou en beloftes, wat bestendigheid en sekuriteit bewerkstellig.

Die volgende aanhaling van Moore beklemtoon dat "Die reseptiewe karakter van geloof lei tot die terapeutiese effek van dankbaarheid" (Moore 2004:176).

- *Promissioterapie, as die toespitsing van God se konkrete beloftes op die totale historiese situasie van die mens, het as onmiddellike effek geloofsgroei en –ontwikkeling.*

Promissioterapie raak die totale gebied van die mens se ervarings, behoeftes en verwagtings aan. Dit sluit aan by die verwagtings deur hoop in die harte van mense te prikkel. Die verband met hierdie navorsing handel daaroor dat hoop deur geloofsontwikkeling by die vroue gewek word. Dit behels geloofsontwikkeling in areas ten opsigte van ervaring, behoeftes en verwagtinge. Louw (1999a:518) reken dat God se beloftes geloofsgroei en geloofsontwikkeling prikkel.

- *Geloofstransformasie sit 'n transenderingsproses aan die gang waardeur die gelowige, via hoop, op 'n antisiperende wyse vooruitgrypend deel het aan die volheid (pleroma) van die heil.*

Die regstreekse uitwerking van promissioterapie is bekering en geloof, terwyl die langtermyneffek verwagting van die heilsbeloftes, via hoop is. God se heilsbeloftes en die mens se toekomsverwagting is gekoppel. In hierdie navorsing behels dit die betrokke vroue se toekomsverwagting en God se heilsbeloftes. Moore (2004:176) beaam dit met die volgende stelling: "Geloofstransformasie sit 'n transenderingsproses aan die gang waardeur die gelowige, via hoop op 'n antisiperende wyse vooruitgrypend deel het aan die volheid van die heil".

- *As gegronde verwagting is die Christelike hoop wesenlik opstandingshoop.*

Hierdie studie sien dit dat daar deur promissioterapie die horison van sin en betekenis, deur middel van 'n toekomsverwagting by die vroue, ontsluit word. Die vroue kan daagliks oorwinnend vanuit die opstandingshoop leef.

- *Toekomsblokkering en 'n verlies aan lewensin is die fundamentele faktor in alle disfunksionele menslike gedrag.*

Sin en betekenis in die lewe word vir die pastoraat rondom die opgestane Christus gebou. Die vroue, betrokke in hierdie navorsing, kan deur promissioterapie gehelp word om hierdie essensiële waarheid deel van hul daaglikse lewenswyse en lewensfilosofie te maak. Moore (2004:176) stem saam dat die grondliggende faktor in alle disfunksionele menslike gedrag die blokkering van die toekoms en 'n verlies aan lewensin is.

Eskatologiese oortuigings lei tot 'n sekere lewensingesteldheid. Christenvroue kan die huidige bedeling positief benader in die wete dat Jesus Christus reeds koning in die wêreld is. Vanuit hierdie oortuiging kan hulle in God se wêreld betrokke raak. Die mens beleef reeds die nuwe bedeling (nog onvolmaak) en sien uit na 'n meer volmaakte toekoms. Eskatologiese verwagtings word op hoop gebou. Hoop is gerig op die toekoms. Eskatologiese hoop vir die vroue, wat verlies van 'n eggenoot ervaar, word in die pastorale gesprek gekommunikeer. Promissioterapie beskik oor al die elemente waarvolgens hierdie hoop oorgedra kan word. Dit is dus van belang vir die ontwikkeling van 'n narratiewe-pastorale benadering by die hantering van rousmart by vroue.

Uit die voorafgaande kom die begrip *hoop* sterk na vore en daarom is dit nodig om verder oor hierdie begrip te dink.

### *4.2 Om te hoop*

Hoop beteken dat ons, net soos Totius se woorde in sy gedig "Ek graaf met my gedagtes", moet vashou aan die beloftes van God.

*...dus , hou maar op met grawe,*
*berusting is so soet;*
*net één ding te gelowe,*
*en dit is: God is goed! (Totius 1933:51)*

Hoop is die wete dat God Sy woord gestand doen (Hebreërs 6:18). Volgens Louw (2007:62) lê Christene se hoop in die wete dat Jesus aan die kom is. Die grootste verskil met wat in die Ou Testament en die Nuwe Testament rondom hoop gevind word, is dat verlossing deur Jesus Christus bewerkstellig is. *Hoop* kan daarom as 'n eskatologiese seën ervaar word. Hoop berus op geloof in die verlossingshandeling en word deur die werk van die Heilige Gees gesteun (Romeine 8:24-27). Dit is dus 'n integrale deel van Christenwees – 'n persoon kan nie 'n Christen wees sonder hoop nie (Romeine 12:12; Romeine 15:13). Daarom pas dit goed in by geloof en liefde (1 Korintiërs 13:13; 1 Tessalonisense 1:3). Hoop vat die Christen verder as die hier en nou. Om die begrip omvattend te verhelder word dit na aanleiding van die betekenis van hoop, die bestaan van hoop, meganismes van hoop, die aard van hoop, hoop en geloof, vrae wat betrekking het op hoop, Christelike hoop en dankbaarheid in hoop, bespreek. Hierdie subopskrifte gee, na my mening, 'n breë oorsig van die begrip.

➢ *Die betekenis van hoop*

Christelike hoop het sekerheid en God as grond (König 2006:253). God is in staat om Sy beloftes te vervul. Vervolgens ontstaan die vraag oor wat dit beteken om te kan hoop. Volgens Moolman (2006:11-12) beteken dit:

- om te kan onthou van die lig. Om nie net vas te kyk teen die duisternis nie.
- om te kan onthou van die goeie, dat verwagtinge van 'n positiewe toekoms gekoester kan word.
- dat 'n persoon haarself inspan om oplossings te vind. 'n Mens kan daaraan werk om insig te kry en om vertroosting te vind.
- dat 'n persoon weier om wat nou gebeur as die einde te aanvaar. Daar is nog 'n toekoms om na uit te sien.
- om na die verre ligkol, in plaas van die omringende donker, te kyk. Daar is nog hoop vir beterskap.
- dat mense bly glo dat hulle in hierdie omstandighede kan groei. Hulle perspektief kan verander en nuwe vaardighede kan ontwikkel.

- dat mense nie alleen hulle las hoef te dra nie. Berading kan ondersteuning tydens hierdie pynlike ervaring van verlies bied.
- dat mense hulle nie vir 'n hoopvolle *gevoel* hoef te beywer nie.

  Hulle kan 'n wilsbesluit neem dat daar wel hoop vir die toekoms is. As 'n persoon moedeloos voel, lyk die toekoms duister. 'n Persoon hoef nie noodwendig hoopvol te voel om te kan besluit dat daar wel hoop vir die toekoms is nie. Moolman (2006:12) sê dat wanneer 'n persoon "...doelloos, rigtingloos en energieloos sit en wag vir niks, sal jy soos 'n motor wees met 'n afgeskakelde enjin".

Hoop kan gesien word as die dryfkrag en energie om ten spyte van moeilike omstandighede in die lewe voort te gaan.

➢ *Die bestaan van hoop*

Hoop impliseer om te kan glo. Volgens Retief en Retief (2006:13) moet mense sin in hulle lyding kan vind en dit in hulle lewensbeskouing kan verwerk. Lyding is 'n integrale deel van menswees en verdien om toegelig te word, sodat die wese van hoop verstaan kan word. Lyding is 'n sentrale tema in die Christelike geloof aangesien dit om Christus se lyding sentreer. Du Toit (1990:2) reken dat die Vader en die Gees by ons lyding betrek word. Dit bring onder andere vrae na God se liefde ter sprake. Nadenke oor lyding moet op die eksistensiële belewenis daarvan gerig word. Daar moet op die konkrete voorkoms van lyding gereageer word. Verklaring, godsdienstige verwerking en moontlike positiewe hantering daarvan moet gefasiliteer word. Volgens my toespeling moet die vroue in hierdie studie sin in lyding kan vind en dit in hulle lewensoorweging kan opneem. Dit kan help dat hulle denkprosesse ontwikkel, wat hulle hierdie moeilike omstandighede kan laat oorleef. Hulle moet glo dat dit, in die toekoms, weer beter sal gaan en hulle moet nie moed verloor nie. Indien die vroue kan glo dat dit voortaan beter sal gaan, bestaan die moontlikheid dat dit hulle moed sal gee om vandag se pyn en lyding te kan hanteer en om met die lewe voort te kan gaan. Kruger (2006:14) sê "Hoop vir môre bied krag vir vandag." Hoop en lyding gaan

hand aan hand aangesien hoop as gevolg van lyding wat ervaar word ontstaan.

Du Toit (1990:4-6) bied die volgende verklaringsmodelle vir lyding:

- Oorsaak en gevolg – iemand moet die skuld kry. Lyding kan gepositiveer word (dit versterk geloof), verromantiseer word (heldeverering van martelare), negeer word (fisiese en sosiale lyding kan nie jou siel aantas nie), getransendeer word (ons lyding verdwyn voor dié van die Gekruisigde) en beheer word (dit hang van die persoon af wat daarmee gemaak word).
- Lyding is die mens se skuld – dit is die gevolg van sonde.
- Lyding het 'n hoër doel – daar is goeie en slegte lyding. Dit kom uit God se hand en Hy bereik Sy doel daarmee.

➢ *Meganismes van hoop*

Louw (1985:96) reken dat "Die opstandingshoop is deur die kruis en die opstanding 'n begronde hoop met geborgenheid en sekuriteit." Die opstanding bevestig die eskatologiese dimensie. Die opstanding is 'n belofte, maar ook 'n vervulling. Die belangrikste meganisme van hoop, na my mening, is Jesus Christus en die Skrif waarin God se beloftes vervat is. Eskatologie en promissioterapie kan ook as meganismes van hoop gesien word. Eskatologie gaan oor die opstandingshoop en promissioterapie bied hoop op geloofsvolwassenheid en heling. Dit bied vir ons 'n bron van hoop vir die toekoms. Dit is egter belangrik om te onthou dat die vroue self ook betrokke is in die proses om hoop te verkry. Volgens Louw (2006a:15) vereis dit wysheid, nugterheid en realisme, sodat hulle kan onderskei wat ter sake is. Hy reken dat hoop met twee kernaspekte korreleer:

- Om te kan hoop, moet die ingesteldheid of houding teenoor die trauma en krisis, die perspektief daarop, verander. Houding en gesindheid is die enigste veranderlike faktor in lyding.

- Om te kan hoop, is 'n eksterne steun- en geloofsfaktor nodig, sodat verby die verlies van die trauma en krisis gekyk kan word.

Na aanleiding van hierdie twee aspekte kan die volgende afleidings vir hierdie studie gemaak word:

- Die vroue moet hulle ingesteldheid of houding teenoor die verlies, en hulle perspektief daarop, verander. Houding en gesindheid is die enigste veranderlike faktore in lyding.
- Die vroue het 'n eksterne steun- en geloofsfaktor nodig, sodat hulle verby die verlies kan kyk.

Dit kom daarop neer dat ons moet kan insien wat belangrik is en nie fokus op minder belangrike aspekte nie. Die aksent moet nie op die tydelike en verganklike wees nie, maar op die ewige.

Nog 'n meganisme van hoop is gesprek. Dit is moontlik wanneer lyding in 'n verhaal verwoord word. Elkeen wat ly wil sy eie lydingsverhaal vertel. Die terapeut word in die verhaal ingetrek, wat help dat dit anders vertel kan word en daar moontlik 'n gelukkiger einde is (Du Toit, 1990:4).

Daar is ook praktiese meganismes, soos byvoorbeeld wetgewing, wat geïmplementeer kan word om hoop by mense te skep. 'n Voorbeeld hiervan is ons grondwet waarin die Handves van Menseregte vervat is (Kruger 2006:14). Hierdie meganismes word net genoem en nie verder bespreek nie, aangesien dit nie op hierdie navorsing van toepassing is nie.

➢ *Die aard van hoop*

Die aard van hoop kan gesien word in onderlinge afhanklikheid van die aard van die verlies. Hierdie navorsing handel oor verlies van 'n lewensmaat en kan as 'n radikale krisis gesien word. Die impak wat die verlies op die vroue het sal ook die aard van die hoop vir hulle bepaal. Die finaliteit van die dood kan gevoelens van wanhoop en magteloosheid by hulle laat ontstaan. Hulle

hanteringsvermoë en ander vaardighede kan nie die situasie verander nie. Normale verwagtinge en die gewone verloop van hulle lewens is versteur. Daar moet na ander uitweë gesoek word om weer met die lewe te kan voortgaan. In hierdie geval is dit slegs met behulp van hoop dat daar op toekomstige funksionering gefokus kan word. Louw (2006c:16) sien hoop as die suurstof van 'n siel. Hy sê dat hoop die mens laat asemhaal en die belofte vir lewe laat raaksien. Sonder hoop val 'n persoon in wanhoop vas, met die oortuiging dat niks betekenis het nie. Dit laat gevoelens van hulpeloosheid, mislukking, selftwyfel en selfbejammering ontstaan. Die persoon konstrueer dat die lewe sleg is en die toekoms duister. Die vroue sal dus eerder op die goeie in die verlede, as die beloftes van die toekoms, fokus.

➢ *Hoop en geloof*

Hoop ontstaan uit geloof in die lewende God, wat die mens in Sy verbondstrou dra en vashou. In Jesaja 46:3 staan geskryf dat God die mens van geboorte af gedra het, en vasgehou het vandat die mens daar is. Geloof gaan nie oor die mens nie, maar oor wie God vir die mens is. God moet nie in 'n negatiewe lig gesien word as die toornige God wat ons straf nie, maar as die Een wat die vroue hoop kan gee, ondanks die groot verlies, op grond van Sy beloftes in die Woord. Geloof in God en Sy beloftes stel die mens in staat om te kan hoop.

➢ *Vrae wat op hoop betrekking het*

Belangrike vrae met betrekking tot hoop is, volgens Louw (2006e:18), vrae wat handel oor die sin van die lewe, 'n persoon se siening van die lewe en wat die ondersteuningsfaktor van 'n persoon is. Daar moet denkskuiwe ten opsigte van hierdie vrae plaasvind. Louw (2006e:18-19) beskryf dit soos volg:

- Die sinsvraag wat nie handel oor die vraag "Hoekom" nie, maar eerder oor die vraag "Waartoe". Met betrekking tot hierdie studie gaan die sinsvraag oor wat die vroue die lewe kan bied.

- Die lewensvraag gaan nie oor wat die lewe 'n persoon kan bied nie, maar oor wat 'n persoon die lewe kan bied. In hierdie studie kan die lewensvraag gesien word as 'n vraag oor wat die vroue die lewe kan bied. Die lewe is die geleentheid om in lyding sin te gee, na ander in lyding uit te reik en om onvoorwaardelik lief te hê.
- Die geborgenheidsvraag gaan nie oor hoe 'n persoon die lewe beheer en kontroleer nie, maar oor wat die vaste grond van die vertroue is. In hierdie navorsing gaan dit daaroor dat die vroue op God moet vertrou.

➢ *Christelike hoop*

Christelike hoop dui daarop dat die betrokke vroue gelowiges is. Hulle vestig hulle hoop op die opstanding. Hulle kan op God vertrou. Dit is aan 'n verbondsfeit gekoppel. God se beloftes van liefde, genade en barmhartigheid versterk hoop. "Die opstanding in Christus is die borg vir en waarborg van sinvolle lewe" (Louw 2006f:20). Verder vra hy die vraag oor wat Christus se kruis en opstanding vir ons borg. In antwoord hierop kan gesê word dat God mét die mens tydens die ervaring van lyding is. Die verbond is die waarborg dat God met die noodlydende in siekte, teëspoed en beproewing op pad is (Janse van Rensburg 1996:155). Voorts sê Louw (2006f:20) dat die opstandingshoop nie goedkoop oplossings en antwoorde gee nie. Daar sal nie altyd antwoorde vir alle vrae wees nie. Daar is egter versekering van die volgende:

- God is by elkeen van die vroue in hul verlies
- God maak elkeen vry van skuld en skuldgevoelens
- God het hom met elkeen van hulle versoen
- God het hulle onvoorwaardelik lief.

God is ons troue Vader en 'n Lewensvriend. Hy veroorsaak nie trauma nie, maar is in trauma. Sy genade bepaal ons lewens.

> *Dankbaarheid in hoop*

Hoop dra by om die moeilike situasie van verlies en rou, waarin die vroue hulle bevind, draagliker te maak. Hierdie realiteit word deur die vroue gekonstrueer in hulle diskoers oor unieke uitkomste en heling, wat daaruit voortvloei. Binne elke vrou se unieke verhaal maak hulle iets van die *self* bekend (verwysing) en blyk dit dat daar baie redes tot dankbaarheid is, gevestig daarop dat daar:

- vanuit 'n eskatologiese perspektief vir die Christenvroue wel 'n toekoms hier op aarde, en in die lewe hierna, is. Dit sluit aan by die verbeelde toekomsverhaal waar daar 'n beeld van die toekoms geskep kan word.
- binne die situasie ruimte geskep word vir die vroue om hulle potensiaal te kan benut, want daar is hoop.
- in die omstandighede die wete is dat hulle nie alleen in hul pyn en lyding staan nie.
- wel hoop is, wat die pyn draagliker maak.
- omstandighede is wat omskep kan word in 'n rede om te groei in geloof. Dit kan deur 'n hervertelde verledeverhaal geskied.
- tydens herstrukturering van hulle verhale nuwe vaardighede aangeleer word om die situasie te kan hanteer.
- 'n positiewe gesindheid en deursettingsvermoë deur hoop geskep word.
- nuwe drome kan ontstaan – verbeelde toekomsverhaal.
- sin en betekenis van hulle bestaan ontdek kan word wanneer hulle stories herïnterpreteer en herstruktureer. Deur dit herhaaldelik te doen vind verandering plaas en kan die vroue weer hulle eie bestaan as betekenisvol beleef.
- onderskeidingsvermoë aangeleer word om met wysheid te kan insien wat van belang is, deur hulle kennis opnuut te konstrueer.
- 'n toekomsbeeld van oorwinning geskep kan word deur hoop, wat die aandag daarop vestig.

- vervulling in die unieke uitkoms gesien kan word.

Gedurende die pynlike ervaring van verlies van 'n lewensmaat is die vroue baie emosioneel. Met behulp van taal word hierdie emosies aan die terapeut oorgedra. Die terapeut moet waak teen die moontlikheid van sekondêre trauma en, indien nodig, moet dit hanteer word. Sekondêre trauma is, volgens Endres (2009b:Elektroniese bron), "wanneer dit nie direk met 'n mens gebeur nie, maar 'n persoon sien die trauma of hoor daarvan". Met sekondêre trauma is daar niks op daardie oomblik wat die persoon bedreig nie, maar die liggaam reageer op die boodskap wat dit deur die sintuie ontvang.

Tydens die vertel van hulle verhale is die vroue se emosionele belewenis van hartseer sterk op die voorgrond en voel hulle vasgevang en asof hulle min moed vir die lewe (verduisterde toekomsverhaal) het. Hulle konstrueer hulle eie werklikheid in die vertel van hulle verhale. Die vraag ontstaan nou of hoop, soos bespreek, vertroosting aan die vroue kan bied. 'n Verdere vraag is of hoop vertroosting bied, of moet die vroue eers vertroos word en dan ontstaan hoop? Met die volgende bespreking word daar gepoog om hierdie vrae te beantwoord.

## 5. HOOP EN VERTROOSTING

Sommige vrouens sal uitsigloos worstel met hulle verdriet. Elke vrou se persoonlike paradigma sal 'n rol speel. Hierdie verwysingsraamwerk behels onder andere jou persepsies, oortuigings en konteks. Enige mens hanteer verdriet volgens 'n eie siening en ervaring van die verlies. Volgens Jackson (1957:18) is verdriet 'n emosie wat by die taak van rou voorkom. Dit behels 'n poging om bevry of los gemaak te word van die verhouding wat bestaan het, en om emosionele kapitaal in nuwe produktiewe rigtings vir die gesondheid en welsyn van 'n toekomstige lewe in 'n gemeenskap, te herbelê. "Our grief is as individual as our lives" (Kübler-Ross & Kessler 2005:7). Hierdie intense emosies kan tot moedeloosheid lei. Dit maak dat hulle nie kreatief na oplossings kan

soek nie. Collins (2005:402) reken dat verlies 'n persoonlike en emosioneel gelaaide gebeurlikheid is wat 'n mens ervaar. Waarin die vrou glo en hoe sy haar rol sien, sal haar persoonlike paradigma bepaal.

Verder loop die impak van die verlies nou saam met die vertolking daarvan. Dit laat ook die vroue met die keuse of hulle sin wil vind in die lewe om weer voort gaan. Die vraag oor die sin van die lewe kan slegs beantwoord word indien die vroue verstaan, en die nodige begrip en insig het. Kruger (2008:Elektroniese bron) noem hierdie begrip en insig *kennis* en onderskei tussen ware kennis, onveranderlike kennis, lewe-wekkende kennis en lewe-gewende kennis. Die term *kennis* moet nie as modernisties gesien word nie, aangesien dit as begrip en insig gesien word. Dit word slegs as kennis voorgestel omdat die term deur die skrywer gebruik word. Die navorser sien hierdie kennis ook as begrip, insig en verstaan.

Die begrip *ware kennis* sluit aan by die pastorale strekking van hierdie studie en word vervolgens verder toegelig. Kruger (2008:Elektroniese bron) brei uit oor ware kennis, wat handel oor hartskennis wat verder strek as dink-kennis, gevoelskennis of doen-kennis. Dit gaan oor meer as net feite. Dit gaan daaroor om God persoonlik te ken en dat die vroue Christus van harte moet ken, liefhê en dien. Jesus Christus is self die Waarheid en die sleutel tot wysheid en kennis. Die Woord en die Heilige Gees bied ook kennis aan die mens.

Hestenes (2007:69) stel dit dat die mens nie kan leef "...without meaning and the systems of meaning provide people with an ability of making sense of the world." Hierdie betekenisstelsels is volgens hom op waarhede wat betekenis gee gebaseer, maar wat ook ons bestaan bevraagteken. Kultuur is hier ter sake, aangesien elke persoon, in 'n spesifieke kultuur, daardie kultuur se wyse om na die wêreld te kyk, internaliseer. Mense konstrueer hulle werklikheid soos hulle elke dag leef.

Freedman & Combs (1996:23) sê dat "all the things that make up the psychological fabric of 'reality' – arise through social interaction over time."

Aangesien die konteks van belang is, word die sosiale aspek, sowel as die narratiewe-pastorale benadering, beklemtoon. Meganismes, soos dekonstruksie, kan met vrug binne postmoderniteit aangewend word. Deur dekonstruksie kan daar op kreatiewe wyse na die mens, sy kennis en sy lewensomstandighede gekyk word (Van Jaarsveld 2001:101). Dit sal dus handel oor die sosiale aard van konstrukte waarbinne die vroue, in 'n postmoderne konteks, die waarheid beleef. "Adopting a postmodern, narrative, social constructionist worldview offers useful ideas about how power, knowledge, and 'truth' are negotiated" (Freedman & Combs 1996:22). Die narratiewe benadering word veral daardeur gekenmerk dat "...daar nie iets soos objektiwiteit is nie, maar dat betekenis deur die sosiale konstruksie geskep word" (Putter 2005:20). Dit gee aanleiding tot die vraag oor die rol wat die terapeut in die konstruering van die vroue se verhale speel, en veral ten opsigte van hoop en vertroosting.

Troos lê daarin dat die mens weet waar en deur Wie 'n mens vertroos word. Gelowiges is kinders van God en Hy is daar vir elkeen. Pastorale begeleiding kan daartoe bydra dat die vroue bewus raak van die Ware Vertrooster. Die landskap van vertroosting word soos volg gekenskets.

### *5.1 Terapie en vertroosting*

Volgens Louw (2008:220) skakel terapie met die vervulde beloftes van God, soos beskryf in die Skrif en verteenwoordig in die sakramente, gebede, liturgiese rituele en die gemeenskap van gelowiges (koinonia). Hierdie pastorale sorg het egter nog 'n dimensie, naamlik die sege van die opstanding. Hoe kan 'n berader bydra om 'n persoon te vertroos? Retief & Retief (2006:67) reken dat berading 'n groot rol in die ontleding van emosies, en die verwerking van diepliggende hartseer, woede en skuldgevoelens speel. Die vroue ervaar 'n behoefte aan ondersteuning en persoonlike meelewing in hulle omstandighede. Insig en geloof in God kan deur berading gefasiliteer word, wat tot troos kan bydra. Raath (2008:Elektroniese bron) sê "Daar is net één troos en één waarheid: die feit dat ek aan Christus Jesus behoort is die enigste en algenoegsame troos in lewe en in dood, 'n troos

waarnaas daar geen ander troos nodig of selfs denkbaar is nie." Die vroue moet alles wat met hulle gebeur in die lig hiervan beoordeel en hoop ervaar. Louw (2008:220) sê die volgende daaroor:

> *Hope in hope care is not wishful thinking, but a new state of mind and being with the question of identity: who I am in terms of the ontic reality of salvation (justification) and who I can become (sanctification)?*

Dit beteken nie dat die Christenvroue hulle oë vir die werklikhede van die lewe moet sluit nie. Volgens die antropologiese perspektief van hierdie studie, en in aansluiting met spiritualiteit soos beskryf in hoofstuk 2, is die vroue se pyn en lyding aan die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese van hulle menswees verbonde. Die mens ervaar die pyn as gevolg van die verlies van 'n geliefde in totaliteit. 'n Versteuring in een van die komponente veroorsaak 'n wanbalans en affekteer die ander komponente. Vervolgens word die rol van vertroosting, na aanleiding van hierdie perspektiewe, bespreek.

➢ *Sintetiese rol by vertroosting*

Die volgende veranderlikes is vir die navorser van belang in die sintetiese rol:

- *Gewoontes en vertroosting*
  Wat die sintetiese aspek betref is die fisiese versorging van die vroue van belang. Dit behels dat hulle 'n gesonde eetpatroon moet volg, gereeld oefen, geleentheid vir ontspanning en sosiale kontak moet hê, genoeg slaap en aandag aan persoonlike versorging gee.

- *Medikasie en vertroosting*
  Met die fokus op die liggaamlike kan dit gestel word dat medikasie, soos voorgeskryf deur 'n dokter, oordeelkundig gebruik kan word in die verligting van die hartseer, en dus ook in die proses van vertroosting van waarde kan wees. Die vroue moet daarteen waak om nie alkohol of ander verslawende middels te misbruik nie. In gevalle van abnormale rou,

wanneer 'n gemoedsversteuring waargeneem word, moet die betrokke vrou na 'n psigiater verwys word. Medikasie is egter nie altyd nodig nie en met behulp van berading kan die vroue ondersteun word om hoop en vertroosting te vind.

➤ *Stereometriese rol by vertroosting*

Die volgende veranderlikes is vir die navorser van belang in die stereometriese rol:

- *Die brein, genetika en vertroosting*

  Stereometries gesien sal die funksionering van die brein, en dus ook genetika, 'n faktor in die verhouding met die Here, en dus ook vertroosting, wees. Meier, Clements, Bertrand & Mandt (2006:1) skryf dat genetika dinamies bydra to breinfunksionering en om die balans tussen die vier sleutelchemikalieë (serotonien, norepinefrien, dopamien en GABA) te handhaaf. Hierdie chemikalieë is "...responsible for your ability to experience love, joy, peace, patience, gentleness, humility, energy, motivation, memorization, concentration, a positive attitude, self-acceptance, your dreams, and sanity itself" (Meier, Clements, Bertrand & Mandt 2006:1). As alternatief wil ek ook vertroosting hierby voeg.

  Genetika en breinchemikalieë vertel egter nie die hele storie oor gedrag nie. Ander faktore soos berading, omgewing en besluitneming het ook 'n invloed op emosies. Volgens Van den Berg & Van den Berg (2007:192) is dit belangrik dat die praktiese teoloog bewus moet wees van spesifieke *bane* in die brein, wat deur middel van terapie versterk word. 'n Persoon se verhouding met God is van kardinale belang. Meier beklemtoon ook hierdie feit wanneer hy sê dat "A personal friendship with the God who created our genes in the first place is by far the most important factor in our lives" (Meier, Clements, Bertrand & Mandt 2006:2). Daar kan dus afgelei word dat genetika 'n rol in die vroue se interpretasie van wie hulle is speel, asook om hulle verhouding met God te bepaal. Nuwe paradigmatiese ontwikkelinge het horisonne vir verdere begrip oor die

verhouding tussen biologiese wetenskappe en spiritualiteit geopen (Van den Berg & Van den Berg 2007:197). Daar kan dus afgelei word dat die funksionering van die brein en genetika 'n belangrike rol in die emosies van mense speel en belangrik vir die integrering in 'n beliggaamde antropologie is. Dit is egter 'n baie gespesialiseerde gebied en in hierdie navorsing word slegs kennis daarvan geneem.

➢ *Perspektiwiese rol by vertroosting*

Die volgende veranderlikes is vir die navorser van belang in die perspektiwiese rol:

- *Verhouding met God*

Soos in hoofstuk twee bespreek, handel die perspektiwiese oor daardie gedeelte van die mens wat 'n verhouding tussen God en die mens uitvoerbaar maak. Dit is die mens se gees wat die persoon in staat stel om 'n wedersydse verhouding met God te hê, en om God se stem te hoor. Louw (1999:206) skryf dat daar 'n pneumatiese verbintenis tussen die gelowige en Christus in die pneuma van die nuwe mens is. Christus leef nou deur hierdie skakeling in die mens. Die gelowige is in alles van God afhanklik. "Vertroosting is om God van harte te ken" (Kruger 2008:Elektroniese bron). Hierdie verhouding bepaal die betekenis wat 'n persoon aan die lewe, en dus ook aan die verlies van 'n geliefde, gee. Hoe hierdie situasie hanteer, of die persoon vertroos word, sal direk by die perspektiwiese aansluit. Die vroue moet weet Wie hulle Vertrooster is. Menslike gedrag word deur die Gees bepaal. In Galasiërs 5:25 staan dat die mens deur die Gees lewe en dat die Gees nou ook 'n persoon se gedrag bepaal. Geloof is ook ter sake waar die perspektiwiese aan bod kom, aangesien dit jou verwantskap met God behels en as die kern van menswees gesien kan word. Dit word gesien as die kern as gevolg van die feit dat dit 'n invloed op die totale mens het. "Dit verwys na 'n gemeenskap met God deur sy Gees en na 'n geloofskennis van God midde-in die daaglikse lewenservaring" (Louw 1999a:207).

*5.2 Ander eksterne faktore wat 'n rol by vertroosting speel*

Eksterne faktore, met betrekking tot tyd en verhoudings, word vervolgens bespreek.

- *Tyd en vertroosting*

  Die verloop van tyd speel 'n belangrike rol by hantering en afhandeling van rousmart (De Beer 2006:35). Hartseer verbeter met die verloop van tyd. Die vroue sal mettertyd vertroos word en sal weer kan voortgaan met hulle normale lewens. Hierdie hersteltyd sal van vrou tot vrou wissel. Sommige vroue sal gouer vertroos word as ander. Elke vrou rou op haar unieke manier en tyd. Aangesien verlies nie 'n eenvormige ondervinding is nie, verskil rou in vorm, intensiteit en duur (Mullan, Skaff & Pearlin 2003:233; De Beer 2007:23; Kübler-Ross & Kessler 2005:xi; Bowlby 1979:82). Daar is nie konsensus oor die verskeidenheid van emosies wat verdriet behels nie. Hantering van die verlies van 'n eggenoot verskil volgens die uniekheid van elke vrou. Uniekheid, sowel as konteks, is van belang. Die waarde wat aan elke konteks van verlies verleen word, verskil van mekaar (Smith 2002:50). Die konteks bepaal dus die dinamiek van verlies en rou. Becvar (2001:29) sê dat ons sensitief moet bly vir die unieke maniere waarop individue in 'n gegewe konteks die verskynsel van dood beleef. Daar is egter ook 'n wilsbesluit betrokke. Moolman (2006:12) reken dat dit belangrik is om die wilsbesluit te neem dat "...daar wel hoop vir die toekoms is".

- *Verhoudings en vertroosting*

  Volgens Van Niekerk (2008:117) is dit menslik en normaal om troos en bystand van mense naby jou te verwag. 'n Kort besoek van troos, met min woorde, is doeltreffend. Dit gaan oor die kwaliteit van die vertrooster se teenwoordigheid en opregte meelewing. Alle vriende is nie toegerus om te kan vertroos nie. Baie mense voel ongemaklik wanneer intense emosies betrokke is na die afsterwe van 'n geliefde en weet nie wat om te sê nie. In die proses sal hulle van ou, geykte uitdrukkings gebruik maak, wat dalk meer skade kan veroorsaak (De Beer 2007:49; Klopper 2006:Elektroniese bron). Ander vriende sal intellektualiseer en probeer om die situasie te rasionaliseer. Dit sluit uitdrukkings in, soos, "die lewe moet aangaan" of "wees bly vir die tyd wat julle saam gehad het". Sommige sal soos Jobstroosters probeer vertroos. Hulle sal byvoorbeeld sê dat dit erger is om

'n lewensmaat te verloor as om 'n ander familielid te verloor, of dat 'n vrou nooit oor die dood van haar man kom nie. Van Niekerk (2008:119) skryf dat 'n mens in elk geval nooit *oor* pyn kom nie, jy gaan net *daardeur.* Dikwels sal vriende probeer om Bybelse sin aan die verlies te gee, soos "God weet beter" of "sy stryd is nou verby." Mense moet self God se plan en sin vir hulle lewe ontdek. Vriende kan net bydra deur vir hulle te bid en te luister. Die belangrikste is dat 'n vriend net daar moet wees. Dit is nie nodig dat hulle iets spesifiek moet doen of sê nie.

## 6. VERTROOSTING IN DIE OORTUIGING DAT DAAR 'N LEWE HIERNA BESTAAN

In Totius se gedig "Daar is geen dood" sien mens dat die vooruitsig van 'n lewe hierna die indruk wek dat daar geen dood is nie.

*Daar is geen dood.*
*Wat lewe heet, is net die op en neer*
*as ons klein skuitjie al maar daal en klim;*
*en wat ons sterwe noem, is niks nie meer*
*as ons verdwyning op die gindse kim (Totius 1933:56)*

Volgens Van der Walt (2009:Elektroniese bron) word die teologiese studie oor die laaste dinge, die wederkoms en die ewige staat, die *eskatologie* genoem. Dit word deur Heyns (1981:390) soos volg beskryf:

> *Die eskatologie (letterlik: leer oor die laaste dinge) vestig die aandag op die heerlike ontvouing en die finale voltooiing van die werk wat God in die skepping begin en in die herskepping voortgesit het.*

Hy sien dit as 'n belangrike studieveld omdat dit die inhoud van die Christelike hoop is. Die betekenis van die begrippe *eskatologie, hoop, vertroosting, opstanding, wederkoms* en *die lewe hierna* is vervleg. In hierdie studie word dit afsonderlik bespreek om meer duidelikheid te verkry. Die sienswyse, van die betrokke vroue,

omtrent hierdie begrippe is in die beradingsproses van belang om hoop en vertroosting te fasiliteer. "Hoopterapie veronderstel die eksistensiële modi van *verwagting* en *antisipasie"* (Louw 1999a:426). Hierdie *verwagting* en *antisipasie* is op God se beloftes en trou gebaseer. Beloftes is gekoppel aan die opstanding en die Ryk van God en gaan dus oor die voleinding van die skepping wat "...deur die Vader geskep is, deur Christus verlos is en deur die Heilige Gees geheilig word" (Heyns 1981:390). Hoop het dus altyd 'n element van die toekomstige.

Die Skrif is die bron van kennis ten opsigte van God se beloftes oor die toekomstige lewe saam met God. Die eskatologie hou verband met die vraag oor waarheen alles op pad is. Hierdie vraag gaan nie net oor die toekoms nie, maar raak ook die wyse waarop ons elke oomblik leef. "Dit help ons om sin te vind in dit wat ons elke dag doen" (Conradie 2006:14). 'n Persoon se geloof speel 'n rol by die beantwoording van hierdie vraag, wat weer die daaglikse leefwyse, van daardie persoon, beïnvloed. Die godsdienstige konteks waarin die vroue hulleself bevind, sal 'n invloed op hulle oortuigings uitoefen.

Nog 'n vraag ontstaan oor die toekoms van die ontslapene en waarom dit by hoop en vertroosting vir die vroue van belang is. Vir die Christen is God se belofte van die opstanding uit die dood 'n antwoord hierop. Die vroue kan dus hulle hoop daarop bou. Verdere vrae oor wat met die mens gebeur tydens die dood, en of daar werklik 'n lewe hierna is, word ook gevra. Sommige skrywers (Lutzer 2000: 69-72; Bothma 2006:35-37; Burger 2006:17-22; Van der Walt 2009:Elektroniese bron) skryf oor 'n *tussentoestand* waarheen die afgestorwenes gaan. Dit is die staat tussen die dood en die finale opstanding. Niemand is seker waar dit is óf in watter toestand die persoon sal verkeer nie (Conradie 2006:13), maar vir die gelowige is dit seker dat Christus daar sal wees (Bothma 2006:35). Volgens Burger (2006:22) duur hierdie tussentoestand 'n onbepaalde tyd. Hierdie toestand begin wanneer die persoon sterf en duur tot die wederkoms van Christus. In die Ou Testament verwys die Hebreeuse woord *Sjeool* na die ryk van die ontslapenes (doderyk), en in die Nuwe Testament die Griekse woord *Hades* (König 2006:238). Dit gaan egter oor dieselfde begrip van die bestemming hierna. Dit is die wêreld van beide gelowige en ongelowige gestorwenes. Bothma (2006:36-37) skryf dat dit 'n toestand van verwagting is. Hierdie toestand van verwagting behels die weeropstanding van die

liggaam. Daar kan afgelei word dat hierdie slegs 'n tydelike toestand tot die werklike opstanding is. Aangesien hierdie studie nie handel oor die tussentoestand nie, maar wel oor die lewe na die opstanding, word hierdie bespreking oor sodanige toestand nie verder gevoer nie.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat gelowiges van mening is dat 'n persoon na die dood wel nog bestaan. Daar is egter nie sekerheid oor die geestelike liggaam nie, maar dit is seker dat die persoon, wat in Jesus glo, uit die dood na die lewe oorgegaan het. Onmiddellik ontstaan verdere vrae by die vroue oor die lewe na die opstanding uit die dood. Hierdie vrae, wat die vroue konstrueer, vorm deel van hulle verhale en word in taal verbeeld. Volgens die narratiewe benadering is taal die meganisme waarmee verhale oorgedra word. Met die vertelling van verhale is die mens voortdurend besig om sy wêreld te konstrueer (De Beer 2007:17). Taal, in die vertel van stories, is in hierdie ondersoek dan die werktuig waardeur betekenis en begrip aan lewensondervinding gegee word. Volgens Müller (2000:59) kry kliënte se verstaan van hul werklikheid in hulle gebruik van taal gestalte. Die vrae van die vroue word in taal uitgedruk, en in die volgende fragmente van hulle gesprekke word sommige vrae, wat uitgestaan het, aangetoon.

*Janie: Ek glo dat ons eendag sal opstaan uit die dood en weer by mekaar sal wees, maar sal ons mekaar ken? Waar gaan ons wees? Hoe sal ons lewe?*

*Sarie: Dit klink vir my oneindig ver voor ons mekaar weer sal sien. Sal ons almal in die Hemel wees en sal hy nog lief wees vir my? Gaan ons geeste wees? Gaan ons dieselfde persoonlikhede hê?*

*Belinda: Sal hulle onthou wat hier op aarde gebeur het? Wat gaan ons vir mekaar beteken? Gaan ons nog lyk soos nou? Daar is so baie vrae waarop ek graag antwoorde sal wil hê.*

*My stem: Gaan ons mekaar nog liefhê soos hier op aarde? Sal ons weer take hê wat ons moet verrig? Sal ons nog eet, werk en slaap? Hoe gaan ons voel om mekaar weer te sien?*

Die belangrikste vrae waaroor hulle gewonder het, was of hulle mekaar sal herken en hoe hulle in die Hemel sal saamleef. Na aanleiding van hierdie vrae is navorsing oor die onderwerp van die Hemel gedoen, en veral die sienswyses van die vroue betrokke by hierdie navorsing.

## 7. SAMEVATTING

Die navorsing handel oor *eskatologie en promissioterapie* as hoop en vertroosting by vroue wat 'n eggenoot aan die dood afgestaan het. Die begrippe *eskatologie* en *promissioterapie* is aan die orde gestel en die begrippe *hoop* en *vertroosting* is verhelder. Daar is uitgewys dat die begrip *eskatologie* die Christelike aspek beklemtoon. God is met die wêreldgeskiedenis op pad en die opstanding is die keerpunt. Dit gaan oor die heerlikheid van God, met ander woorde oor God se beloftes aangaande die heil van die mens, wat in Christus se kruis en opstanding vervul is. Die eskatologie gaan ook oor die *eintlike,* en nie alleen oor die *uiteindelike* nie. Eskatologie gaan daaroor dat God se beloftes aangaande die heil van die mens in Christus se kruis en opstanding vervul is (Louw 1999a:2).

Die holistiese antropologie van hierdie studie se rol by die eskatologie, is na aanleiding van die *sintetiese, stereometriese* en *perspektiwiese* aspekte bespreek. Dit het duidelik in dié terapeutiese aksente gerealiseer dat eskatologie die persepsie, en promissioterapie die handeling, behels. Promissioterapie vloei uit die eskatologie voort, maar is ook vervleg daarmee. Dit kan verder gestel word dat promissioterapie om die beloftes, wat handel oor die *begin* in die *einde*, met ander woorde oor die eskatologie, gaan. Die belangrike skakeling tussen hierdie konsepte is die oorwinning van die opstanding en die pastorale denke wat hieruit getipeer kan word. Aangesien dit 'n pastorale studie is, word gefokus op wat die Skrif, sowel as ander sienings vanuit die literatuur, sê oor die rol van eskatologie en promissioterapie by hoop en vertroosting.

Die verband tussen eskatologie en geloof is aangeraak en die noodsaaklikheid van 'n eskatologiese perspektief, met betrekking tot *hoop,* is bespreek. Hoop is verbonde aan wat die vroue glo en hoe hulle hul rolle sien. Dit sal hulle persoonlike paradigmas bepaal. Verder loop die impak van die verlies nou met die vertolking

daarvan saam. Dit laat ook die vroue met die keuse of hulle sin in die lewe, om weer voort te gaan, wil vind. Die vraag oor die sin van die lewe kan slegs beantwoord word indien die vroue oor die nodige kennis beskik. Troos lê daarin dat die mens weet waar en deur Wie hy/sy vertroos word. Daar is deurgaans in gedagte gehou dat hierdie 'n narratiewe ondersoek is en daarom is medenavorsers, wat deel is van die ondersoek, betrek en aangehaal. My eie narratief, na die verlies van my man, is tydens gesprekke met die betrokke vrouens in gedagte gehou. Elke vrou se ervaring en hantering van haar verlies is uniek (Mullan, Skaff & Pearlin 2003:233; De Beer 2007:23; Kübler-Ross en Kessler 2005:xi; Bowlby 1979:82). Daarom sal elkeen se eskatologiese siening, met betrekking tot hoop en vertroosting, ook uniek wees.

Die terapeutiese aspek het deur die bespreking van promissioterapie aan bod gekom. Die essensiële lê daarin dat promissioterapie geloofsgroei en geloofsvolwassenheid stimuleer. Dit wek weer hoop. Na aanleiding hiervan is die begrip *hoop* verken en verhelder. Die verband tussen hoop en vertroosting is vervolgens bespreek, met spesifieke aandag aan die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese rol. Volgende het vertroosting, in die oortuiging dat daar 'n lewe hierna bestaan, die aandag op vrae van die betrokke vroue oor die lewe hierna gevestig.

Hoofstuk 4 handel oor die betekenis van die begrip *rou,* aangesien kennis van die rouproses nodig is om hoop en vertroosting te fasiliteer. Die betekenis van die begrip *verlies* word aan die begrip van rou gekoppel, en derhalwe is dit nodig om beide konsepte aan die orde te stel. Die begrippe is so uitgebreid dat dit nodig is om dit af te baken en verder te verduidelik.

Die narratiewe benadering word verhelder in 'n poging om die verband met eskatologie en promissioterapie aan te dui. Die diskoers oor hoop en vertroosting het, in die oortuiging dat daar 'n lewe hierna bestaan, die aandag op vrae van die medenavorsers oor die lewe hierna gevestig. Gespreksgenote se voorstelling van die lewe hierna word deur hul persepsie van die hemel verbeeld. Moontlike betekenisse van die hemel word ondersoek en verhelder deur die vroue se vrae op 'n sirkulêre trant aan die orde te stel. Die narratiewe aksent word deur die sirkulêre benadering van die gespreksgenote se vrae beklemtoon. Die aard van hierdie

diskoers aksentueer 'n kringloop, eerder as 'n lineêre voortgang. Die uitbeelding word, na aanleiding van inligting uit die Skrif, literatuur en die gespreksgenote se beskouing gedoen.

# HOOFSTUK 4

# BEGRIPSOMSKRYWING VAN DIE ROUPROSES, NARRATIEWE TERAPIE, DIE LEWE HIERNA EN DIE VERBAND MET HOOP EN VERTROOSTING

## 1. NA AANLEIDING VAN...

Skakels vyf en ses van die navorsingsketting het in die vorige hoofstuk die begrippe eskatologie en promissioterapie voorgestel. Die begrippe *eskatologie* en *promissioterapie* is aan die orde gestel, en die begrippe *hoop* en *vertroosting* is verhelder. Eskatologie beklemtoon die Christelike aspek en gaan oor die *eintlike,* en nie alleen oor die *uiteindelike* nie. Dit gaan daaroor dat God se beloftes aangaande die heil van die mens in Christus se kruis en opstanding vervul is (Louw 1999a:2). Dit is uitgewys dat eskatologie die persepsie, en promissioterapie die handeling, behels. Promissioterapie vloei voort uit die eskatologie, maar is ook vervleg daarmee. Dit kan verder gestel word dat promissioterapie om die beloftes, wat handel oor die *begin* in die *einde*, met ander woorde oor die eskatologie, gaan.

In hierdie hoofstuk word skakels sewe en agt uitgebeeld. Die sewende skakel behels 'n bespreking van die rouproses, aangesien dit relevant vir hierdie studie is. Kennis van die rouproses is nodig om die gespreksgenoot in 'n terapeutiese situasie te ondersteun en om hoop en vertroosting te fasiliteer. Rou word aan die begrip van verlies gekoppel (Van Niekerk 2002:18) en derhalwe is dit nodig om eerstens die konsep van verlies aan die orde te stel. Die begrippe is so omvangryk dat dit nodig is om dit te begrens en verder te verhelder.

Die narratiewe benadering word verduidelik en daar word gepoog om die verband met eskatologie en promissioterapie aan te dui. "The narrative approach has made the discovery that people do not tell stories only for interest's sake or for entertainment, but that life's grain is exposed through these stories" (Müller 2009c:Elektroniese bron). Skakel agt behels 'n bespreking van hoop en vertroosting, asook vrae van gespreksgenote.

Die diskoers oor hoop en vertroosting het, in die oortuiging dat daar 'n lewe hierna bestaan, die aandag op vrae van die medenavorsers oor die lewe hierna gevestig. Gespreksgenote se voorstelling van die lewe hierna word verbeeld deur hulle siening van die hemel. Moontlike betekenisse van die hemel word ondersoek en verhelder, deur die vroue se vrae op 'n sirkulêre trant aan die orde te stel.

## 2. VERLIES

'n Persoon wat self verlies beleef het, kan meelewend die volgende treffende woorde van Totius, uit sy gedig "Ek het gesoek," begryp.

*Ek het gesoek, orals gesoek,*
*en in die leegte ingetas*
- *net soos 'n blinde – op elke plek...(Totius 1933:20)*

Die lewe is 'n aanhoudende reeks skeidings en verliese, van kleiner en groter omvang. Verlies is die universele krisis, wat nie net by die dood van 'n geliefde beleef word nie, maar wat almal een of ander tyd raak. Volgens Collins (2005:402) sluit sommige verliese wat ondervind word onder andere egskeiding, verlies van gesondheid, verlies van 'n persoon se jeugdige voorkoms, en verlies van selfvertroue of entoesiasme, in. Die twee soorte verliese wat deur Van Niekerk (2002:18) aangehaal word, behels tasbare verliese, soos die verlies van 'n lewensmaat, en simboliese verliese, wat abstrak en die gevolg van menslike interaksie is. Die simboliese verliese is byvoorbeeld egskeiding, verlies van vriendskap of verlies van status nadat 'n persoon sy/haar werk verloor het. Smith (2002:50) is van mening dat "...die aard en inhoud van verlies nie so maklik vasgepen kan word nie, aangesien verlies eenvoudig in te veel vorme kan manifesteer." De Beer (2007:22) stel die effek van verlies soos volg : "Verlies het 'n invloed op mense se normale lewensfunksionering en raak die sekuriteit en veilige lewensdomein van mense aan." In hierdie navorsingsprojek word die konsep *verlies* met die diskoers oor die sterwe van 'n eggenoot gevul.

Die navorser besef dat 'n persoonlike vertrekpunt oor die vertolking van verlies 'n rol by die interpretasie daarvan sal speel. Daar sal egter gepoog word om die wyse

waarop dit hierdie navorsing kan beïnvloed deurgaans in gedagte te hou. Die verhalende aspek van die gebeurtenis hou verband met die narratiewe benadering en is dus relevant vir hierdie studie. Vervolgens wil ek na my persoonlike ervaring verwys:

> *Die oggend van die 11de September 2007 het net soos enige ander oggend verloop. Ek het op die rekenaar gewerk en sou later saam met my man Kroonstad toe gaan. Hy moes net gou gaan vorms invul by die koöperasie op Ventersburg. Toe een van die plaasboere wat naby ons woon my skakel en vertel dat my man in 'n noodlottige ongeluk betrokke was, kon ek dit nie glo nie.*

Ek was geskok en het 'n gevoel van onwerklikheid ervaar. *Hy het dan 'n tydjie gelede die huis gesond en vrolik verlaat.* Ek kon aanklank vind by Totius se woorde in sy gedig "Ag, sy het nie gesterwe," wat sy belewenis na die skielike dood van sy dogtertjie, sprekend beskryf.

*...geen siekte en lange lyding*
*geen uur van voorbereiding,*
*geen dokter met die tyding;...(Totius 1933:18)*

As Christen het ek besef dat gebed en die Bybel my geloof sal veranker en het aan God se beloftes oor die opstanding en 'n lewe hierna vasgehou. Ek het geweet dat God alleen my kan vertroos. Met die kennis wat ek in my studies oor rousmart opgedoen het, was ek bewus van die moontlike emosies wat ek sal ervaar. Die intense gevoelens, wat ek na die traumatiese ervaring beleef het, het my egter laat besef dat daar niks is wat die emosionele pyn van die verlies kan verdoof nie. Om verlies te ervaar en hanteer is onvermydelik deel van menswees. Hierdie pyn rondom verlies kan ook positiewe en konstruktiewe uitkomste hê. Kübler-Ross reken dat die dood nie noodwendig katastrofies en destruktief is nie; "...indeed it can be viewed as one of the most constructive, positive and creative elements of culture and life" (Kübler-Ross 1975:2). Die positiewe uitkoms van my persoonlike belewenis het daartoe bygedra dat ek met empatie die pad saam met my gespreksgenote kon

stap. Empatiese verstaan en aanvaarding beteken, volgens Capps (1980:68), om in die kliënt se eie waarnemingsveld in te kom.

Verlies bly 'n traumatiese verskynsel en hantering daarvan sal baie vlakke van die menslike funksionering raak. Volgens Van Niekerk (2002:16-17) raak dit die volgende vier dimensies: sielkundig, sosiaal, fisiek en geestelik. Die sielkundige dimensie behels emosionele reaksies, gedagtes en basiese gesindhede, die sosiale aspek omvat die mens se gedrag tussen, en interaksie met, mense. Die fisieke raak die mens se algemene gesondheid aan, en die geestelike betrek 'n persoon se geloofsverhouding met God. Sommige verliese kan uiteindelik geleenthede vir persoonlike en spirituele groei bied (De Beer 2007:23). Verlies, wat in die hede ervaar word, het dus ook 'n toekomstige faset. Dit het my laat nadink oor die begrip *eskatologie* waaraan ek die belofte van opstanding en 'n lewe hierna gekoppel het. Aangesien hierdie navorsing oor die betrokkenheid by die persone wat verlies ervaar handel, was die terapeutiese aspek ook ter sake. Derhalwe sou daar ook oor *promissioterapie* besin word. Dit het my laat wonder oor eskatologie en promissioterapie, asook oor die hoop en vertroosting wat dit ander vroue, wat hulle eggenote verloor het, kan bied.

Verlies omvat egter 'n verdere dimensie, wat ervaar word as gevolg van veranderinge wat plaasvind ná die dood van 'n geliefde. Van Niekerk (2002:20) sien dit as "simboliese" verliese by die dood van 'n geliefde. Dit kan as sekondêre verliese gesien word. Dit blyk ook duidelik uit die volgende fragmente van gesprekke met die vroue.

> *Janie: Dit was vir my baie moeilik om al die veranderinge te hanteer terwyl ek nog so hartseer was. Niks was meer dieselfde nie, ek moes onmiddellik begin reëlings tref om na 'n ander woonplek te verhuis. As iets fout gegaan het of gebreek het, was dit asof ek net weer van vooraf wou huil.*

> *Sarie: Die feit dat ek sy klere en persoonlike besittings moes uitdeel en weggee het vir my verdere pyn veroorsaak. Ek moes afstand doen van besittings wat vir ons sentimentele waarde gehad het.*

*Belinda: Die gemis aan hom was vir my baie erg. Sy stoel waarin hy gesit het, sy plek aan die tafel en sy plek in die bed was leeg. Dit was asof ek nog steeds elke dag afskeid neem. Die lewe was net anders. Ek kon nie meer spontaan kuier by gesamentlike vriende nie, aangesien die mans nie meer geselskap gehad het nie.*

*My stem: Daar was so baie reëlings om te tref. Alles wat hy normaalweg hanteer het, moes ek oorneem. Daar was nie meer iemand wat die praktiese probleme kon hanteer nie. Dit was asof ek aanmekaar nog steeds verliese ervaar.*

Die normale funksionering van die persoon is versteur. Emosies soos skuld, spyt, woede, verlange, wanhoop, depressie, eensaamheid, disoriëntasie, verlies van duidelike identiteit en fisiese simptome wat ervaar word, kan daartoe bydra (Clinebell 1987:221; Kübler-Ross & Kessler 2005:11). 'n Persoon wat verlies ervaar, ervaar dus ook disekwilibrium (De Beer 2007:23). Sekere *take van rou* moet eers afgehandel word ten einde die balans te herstel (Crenshaw 1991:20). Balans impliseer, volgens Ortberg (2002:191), dat die mens probeer om die lewe meer hanteerbaar, geriefliker en aangenamer te maak. Die take van rou word net kortliks bespreek omdat dit moontlik afgehandel word ná die tydperk van 'n jaar na die dood van 'n eggenoot (soos gestel by die probleemafbakening in hoofstuk 1). Die moontlikheid bestaan dus dat die take nie hanteer sal word in die tydperk gestel in die probleemomskrywing van die navorsing nie. Hierdie aspek word voorts, onder die subhoof *Take van rou,* verhelder. In sommige gevalle kan dit egter relevant wees en daarom het die navorser dit nodig geag om dit soos volg te skets:

- *Take van rou*

Indien die rouproses nie plaavind nie, kan verdriet nie genees nie (De Beer 2007:25). Rou is 'n belangrike taak wat afgehandel moet word. Die take van rou, en die gevolge daarvan, hou verband met die verskillende fases waardeur die persoon in die rouproses beweeg. Die fases van rou kom later in die hoofstuk aan bod. By normale verloop van die treurtake neem die intensiteit van die gevoelens geleidelik af. Worden (1993:25) voer aan dat die rouproses voltooi of

beëindig is sodra die treurtake afgehandel is, en dit verskil van individu tot individu. Dit is duidelik dat die tydperk van rou wissel, maar dat dit aan die afhandeling van sekere treurtake gekoppel word. Van Niekerk (2002:40-43) identifiseer die volgende vier treurtake: aanvaarding van die feit van die verlies; die ervaring van die intense pyn van treur; aanpassing by 'n situasie waarin die plek van die geliefde leeg is en geleidelike onttrekking van emosionele energie vir herbelegging in ander verhoudings. Volgens die siening van Clinebell (1987:221) is daar die volgende vyf rou-werktake.

- Die persoon ondervind skok, gevoelloosheid, ontkenning en stadigaan aanvaarding van die realiteit van die verlies.
- Die persoon beleef, gee uitdrukking aan en werk pynlike gevoelens deur. Dit behels gevoelens soos skuld, spyt, apatie, woede, wrewel, verlange, wanhoop, leegheid, depressie, eensaamheid, paniek, disoriëntasie, verlies van duidelike identiteit en fisiese simptome.
- Die persoon ondervind 'n geleidelike aanvaarding van die verlies en begin die lewe saamvat (minus dit wat verloor is), besluite te neem en die nuwe realiteit te hanteer. Daar is 'n proses waarin ou maniere om behoeftes te bevredig afgeleer word, en nuwe maniere aangeleer word. Die persoon sê totsiens en herbelê in lewensenergie en ander verhoudings.
- Die persoon plaas die verlies wat ondervind word in 'n breër konteks van betekenis en geloof – leer deur die verlies.
- Die persoon begin om uit te reik na ander wat dieselfde soort verlies ondervind het (vir wedersydse hulp).

Behalwe vir die eerste twee, vind hierdie rou-werktake nie noodwendig in volgorde plaas nie.

Die rouproses moet deurloop word, aangesien "If we fail to mourn, the grief is likely to be expressed in a delayed or distorted form" (Crenshaw 1991:39). Ongeneesde rou lei tot die inhibering van verdere persoonlike groei en ontwikkeling en kan lei tot latere gemoedsversteurings. Hierdie studie handel oor die ongekompliseerde rouproses, maar dit is egter nodig om kennis te neem van abnormale roureaksies. Sulke verskynsels mag ook in die praktyk voorkom en

word later in die hoofstuk meer breedvoerig bespreek. Hoop en vertroosting kan bydra om die rouproses te verwerk en sodoende sinvol met die lewe aan te gaan.

## 3. OM TE TREUR

Relevante teologiese materiaal, rondom die tema van rou vir pastorale terapie, word bespreek. "Rou kan gesien word as die determinant van die smart wat ondervind word" (De Beer 2007:23). Metafories kan rousmart vergelyk word met die gevoelens van 'n kruisweg wat Totius ervaar het. Dit word poëties in die volgende fragment uit sy gedig "O die pyn-gedagte" weerspieël.

*Die dae kom en die nagte gaan;*
*die skadu's word lank en weer kort;*
*die drywerstem van my werk weerklink,*
*en ek gaan op my kruisweg vort (Totius 1933:21-22)*

Rou verskil in vorm, intensiteit en duur omdat verlies nie 'n eenvormige ondervinding is nie (Mullan, Skaff & Pearlin 2003:233). Daar is nie konsensus oor die verskeidenheid van emosies wat verdriet behels nie. Verdriet skakel met die rouproses en daar word tussen verdriet en rou onderskei (Worden 1993:31). Verdriet gaan oor die fisiese aspek en rou oor die proses wat volg. Neimeyer (2001:4) plaas verdriet in 'n betekenisgewende raamwerk. Deur konsekwente rekonstruksie van sin en betekenis in die konteks van 'n persoon se lewe, speel die terapeut 'n aktiewe rol in die fasilitering van die rouproses (Hagman 2001:25). Die terapeut kan geleenthede skep vir rou waartydens "...mourning has to be an ongoing transformative process that aims for the reorganization of survivors' *sense of self*" (Botha 2007:399). Alhoewel dit moeilik is, moet betekenis in die gebeure gevind word.

Die waarde, wat aan elke konteks van verlies verleen word, verskil van mekaar (Smith 2002:50). Volgens die postmoderne betekenis-rekonstruksie benadering, moet die uniekheid van elke rou-ondervinding erken word (Botha 2007:404). Hantering van verlies van 'n eggenoot verskil dus volgens die uniekheid en konteks van elke vrou. "Die konteks bepaal dus die dinamiek van verlies en rou" (De Beer

2007 :22). Becvar (2001:29) sê 'n mens moet sensitief bly vir die unieke maniere waarop individue in 'n gegewe konteks die verskynsel van dood beleef. Volgens Smith (2002:181) mag absolute uitsprake, wat die rouproses in die wiele kan ry, nie gemaak word nie. Elke vrou ervaar en verwerk haar omstandighede op haar unieke manier. In hierdie navorsing vertel elke gespreksgenoot haar eie verhaal van rou, soos sy dit op haar eie unieke manier ervaar het. Die narratief van elke gespreksgenoot is 'n manier om voorvalle, aksies en verhale in tyd en ruimte te organiseer (Sarbin 1986:6;9). Hierdie stories bestaan uit gebeure, wat aan 'n volgorde, oor 'n tydsbestek gekoppel is. Die storie wat geleef, gedink en gekonstrueer word, word ook beleef (Putter 2005:20).

Begrip vir die gevoelens van die medenavorsers rondom die rouproses is nodig. Hierdie emosies kan moontlik beter verstaan word teen 'n teoretiese agtergrond van die konsep *rousmart.* Die konsep van rousmart kom dus eerstens vir interpretasie aan bod. Die begrippe rou en smart word gekoppel omdat dit dui op die intense emosie wat ervaar word wanneer 'n persoon rou oor 'n geliefde wat aan die dood afgestaan is. Dit kom vervolgens as 'n saamgestelde begrip aan bod.

➢ *Rousmart*

Volgens Van der Merwe (2002:5) is rou die *emosie* wat beleef word en *smart* die pynlike ontroering van die gemoed. Vir hierdie studie word rousmart teen die agtergrond van die verlies van 'n eggenoot gesien, alhoewel enige vorm van verlies 'n rousmartsituasie kan laat ontstaan (Collins 2005:402; Smith 2002 :48). Hierdie navorsing beklemtoon dus rousmart wat ondervind word na die afsterwe van 'n huweliksmaat. In die belewenis daarvan kan met Totius geïdentifiseer word, wat in sy rousmart gevoel het asof die lig uit sy lewe verdwyn het. Die woorde uit sy gedig "Ek wou so graag 'n liggie sien" spreek daarvan.

*...en dis weer orals aaklig swart;*
*ek gaan na bed, moeg van die soek*
*en moeg van peins, met net die lamp*
*van my gelofie in my hart (Totius 1933:35).*

Rousmart is 'n normale respons op die verlies van 'n betekenisvolle persoon. Die begrip *rousmart* dui op smart wat ondervind word na die afsterwe van 'n geliefde (Van der Merwe 2002:5). Rousmart is universeel, maar die wyse waarop ons rousmart hanteer, is uniek en persoonlik (De Beer 2007:26). Daar is dus nie 'n korrekte manier of tyd om te rou nie (Kübler-Ross en Kessler 2005:xi).

Die konteks van die vroue speel 'n rol in hulle ervaring van rou. Bepaalde opvattings, gebruike, ideale, norme, waardes, praktyke, tradisies, kultuur en godsdiens van die individu en sy/haar groep hou verband met rousmart (De Klerk 1972:144). Die reaksies in rousmart is nóú verbonde aan die lewens- en wêreldbeskouing van die individu en sy/haar groep (De Beer 2007:27). Verdriet is 'n persoonlike saak en daarom sal met individuele verskille by rousmart ook deeglik rekening gehou moet word. Die duur van die rouproses gaan ook van persoon tot persoon verskil (Bowlby 1979:82). Rousmart gaan dus oor die pynlike emosies, wat die gedrag van die vroue, tydens die rouproses, tot heraanpassing motiveer.

Die rouproses is 'n natuurlike respons by mense na die dood van 'n geliefde en in hierdie proses kom bepaalde fases voor (Kübler-Ross & Kessler 2005:7-25). In die proses van verstaan is dit belangrik om ook op die fases van die rouproses te let en derhalwe word dit vervolgens bespreek.

- *Fases van Rou*

Rou kan gesien word as 'n proses waarin daar afskeid van 'n geliefde geneem word. Hierdie proses is pynlik en kan voel soos Totius dit vervolgens in sy gedig "Die Godsbesluit," stel:

*...En steek ek dan my hande uit*
*na U besluit,*
*dan gryp ek in die dorings vas (Totius 1933:38).*

Verder behels dit die losmaak van bande wat die bedroefde aan die oorledene verbind, sowel as die verwerking van verlies (De Beer 2007:24). Die verloop van

rou kan in fases beskryf word (Bowlby 1979:81-89; Bowlby-West 1983:283; Parkes 1996:7,30; Van Niekerk 2002:26; Retief 2005:139; Kübler-Ross & Kessler 2005: 7-24). Hierdie skrywers stem ook saam dat hierdie fases ineenvloei, nie reglynig is nie, en dat daar voortdurende wisselwerking tussen hierdie fases is. Elizabeth Kübler-Ross het baanbrekerswerk gedoen in die identifisering van vyf fases van die rouproses en daarom word hierdie fases as basis vir hierdie navorsing gebruik. Die fases, soos deur Kübler-Ross & Kessler (2005:7-25) geïdentifiseer word, behels *ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding*. Elkeen van hierdie fases word kortliks verhelder.

Fragmente uit Totius se gedigte dui daarop dat hy ook, in die belewenis van verlies, deur hierdie fases beweeg het;

- *Ontkenning* is die reaksie op die skok en deur dit te ontken word die persoon stadiger (en meer hanteerbaar) bewus van die realiteit. Dit blyk ook uit Totius se woord in sy gedig "Ek het gesoek."

  *...die skietgedagte in my : „Miskien!"*
  *Hul kom van daar . . . Laat my maar vra.*
  *„Het julle haar nie dalk gesien? (Totius 1933:20)*

  Dit beteken nie dat jy letterlik ontken of nie weet dat jou geliefde dood is nie. Dit gaan daaroor dat "...the denial is more symbolic than literal" (Kübler-Ross & Kessler 2005:8).

- Dikwels volg *woede* oor die onregverdigheid van die trauma na die ontkenning. Hierdie emosie word in Totius se gedig "Die Godsbesluit" weerspieël.

  *... En wil ek in die blare gryp*
  *of aan die takke breek,*
  *dan tas ek in 'n doringnes*
  *wat vreeslik haak en steek (Totius 1933:38).*

Dit kan op baie maniere presipiteer en hoef nie logies of geldig te wees nie (Kübler-Ross & Kessler 2005:11).

- In gevalle van siekte kan 'n *onderhandelingsfase* volg waarin beloftes aan God gemaak word indien Hy jou geliefde sal spaar. Totius se woorde in sy gedig "Gedurende sy siekte" spreek daarvan dat hy ook die lyding van sy seuntjie belewe het. Hy stel dit nie so duidelik nie, maar hy het heelwaarskynlik ook deur die onderhandelingsfase beweeg.

*Laat my nie slaap terwyl hy ly;*
*want as ek slaap, sal ek vergeet;*
*en o, as uit die dromedom,*
*vir wie dán wegslaap uit die tyd,*
*die weerontwaking skielik kom*
*van môrestond en werklikheid!...(Totius 1933:13)*

Skuldgevoelens is dikwels die metgesel van onderhandeling. In die proses "We remain in the past, trying to negotiate our way out of the hurt" (Kübler-Ross & Kessler 2005:17).

- Na hierdie fase kan die persoon in gevoelens van hopeloosheid en *depressie* verval. Die volgende woorde van Totius in sy gedig "Eensaamheid" skep die indruk dat hy ook depressie ervaar het.

*Net soos 'n skaap wat siek is, dwaal*
*en uit die kudde, stil aan't wei,*
*verlate alleen wil agterbly –*
*so dwaal ek weg en wil my gees*
*in eensaamheid gekoester wees (Totius 1933:66).*

Rou betree 'n dieper dimensie in die lewe van die bedroefde. "We withdraw from life, left in a fog of intense sadness..." (Kübler-Ross & Kessler 2005:20).

- Daarna volg *aanvaarding*, wat die fase behels wanneer die persoon verlies aanvaar, sin daaruit maak en voortgaan met die lewe. Aanvaarding kan uiteindelik as 'n daaglikse uitleef van die heil in Jesus Christus, wat midde-in rou gerealiseer het, gesien word (De Beer 2007:24). Totius se gedig "Geloof" beeld dit uit.

*Tóg leef ons voort, gewis en vas,*
*al het ons ook geen oogbewys;*
*tog seil ons voort op ons kompas:*
*die kusland sál ons oog verras*
*as't uit die golwe oplaas verrys (Totius 1933:54).*

Aanvaarding moet nie verwar word met die idee dat alles nou reg is, of dat wat gebeur het goed is nie. Dit gaan oor "...accepting the reality that our loved one is physically gone and recognizing that this new reality is the permanent reality" (Kübler-Ross & Kessler 2005:25).

'n Persoon kan heen en weer tussen die fases beweeg. Daar moet in gedagte gehou word dat, ten spyte van vordering in die fases, daar tye kom wanneer verdriet oor die verlies weer op die voorgrond is. Dit moet dan weer deurgewerk word. Dit stem ooreen met Du Toit (2003:28) wanneer hy sê "rou verloop nie op 'n kontinue lyn nie."

Die fases van rou is slegs instrumente, wat ons help om te identifiseer wat ons *mag* voel. "They are responses to loss that many people have, but there is not a typical response to loss, as there is no typical loss" (Kübler-Ross & Kessler 2005:7). Rou is net so individueel as elke gespreksgenoot en almal gaan nie in die voorgeskrewe volgorde daardeur nie. Smith (2002:77) verkies om eerder van die *momente* van die rouproses te praat, aangesien die term fases die indruk van 'n kategoriese indeling van die rousmart belewenis mag skep. Dit impliseer dat elke gebeurtenis in die rouproses nie as vasstaande of berekende gebeure geïnterpreteer behoort te word nie, maar eerder van moment tot moment. Die moment dui die hele proses aan, maar verwys ook na die oomblik van die gebeurtenis in die proses self.

Louw (2005b:107-108) gee erkenning aan Kübler-Ross se faseteorie, maar stel die volgende fases voor:

- Die vermoede fase – die persoon antisipeer die moontlikheid van 'n verlies;
- Fase van skok en ontnugtering – persoon voel asof dit onmoontlik is;
- Ontkenning – die persoon soek na ander moontlike verklarings met die hoop dat die ervaring self as onwerklik bevestig sal word;
- Raap-en-skraap – poging om energie bymekaar te maak om die krisis te kan hanteer;
- Frustrasie en woede – woede word na binne en buite gerig om eksterne oorsake te vind wat vir die krisis blameer kan word;
- Onderhandeling – 'n soeke na alternatiewe en moontlike oplossings;
- Hulpeloosheid – persoon is oorweldig deur die gebeure en gee oor aan passiwiteit (depressie);
- Oorgawe – wanneer 'n persoon besef dat die krisis aanvaar moet word. Dit kan dui op 'n "...proses van verwerking en die soeke na sin in die gebeure" (Louw 2005b:108);
- Groei – die proses van heroriëntasie, wat die krisis gebruik om nuwe doelwitte te stel en ander perspektiewe te ontwikkel.

Daar is eenstemmigheid dat wanneer van 'n faseteorie gebruik gemaak word, dit onthou moet word "... dat fases nie linieêr op mekaar volg nie, maar veeleer as 'n sirkulêre proses beskou word waarin fases deurmekaar voorkom en mekaar afwissel" (Louw 2005b:107).

Kübler-Ross het sekere moontlike reaksies by die fases van rou geïnkorporeer. Moontlike reaksies wat in 'n krisis kan volg word, volgens Louw (2005b:104) in twee groepe van gedrag verdeel. Die een groep verwys na ontoepaslike gedrag en die ander na toepaslike gedrag. Ontoepaslike gedrag kan regressie, disoriëntasie, verwarring en disintegrasie skep, wat kan veroorsaak dat alle sin en belangstelling in die lewe verloor word. Toepaslike gedrag dui op volwassenheid en verantwoordelikheid, onafhanklik van die pyn, smart en lyding wat die krisis veroorsaak het.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die rouproses nie altyd 'n normale gang het nie, en dat moontlike patologiese gedrag kan ontstaan. Voorts volg 'n bespreking van sodanige rou.

- *Onverwerkte rou*

Volgens Jackson (1957:182) is normale verdriet en angs duidelik verskillend "...as they relate to the reality factor." In die meeste gevalle het rousmart ervarings 'n gewone verloop, alhoewel onverwerkte roureaksies kan voorkom (De Klerk 1972:147). Wanneer buitengewone optrede waargeneem word kan dit moontlik op onverwerkte roureaksies dui (Oates 1997:23). Wanneer verdriet "...ontken word, vertraag word, nimmereindigend is, of verdraai word" (Collins 2005:411) kan dit dui op moontlike onverwerkte rou. Van Niekerk (2002:45;46) reken dat sodanige reaksies as *rooi ligte*, van moontlike onverwerkte rou, gesien kan word. Volgens hom moet op sekere simptome, soos te veel of te min huil, onnatuurlike maniese opgeruimdheid, oormatige nikotien- of alkoholgebruik, afbreek van alle kommunikasie, oorweldigende treurreaksies dieselfde tyd elke jaar (byvoorbeeld verjaardae) en hallusinasies, gelet word. Ander skrywers (Bowlby 1980; Worden 1993; Sizook 1987; Smith 2002), wat hiermee saamstem, reken ook dat verskeie ander toestande soos angs, depressie, histerie en meer as een tipe persoonlikheidsversteuring ook moontlik 'n uitdrukking van 'n patologiese rouproses kan wees. Volgens die *American Psychiatric Association* (DSM-IV 1994:299) is die volgende simptome kenmerkend van 'n abnormale roureaksie:

- Skuldgevoelens oor aangeleenthede wat nie handel oor aksies, wat deur die oorlewende tydens die dood van 'n persoon geneem/nie geneem is nie;
- Gedagtes dat dit beter sou wees om ook dood te wees, of eerder saam moes gesterf het;
- Morbiede besorgdheid met betekenisloosheid;
- Opmerklike psigomotoriese versteuring;
- Verlengde en opvallende funksionele aantasting;
- Hallusinasies, wat nie gaan oor gedagtes dat dit moontlik die stem of beeld van die oorledene is nie.

Persone, wat aanhoudend verdriet ervaar of aanhoudend probeer om 'n verwantskap met die oorledene te onderhou, voldoen aan die kriteria van onverwerkte rou. Volgens De Beer (2007:26) is dit belangrik om sulke reaksies vroegtydig waar te neem sodat die persoon na gespesialiseerde hulp verwys kan word. Kundige berading, in die vroeë stadium van sulke wanaangepaste response, mag bydra dat patologiese rou genees kan word (Clinebell 1987:227). In gevalle waar 'n gespreksgenoot verwys word, beteken dit nie noodwendig dat die pastoraal-terapeutiese verhouding beëindig word nie. Die pastorale berading kan tegelykertyd, of ná die verwysing, voortgaan.

Die betekenis van rou vir die vroue word metafories in hulle verhale ontsluit. Dit kan gesê word dat mense in en deur stories leef en bestaan. Volgens Botha (2003:75) staan lewe en storie rekursief in verhouding tot mekaar. Totius se gedigte is 'n passievolle uitdrukking van sy gemoed en dit word in die verwoording van sy gedagtes en emosies, asook die uitbeelding van sy verhaal van rou, weerspieël. Daagliks konstrueer en leef 'n mens stories, en hierdie stories help mense om tot begrip te kom. Die mens dink, neem waar, bedink en maak morele keuses volgens narratiewe strukture (De Beer 2007: 33). Narratiewe is die lewe self, wat deur die mens geleef word (Smith 2002:179). Dit kan dus gesê word dat die narratiewe benadering verband hou met die interpretasie van rou, aangesien die belewenis van rou deur middel van verhale gekonstrueer, en deur taal oorgedra, word.

Voorts word die narratiewe benadering aan die orde gestel. Betekenis word deur taal geskep, maar ook nie deur taal alleen nie. Die wyse waarop taal in 'n diskoers of gesprekswyse aangewend word, maak dit deel van die realiteit.

## 4. VERHALENDE BENADERING

Die narratiewe benadering gaan oor meer as net verhale. Dit is nie slegs 'n analise van verhale nie. Die lewe is 'n reis, wat apart sowel as kollektief gereis word. 'n Persoon vertrek vanaf 'n plek en is op pad iewers heen. "We have a past and a future and with our stories we try to link these two - our past and our future - with each other" (Müller 2009c:Elektroniese bron). Hy skryf verder dat die verlede en die

toekoms uitbreidings van die hede is – die *steeds-teenwoordige* en die *alreeds-teenwoordige*. Die verlede en die toekoms verbind om 'n spanningsvolle en kragtige *hede* te vorm. Dit behels stories wat onthou word en wat die teenswoordige realiteit inlig. Die deel van 'n verledeverhaal is dieselfde as 'n poging om die toekoms te konstrueer. Die lewe word gekonstrueer met stories. Die stories, wat in die geheue gestoor is, vorm die raamwerk van pogings om sin in die lewe te vind. Dit dra ook by tot die benadering van 'n persoon se toekoms. Volgens Müller (2000:9) word die toekoms die *reeds-teenwoordige* en die verlede word die *steeds-teenwoordige* in die verhale wat vertel word. Stories is dus nie slegs maniere om die lewe te beskryf nie. Dit is meer as eenvoudige beskrywings van die lewe en gee gestalte aan die lewe. Die lewe word daarvolgens ingerig. Dit bied vashouplekke in die oorbrugging na die toekoms. Dieselfde sienswyse word deur ander skrywers (Putter 2005:20; White 1991:28; Freedman & Combs 1996:101) gehuldig, wat die mening toegedaan is dat stories nie bloot lewensverhale vertel nie, maar mense help om hulle lewens te organiseer.

Die narratiewe benadering is 'n benadering wat mense, met respek en nie-veroordelend, as die kundiges in hul eie lewens sien (Morgan 2000:2). Om die narratiewe benadering te probeer verstaan, stel Freedman en Combs (1996:32) dit soos volg: "We live through stories. We are lived by the stories of our race and place." Putter (2005:40) reken dat die narratiewe benadering voorstel dat daar met subjektiewe integriteit navorsing gedoen moet word. Dit word nie as bron van inligting gebruik om 'n persoon volgens 'n spesifieke metode te verander nie (Senekal 2005:72). Dit handel vir Müller (2000:55) eerder oor die verstaan en beskrywing van die werklikheid, maar hy stem saam dat die narratiewe benadering nie 'n metode is nie, aangesien dit nie wil voorgee asof dit maklike oplossings bied nie. Die storie word slegs herïnterpreteer en herstruktureer. Deur dit herhaaldelik te doen vind verandering plaas en kan die vroue weer hulle eie bestaan as betekenisvol beleef. Putter (2005:20) sê dat stories ons help om sin aan ons bestaan te gee.

Die narratiewe benadering kan as deel van 'n postmoderne metodiek om tot betekenis te kom gesien word (Bezuidenhout 2005:189). Volgens White (2000:62-63;127) hou narratiewe benaderings vernaamlik verband met postmodernistiese

epistemologie. Die postmoderne era is relevant, aangesien die narratiewe benadering veral gekenmerk word dat "...daar nie iets soos objektiwiteit is nie, maar dat betekenis deur die sosiale konstruksie geskep word" (Putter 2005:20). Die konstruktivistiese Tweede Orde Kubernetiek, is vervang met 'n *sosiaal-konstruksionistiese* siening, of Derde Orde Kubernetiek.

Die klem het verskuif van die senuweestelsel na die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur, asook die hermeneutiese tradisie van teksinterpretasie (Müller 2009b:Elektroniese bron). Dit fokus op kennis as 'n funksie van gemeenskaplike, tekstuele interpretasie. Dit is duidelik dat taal in hierdie benadering 'n sleutelfunksie vervul. Taal en semantiek word die manier waarop betekenisse toegeken en gedeel word. Betekenisoordraging geskied deur middel van taal. Gevolglik word gepraat van die "act of languaging" en die "act of storying" (Becvar & Becvar 1996:92). Die "act of languaging" lei weer onafwendbaar na die "act of storying". Janse van Rensburg (2000:6) skryf dat die oorsprong van postmoderne begrippe in taalfilosofie gesoek moet word. Taal is die meganisme waardeur die vroue hulle vertolking van die lewe bewoord. "If the modernist is an engineer guided by the laws of science, the postmodernist is a storyteller inspired by imagination" (Paré 1995:7). Taal word ook gebruik om die narratief oor te dra en kan as 'n interaktiewe proses gesien word, waarvolgens uitdrukking aan probleemsituasies gegee kan word (De Beer 2007:32). Volgens Putter (2005:21) konstrueer die mens realiteite, kennis of waardesisteme deur middel van taal. 'n Taalspel, wat as narratiewe gesien kan word, ontwikkel uit die konstruering van kennis en betekenis.

Seegers (2005:31) sê: "In die narratief-hermeneutiese benadering gaan dit om die *vertel* sowel as om die *verstaan deur interpretasie* van verhale." Met die vertel van verhale is die mens voortdurend besig om die wêreld te konstrueer. Volgens Müller (2000:59) kry gespreksgenote se verstaan van hul werklikheid gestalte in hulle gebruik van taal. Taal kan in hierdie ondersoek as die werktuig gesien word, waardeur betekenis en begrip, in die vertel van verhale, aan rousmart gegee word. Die skopus, met betrekking tot die fasilitering van hoop en vertroosting by vroue na die verlies van 'n eggenoot, word deur die gebruik van taal bespreek, wat die vorm van 'n gesprek aanneem. Woorde gee betekenis aan ervarings. Dit word egter nie

vanuit my paradigma van postmoderniteit as relatiwisme gesien nie, maar eerder soos Van den Berg (2006:7) dit stel, "tot 'n aanvoeling vir die beperktheid van taal." Narratiewe ontstaan altyd in samehang met die konteks waarin daar al heelwat ander en groter stories bestaan (De Beer 2007:34). Dit gaan nie slegs om die bepaalde verhaal wat vertel word nie. Die mens dink in terme van stories (Freedman & Combs 1996:18) en konstrueer hierdie stories te midde van 'n sameloop van baie verhale. Die verhaal word in verhouding tot vele ander verhale in die persoon se lewe aan die orde gestel (Ganzevoort & Visser 2007:115). Die vroue in hierdie navorsingsverhaal is nie net objekte nie, maar sosiale wesens wat hulle lewens, geloof en die beoefening van hulle geloof, binne maatskaplike verhoudings konstrueer en in taal verwoord. Dit is dus duidelik dat die vroue se verhale nie enkelvoudige belewenisse is nie. Om 'n storie aan 'n persoon te vertel impliseer deelnemers en dat 'n diskoers besig is om plaas te vind. In 'n poging om as medenavorser die vroue se lewens te verstaan, speel die opheldering van die funksionering en invloed van diskoerse 'n belangrike rol. Freedman & Combs (1996:43) stel dit dat stories rondom terapie deur 'n verskeidenheid van diskoerse gevorm word. Hierdie diskoerse vind in die sosiale opset of konteks van die vroue plaas. Dit dui op sosiale konstruksionisme, wat weer verband hou met die narratiewe benadering. Dit raak duidelik, aangesien sosiale konstruksionisme die kern is waarom die narratiewe benadering wentel (Steyn 2003:169). Vervolgens word die begrip sosiale konstruksie diskoers verken en verhelder.

- *Sosiale konstruksie diskoers*

'n Kenmerk van die narratiewe benadering is dat daar veral nie iets soos objektiwiteit is nie, maar dat betekenis deur die sosiale konstruksie geskep word (Putter 2005:20). Die beweegrede in die sosiale konstruksie diskoers is om ondersoek in te stel na wyses waarop die mens se persoonlike, sosiale en interpersoonlike realiteit, deur interaksie met ander persone en sosiale strukture, gevorm word. Eksponente van die sosiale konstruksie diskoers word verreken en speel 'n bepalende rol in hierdie navorsing.

Die sosiale konstruksie diskoers is 'n postmoderne benadering, wat 'n betekenisvolle epistemologie bied vir terapieë waar gesprekvoering,as

metode om mense te help, gebruik word (Kotzé & Kotzé 1997:27). In ooreenstemming hiermee reken Freedman & Combs (1996:43) dat ons lewens en verhoudings deur diskoerse gevorm word. Persoonlike konstrukte word deur middel van sosiale oordrag gevorm. De Beer (2007:34) bevestig dit en sê "Internalisering van hierdie sosiale konstrukte vind plaas deur sosiale interaksie". Freedman & Combs (1996:27) beskryf dit as 'n sosiale interpretasie, asook die intersubjektiewe invloed van taal, gesin en kultuur. Dit behels mense se reaksie op mekaar, om dít wat hul gemeenskap as waarheid, realiteit en betekenisvol beskou te konstrueer, te wysig en te onderhou.

Deur die sosiaal-konstruksionistiese diskoers word die waarheid en die realiteit, soos die vroue dit in die postmoderne era beleef, verstaan. Die storie van die self moet in samehang met die volle omvang van die vroue se verhale vertel en geïnterpreteer word. Rousmart word deur die sameloop van baie verhale beïnvloed. Die vroue se verhoudinge en sosiale lewe vind binne 'n bepaalde konteks plaas. Hierdie samehang van verhoudinge sal dan ook die religieuse konteks impliseer.

Aangesien taal as metafoor van die lewe dien (De Beer 2007:35) is dit noodsaaklik dat die betekenis van woorde, in hulle verband tot die konteks, gesien word. Putter (2005:21) reken dat om tot 'n dieper begrip te kom, dit nodig is om probleme binne die konteks waarin dit gewortel is, te verstaan. Die woord of teks is onlosmaaklik aan die konteks verbind (Freedman & Combs 1996:46). Om nader aan die dinamika van die situasie te kom, is dit nodig om in terme van dekonstruksie te dink. Morgan (2000:45) sê dat narratiewe terapeute belangstel in ontdekking, erkenning en *dekonstruksie* van oortuigings, idees en praktyke van die breër kultuur waarin 'n persoon lewe, en wat die probleem en probleemstorie ondersteun. Die volgende bespreking poog om die belangrikheid van dekonstruksie in die narratiewe benadering te ondersoek.

- *Dekonstruksie, rekonstruksie en ko-konstruksie*

Dekonstruksie bied 'n nuwe vorm van interpretasie en verstaan. Dit kan gesien word as 'n gereedskapstuk wat binne die narratiewe benadering gebruik kan word. Volgens Morgan (2000:46) is dekonstruksie "The pulling apart and examining..." van die waarhede wat as vanselfsprekend beskou word. Volgens Müller (2009a:Elektroniese bron) "Deconstruction is a continuous process accompanied by a sustained sensitivity to power relations". Freedman & Combs (19961:1) beklemtoon die feit dat die konstruksie van 'n storie deeglik verstaan moet word.

Die waarde van dekonstruksie lê daarin dat dit meewerk om die proses van rekonstruksie, en die ko-konstruksie van 'n alternatiewe verhaal, te verwesenlik (De Beer 2007 :36). Rekonstruksie verwys na gebeure, voorvalle en verhale wat die vroue onthou of waarin hulle hulself probeer indink. Binne die narratiewe navorsing sal rekonstruksie altyd die moontlikheid inhou dat mense meewerk om iets nuuts te kan voortbring, vorm, aanmekaar sit, saamstel, saamvoeg, of dan te ko-konstrueer (Botha 2003:81). Die pas word deur die kliënt bepaal en die verliesgebeure word in die alternatiewe storie weer *herleef*, maar met hoop (Smith 2002:181). "Binne die narratiewe benadering word met metafore soos alternatiewe, unieke uitkomste en verandering gewerk" (Putter 2005:21).

Deur dekonstruksie word die diskoerse oor rousmart ontsluit om, deur 'n alternatiewe manier van verstaan, unieke uitkomste te vind. Die verhale van die vroue word ontgin sodat verskillende weergawes vertel kan word, en nie om by die absolute waarheid uit te kom nie. Hierdie unieke uitkomste herskryf die dominante verhaal. Dit kan egter " ...be anything that the problem would not like; anything that does not 'fit' with the dominant story" (Morgan 2000 :52). 'n Unieke uitkoms kan 'n plan, aksie, gevoel, konstatering, kwaliteit, begeerte, droom, gedagte, oortuiging, vermoë of verbintenis wees. Dit kan in die verlede, hede of toekoms wees.

Volgens Freedman & Combs (1996:22) moet die navorser 'n nie-wetende posisie inneem en in gedagte hou dat realiteite sosiaal gekonstrueer word, deur taal tot uitdrukking kom, deur narratief georganiseer en in stand gehou word, en dat daar geen essensiële waarhede is nie. Die waarde van dekonstruksie lê daarin dat dit meewerk om die proses van rekonstruksie, en die ko-konstruksie van 'n alternatiewe verhaal, te verwesenlik (De Beer 2007:36). Rekonstruksie verwys na gebeure, voorvalle en verhale wat die vrou onthou of waarin sy haar probeer indink. Rekonstruksie hou binne die narratiewe navorsing die moontlikheid in waar persone saamwerk om iets nuuts te kan ontdek, vorm, aanmekaar sit, saamstel, bymekaarvoeg, of te ko-konstrueer (Botha 2003:81). Volgens Smith (2002:181) word die verliesgebeure weer in die alternatiewe storie met hoop *herleef*.

Die narratiewe terapeut stel belang om die gespreksgenoot se identiteit van die probleem waarvoor hulle ondersteuning soek te skei. Dit moet gesien word as "...something separate and different from the person" (Freedman & Combs 1996:47). Eksternalisering is die proses om van die probleem te praat op maniere wat dit buite die persoon en sy identiteit plaas. Dit behels die oortuiging dat 'n probleem *iets* in die persoon se lewe is, wat 'n impak op die persoon se leefwyse en persepsies het. Dit stel eerder 'n *houding* as 'n tegniek voor (Morgan 2000:47). Vervolgens meer daaroor.

➢ *Eksternalisering*

Eksternalisering van die probleem sal die vroue in staat stel om hulle los te maak van negatief-dominante stories en om ander betekenisse aan gebeure toe te ken. Müller (2000:95) sê dat dit mense help om daaroor te praat asof dit iets buite hulleself, iets ekstern, is. Eksternalisering sien probleme apart van mense en neem aan dat mense vermoëns het wat hulle sal ondersteun om die invloed van probleme in hul lewens te verminder (Morgan 2000:2). Die probleem word buite die persoon gelokaliseer. Die persoon is nie die probleem nie; die probleem is die probleem. Volgens Müller (2000:96-99) verskaf O'Hanlon 'n bruikbare oorsig oor hoe die terapeut met eksternalisering kan werk, naamlik:

- Die probleem moet 'n naam gegee word;
- Die probleem moet beliggaam word en allerlei negatiewe intensies en taktieke moet as eienskappe aan die probleem toegeken word;
- Ondersoek moet ingestel word na maniere waarop die probleem destruktief, oorheersend en ontmoedigend ervaar word;
- Geleenthede en situasies, toe die persoon nie deur die probleem gedomineer of ontmoedig is nie, moet teruggeroep word;
- Die terapeut probeer om saam met die persoon historiese bewyse te ontdek wat spreek van bevoegdheid en potensiaal om teen die probleem op te staan;
- Die terapeut poog om spekulasie te ontlok oor watter soort toekoms verwag kan word van iemand wat so sterk en bevoeg teen die probleem kan optree;
- Daar moet 'n gehoor ontdek of geskep word wat "applous" kan gee vir die nuwe identiteit en nuwe storie wat besig is om te ontwikkel.

Wanneer mense die hulp van 'n terapeut soek praat hulle dikwels oor die probleem op maniere wat aandui dat dit op 'n manier deel van hulle, of binne hulle, is. Voorbeelde, soos deur die vroue in hulle gesprekke geverbaliseer, is:

*Janie: Ek is wanhopig en weet nie hoe om die verlange te hanteer nie.*
*Sarie: Sy pyn en lyding as gevolg van die emfiseem het my moedeloos gemaak.*
*Belinda: Sy dood het my laat voel asof ek ontoereikend is.*
*My stem: Dit voel vir my asof ek net een groot hartseer is.*

Hierdie selfgesprek word geïnternaliseer en het gewoonlik 'n negatiewe effek op mense se lewens, wat op dun beskrywings kan uitloop. Die vroue word gehelp om aan hul probleem te dink as iets buite hulleself en om dan daaroor te praat. In hierdie navorsing sal die vroue, deur eksternalisering, gehelp word om eerder te sê: *wanhoop, moedeloosheid, ontoereikendheid of hartseer, verhinder dat ek hoop en vertroosting kan ervaar.* Hulle word aangemoedig om die neerdrukkende probleme wat hulle belewe, te objektiveer en te beliggaam. 'n Diepgaande ondersoek "into the problem" is dan moontlik (Morgan 2000:25).

## 5. OORSIG

Tot dusver is daar in hierdie studie die begrippe, spiritualiteit, eskatologie, promissioterapie, hoop en vertroosting, rou en die narratiewe benadering aan die orde gestel. Vervolgens word 'n kort oorsig van die begrippe gegee om die verband tussen mekaar aan te toon. Hierdie oorsig behels ook die pastorale verhouding in 'n terapeutiese situasie.

- Spiritualiteit - In die pastorale verhouding gaan dit om die totale mens binne 'n verhouding tot God, sowel as gerigtheid op, en verantwoordelikheid teenoor, hierdie transendente dimensie van bestaan. Terapeuties word daar op die spirituele versorging van die totale mens gefokus. Die mens se psigo-fisiese en psigo-sosiale dimensies word beklemtoon (Louw 1999a:36).

- Pastoraal kan die belangrikheid van die eskatologie gesien word in die feit dat dit met Christenskap en hoop verband hou. Hier hou hoop met die opstanding verband. Die eskatologiese paradigma veronderstel ook die lewe hierna (*hemel*). Dit handel met ander woorde oor die toekoms. Die teenswoordige moet egter ook in gedagte gehou word, aangesien dit wesenlik deel van eskatologie is.

Prommissioterapie bind die terapie in wese aan 'n teologiese saak. Dit dra by daartoe dat daar in terapie tussen die psigologiese en pastorale betekenis onderskei kan word. Samehangend met die hoop van die Christelike geloof kan pastorale terapie as *promissioterapie* omskryf word. Promissioterapie raak die totale gebied van die mens se ervarings, behoeftes en verwagtings, en sluit aan by die verwagtings deur hoop in die harte van mense te prikkel. Die betekenis van die begrippe *eskatologie* en *promissioterapie* is vervleg.

- Eskatologie hou verband met die opstandingshoop en promissioterapie kan as die teologie van die opstanding gesien word.

- Hoop en vertroosting is weer met eskatologie en promissioterapie ineengestrengel. Hoop het altyd 'n element van die toekomstige. Dit impliseer

verwagting en antisipasie, wat gebaseer is op God se beloftes en trou. In hierdie navorsing vestig dit hoop. Vertroosting spruit voort uit geloof in die beloftes wat aan die opstanding en die ryk van God gekoppel is.

- Rou is 'n normale respons op die verlies van 'n betekenisvolle persoon. Die betekenis van rou vir die vroue word metafories in hul verhale ontsluit. In die pastorale gesprek word die vroue se verhale met die navorser gedeel en verbind aan die verhaal van God.

- Die narratiewe benadering hou verband met die interpretasie van rou in dié opsig dat die belewenis van rou deur verhale gekonstrueer, en deur taal oorgedra, word. Deur hulle stories te herïnterpreteer en te herstruktureer vind verandering plaas, en sodoende kan die vroue weer hulle eie bestaan as betekenisvol beleef. Pastoraal is die verband met die narratiewe benadering dat daar, in die lig van God se narratief, met die vroue in gesprek getree word.


Eskatologie, promissioterapie, hoop, vertroosting, rou en narratiewe terapie is soos ratte wat inmekaar pas om die totale mens se funksionering te beïnvloed. Hulle betekenis is vervleg, maar elke rat draai ook op sy eie. Diagram 2 (bladsy 157) is 'n voorstelling van die werking van die ratte.

Al hierdie aspekte beklemtoon die God-mens-verhouding. Pastorale terapie handel oor hierdie verhouding, en die doel van die terapeut is om hierdie verhouding te herstel. Dit kan as heilsterapie gesien word met 'n oorkoepelende doel van geloofsvolwassenheid. Eskatologie beklemtoon die hede en die toekoms met betrekking tot Christenskap en die opstandingshoop. Deur promissioterapie moet spiritualiteit bevorder word sodat groei in geloof kan plaasvind. Refleksief kan ook gestel word dat groei in geloof spiritualiteit kan bevorder. Deur die bevordering van geloof en spiritualiteit, met God as die Een wat heling bewerkstellig, kan hoop en vertroosting realiseer. Die verband met hierdie navorsing handel daaroor dat deur geloofsontwikkeling hoop by die vroue gewek word.

Diagram 2

Voorstelling van Spiritualiteit

Sintetiese (liggaam), Stereometriese (siel), Perspektiwiese (gees)




Die verband tussen promissioterapie, narratiewe terapie en die hemel word in die samehang van die volgende gevind: die eskatologiese paradigma van 'n lewe hierna (*hemel);* die verhalende aspek van die narratiewe benadering, met betrekking tot die belewenis van rousmart en die vroue se siening van die hemel; en die terapeutiese aspek van promissioterapie, met die oorhoofse doel van geloofsvolwassenheid. Elke vrou se persoonlike paradigma sal 'n rol in haar persepsie en verwoording van die hemel speel. Vervolgens word die toekomstige bestemming bespreek en dan word die vroue se stemme oor hul persepsie van die hemel gehoor.

## 6. 'N BESTEMMING IN DIE TOEKOMS

Totius het ook nagedink oor die dood en die hiernamaals. Sy volgende woorde in die gedig "Daar is geen dood" spreek daarvan.

*Daar is geen dood*
*Wat lewe heet, is net die op en neer*
*as ons klein skuitjie al maar daal en klim;*
*en wat ons sterwe noem, is niks nie meer*
*as ons verdwyning op die gindse kim (Totius 1933:56).*

Dit kan gestel word dat die begrip *hemel* oor die aspek van die toekoms in die persepsie van die eskatologie handel. Die eskatologiese paradigma veronderstel die toekoms (hemel), maar die teenswoordige moet egter ook in gedagte gehou word, aangesien dit wesenlik deel van eskatologie is. Volgens Alcorn (2005:30) is daar baie geskryf oor die eskatologie, maar betreklik min oor die hemel. Na aanleiding hiervan het die vraag, *"waarom is dit nodig om navorsing oor die hemel te doen?"*, by die navorser ontstaan. Die antwoord lê daarin dat die Skrif baie na die hemel verwys, en ook "By reading about heaven, we discover more about who He is and what He does" (Sundberg 2007:xiv). Dit is ook nodig om die hemel deur die oë van die vroue te sien om sodoende te kan verstaan waarom hulle dit as hoop en vertroosting na hulle verlies beleef. 'n Positiewe voorstelling van die hemel, asook die visie van 'n moontlike hereniging met geliefdes, het die vroue se nuuskierigheid daaroor geprikkel.

### *6.1 Waarom hieroor skryf?*

Uit die gesprekke met die medenavorsers het dit geblyk dat daar 'n belangstelling in die lewe hierna, of die hemel soos hulle dit beskryf, is. Daar is ook 'n behoefte om meer daarvan te weet. Verder kan dit gestel word dat 'n hemelse perspektief die wyse waarop die mens beskikbare aardse bronne (energie, tyd, geld, ensovoorts) investeer, verander. Met behulp van promissioterapie kan die lyding en tragedies van hierdie lewe in perspektief geplaas word. Dit kan moontlik die vroue motiveer om hulle ervaring met ander te deel, sodat hulle ook hoop en vertroosting uit hulle interpretasie en begrip van die hemel kan kry. Dit veronderstel dan ook die hereniging met geliefdes. In ooreenstemming hiermee, en om hoop te fasiliteer, kan gesê word dat vrees vir die dood vervang sal word deur "...gevoelens oor 'n hiernamaals waar almal uiteindelik 'n heerlike weerontmoeting smaak" (Bothma 2006:17). Hierdie

gedagte word verder deur Sundberg versterk, wat sê "We have hope of being reunited *for eternity* with loved ones" (Sundberg 2007:xiv). Nog skrywers (Botha 1998:69; Lutzer 2000:65-66; Van Niekerk 2002:90; Alcorn 2005:274-275; Bothma 2006:12; Conradie 2006:42; Cyprianus 2007:14) stem ook saam met die idee van hereniging met geliefdes. Die hoofrede waarom die mens na die hemel uitsien is om met God herenig te word (Stander 2008:191), maar die vroue is dit eens dat dit wonderlik sal wees om saam met 'n persoon se geliefdes, in God se teenwoordigheid, te wees. Moontlike implikasies vir nuwe verhoudings wat geskep word, word in die gesprekke met die vroue uitgewys.

Die mens se hoop is gebaseer op die versekering om God te ontmoet en die vooruitsig om die ewigheid saam met Hom te kan deurbring. Hierdie hoop vestig die gespreksgenote se aandag eskatologies op die toekoms, en kan bydra tot hoop en vertroosting. Die vertrekpunt, en die basis van die narratiewe benadering, is dat eenheid tussen die verlede, die hede en die toekoms bestaan, wat gelyktydig 'n inherente spanning bevat. Deur die vertel van stories poog die narratiewe benadering om beide die eenheid, en die spanning tussen die verlede, hede en toekoms, te vertolk en daarmee te werk. "A narrative approach to dialogue and therapy is about mining these stories, continuously being told by people, so that eventually they can be reformulated into stories that would give new meaning and impetus to life" (Muller 2009a:Elektroniese bron).

'n Belangrike feit, wat nie oor die hoof gesien moet word nie, is dat die vroue kan dink dat die lewe eers sinvol gaan word wanneer 'n persoon in die hemel kom. Dit is egter van belang om te onthou dat waarheen ons op pad is, ook die manier waarop ons elke oomblik leef, raak (Conradie 2006:14). Dit kan egter gebeur dat die mens in terme van die bestemming dink en "...vergeet van die reis op pad daarheen" (Stander 2008:118). Met behulp van promissioterapie, wat dit fasiliteer, raak die vroue in hierdie navorsing bewus daarvan dat hulle, ten spyte van hulle verlies, nog 'n sinvolle aardse lewe mag lei. Dit word beklemtoon in die volgende stelling: "Die evangelie gaan nie in die eerste plek oor die hemel en hoe om daar te kom nie, maar oor ons bestaan op aarde en hoe om hiér God se wil te doen" (Conradie 2006:66). Elke daad van vandag

het betrekking op die lewe hierna, want dit gaan steeds om 'n persoon se lewe. "Sonder vandag het die ewigheid nie sin nie en sonder die ewigheid het vandag nie sin nie" (Deist 2007:55). Hierdeur word die teenswoordige en die toekomstige beklemtoon, en dit spreek weer van die eskatologie. Al sien die vroue uit na 'n herontmoeting met geliefdes, is dit belangrik dat hulle nou reeds betekenisvol lewe en hulle wy aan belangrike take wat hulle na die dood van 'n geliefde moet hanteer. Die realiteit, soos die vroue dit konstrueer, moet deur hulle geleef en beleef word.

## *6.2 Die hemel*

Conradie (2006:151) skryf dat daar die afgelope dekades 'n nuwe belangstelling in die onderwerp van die *hemel* ontwikkel het. Volgens hom word deur die opstandingshoop tradisioneel verstaan dat die mens eendag by God in die hemel sal wees. Stander (2008:132) reken dat die hemel onbeskryfbaar is, omdat dit iets totaal buite die mens se begripswêreld is. Die Skrif bevat 'n aansienlike hoeveelheid inligting, direk en indirek, oor die hemel. Na aanleiding daarvan, kan 'n mens 'n voorstelling daarvan vorm, "...maar nie genoeg dat ons kan dink ons verstaan dit heeltemal nie" (Alcorn 2005:35). Die diskoerse oor die hemel poog om dit op 'n alternatiewe manier te verstaan en nie om by die absolute waarheid uit te kom nie. Die rasionaal vir hierdie bespreking vloei voort uit die vroue se begeerte om meer oor die lewe hierna te wete te kom. Die gesprekke met hulle sal 'n weergawe van hulle voorstelling oor die hemel wees. Die navorser gaan poog om 'n voorstelling van die hemel, vanuit beskikbare literatuur én soos gesien deur die oë van die medenavorsers, te bied. Dit moet nie buite rekening gelaat word dat die navorser self ook volkome deel is van dít wat sy probeer aanbied nie (Müller 2000:2). Sienswyses uit die literatuur kom eerstens aan bod. Daarna word die vroue se stemme gehoor. Verskillende perspektiewe uit die literatuur behels die volgende:

- Heyns (1981:44) konstateer dat die begrip *hemel* in die Bybel met verskillende betekenisse gebruik word. König (2006:240) skryf dat daar minstens drie betekenisse vir die woord *hemel* is. In Genesis (1:1) staan daar dat God in die begin die hemel en die aarde geskep het. In Genesis

(1:6-8) word verduidelik dat God 'n gewelf gemaak het wat die waters geskei het. Hierdie gewelf het Hy *hemel* genoem. Verder sê König (2006:240) dat dit die firmament, of blou koepel, behels, wat die water daarbo van die water op die aarde afskei, en waarin die *vensters* is waardeur die reën val. Hy meld ook Psalm (115:16) waarna verwys word dat die hemel die woonplek van God is en dat hy die aarde as woonplek vir die mense gemaak het. Conradie (2006:152) reken dat die hemel van die begin af 'n integrale deel van die skepping vorm, maar 'n dimensie van die werklikheid is wat relatief minder toeganklik is.

- Die gedagte word uitgespreek dat die hemel God se woning is. Dit kan gestel word dat God nie van hierdie wêreld is nie, "maar van 'n ander wêreld, en dáárvoor word die begrip hemel gebruik" (Heyns 1981:44). Volgens König (2006:240) kom die hemel veral as die woonplek van God na vore. Die volgende tekste dui ook daarop: Matteus 6:9; Johannes 3:13; Lukas 24:51; Hebreërs 8:1 en 1 Petrus 1:12. Voorts sê Stander (2008:138-139) dat daar verskillende beelde is wat na die hemel verwys. Hy gee voorbeelde soos: paradys, oorwinnaarskroon, oorwinningsprys, beloofde ewige erfenis, koninkryk, die lewe, vreugde, heerlike erfenis, huis van my Vader en loon. Die werklikheid van die hemel is egter so groot dat dit nie in 'n enkele woord beskryf kan word nie. Hierdie beelde kan egter 'n persoon help om te begryp wat die hemel is, aangesien hierdie voorstellings aan die mens bekend is. "Ons kan net 'n begeerte hê na iets waarvan ons 'n voorstelling kan maak" (Alcorn 2005:79).

- Volgens Stander (2008:131) het die mens maar "...'n baie dowwe beeld van die werklikheid van die hemel." Dit stem ooreen met Heyns (1981:45), wat die volgende sê: "...die hemel is die *waar* van Gods bestaan en die *waarvandaan* van sy handelinge." Daar is nog vele interpretasies van die hemel, maar vir hierdie navorsing word daar volstaan by die siening dat die hemel die woonplek van God is. Die verwagting van God se kinders is om hemel toe te gaan en saam in Sy heerlike teenwoordigheid te lewe. "Die volmaakte saamwees met God en die Lam konstitueer *hemel*" (Du Rand 2007:315). Die terapeutiese aspek, met betrekking tot hoop en

vertroosting, word op hierdie verwagting gebou. Hierdie verwagtings kan op grond van beloftes uit die Woord (Johannes 14:2; 2 Timotheus 4:18; 2 Korintiërs 5:1) gekoester word.

Dit is egter nodig om onderskeid te tref oor die onmiddellike bestemming, direk nadat 'n persoon heengegaan het, en die opstanding na die wederkoms. Hierdie navorsing fokus op die bestemming direk na die dood. Alcorn (2005:53) skryf dat dit sekondêr tot ons uiteindelike bestemming is.

*6.3 Waarheen?*

Volgens Heyns (1981:399) is daar een ding duidelik met betrekking tot die staat van die ontslapenes; *hulle het nie opgehou om te bestaan nie.* Die bespreking oor die *tussentoestand* (Burger 2006:17) of die *intermediêre hemel* (Alcorn 2005:16) vind aansluiting by die navorsingsprobleem van hierdie studie. Die affiliasie word gevind in die feit dat 'n narratiewe-pastorale ondersoek, vir die eerste jaar (motivering oor hierdie tydperk soos in hoofstuk 1) na die verlies van 'n eggenoot, onderneem word. Hierdie eerste jaar is gekies omdat die pyn van die verlies, en die soeke na antwoorde, baie heftig in hierdie periode beleef word. Die rouproses word nog intens ervaar. Met die oog op hoop en vertroosting is die onmiddellike bestemming na die dood van 'n geliefde dus ter sprake en kom dit onder die soeklig. Daar sal gepoog word om verskillende interpretasies binne die konteks van die Christelike geloof aan die orde te stel. Al sal daar nie klinkklare antwoorde uit hierdie bespreking kom nie, sal die antwoorde wat wel gevind word, die manier waarop die mens elke dag leef, beïnvloed (Conradie 2006:14).

- Skrywers (Lutzer 2000:63-64; Alcorn 2005:53; Burger 2006:17; König 2005:426; Bothma 2006:28; Conradie 2006:34-41) is dit eens dat die mens na afsterwe in 'n stadium, wat begin by die dood en duur tot die wederkoms van Jesus Christus, verkeer. Die tussentoestand word deur Alcorn (2005:53) gesien as 'n oorgangsperiode tussen die vorige lewe op aarde en die toekomstige opstanding tot die lewe op die nuwe aarde. Volgens König (2005:426) is die tussentoestand die "...toestand waarin 'n

mens verkeer tussen die dood en die opstanding by die wederkoms van Christus. Die tussentyd is die tyd tussen Christus se hemelvaart en sy wederkoms." Die sterflike mens hou nie met die dood op om te bestaan nie.

- Na die dood vind daar 'n skeiding tussen die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese plaas. "Wat presies bewaar word en hoe dit geskied, weet ons nie" (Bothma 2006:29). Ek stem saam met Conradie (2006:13) wat sê dat ons maar sterflike skepsels met beperkte insig bly, en dat die soeke na antwoorde op sulke vrae altyd spekulatief sal wees. Dit wat die mens kan sien en bewus is van, is die stoflike of die liggaamlike. Die sintetiese (liggaamlike) bly agter, terwyl die stereometriese en perspektiwiese (siel en gees), wat in die liggaam gewoon het, na 'n ander dimensie gaan. Die gelowiges bevind hulle *onmiddellik* in die hemel in die teenwoordigheid van Jesus Christus. Jesus het vir die rower aan die kruis gesê ".....vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Lukas 23:43). Volgens Burger (2006:21) het alle gelowiges na hulle dood na die paradys gegaan, maar na Jesus se opstanding gaan gelowiges direk na Jesus in die hemel. Heyns (1981:399) noem dit die "voorportaal van die hemel". Die ongelowiges bevind hulle in die doderyk in 'n onderwêreld, wat van Jesus geskei is deur 'n onoorbrugbare kloof (Lukas 16:26).

Bothma (2006:28) skryf dat die mens voortbestaan omdat 'n persoon in 'n verhouding met die lewende God staan, wat die Bron van alle lewe is. Dit gaan dus om mense in hulle volle menswees en daarom word die totale mens (sinteties, stereometries en perspektiwies) as 'n eenheid gesien. "Menswees oorleef die dood van die liggaam" (Lutzer 2000:65). Die liggaam word begrawe, maar by die opstanding word dit weer lewend gemaak, verheerlik en met die siel en gees herenig (König 2006:354). Die opstandingsliggaam is 'n verheerlikte liggaam.

Die tussentoestand is net tydelik. Heyns (1981:399) sê dat mense soos hulle hier bestaan het, "...bestaan hulle daar *nie meer* nie en soos hulle eenmaal, ná die opstanding sal bestaan, bestaan hulle *nog nie.*" Hierdie tyd tussen die *nie meer nie* en die *nog nie*, word die tussentoestand genoem. In hierdie studie word dit gesien

as die *hemel* en dus die plek waar geliefdes hulle direk na hulle afsterwe bevind. Dit is na aanleiding hiervan wat die vroue se vrae ontstaan het. Voorts word hierdie vrae in verband met die teoretiese perspektiewe gebring.

## 7. DIE VROUE SE STEMME

Smith (2002:182) sê dat voorstellings en verhale met mekaar geïntegreer is en dat verhale in beeldende taal vertel word. Die mens het 'n godgegewe vermoë om voorstellings van die realiteit te vorm. Uit ons ervaring van die verlede en hede kan ons verbeeldingryk die toekoms sien. Dit word ook uitgebeeld in die volgende woorde van Totius uit sy gedig "As ek oor die bleek-verlate sand." Dit is 'n voorstelling dat hy in die toekoms weer sy kinders sal vind.

*As ek dan oor dié sand moet gaan,*
*Dan hou ek op dié spoortjies aan*
*Totdat ek, waar dit haas verswind,*
*Hul albei eind'lik vind (Totius 1933:55).*

Mense se stories is nie enkelvoudige ervarings nie en om as medewandelaar die vroue se lewens te verstaan, speel die verduideliking van die funksionering en invloed van diskoerse 'n belangrike rol. Dit beklemtoon weer die narratiewe aspek van die navorsing, aangesien daar nie 'n objektiewe ondersoek gedoen kan word nie, want die betekenis word deur die sosiale konstruksie geskep. Die vroue se verhale is nie ongekompliseerde ervarings nie en die konteks waarin die vroue hulle bevind speel 'n rol in hulle denkpatroon en verstaanproses. Die verduideliking van die funksionering en invloed van diskoerse dra by om die vroue se lewens te verstaan.

Diskoerse oor die hemel het weer aanleiding tot sekere vrae gegee. Daar sal gepoog word om sin te maak van hulle gesprek oor die hemel, ooreenkomstig tot die vroue se persepsie, asook uit inligting vanuit die Skrif en literatuur. Die navorser stem saam met Putter (2005:21) dat geen navorsing 'n tema volledig kan navors of beskryf nie. Sommige inligting uit die literatuur, diskoerse, verhale en interpretasies sal noodwendig nie ingesluit word nie. Die studie sal verskeie

perspektiewe insluit, maar daar sal gepoog word om die kennis aan te bied sodat dit nie in onkundige menings en gevoelens vervlak nie. Al kan groot lewensvrae nooit finaal beantwoord word nie, kan die mens ook nie anders as om hierdie vrae te stel nie. Eskatologies gesien, behels vrae oor die hemel nie net die toekoms nie, maar raak dit ook die manier waarop 'n persoon vandag leef.

> *Die dinge wat ek vandag doen, my omgang met my medemens, my houding teenoor die lewe, my liefdevolheid en my liefdeloosheid, my liefde of my haat, het alles betrekking op my toekoms en daarom ook op my lewe ná die dood (Deist 2007:55)*

Die persoonlike interpretasie van antwoorde op die lewensvrae beïnvloed die manier waarop die mens elke dag leef, en help 'n persoon om sin te vind in dit wat elke dag gedoen word (Conradie 2006:14). Die uniekheid van mense se persepsie maak dat antwoorde op sodanige vrae altyd spekulatief sal wees. Die Christelike konteks van die vroue, as gelowiges, word in gedagte gehou in die gesprek en ontdekking van moontlike antwoorde.

Die navorsing word saam met die medenavorsers gedoen. "Dit open ruimtes vir 'n beter begrip van die wyse waarop mense hulle eie leefwêreld beleef en verstaan" (Putter 2005:28). Vervolgens word uittreksels van die vroue se vrae, met betrekking tot die hemel, sirkulêr hanteer. Die "practical wisdom"-model van Don Browning, waarin van 'n sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie gebruik gemaak word, verwoord die *skryftrant* wat die aard van die gesprek van die navorsing orden (Browning 1991:34-39). As uitdrukking hiervan neem ek die verantwoordelikheid om in navolging met Van den Berg (2004:183-206) die metodologie te administreer. Dit word gedoen aan die hand van die verskillende stemme van vroue (waarby ek my eie stem reken) en wat met stemme uit die literatuur verweef word.

Wanneer vrae oor die hemel bespreek word, word die intermediêre hemel bedoel. Hierdie vrae is verdeel onder persoonlike en algemene vrae. Persoonlike vrae wat gestel is, behels vrae rondom hoop en vertroosting met die

oog op die lewe hierna. Die wyse waarop die vrae oor die hemel kan bydra tot die hantering van die rouproses is in die narratiewe benadering en die diskoerse van die vroue vervat. Hierdie diskoerse, wat die effek van die vrae ondersoek "...allow for an alternative story to emerge" (Morgan 2000:41). Dit mag lei tot die ontdekking van unieke uitkomste. Dit is van belang vir die terapeut om te fokus op sorg en teenwoordigheid deur te luister en spirituele ondersteuning te verleen (Clinebell 1987:221). Slegs fragmente van die vroue se verhale word weergegee.

- *Vrae oor die hemel*

Volgens Alcorn (2005:38) moet ons aanvaar dat baie dinge oor die hemel verborge is. Die lewe hierna gaan om die Christelike hoop van die belofte oor die opstanding uit die dood. Die diskoers om duidelikheid hieroor te verkry behels dat "Die troos vir die gelowige nie moet wees dat die oorledene nou in die hemel is nie, maar dat die geliefde eendag liggaamlik gaan opstaan wanneer die Here Jesus weer aarde toe kom" (Botha 1998:69). Die gestorwe gelowiges in die hemel en die mense op aarde wag op die koms van die Here Jesus en die opstanding of verandering van die liggaam. Daar is verskillende voorstellings rondom hierdie hoop. Om tot 'n dieper begrip te kom is dit nodig om die perspektief omtrent die hemel, binne die konteks waarbinne dit gewortel is, te verstaan. Na aanleiding van gesprekke oor die hemel met die medenavorsers word die volgende met die leser gedeel. Hierdie vrae vorm deel van hulle verhale.

*Sarie: Hoe kom ons daar? Wat is die sin daarin om dood te gaan?*
*Navorser: Waarom is dit belangrik en wat beteken dit vir jou om hemel toe te gaan?*
*Sarie: Ek sou graag wil weet waarom 'n mens moet doodgaan om hemel toe te kan gaan.*
*Navorser: Waarom is hierdie vraag vir jou belangrik?*
*Sarie: Ek vra dit omdat ek wil weet hoe ek daar kan kom.*
*Navorser: Wat is jou mening daaroor?*

*Sarie: 'n Mens moet seker die Here aangeneem het as jou Verlosser. Ek wil weet of ek ook hemel toe sal gaan want ek wil graag weer by my man wees.*

*Perspektiewe uit die literatuur*

Heyns (1981:416) sê dat die mens se hoop gevestig is op die belofte "...dat hy as hiér die mens wat nóu is, eenmaal niks sal wees nie, maar in Christus Jesus, voor God die ewige lewe deelagtig sal wees." Ooreenstemmend hiermee is die volgende: "The ultimate tragedy of life – death – becomes the means by which we are given the greatest gift known: eternal life with God" (Sundberg 2007:xiv). Die mens se bestemming is om saam met God te kan wees. In ooreenstemming hiermee word gesê dat "Om te sterf beteken om huis toe te gaan, hemel toe..."(Lutzer 2000:59). 'n Persoon moet eers doodgaan om hemel toe te kan gaan. Paulus het gesê "...vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie..."(1Korintiërs 15:50). Lutzer (2000:79) skryf dat die dood die mens uit die eindeloosheid van hierdie bestaan verlos. Hy sê verder dat die dood nie die éinde van die pad is nie, maar net 'n dráái in die pad. Om dood te gaan is die realiteit. Die finale oorwinning behoort egter nie aan die dood nie (Deist 2007:50). 'n Volgende vraag van 'n gespreksgenoot, wat verband hou met die diskoers oor die hemel, lui:

*Belinda: Gaan almal eendag hemel toe?*
*Navorser: Dink jy almal gaan eendag hemel toe?*
*Belinda: Ek is nie seker oor almal nie maar my man was 'n gelowige en ek is seker hy is in die hemel. Ek wonder net oor al die moordenaars en verkragters wat mense so wreedaardig vermoor of beseer. Sal hulle oortredings nie verhinder dat hulle hemel toe gaan nie? Kan hulle ooit vergifnis ontvang?*
*Navorser: Dink jy dat moordenaars en verkragters ook moontlik kan hemel toe gaan?*

*Belinda: Dit is seker moontlik as God hulle vergewe. Ek sou hulle moeilik kan vergewe as hulle een van my geliefdes vermoor of verkrag het, maar God redeneer seker nie soos ek nie.*

*Navorser: Kan ons bietjie gesels oor God se vergifnis?*

*Perspektiewe uit die literatuur*

Jesus Christus het gesê "Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie" (Johannes 14:6). Die mens is uit genade, deur geloof, gered. Hierdie redding is 'n gawe van God en kom nie deur eie verdienste nie (Efesiërs 2:8-9). Alle mense is sondaars, maar God het 'n oplossing in Romeine (6:23) voorsien: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." Jesus het aan die kruis vir ons sonde gesterf. Slegs wanneer ons sondes in Jesus vergewe is, het ons toegang tot die hemel (Alcorn 2005:49).

Volgens Matteus (7:13-14) is daar twee ewige bestemmings. In Lukas 16:22-31 het Lasarus en die ryk man ná hulle dood geweet waar hulle is; Lasarus in die hemel en die ryk man in die hel. 'n Persoon moet die regte weg kies om hemel toe te gaan (Alcorn 2005:44). Die hemel waarheen ons gaan wanneer ons sterf is 'n stilhouplek op pad na ons finale bestemming saam met God op die nuwe aarde.

*Janie: Hoe lyk die hemel?*

*Navorser: Waarom is dit vir jou betekenisvol om dit te weet?*

*Janie: Ek sou graag wou weet wat wag op ons en of dit die moeite werd is om verwagtinge te koester dat ons almal saam daar gaan bly. Dit gee vir my hoop en iets om na uit te sien.*

*Navorser: Wat is jou verwagtinge omtrent die hemel ?*

*Janie: Dit is vir my baie belangrik om te kan weet dat daar 'n lewe hierna is. Dit beteken vir my dat ek nie meer hartseer sal wees nie, want ek en my geliefdes gaan weer by mekaar wees.*

Die Bybel gee net hier en daar 'n brokkie inligting (Stander 2008:154). In die verhaal van die rower, wat saam met Jesus gekruisig is (Lukas 23:43), word die idee van 'n paradys gegee. Lutzer (2000:9-10) skryf dat die mens omring sal wees van vriende wat jy op aarde gehad het, "Vriendskappe wat onverwags deur die dood onderbreek is, sal weer hervat word." Ons sal met geliefdes herenig word en daar sal geen trane, dood, leed, smart en pyn wees nie. Hierdie gedagte kan hoop en vertroosting by die vroue fasiliteer. Daar is troos in die hoop op die lewe ná die dood.

- *Geloof en die hemel*

Geloof behels 'n sprong van vertroue, wedergeboorte en 'n nuwe begin. "Geloof is nie wete nie. Geloof is vertroue..." (Deist 2007:82). Hierdie vertroue is daarop gevestig dat God daar sal wees. Volgens Conradie (2006:15) is hoop op die opstanding uit die dood *eie* aan die Christelike geloof omdat dit op die kern van die evangelie berus, naamlik die opstanding van Jesus Christus. Aangesien daar in hierdie studie op die opstandingshoop, wat Jesus vir die mens bied, gefokus word, word vroeëre perspektiewe in die Ou Testament nie verder bespreek nie.

In die Nuwe Testament het almal ook nie in die opstanding van die dooies geglo nie. Die Sadduseërs het dit betwis (Mat 22:23; Mark 12:18; Luk 20:27). Die Fariseërs het nie noodwendig geglo dat alle mense uit die dood sal opstaan nie. Hulle het geglo dat slegs diegene, wat deur God as waardig beskou word om deel te hê aan die lewe hierna, sal opstaan (Luk 20:35). Die rol wat geloof by die interpretasie van die hemel speel, is dat ons glo al weet ons nie. In Hebreërs (11:1) staan geskryf dat geloof 'n vaste vertroue is op dinge wat ons hoop, 'n bewys van dinge wat ons nie sien nie. "Geloof is nie 'n formule nie" (Deist 2007:85), dit berus daarop om onvoorwaardelik te vertrou al is daar geen bewyse nie. Die gesprek oor geloof het aanleiding tot die volgende gesprek gegee:

*Sarie: Hoe kan jy seker wees jy gaan hemel toe?*

*Navorser: Wat is jou mening hieroor?*

*Sarie: Ek is 'n Christen en dink dat as 'n mens in Jesus glo en vra dat jou sonde vergewe word en reg probeer lewe, dan kan jy met die hoop om eendag hemel toe gaan, lewe.*

*Navorser: Wat beteken hierdie hoop vir jou?*

*Sarie: Dit is vir my positief en dit vertroos my. Dit dra my deur hierdie moeilike tyd.*

*Navorser: Hoe het jou geloof jou gehelp om vertroosting tydens die rouproses te vind?*

*Sarie: Ek glo in die lewe hierna en dat Jesus ons Verlosser is. Die feit dat ons weer saam in die hemel sal wees het my moed gegee om hier op aarde te kan aangaan met my lewe.*

*Perspektiewe uit die literatuur*

Een van die beloftes wat vir die mens hoop gee op 'n lewe hierna, is toe Jesus gesê het "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie..." (Johannes 11:25). God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3:16).

Geloof maak nie die lewe minder realisties nie. 'n Persoon kan nog foute maak deur te twyfel. Daar word onderskeid gemaak tussen die gelowiges en die ongelowiges en daar is 'n duidelike implikasie dat hulle in die lewe ná die dood aparte bestemmings sal hê (Lutzer 2000:35). Lasarus en die ryk man het na hulle dood hulleself in twee onderskeie bestemmings bevind (Lukas 16:23-26). In teenstelling met die tema van hoop in hierdie studie, kan die begrip *wanhoop* met 'n ongelowige persoon geassosieer word.

➢ *Die kerk en die hemel*

Die kerk het deur die eeue heen aan die hoop op die opstanding uit die dood vasgehou (Conradie 2006:15). Dit word Sondae in die diens bely met die

aflegging van die geloofsbelydenis en hou verband met wat gesê word omtrent geloof in die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

*Janie: Is dit belangrik om kerk toe te gaan sodat jy eendag hemel toe kan gaan?*
*Navorser: Dink jy om kerk toe te gaan speel 'n rol daarin of jy hemel toe sal gaan?*
*Janie: As ek nou kerk toe gaan wil ek net die hele tyd huil en ek kry skaam. Dit voel asof ek liewer nie wil gaan nie, maar ek is besorg daaroor dat dit sal veroorsaak dat ek nooit weer my man sal sien nie.*

*Perspektiewe uit die literatuur*

"In die kerk word Christus se heerskappy alreeds herken en erken" (Conradie 2006:33).

➢ *Lokus en die hemel*

Die hemel is nie "...'n blote plek aanduiding nie, maar eerder 'n dinamiese uitgangsaanduiding: dáár is Hy en vandaar handel Hy" (Heyns 1981:45). Vergelyk Psalm (33:13-14) wat dit stel dat God vanuit die hemel neerkyk, regeer en heers. Volgens Lutzer (2000:72) kan die mens seker wees dat gelowiges na hul dood direk na die teenwoordigheid van Christus gaan. Om te sterwe en met Christus te wees beteken egter nog nie volmaakte saligheid nie. "Enige gedagte dat gelowiges ná die dood en voor die wederkoms reeds die volle heil van die verlossing beleef, is 'n misverstand" (Botha 1998:69). Geliefdes wat ons vooruitgegaan het is by die Here Jesus in 'n tussentydse woning. Hulle wag saam met dié wat nog op die aarde is op die wederkoms en 'n opstandingsliggaam. Hierdie gespreksgenoot het in 'n persoonlike vraag oor haar man se bestemming gewonder.

*Sarie: Waar is hy nou? Is hy al by die Here?*
*Navorser: Waar dink jy is hy nou?*

*Sarie: Volgens my idee is hy dadelik in die hemel en by die Here. Ek sien baie uit daarna om ook daar te kan wees.*

*Perspektiewe uit die literatuur*

Daar is verskillende perspektiewe omtrent die *tussentoestand*. Alcorn (2005:16) noem dit die *intermediêre* hemel. Dit is slegs 'n tydelike bestemming en word deur sommige teoloë (Lutzer 2000:63-64; Alcorn 2005:53; Burger 2006:17; König 2005:426; Bothma 2006:28; Conradie 2006:34-41) 'n tussentoestand genoem. Dit is 'n oorgangsperiode tussen die vorige lewe op aarde en die toekomstige opstanding tot die lewe op die nuwe aarde. In Korintiërs (5:5) staan geskryf dat "Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee." Ons word voorberei om *huistoe* te gaan. Lutzer (2000:57) sê dat dit in 'n sekere sin nie beeldspraak is om na die hemel as *tuiste* te verwys nie. Jesus het vir Sy dissipels gesê dat Hy vir hulle 'n woonplek gaan maak (Johannes 14:2-3). Hy reken dat Christus daarmee bedoel het dat Hy die mens se tuiskoms afwag en dat 'n persoon tuis sal voel in die hemel. Die mense gaan by die Here woon. Waar in hierdie navorsing verwys word na die hemel, word bedoel die plek waarheen 'n gelowige onmiddellik gaan wanneer hy/sy sterf. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit nie ons uiteindelike of finale bestemming is nie.

➢ *Kommunikasie en die hemel*

Volgens Botha (1998:70-71) het die dood skeiding tussen die lewendes en die dooies gebring en tussen "...diegene wat nog aards en sondig is en diegene wat reeds in die hemel in 'n volmaakte sondelose atmosfeer is." Hy sê verder dat kontak ook nie moontlik is tussen mense op aarde, wat nog in die genadetyd van God lewe, en mense in die plek van oordeel, vir wie die genadetyd verby is nie. Volgens die Bybel mag ons ook nie kontak met afgestorwenes maak nie (Levitikus 20:6, 27; Deuteronomium 18:11-12; Jesaja 8:19). Vir Christene is die Bybel die Woord van God, waarin God se stem gehoor word. Die Bybel dien as gids om God se wil te verneem, maar ook as die boek van vertroosting en bemoediging (Van Wyk 2006:83).

*Belinda: Weet hy wat hier met my gebeur? Is kontak of kommunikasie met hom moontlik? Wat sal hy dink as ek besluit om weer te trou?*

*Navorser: Wat is jou mening hieroor?*

*Belinda: Ek dink dat hulle ons nie sal kan sien nie, want hulle tyd hier op aarde is verby en wat hier aangaan maak nie meer vir hulle saak nie. Hy was 'n goeie mens en sal my dit gun om weer te trou as ek eensaam is.*

*Navorser: Waarom is dit vir jou belangrik?*

*Belinda: Ek sien uit daarna om weer eendag saam met hom in die hemel te wees, maar wil nie so eensaam deur die lewe gaan nie. Ek wens ek kon net met hom praat daaroor.*

*Perspektiewe uit die literatuur*

Daar is geen bewys dat mense in die hemel hul geliefdes op die aarde werklik kan sien nie, maar dit kan die geval wees (Lutzer 2000:67). Volgens Markus (12:18-25) "...wanneer mense uit die dood opstaan, trou hulle nie meer nie, maar is hulle soos die engele in die hemel," kan afgelei word dat mense hulle bemindes in die hemel sal sien, maar 'n man en vrou wat op die aarde getroud was, sal nie in die hemel ook getroud wees nie. Matteus 22:30 verduidelik dat mense nie meer sal trou nie. Hulle sal waarskynlik navraag doen oor geliefdes op aarde se welstand. Volgens Lutzer (2000:91) sal daar 'n "...uitgebreide familie wees met 'n groter intimiteit as wat hulle op aarde geken het". Stander (2008:192-193) reken dat daar genoeg getuienis in die Bybel is wat daarop dui dat ons mekaar wel in die hemel sal herken. Jesus se volgelinge het hom herken aan sy stem, sy voorkoms en sekere van sy kenmerkende gewoontes (Botha 1998:55). Daarom kan aanvaar word dat mense mekaar in die lewe ná die dood ook aan hulle stemme, voorkoms en gedrag sal herken. Volgens Alcorn (2005:270) gee die Skrif geen aanduiding van 'n uitwissing van geheue, wat daartoe sal lei dat ons nie ons familie en vriende sal herken nie. Persoonlike liefde bly in die hemel voortbestaan. Dit is gebaseer op die feit dat die ryk man oor sy broers bekommerd was en wou verhinder dat hulle ook in die plek van marteling beland (Lukas 16:27-30). Vertroosting kan in die volgende stelling gevind word: "Liewe weduwee, jou eggenoot in die hemel sal jou natuurlik nog net so liefhê soos op die aarde. Meer nog, hy sal jou liefhê met 'n dieper, inniger,

suiwerder liefde, want God sal self die liefde suiwer" (Lutzer 2000:66). In die hemel sal 'n persoon so vol verwondering vir God wees dat aardse verbintenisse tot mekaar geheel en al onbelangrik sal wees (Stander 2008:172).

Botha (1998:72) reken dat daar aanvaar kan word dat die gestorwenes nie meer weet wat op aarde met die agtergeblewenes gebeur nie. "Hulle het egter nou 'n volkome wete van die Here Jesus se liefde en sorg vir agtergeblewe geliefdes." Daar kan wel aanvaar word dat hulle herinneringe behou van hulle lewe op aarde. Bothma (2006:19) sê dat 'n mens seker kan wees dat niemand nog ooit met 'n gestorwe familielid gepraat het nie. Lutzer (2000:67) waarsku die mens ook dat 'n persoon nie met mense in die hemel kan kommunikeer nie. Die Here Jesus vorm die eenheidsband tussen die lewendes en hulle geliefde afgestorwenes. "Om kontak te probeer maak met afgestorwenes word in die Bybel streng verbied (Levitikus 20:6,27; Deuteronomium 18:11-12; Jesaja 8:19).

- *Emosies en die hemel*

Ons is na die beeld van God geskape en daarom kan ons emosies 'n weerspieëling van Sy emosies wees (Alcorn 2005:222). God openbaar volgens Sy Woord ook emosies. Hy het liefgehad, gelag, was verheug, het behae in mense en dinge geskep, was kwaad, gelukkig, jaloers en bly. Dit is dus moontlik dat ons emosies in die hemel sal hê tot God se verheerliking en ons voordeel.

*Sarie: Gaan ons nog dink, redeneer en voel soos hier op aarde?*
*Navorser: Dink jy ons sal nog dieselfde gedagtes koester soos hier op aarde?*
*Sarie: Ek sal graag nog dieselfde wil wees en wil ook hê dat my man dieselfde moet wees.*
*Navorser: Waarom is dit vir jou belangrik dat julle nog dieselfde moet wees?*
*Sarie: Anders gaan ons mekaar nie meer ken nie.*

Heelwaarskynlik sal mense nog alles liefhê wat hulle hier op aarde liefgehad het. "In die hemel sal emosies dieselfde wees as op die aarde, maar dit sal nog intenser wees" (Lutzer 2000:67). Hy sê ook dat liefde vir God sterker sal wees.

- *Verhoudings en die hemel*

"Ons bron van troos is nie net dat ons saam met die Here in die hemel sal wees nie, maar dat ons ook saam met ons geliefdes daar sal wees" (Alcorn 2005:266). Paulus sê ook dat ons in die hemel met gelowige familielede en vriende herenig sal word (1 Tessalonisense 4:13-14).

> *Janie: Ek bou my hoop op die feit dat ons eendag weer by mekaar sal wees. Dit maak my hartseer ligter.*
> *Navorser: Waarom is hierdie hoop vir jou belangrik?*
> *Janie: Dit gee my iets om na uit te sien.*
> *Navorser: Waarna sien jy uit?*
> *Janie: Om verlos te wees van ons probleme hier op aarde en in liefde en vrede saam te kan wees.*
> *Navorser: Van watter probleme hier op aarde wil jy graag verlos wees?*
> *Janie: Die grootste probleem vir my is om elke dag op te staan en aan te gaan met my daaglikse verpligtinge terwyl ek voel asof ek eerder wil bly lê en huil.*
> *Navorser: Wat maak dit vir jou moeilik om op te staan?*
> *Janie: Ek voel nie lus om die lewe alleen aan te pak nie. Alles het vir my te veel geraak.*
> *Navorser: Wat het vir jou te veel geraak?*
> *Janie: Ag, sommer alles. Ek wil nie meer kos maak nie, ek wil nie meer met ander mense kuier nie, niks is meer vir my lekker nie.*
> *Navorser: Wat sal maak dat hierdie dinge weer vir jou lekker word?*
> *Janie: Ek weet nie. Miskien sal dit later beter gaan. Miskien eers as ek ook in die hemel is.*

*Perspektiewe uit die literatuur*

Botha (1998:61-62) reken dat vriendskapsverhoudinge tussen Christene met meer inhoud en diepte voortgesit sal word. In ooreenstemming hiermee word gesê dat "Vriendskappe wat onverwags deur die dood onderbreek is, sal hervat word" (Lutzer 2000:10).

- *Aktiwiteit en die hemel*

Volgens Lukas (19:11-27) gaan die mens God help om die heelal te bestuur. Die mens sal saam met Christus regeer. 'n Persoon sal verantwoordelikhede hê, doelwitte stel, planne beraam en idees uitruil. Take wat in die hemel verrig word sal nie frustrerend of vrugteloos wees nie. Dit gaan "...blywende prestasie behels, onbelemmerd deur aftakeling en vermoeienis, versterk deur onbeperkte bronne" (Alcorn 2005:324). Daar sal dus aktiwiteite in die hemel wees waarby die mens betrokke gaan wees. Hierdie bespreking hou verband met die vraag van 'n gespreksgenoot.

> *Sarie: Wat doen 'n mens in die hemel? Waarmee hou jy jou besig?*
> *Navorser: Waarom wil jy weet hoe 'n mens besig gaan wees in die hemel?*
> *Sarie: Ek is 'n persoon wat altyd besig is en sal graag wil goed doen wat vir my lekker is.*
> *Navorser: Wat is jou voorstelling daarvan?*
> *Sarie: Ek dink tog ons sal dinge doen waarvan ons hou. Wat skryf die Bybel daaroor? Niemand kon my nog ooit definitief sê nie.*
> *Navorser: Waarom is dit vir jou belangrik om te weet wat mens in die hemel gaan doen?*
> *Sarie: Ek wil graag saam met my man goed doen wat ons nie hier gedoen het nie.*

Lutzer (2000:69) reken dat persoonlike aktiwiteite in die hemel sal voortgaan. Waarskynlik sal dieselfde projekte, wat op aarde bekend was, voortgesit word en almal sal aanhou om nuwe kennis op te doen. Hiermee stem Alcorn (2005:325) saam omdat hy reken dat daar kontinuïteit van die ou aarde na die nuwe sal wees. Skrywers (Botha 1998:60; Lutzer 2000:69; Alcorn 2005:257) stem saam dat mense nie ledig in die hemel sal wees nie en dat selfs diegene wat beroepe hier op aarde beoefen het, wat nie langer nodig sal wees nie, ook ander belangstellings sal ontwikkel.

'n Persoon se aankoms in die hemel sal net 'n voortsetting wees van wat daardie persoon alreeds hier op aarde begin doen het. Volgens Lutzer (2000:88) sal daar posbeskrywings wees wat twee primêre verantwoordelikhede behels. Eerstens sal God aanbid word en tweedens sal mense die Allerhoogste dien in watter hoedanigheid Hy ook al 'n persoon vra om Hom te dien. God sal vir die mens produktiewe werk hê wat vir Hom verrig moet word. Die werk wat in die hemel gedoen word sal deur die mens met entoesiasme benader word (Alcorn 2005:324).

- *Liggaamsbeeld en die hemel*

Daar word dikwels gevra hoe ons liggame gaan lyk. Een ding sal seker wees; ons opstandingsliggame sal vry wees van die vloek van sonde (Alcorn 2005:227). Daar kan spekuleer word dat die nuwe liggaam 'n ooreenstemming met die ou liggaam sal toon.

> *Belinda: Gaan ons nog dieselfde lyk?*
> *Navorser: Hoe dink jy sal ons lyk?*
> *Belinda: Ek het nie 'n idee nie en wil graag meer weet wat daaroor gesê word. As ons nie dieselfde lyk nie gaan ons mekaar mos nie herken nie. Dit is vir my belangrik dat ons mekaar sal ken.*
> *Navorser: Waarom is dit vir jou belangrik?*
> *Belinda: Ek wil net weer sekerheid hê dat hy vir my lief is, want ek*

*mis hom baie. Ek wil graag weer met hom praat oor alles.*

*Navorser: Waaroor sal jy graag weer met hom wil praat?*

*Belinda: Ek sal graag wil hoor of hy dink dat ek vir hom 'n goeie vrou was. Watter betekenis ons huwelik vir hom gehad het.*

*Navorser: Watter betekenis het julle huwelik vir jou gehad?*

*Perspektiewe uit die literatuur*

Stander (2008:116) sê dat die Bybel weinig vertel oor hoe mense se liggame gaan lyk. Hy haal 1 Korintiërs 15:52-54 as voorbeeld aan. Skrywers (Alcorn 2005: 229; Bothma 2006:109; Stander 2008:116) is dit eens dat aanvaar kan word dat mense se liggame soos Jesus se liggaam na sy opstanding sal wees: "Hy was herkenbaar, maar tog was sy liggaam nie beperk deur mure en deure nie" (Johannes 20:19). Christus het 'n verheerlikte liggaam na sy opstanding gehad, "Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie" (Lukas 24:39). Mense se liggame sal nie aan beperkings soos tyd en ruimte onderhewig wees nie. Botha (1998:54-55) sê daaroor – "Daar sal geen teken meer wees van enige swakheid of verganklikheid by die liggame van gelowiges wanneer hulle opstaan nie." Volgens Bothma (2006:111) gaan die liggaam in een of ander vorm vir altyd voortbestaan, maar dit sal ná die dood *anders* wees (byvoorbeeld sonder kwale). Lutzer (2000:72-73) skryf dat die Nuwe Testament se dogma oor die opstanding bevestig dat die mens 'n geestelike en fisiese eenheid is en dat God die mens weer sal saamvoeg tot een harmonieuse wese, naamlik liggaam, siel en gees. Voorts nog 'n persoonlike vraag van 'n gespreksgenoot rondom die opstandingsliggaam :

*Sarie: Gaan my man nie meer emfiseem hê nie?*

*Navorser: Waarom is dit vir jou belangrik om te weet?*

*Sarie: Ek het sy lyding gesien en wil dit nooit weer beleef nie. Ek lei af volgens wat gesê word dat ons nie meer kwale sal hê nie.*

*Navorser: Dit klink vir my asof dit moeilik was om sy lyding te aanskou. Wil jy graag daaroor praat?*

*Sarie: Dit het my baie magteloos laat voel. Ek het nie meer*

*beheer gehad nie en het nie geweet wat om te doen nie.*
*Navorser: Vertel my meer van hierdie magteloosheid wat jy ervaar het.*

*Perspektiewe uit die literatuur*

"In die hemel sal pyn, wat die resultaat van sonde is, vir ewig verban wees" (Lutzer 2000:95). Daar sal ook nie emosionele pyn as gevolg van verwerping, skuldgevoelens, skeiding of mishandeling wees nie.

**8. SAMEVATTING**

Hierdie hoofstuk het gehandel oor die begripsomskrywing van die rouproses en die verband met hoop en vertroosting. Die begrippe verlies, rou en rousmart is aan die hand van die metaforiese meelewing met Totius verhelder. Die begrippe is so omvangryk dat dit noodsaaklik was om dit te bespreek. Dit is ook belangrik vir die studie, aangesien hierdie kennis van die rouproses nodig is om die gespreksgenoot in 'n terapeutiese situasie te ondersteun en om hoop en vertroosting te fasiliteer.

Die narratiewe benadering is verduidelik in 'n poging om die verband met eskatologie en promissioterapie aan te dui. Enkele elemente van die benadering, soos sosiale konstruksie diskoers, dekonstruksie, rekonstruksie en ko-konstruksie, asook eksternalisering is uitgewys en bespreek. Die narratiewe benadering word in die volgende hoofstuk verder verhelder.

Daar is kortliks 'n oorsig van die begrippe spiritualiteit, eskatologie, promissioterapie, hoop en vertroosting gegee, en die verband met die rouproses en die narratiewe benadering is bespreek. Die betekenis van hierdie begrippe is soos ratte wat inmekaar pas om die totale mens se funksionering te beïnvloed. Hulle betekenis is vervleg, maar elke rat draai ook op sy eie. Die voorstelling daarvan is in 'n diagram vervat.

Gespreksgenote se voorstelling van die lewe hierna is as 'n bestemming in die toekoms gesien en deur hulle siening van die hemel verbeeld. Die diskoers oor

hoop en vertroosting het, in die oortuiging dat daar 'n lewe hierna bestaan, die aandag op medenavorsers se vrae oor die lewe hierna gevestig. Die vroue se perspektief van die hemel is ondersoek en verhelder deur inligting uit verwante literatuur te verkry. Die bespreking van die vrae, wat medenavorsers gestel het, het hulle voorstelling van die hemel beklemtoon. Die bydrae van die vroue se persepsie oor die hemel tot die rouproses is verhelder. Die narratiewe aksent is deur die sirkulêre benadering van die gespreksgenote se vrae beklemtoon. Dit het geblyk dat die gespreksgenote die lewe hierna in verband bring met die hereniging van hulle geliefdes en dat hulle hoop ervaar as gevolg daarvan.

In die volgende hoofstuk word 'n raamwerk met Bybelsgefundeerde beginsels voorgestel om hoop en vertroosting by vroue wat 'n eggenoot verloor het te fasiliteer. Daar word ook aandag gegee aan die vorming van 'n eie pastoraal-narratiewe benadering vir betrokkenheid by sodanige vroue.

# HOOFSTUK 5

# 'N NARRATIEWE-PASTORALE BENADERING OM HOOP EN VERTROOSTING TE FASILITEER

## 1. AANEENSKAKELING

In die vorige hoofstuk is skakels sewe en agt van die navorsingsketting voorgestel. Dit het die begrippe verlies, rou en rousmart aan die hand van 'n metaforiese meelewing met Totius verhelder. Die verband met hoop en vertroosting is aangedui. Die narratiewe benadering is verduidelik en enkele elemente van die benadering is uitgewys en bespreek. 'n Kort oorsig van die begrippe, spiritualiteit, eskatologie, promissioterapie, hoop en vertroosting is gegee. Dit is gedoen om die verband met die rouproses en die narratiewe benadering te kenskets.

Skakel agt het diskoerse oor die hemel in die vorm van gesprekke met die vroue weergegee. Die vroue se voorstelling van die hemel is as 'n bestemming in die toekoms gesien. Hulle perspektief van die hemel is ondersoek en verhelder deur inligting wat uit verwante literatuur verkry is. Die verband met die rouproses is uitgewys. Die narratiewe klem is deur die sirkulêre benadering van die gespreksgenote se vrae geaksentueer. Die gespreksgenote het hoop ervaar, deur die lewe hierna in verband te bring met die idee om in God se teenwoordigheid, en met hulle geliefdes herenig, te wees.

Skakels nege en tien van die navorsingsketting word in hierdie hoofstuk voorgestel. In skakel nege word 'n blik op hermeneutiek, pastorale terapie en narratiewe-pastorale begeleiding gegee. Die eskatologiese perspektief, met betrekking tot 'n benadering vir betrokkenheid by die vroue, word bespreek. Skakel tien is 'n voorstelling van 'n narratiewe-pastorale benadering om hoop en vertroosting by die gespreksgenote te fasiliteer. 'n Gespreksbenadering, gebaseer op Müller (2000:72-103) se vyf groot bewegings, word vir die fasilitering van hoop en vertroosting by vroue ontwikkel.

## 2. PASTORAAT EN DIE VERHAAL

Probleme, wat in die postmoderne lewensomstandighede ondervind word, vereis dat die pastoraat sinvol toegepas moet word om 'n betekenisvolle lewe vir die gelowige te bewerkstellig. Daar word, volgens Heitink (1979:289-311), die volgende vier funksies van die pastoraat onderskei:

- Heling – die moontlike positiewe gevolge wat die pastorale optrede, met betrekking tot gesondheid en die welsyn van mense, het;
- Bystand – die voortsetting en instandhouding van 'n verhouding met 'n gespreksgenoot in nood of lyding. Dit kan bydra tot 'n gevoel van vertroosting en ondersteuning.
- Begeleiding – deur begeleiding word mense gehelp om op grond van hulle lewensoortuigings hulle eie keuses te bepaal en besluite te neem. Dit het betrekking op geestelike leiding.
- Versoening – insig word gefasiliteer en sodoende leer mense om in nuwe verhoudings met God en ander mense te leef. Die funksie moet teen die agtergrond van die mens se sondeskuld gesien word.

Al vier funksies van die pastoraat kom nie gelyktydig aan die orde nie. Een bepaalde funksie tree gedurende 'n spesifieke tyd, onder bepaalde omstandighede en afhanklik van die konteks op die voorgrond (Heitink 1998:127). Die pastoraat strewe dus daarna om mense te bemagtig om eienaarskap van die gemeente en die evangeliese eise te aanvaar, en die hoop van Jesus Christus uit te leef. Pastorale sorg behoort, volgens Senekal (2005:43), op die boodskap van die Woord, die mense wat die boodskap bring en dié wat dit ontvang gefokus te wees. "Those who do pastoral care help people through the situations of life from the perspective of the gospel" (Redman 1994:199).

Die pastor se groot taak is om na die stories van mense te luister en om dit te interpreteer (Müller 1996:107). Die pastoraat behels sinvolle kommunikasie wat deur gesprekvoering plaasvind. Müller (1996:27) skryf dat sin oor die samehang gaan, wat aan die geheel van ons bestaan 'n ervaring van betekenis gee. Betekenis en verstaan is sosiaal gekonstrueer en word slegs deur die neem van

kommunikatiewe aksie en betekenisvolle diskoers bereik. Volgens Bezuidenhout (2005:189-190) is die verhaal die medium, binne die pastoraat, waardeur God se handelswyse in Sy verbondsverhouding met sy volk bekend word. "Om God te erken as deel van die narratief beteken dat die Skrif as norm moet spreek" (De Beer 2007:32). Om die Skrif te verstaan moet God gevra word om vooropgestelde idees te verwyder. "Die Here sal jou insig gee om alles te verstaan" (2 Timoteus 2:7). Die Boodskap moet dus geïnterpreteer en oorgedra word.

Volgens Louw (1997:48) moet die Woord ook verstaan word in die werklikheid waarbinne dit oorgedra word. Die hermeneutiek, wat die proses van verstaan deur interpretasie behels, is van toepassing om die boodskap, wat God deur Sy Woord vermeld, te verstaan. Interpretasie van die Skrif behels ook terselfdertyd interpretasie van 'n persoon se eie situasie (Moltman 1979:42). Die narratiewe benadering in Praktiese Teologie is 'n hermeneutiese proses wat binne die onmiddellike verhalende konteks van die bediening voortgaan (Gerkin 1986:59). Die narratiewe benadering word binne die pastoraat aangewend met 'n eie terminologiese omskrywing (De Beer 2007:32). Stories, en die gebruik van die storie, is nie iets nuuts in die pastoraat of terapie nie (Müller 1996:101). Onderskeid moet getref word tussen suiwer of onverwerkte ervaring, en geïnterpreteerde ervaring. Ervaring raak slegs van nut as die vroue daarin kan slaag om dit in 'n storie te omskep. Ervaring alleen het nie veel sin nie en dus word dit in stories georganiseer (Müller 2009c:Elektroniese bron).

Terapeutiese betrokkenheid by die vroue sal handel oor wat die Skrif sê oor hoop en vertroosting wanneer verlies en rou ervaar word, na die verlies van 'n eggenoot. God het begrip vir die vroue se rousmart en Hy verstaan hulle persoonlike denke en emosies. God se plan met die vroue moet verstaan word na aanleiding van die bepaalde konteks waarin Hy hulle geplaas het. Die vraag, "*Voorsien God in alles?*" ontstaan. Louw (2006g:68-70) sê dat voorsienigheid nie 'n poging is om elke krisis te verklaar nie, maar dit bely die volgende:

- Dat God Sy hele skepping onderhou en versorg;
- Dat God doelgerig regeer; nie as hardvogtige despoot nie, maar as genadige Verlosser;

- Dat God as Vader by Sy skepping betrokke is;
- Dat God magtig is.

God laat die vroue toe om hierdie rouproses te beleef. Hy staan agter lydende mense en lê hulle in die holte van Sy hand. Pastorale sorg kan gesien word as hulp van een gelowige aan 'n ander in nood, om nuwe betekenis aan hulle lewens te gee. Pastorale sorg as deelnemende etiese sorg daag ons uit om nie "met" mense nie, maar "saam met" mense, wat sorg nodig het, te werk. Dit beweeg "...towards care as a social practice where it is socially constructed by care-givers as well as care receivers" (Kotzé & Kotzé 2001:7).

God se storie kan 'n persoon help om die verlede, sowel as die toekomsstorie só te herformuleer dat dit nuwe sin aan die hede gee (Müller 2000:72). Die kwessie is om die Boodskap reg te interpreteer en aan die vroue oor te dra. Hulle moet bereid wees om volgens God se Woord te handel. Die mens reageer, volgens Gerkin (1986:110), op die aksies van God deur eie interpretasies. As gevolg van die wesenlike narratiewe karaktereienskap van die mens se Christelike geloof kan verhale met mekaar in verband gebring word. Die verhale van vroue moet in verband met die *groot verhaal van God* gebring word.

Deur hulle verhale te verwoord gee die vroue betekenis aan hulle ervarings. Hulle kan deur taal as medium stories oor hulle ervaring van verlies en rou vertel. Taal word gesien as die vervoermiddel wat betekenis en konstruksie bewerkstellig. Dit vorm die mens se wêreld en mening. Taal word ook gebruik om die narratief oor te dra en kan gesien word as 'n interaktiewe proses waarvolgens uitdrukking aan gebeurtenisse gegee kan word. Die narratiewe benadering, as moontlike benadering in die pastorale terapie, moet ondersoek word om die betekenis daarvan vir betrokkenheid by vroue wat verlies en rou ervaar, in te sien.

## 3. INSIGGEWEND

Die volgende toepaslike begrippe, wat bydra om te verstaan wat narratiewe-pastorale begeleiding behels, is vir hierdie studie van belang en kom eerstens aan bod:

➢ *Pastorale terapie*

Kotzé & Kotzé (2001:8) reken dat dit 'n deelnemende proses is waarin terapeute met mense saamwerk. Terapie het, volgens Louw (1999a:510), te doen met 'n aksie om hulp te verleen, wat konstruktiewe en positiewe implikasie vir die menslike bestaan, en sy sinvolle funksionering, tot gevolg kan hê. Dit beteken om met die vroue se diskoerse in gesprek te gaan in die lig van God se storie. 'n Diskoers behels 'n denkbeeld, siening of idees wat uit hulle verhale en kultuur voortspruit en wat bepaal hoe hulle dink, optree en leef. Pastorale terapie, in hierdie studie, behels die herstrukturering van die vroue se begrip van hoop en vertroosting. Die probleemsituasie, wat bespreek word, is die resultaat van die gesprek. Gesprek vorm, volgens Ganzevoort & Visser (2007:133), die basis van pastorale sorg.

Volgens Van Jaarsveld (2001:149) benader pastorale terapie die mens "openbaringsmatig" vanuit 'n "skeppings- en herskeppingsmatige" perspektief. Dit beoog die hoogste mate van geloofsrealisering by die gespreksgenoot. Hy konstateer dat pastorale terapie die gespreksgenoot vanuit 'n eskatologiese perspektief benader, en met die transendente dimensie van sinvelde werk. Dit het in die eerste instansie met probleme op trans-psigiese vlak te doen, rakende die mens se spiritualiteit en geloofsfunksies, en 'n verhouding tot God. Dit werk met die mens binne konkrete verhoudings. Vanuit hierdie eiesoortige siening lewer dit 'n belangrike bydrae.

Van Jaarsveld (2001:148-149) het 'n vergelyking tussen psigoterapie en pastorale terapie gemaak en die volgende met betrekking tot pastorale terapie uitgelig :

- Metodiek: pastorale terapie maak hoofsaaklik gebruik van promissioterapie, wat op 'n sekere vlak van geloofsvolwassenheid berus.
- Gesprekstegniek is trialogies en verbondsmatig-kommunikatief van aard.
- Antropologie : pastorale terapie gaan vanaf die veronderstelling uit dat die mens 'n afhanklike wese is wat oor geestelike potensiaal beskik. Die oogmerk is geloofsrealisering

- Doelwit : pastorale terapie is gerig op verandering van die nuwe mens binne verhoudings. Die mikpunt is herstel van die pneumatiese dimensie van menswees en die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid.
- Effek: pastorale terapie se geslaagde effek op die gespreksgenoot is bestendigheid van geloof, wat standvastigheid in die trou van God vind.
- Konteks: pastorale terapie geskied binne die kommunikasienetwerk van die pastor-gespreksgenoot-interaksie.

➢ *Hermeneutiek*

In die hermeneutiese dialoog gaan dit om 'n interaksie van interpretasies, met die wete dat finale interpretasies nie moontlik is nie. Wanneer daar egter konsonansie tussen gister, vandag en môre is, is daar integriteit, gesondheid en volwassenheid (Müller 1998:9). Dit gaan hier oor innerlike vrae in die soeke na sin. Van die mees fundamentele handelinge van die mens is om te vertel, te interpreteer, en dit wat geïnterpreteer is, in woorde weer te gee. Hierdie weergawe geskied in die vorm van stories. Elke nuwe sensasie of stimulus word ook weer in 'n storie herformuleer. "In this we make progress and life becomes a journey, since we take past experiences, organise them into a story, which then in turn becomes a map of the unknown territory that lies ahead" (Muller 2009c:Elektroniese bron) . Dit is 'n proses wat aaneenlopend, sirkulêr en sosiaal gekonstrueerd is.

Aangesien die subjektiwiteit van die interpreteerder betrokke is, kan daar nie sprake van net een korrekte interpretasie wees nie (Landman 2009: Elektroniese bron). Volgens Louw (1999a :117;118) gaan die hermeneutiese dimensie in pastorale sorg en Praktiese Teologie om verstaan, vertolking en verheldering. Dit is die proses van verstaan deur interpretasie; om te verstaan en te vertolk. "In algemene zin gaat het in de hermeneutiek om de theorie van de interpretatie" (Ganzevoort & Visser 2007:103). Volgens Landman (2009: Elektroniese bron) moet die navorser op subjektiewe integriteit, betroubaarheid en geldigheid in die interpretasieproses bedag wees. Subjektiewe integriteit behels 'n persoonlike betrokkenheid by die gespreksgenoot, wat bevorderlik vir inlewing en verstaan is. Betroubaarheid behels konsekwentheid van interpretasies. Is dit logies en

werklikheidsgetrou en bring dit noodsaaklike betekenisse aan die lig? Interpretasies kan, met die oog op bevestiging, met die vroue bespreek word. Geldigheid van interpretasies word afgelei uit: die kwaliteit van die interpretasie; die kwaliteit van die verhouding tussen die navorser en die vroue; die kwaliteit van die diskoerse in die interpretasie; evaluering van verskillende perspektiewe in die gesprek en die bruikbaarheid van die interpretasie.

In die hermeneutiese pastoraat "...word die betekenis van die narratiewe benadering ter uitdrukking van menslike handelinge wat gegiet is in 'n onophoudelike sirkulêre, sosiaal gekonstrueerde proses, erken" (Fourie & Van den Berg 2009:99). Hierdie navorsing is hermeneuties van aard en daarom wil die navorser interpreteer, sodat die kennis en handeling van die vroue verstaan kan word. Landman (2009: Elektroniese bron) bied die volgende kriteria vir die interpretasieproses:

- Die betekenis van elke uitspraak wat gemaak word, moet verstaan word;
- Bepaal of daar dubbelsinnigheid in interpretasies voorkom;
- Interpretasies mekaar weerspreek;
- Interpretasies spesifiek genoeg is (nie algemene gepratery is nie);
- Interpretasies of uitsprake betroubaar is;
- Of daar deurgaans krities gedink word. Kritiese denke vereis die skerpsinnige aanwending van skeptisisme, wat deur ervaring getemper word. Weet wanneer om iets te bevraagteken en watter soort vrae gevra behoort te word; en
- Of die volgende gehandhaaf word: onbevooroordeeldheid, soepelheid, intellektuele eerlikheid, om sistematies te wees en agting vir ander se standpunte.
- Die skryf van 'n verslag (teks), wat interpretasies sistematies en duidelik weergee. Die teks is die uitkoms van die indink en inleef (empatie) in die betrokke situasie (of teks) ten einde betekenisse aan die lig te bring. 'n Eidetiese reduksie van hierdie teks lei daartoe dat die gemeenskaplike uit alle interpretasies uitgelig word. Die gemeenskaplike kan as die uiteindelik interpretasie van die situasie (of teks) dien en kan tydens 'n interpretasiegesprek beoordeel word.

Woorde kom in sinne voor, staan nie alleen nie en het net betekenis binne 'n konteks. Die betekenis word in die sin of paragraaf gevind. Die betekenis is in die teks en nie iets wat die terapeut in die teks, volgens eie menings of idees, moet probeer ontsyfer nie. Die teks is deur die vroue geformuleer en deur dít te bestudeer, sal die betekenis geïnterpreteer kan word. Daar kan nie in die teks iets, wat die vroue nie daarin geplaas het nie, gelees word nie.

- *Konteks*

Die postmoderne mens leef in 'n era waar daar 'n veelvuldige wyse van *ken* en *besluit* oor sake is. "Op 'n pluralistiese manier word daar met meervoudigheid saamgeleef" (De Beer 2007:15). Die manier waarop teenswoordig geken en besluit word, begin nie meer deur algemeen geldende waarhede te bepaal nie. Die ontwikkelingsgang word eerder gekenmerk as kontekstueel-ruimtelik en pluralisties (Brueggeman 1989:9). Alles hoef nie meer binne een enkele raamwerk in te pas nie (Müller 2002:22). Hierdie studie vind binne 'n bepaalde raamwerk plaas, wat 'n rol speel in die verstaan van die teks binne 'n bepaalde konteks. Elke vrou veroorloof haar dit om, binne 'n bepaalde konteks, haar eie besluite te neem. Hierdie individuele konstrukte word deur middel van sosiale oordrag en internalisering gevorm, en vind deur sosiale interaksie plaas. Die diskoerse vorm die vroue se lewens en verhoudings en behels sosiale konstruksie. Volgens Fourie (2004:19) werk sosiale konstruksie met die gedagte van 'n meervoud van waarhede.

Die bepaalde konteks waarin die vroue se sosiale lewe en verhoudings afspeel, beïnvloed hulle begrip van die realiteit. Hermeneuties gesien, behels die konteks die tekstuele interpretasie in hierdie ondersoek. Müller (1996:3) verwys daarna dat 'n denkraamwerk gevorm word deur kontekstuele ervaringe, wat 'n narratiewe vorm aanneem. Die vroue is sosiale wesens, wat verlies binne 'n konteks beleef. Aangesien hierdie ondersoek pastoraal van aard is, is die vroue se religieuse konteks en verhouding met God van belang. Die konteks is in die geloofsgemeenskap gesentreer, maar vorm ook deel van die sosiale gemeenskap. Kennis moet van die teologie, sowel as die situasie, geneem word.

Volgens Fourie (2004:20) behels 'n kontekstuele benadering 'n "oop kant wat uitloop in die inwerking van teologie op die sosiale praxis om terapeutiese verandering te bewerk."

## 4. MODELLERING

Die menslike konteks moet in terme van die Skrifteks verstaan en vertolk word. Die vroue se emosies, veronderstellings, geloof en spiritualiteit is die fokus van die studie. Die bestaan van God, en die vroue se wesenlike sin vir godsdiens, word in die hantering van hulle verlies aanvaar. Daar is nie vaste waarhede en etiese reëls volgens hierdie denkwyse moontlik nie (De Beer 2007 :45). Die vroue se verhouding met God is relevant omdat Hy hoop en heling aan elke vrou, wat haar eggenoot aan die dood afgestaan het, wil bied (1 Korintiërs 15). Volgens Van Niekerk (2002:17) word 'n persoon se geloofsverhouding met God onvermydelik deur rou geraak. Dié verhouding word herskep en standvastig, óf vertwyfeling kan tot geloofsontwrigting, en gevolglike gebrek aan geloof, lei.

Die reaksie wat vroue op verlies en rou toon kan 'n konstruktiewe of 'n destruktiewe uitwerking op hulle geloofsgedrag hê (De Beer 2007:44). Toepaslike reaksie kan geloofsvolwassenheid bevorder en ontoepaslike begrip kan tot geloofspatologie lei. Toepaslike gedrag dui op volwassenheid en verantwoordelikheid (Louw 2005b:104).

## 5. PASTORAAT EN GESPREK

Volgens Louw (1999a:305) bring die pastorale gesprek mee dat dit "... in die pastoraat om 'n dialogiese proses van kontak en ontmoeting gaan." In die terapeutiese ontmoeting kan die konteks, waarin die kwessie van hoop en vertroosting bestaan, die idees en oortuigings wat dit onderhou, en die geskiedenis van hierdie voorstellings oorweeg word. Freedman & Combs (1996:40-41) stel vrae as riglyne voor om 'n narratiewe, sosiaal-konstruksionistiese posisionering te handhaaf. Aangesien hierdie ondersoek binne die postmoderne paradigma val moet hierdie riglyne nie as voorskriftelik

gesien word nie, en daarom word dit as vrae aangebied. Hier volg die voorbeelde van die vrae soos deur hulle gestel:

- Vra ek vir beskrywings van meer as een werklikheid?
- Luister ek op só 'n wyse dat verstaan kan word hoe die gespreksgenoot se realiteitservaring sosiaal gekonstrueer is?
- Wie se taal word bevoordeel? Poog ek om my gespreksgenoot se linguistiese beskrywings te verstaan? Wanneer ek iets in my eie taal beskryf, om watter rede doen ek dit? Wat is die effek van die verskillende linguistiese onderskeidings wat in die terapeutiese gesprek na vore tree?
- Wat is die stories wat die probleem van die persoon ondersteun? Is daar dominante stories, wat die persoon se lewe onderdruk of beperk? Watter gemarginaliseerde stories hoor ek? Is daar aanduidings tot marginale stories wat nog nie uitgespreek is nie? Hoe kan ek hierdie persoon uitnooi om kennis rondom hierdie marginale stories oor te dra?
- Fokus ek op betekenis eerder as feite?
- Nooi ek die persoon uit om aangeleenthede self te evalueer of is ek besig om die persoon te evalueer?
- Is my mening in my eie persoonlike ervaring gesetel? Is ek deursigtig omtrent my konteks, waardes en intensies, sodat hierdie persoon die uitwerking van my vooroordele kan evalueer?
- Raak ek vasgevang in die patalogisering van normatiewe denke? Word die probleme, gebaseer op die kwessie in die persoon se ondervinding, in samewerking met die gespreksgenoot omskryf? Bly ek weg van sogenaamde kundige hipoteses of teorieë?

Die bedroefdes se weergawe van hul verlies en rou spoor die navorser aan om eie ervarings weer te oordink en dit van die stories van die vroue, wat begelei word, te onderskei (Oates 1997:19). Hulle lyding is soortgelyk, maar nie dieselfde nie.

Die pastorale gesprek kan, volgens Ganzevoort & Visser (2007:100), beskryf word as "...een gesprek waarin verhalen worden gedeeld met een ander en worden verbonden met het verhaal van God." Daar word, in die lig van God se narratief, in gesprek met die vroue getree. Die navorser is aangewese op die leiding van die

Heilige Gees en moet daarom voor die gesprek bid (De Beer 2007:46). God is deur die Heilige Gees teenwoordig in die gesprek. Dit stem ooreen met Oates (1997:20) wat sê "as we approach the task of caring for the bereaved, we can best pray for the gift of discernment of spirits to understand the bereaved..." Die Gees bring nie kitsklaar oplossings nie, maar begin met ons 'n nuwe pad, waarop heling tog soms op 'n verrassende wyse kan realiseer. Volgens Louw (1999a:307) word die teologiese aard van die pastorale gesprek deur die volgende vier faktore bepaal:

- Die Woord en die Gees is 'n derde faktor in die gesprek en dit karakteriseer die dialoog in die gesprek tot 'n trialoog;
- In die pastorale gesprek gaan dit in wese om 'n hermeneutiese proses van vertolking;
- Mense word in hul verantwoordelikheid aangespreek, in terme van die verbondsmatige karakter van die kommunikasiegebeure tussen God en mens;
- Die pastorale gesprek beoog, as 'n bepaalde antropologiese doelwit, geloofsvolwassenheid as geloofsgroei, binne die konteks van die gemeente.

Die gesprek wat met die vroue gevoer word, is nie 'n tegniek-georiënteerde gesprek waarin elke volgende vraag met presiesheid uitgemeet is nie (Müller 2000:71). Die funksie van die navorser in die gesprek, is om die vroue se oordrag van hulle eie verhale van verlies en rou te fasiliteer (Oates 1997:19). Die vroue is, tydens die vertelling van hulle verhale, voortdurend besig om hulle wêreld te konstrueer. "Each story told, represents a struggle in the process of thinking, doing and decision-making" (Müller 2009c:Elektroniese bron). Dit is die wyse van dink, doen en besluitneming. Deur stories word die identiteit ontdek en gebou. In hierdie selfde bron sê Müller dat daar spanning binne elke storie is, tussen wat in die teenswoordige, die verlede en die toekoms ondervind word. Dit dui aan waarom die narratiewe benadering meer as net die interessante waarheid van verhale is. Dit blyk dat mense stories, en die vertel van stories, waardevol vind. Die narratiewe benadering behels die ontdekking dat stories fundamenteel tot menswees is.

Die gespreksgenote vervul die rol van *kenner* in hulle lewens en die oplossings van hulle probleme is in hulself opgesluit. Die vroue is die kundiges en hulle weergawe

van gebeure word aanvaar. "Die navorser tree nie op as kundige nie, maar neem deel as medenavorser aan die proses" (De Beer 2007:45). Gespreksgenote speel dus 'n aktiewe rol in die terapeutiese proses, waartydens inligting na vore gebring word vir ontdekking, beskrywing en herskrywing. Die narratiewe benadering bied ruimte daarvoor dat die persone en prosesse wat nagevors word, deel van die gesprek word (Botha 2003:9).

Soveel inligting as moontlik moet ontdek word. Medenavorsers moet vrae kan stel en beantwoord. Volgens die narratiewe benadering kan *landskap van aksie-, landskap van identiteit- en landskap van bewustheidvrae* gestel word (Freedman & Combs 1996:101-102). In sommige fragmente van die vroue se verbatim verhale word hierdie vrae sigbaar. Die landskap van aksie is "...constituted by experiences of events that are linked together in sequences through time and according to specific plots" (Morgan 2000:60). Die landskap van identiteit handel oor die persoon se begeertes, intensies, voorkeure, oortuigings, waardes, planne, karaktertrekke, vermoëns, ensovoorts (De Beer 2007:45). Die landskap van bewustheid dui op persoonlike kenmerke, en hoe dit na vore kom. Mense leef hul lewe volgens die verhaal van die landskap van aksie en die landskap van bewustheid. Vrae, wat oor die landskap van aksie en die landskap van bewustheid gevra word, skep geleentheid tot herredigering van die probleemdeurdrenkte storie (Freedman & Combs 1996:96). Hierdie vrae is sigbaar in die verbatim fragmente van die gespreksgenote.

➢ *Gespreksprosedure*

Volgens Van Jaarsveld (2001:155) kan die pastorale gesprek oor uiteenlopende sake gaan, maar dit is eiesoortig in dié sin dat mense in die pastorale gesprek met die evangelie gekonfronteer word. Die identifisering van die bepaalde vlak van gesprek is, volgens Louw (1999a:311), belangrik. Hy onderskei die volgende vier moontlike gespreksvlakke.

- Die eerste vlak gaan gewoonlik oor algemene ervarings, gegewens en feite. Normaalweg is hierdie vlak intellektueel en rasioneel van aard.

- Die tweede vlak handel oor die geskiedenis van die feite en ervarings. Dit verwys na die persoon se eie subjektiewe interpretasie, herinnering, trauma en pyn.
- In hierdie vlak van die gesprek word die meer objektiewe interpretasie en diagnose van die gebeure aangebied. Dit behels 'n evaluering van die betekenis van gebeure, en die invloed van idees, perspektiewe en ander elemente op die probleem.
- Die laaste vlak is 'n dieptevlak en die gesprek beweeg vanaf interpretasie en betekenis na oortuiging, geloofsinhoude en waardes, met die oog op die vasstelling van lewensin.

Die fokus van die pastorale gesprek is egter om mense te troos sodat hulle sinvol kan lewe. Die doel is om by te dra tot ontwikkeling van psigiese en geloofsvolwassenheid. "Die proses sluit ook die ontwikkeling van aksieplanne met betrekking tot die gespreksgenoot se geloofsideaal so ver dit die onderhawige probleemsituasie raak, in" (Van Jaarsveld 2001:159).

➢ *Vaardighede*

Kommunikasievaardighede is vir die navorser van belang. Dit is nodig aangesien die begeleidingsproses "...involves a great deal of communication between helper and client, relevant communication skills are extremely important for the helper at every stage and step of the helping process" (Egan 1994:91). Dit behels onder andere om fisies, sosiaal, emosioneel en spiritueel teenwoordig te wees om aktief te luister (De Beer 2007:46). Nie-verbale kommunikasie vorm ook deel van die begeleidingsproses. Verskillende gesprekspatrone kan wisselend na vore tree, afhangende van die terapeut se belangstelling en vaardighede, asook die situasie. Dit sluit onder meer in empatiese aanvaarding, vraag en antwoord, ondersteuning en bemoediging, konfrontasie en vermaning, raadgewing en organiese Skrifgebruik (Van Jaarsveld 2001:159).

➢ *Taal*

Volgens Müller (2000:59) kry kliënte se begrip van hul werklikheid in hulle gebruik van taal gestalte. In die narratief-hermeneutiese benadering gaan dit om die *vertel,* sowel as om die *verstaan deur interpretasie* van verhale (Seegers 2005:31). "When individuals experience critical events that challenge their understanding of their world and their place in the world, they use language (stories) to describe those experiences" (Müller 2009a:Elektroniese bron). Die vroue kommunikeer hulle verhale en ervarings deur die gebruik van taal, wat die vorm van 'n gesprek aanneem. Woorde gee betekenis aan ervarings (De Beer 2007:17). Taal kan in hierdie ondersoek gesien word as die werktuig waardeur betekenis en begrip, in die vertel van stories, aan lewensondervinding gegee word. Met die vertel van verhale is die mens voortdurend besig om sy wêreld te konstrueer. Van den Berg (2006:169-171) beskryf dit as "...'n aanvoeling vir die beperktheid van taal" en word nie vanuit 'n verwysingsraamwerk van postmoderniteit as relatiwisme gesien nie.

In die pastorale gesprek kom die volle verhaal van die gespreksgenoot na vore. Die navorser en medenavorser rekonstrueer die lewensverhaal op soek na sin en betekenis. Die interpretering van die lewensgebeure is noodsaaklik, ten einde vaardighede om hulle lewens te bestuur, te bekom. Aangesien gesprek die kern van die navorser se benadering tot begeleiding is, word daar in hierdie navorsing van Müller se gespreksbenadering gebruik gemaak. Die keuse vir hierdie benadering is daarop gegrond dat hierdie benadering op die totaliteit van die vroue se narratiewe gebaseer is. Müller (2000:72-103) praat van *vyf groot bewegings* waarby die terapeut in die pastorale gesprek betrokke is:

- die *noodverhaal,* waar die vroue gehelp word om die storie van nood so breedvoerig moontlik te vertel. Die klem in hierdie beweging van die gesprek is op die vroue se realiteit en hulle vertel daarvan. "Ons moet eers genoeg aandag aan die *storytelling* bestee" (Müller 2000:74). Dit gaan oor hulle verklaring van die pyn wat hulle ervaar. Dit is hier waar die vroue hulleself met hulle pakket van hartseer, verlies en probleme bevind. Dit handel ook oor die interaksie met die navorser. Die navorser word deel van die proses

met die doel om die verhale van die vroue te hoor. Daar moet deurgaans respek vir, en aan, die vroue betoon word. Becvar (2001:29) sê dat ons sensitief moet bly vir die unieke maniere waarop individue in 'n gegewe konteks die verskynsel van dood beleef. Kübler-Ross & Kessler (2005:24) reken dat "most people don't ever feel okay or all right about the loss of a loved one".

- die vroue word gelei om die *verledeverhaal*, wat die geskiedenis behels, te vertel. Dit is deel van die vroue se identiteit en vorm die basis waarop terapeuties saam met hulle gewerk kan word. Deur die vroue se verhaal kan bepaal word watter uitwerking en gevolge die verlies en rou op hulle lewens en verhoudinge het, en hoe daar na genesende moontlikhede gesoek kan word. Bewustelik of onbewustelik het ingrypende veranderings ingetree, wat bepalend vir die toekoms kan wees (Van Niekerk 2002:17). Dun beskrywings word dikwels as 'n waarheid aangebied (Malan 2006:1062). Daar word voortdurend saam met die vroue na die verledeverhaal gesoek. Deur hulle verhale te deel kan die vroue se rousmart na die oppervlak kom en moontlik katarsis bewerkstellig. "If persons can put into words the nameless feelings that overwhelm, they become wiser in their prayers and are better equipped to turn their tears and unutterable sorrow into meaningful words" (Oates 1997:19-20).

Die reaksie op die verlies verskil van persoon tot persoon en op fisiese, sosiale, emosionele en spirituele vlak. Verder hang dit af van die omstandighede van die dood, die verhouding wat tussen die vroue en hulle eggenotes bestaan het, die innerlike krag van die vroue en hulle ondersteuningstelsels. Die dood konfronteer die vroue, sowel as die terapeut, ook met hulle eie mortaliteit en weerloosheid. 'n Mens moet die stukkies van die lewe optel en aangaan. 'n Persoon se lewensreis het nie opgehou nie. Hierdie ontwrigting verg aanpassing in die wyse waarop na die wêreld gekyk word en planne om daarin te lewe. Die verlede verskaf die boustene vir rekonstruksie. 'n Verhaal uit die kinderjare en grafiese voorstellings (genogram, lewenslyn en die ekokaart) is voorbeelde van metodes om die verledeverhaal, as boumateriaal, te benut (Müller 2000:78). Terwyl die kliënt

die verhaal vertel, word die inligting op die genogram aangeteken. Genogramme kan sinvol in 'n narratief-pastorale benadering aangewend word tydens die ontginning van die verledeverhaal. Die inligting wat op hierdie wyse bekom word, kan vir die rekonstruering van 'n toekomsgerigte verhaal benut word.

Soveel besonderhede moontlik moet ingewin word sodat die prent duidelik kan ontvou. Wanneer die vroue hulle traumatiese ondervinding skets, is dit eintlik 'n verhouding met daardie ondervinding wat beskryf word. Hulle verwys na 'n verhouding, wat volgens 'n bepaalde lewensbeskouing ontwikkel. Voorbeelde van woorde, wat in hierdie konteks gebruik word, is:

*Janie: Dit is te pynlik om daaroor te praat.*
*Sarie: Ek is oorweldig.*
*Belinda: Ek is geskok.*
*Navorser: Ek probeer om nie daaraan te dink nie.*

Die ontdekking van hierdie verhoudings word, volgens Müller (2009a: Elektroniese bron), gesien as relasionele eksternalisering. Daar is 'n verskil tussen eksternalisering en relasionele eksternalisering (Bird 2001:3-8). Müller (2004:84, 85) onderskei ook relasionele eksternalisering van narratiewe eksternalisering. Eksternalisering beteken om die probleem en die persoon te skei. Relasionele eksternalisering is wanneer taal gebruik word in 'n poging om 'n sekere verhouding te skep, of te onderhou, en in harmonie met die persoon se heersende lewensbeskouing te bring . Eksternalisering sluit nie noodwendig relasionele eksternalisering in nie. Die verskil lê daarin dat relasionele eksternalisering ook op die verhouding van die persoon teenoor die oorspronklike reaksie op die probleem let.

- die *verduisterde toekomsverhaal*, waar die toekomsstorie in die verledestorie, saam met die vroue ontdek word. Wanneer die vrag te swaar raak en die vroue voel asof hulle nie vorentoe kan gaan nie, is dit belangrik dat die terapeut saam met hulle probeer betekenis vind. Die terapeut moet tot so 'n mate betrokke wees dat die vroue genoeg vertroue het om te vertel wat hulle

beleef. Interaksie met die navorser behels onder meer aanmoediging tot ontginning, om klankbord te wees, of om jou eie reis met die vroue te deel. Jy fasiliteer vir die vroue 'n realiteit wat, nie slegs hartseer nie, maar ook vreugde insluit. Daar moet gepoog word om ekwilibrium in die lewe te ervaar. Die verhale moet ontgin word sodat die vroue saam met die vertel van die verhaal ontwikkel. Becvar (2001:20) sê dat om betekenis te vind, of om sin te maak, 'n persoonlike proses is, "...one that can be supported and facilitated but ultimately must be accomplished in the way that is most appropriate for each person."

Die navorsing is nie 'n blote weerspieëling van verhale nie, maar dit bring 'n nuwe verhaal met nuwe moontlikhede, gewaarwordinge of versugtinge voort (Steyn 2003:56). Die toekoms het nie net met die toekoms te doen nie; dit is nou reeds lewend in verwagtinge, beplanning en ontwerp. "Die toekomsverhaal funksioneer nie eksplisiet nie, maar implisiet" (Müller 2000:87). Hy reken ook dat die verbeelding van 'n toekomsverhaal 'n kragtige middel tot verandering in die hede is. Met behulp van die verbeelde toekomsverhaal kan die vroue gehelp word om aansporing, geesdrif en doelgerigtheid te herwin. Die toekomsverhaal word saam met die vroue in hulle verledestorie ontdek. Die rede hiervoor is dat nood altyd 'n verduisterde toekomsverhaal impliseer. Die persone in beraad moet gehelp word "om 'n toekomsverhaal in die verledeverhaal te sien" (Brunsdon 2006:167).

- die *hervertelde verledeverhaal* behels die proses van "reframing", waar die verledeverhaal herïnterpreteer word. Met positiewe herstrukturering word 'n ander, meer aanvaarbare storie met dieselfde stel feite geskep (De Beer 2007:54). Deur hierdie proses kan die vroue die werklikheid op 'n ander manier waarneem en verstaan. Herstrukturering behels 'n heroriëntasie in terme van waardes wat herontdek word, en waaruit 'n nuwe vertel van die verhaal moontlik word. Hierdie faset verteenwoordig die hoogtepunt in die interaksie en word deur die navorser en medenavorser gesamentlik ervaar. Eksternalisering kan met vrug as meganisme, in die proses van herformulering, benut word.

Unieke uitkomste moet ontdek, meer sigbaar gemaak en met 'n alternatiewe storie geskakel word. "By paying attention to the uniquė outcomes, the therapist facilitates the placing of these events more in the foreground of people's consciousness/awareness" (Morgan 2000:59). Ander temas, in plaas van probleemversadigde temas, kan voorgestel word. Deur dit te doen "nooi ons mense uit om te begin skep aan nuwe verhale oor die verlede" (Müller 2000:73). Die verband tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms moet ontdek word. Vorige ervarings van die lewe moet herbesin word. Daar bestaan egter wel die moontlikheid dat daar geen klimaks kan wees nie. "Bes moontlik verwerk mens dit en leer jy om daarmee saam te leef, nie omdat jy wil nie, maar omdat jy in werklikheid geen aanvaarbare alternatief het nie" (Symington 1990:31).

God gebruik lyding en naderende dood om ons van hierdie wêreld los te maak en ons hart te rig op wat *anderkant* dit lê (Louw 1999a:87). In rousmart is dit die opstandingshoop wat gelowiges troos. Die vroue moet tot die besef gelei word, dat hulle begrip van rou deel mag wees van hulle probleem om hoop en vertroosting te vind. In die begeleidingsproses moet hulle kognitief, vanaf 'n negatiewe begrip tot 'n positiewe begrip beweeg. Herstrukturering is nie maklik nie. Dit impliseer 'n verandering van kernkonsepte by die vroue, en kan dalk traumaties wees. Deur *reframing* word die persoon tot 'n herinterpretasie van verhale uit die verlede gelei (Moore 2004:211). Die navorser se doel is om die vroue te bemagtig om hul pynlike omstandighede te verbeter. *Ryk* beskrywings en *dun* gevolgtrekkings word gekontrasteer en dan aan mekaar gelykgestel. Crafford (2003:7) skryf dat "...deur die proses van *reframing* word die verledeverhaal geherinterpreteer en mense word uitgenooi om nuwe stories op dieselfde raamwerk van feite te konstrueer." Daardeur word nuwe verhale, met ander temas in die plek van probleemversadigde temas, oor die verlede geskep. Ryk beskrywings wil alternatiewe stories van die hede met alternatiewe stories uit die verlede verbind. Dit wil alternatiewe verhale met ander mense in verband bring, op grond van gemeenskaplike temas, soos waardes, doelwitte en verbintenisse (Botha 2003:272).

- die verbeelde *toekomsverhaal,* waartydens die toekomsverhaal gerekonstrueer word. Dit word moontlik danksy die herteltelde verledeverhaal. Die betekenis van die toekoms en die eenheid van die vroue se verhaal, wat die hele reis omvat, is 'n ontdekking wat moontlikhede vir 'n beter begrip van die lewe bied. Dit dien ook as 'n beskrywing van die vroue se hele bestaan. Stories bevat elemente van vertel en van droom (Müller & Laas 2009:Elektroniese bron). Hoe groter die gaping tussen die 'vertel' en die 'verbeel' raak, hoe meer sal die spanning , en ook die waarskynlikheid van patologiese gedrag, verhoog. Wanneer die rouproses normaal verloop word belangstellings op die toekoms gerig (Van Niekerk 2002:42). Neethling (1996:119) sê dat die toekomsbeeld die selfbeeld is, wat op die toekoms geprojekteer word. Dit neem op natuurlike manier vorm aan wanneer die vroue uitgenooi word om oor die toekoms en toekomsdrome te gesels. Hoe sterker die beeld, hoe makliker om nou reeds die toekoms te beleef. Waar daar harmonie tussen gister, vandag en môre bestaan, sal daar integriteit, heelheid en volwassenheid (wat die basiese bestanddele van spiritualiteit is) wees. God se storie kan die vroue help om hulle verlede- en toekomsstorie te herstruktureer, en hulle in die hede verander.

Metafore speel 'n rol in die nadenke oor, en verbeelding van, 'n toekomsverhaal. 'n Metafoor het, volgens Müller (2000:99), "...nie 'n vaste betekenis nie en daarom kan die uitwerking daarvan ook nie voorspel word nie." Dit skep nuwe moontlikhede van interpretasie. Ons het die vermoë om voorstellings van die realiteit te vorm. Ons kan hierdie voorstellings in ons verbeelding uitleef en die vreugde daarvan beleef. "Mense móét gelei word om kreatief interpreterend met hulle eie lyding om te gaan" (Du Toit 1990:3). Dit raak, op hierdie stadium, op grond van die geherstruktureerde verledeverhaal, moontlik. Dit laat ons weer besef dat lyding en dood net tydelik is. Jou verbeelde toekoms lê in die opstanding as jy jou hoop op Christus en Sy beloftes vestig (Romeine 8:19-23). Alcorn (2005:370) stel dit dat "om na die hemel uit te sien beteken nie dat daar nie meer pyn sal wees nie, maar dit verminder dit en stel dit in perspektief."

Müller (2000:72-103) beklemtoon egter sirkulêre beweging, eerder as lineêre voortgang, tussen hierdie bewegings. Nadenke oor rou is veral gerig op die eksistensiële belewing daarvan. Die navorser word deur gesprek eksistensieel by die verhale van die vroue betrek.

## 6. PASTORAAT EN VERHALENDE UITGANGSPUNT

Met die dood van hulle eggenotes is die vroue hartseer, maar nie sonder hoop nie. Wanneer *hoop* gebruik word, is daar geen neutrale verwagting nie. Dit het met 'n verwagting van die goeie te make. Verder veronderstel hoop 'n toekoms, want die verwysingspunt daarvan is God en daarom is hoop parallel met vertroue. Die Skrif is noodsaaklik vir narratiewe terapie, aangesien die gelowige mens se verhaal betekenis en sin kry wanneer dit in die lig van God se verhaal, soos beskryf in die Bybel, geïnterpreteer word (Seegers 2005:72). Vervolgens word hierdie aspek bespreek.

- *Skrifgebruik in die pastoraat*

Hierdie vertroue het te doen met wat God wil doen, aangesien God die mens se hoop is (Jeremia 17:7). Hierdie hoop maak dat dit nie sinloos is om dood te gaan nie. *Dood* wil jou hier laat eindig, maar hoop is 'n sleutel wat in Christus die ewigheid oopsluit – 'n ewigheid saam met God, al verstaan ons nie niks van die volle heerlikheid daarvan nie. Dit kan gesê word dat hoop die dood ontmagtig deur die gelowige as 'n erfgenaam van die ewigheid saam met God te bemagtig. Hoop is 'n stille *bewuswees* van waar 'n mens se krag vandaan kom (Jesaja 30:15). Alcorn (2005:50) skryf na aanleiding van Titus (3:5) dat ons self geen goeie daad kan doen wat vir ons 'n plek in die hemel sal verdien nie. Volgens Lukas (18:17) moet ons die koninkryk van God soos 'n kindjie ontvang anders sal ons nooit daar ingaan nie. Wanneer die vroue hulle hoop op God vestig, het dit te doen met verwagting, vertroue en geduldige afwagting, maar dit is ook verbind met geloof.

Emosies soos rou en smart is nie aangenaam nie, maar is onvermydelik deel van die menslike bestaan. Dit help die vroue om hulle verlies te verwerk. Om 'n persoon die

*voorreg* van rou te ontneem, beteken dat dit later op 'n pynliker manier gaan opduik (Symington 1990:33). As medenavorser moet ek daarvan bewus wees dat my maatstawwe vir toepaslike konsepte oor rou van dié van die vroue mag verskil. Dit is belangrik dat die navorser haar in 'n verwantskap met die vroue posisioneer, wat nie skade sal berokken aan die vroue wat alreeds pyn ervaar nie. As verteenwoordiger van Jesus Christus moet die terapeut sensitief hiervoor wees. Die navorser werk saam met die vroue deur hulle rouproses, vanuit 'n posisie van "nie weet" nie. Daar word nie *met* die vroue gewerk nie, maar *saam* met hulle gewerk (Kotzé & Kotzé 2001:7). Daar word meelewend saam met die medenavorsers na hoop binne wanhoop gesoek. Dit vra vaardigheid, deernis en meegevoel van die navorser. Die terapeut moet buigsaam wees deur te doen wat eties is en wat vir die vroue werk. Die narratiewe paradigma en gespreksprosedure waarborg nie 'n gesonde etiese verhouding nie. "The power relations in a therapeutic context can be obscure and covert, but they are nevertheless present" (Müller 2009a: Elektroniese bron). Om bewus te wees van die ontwikkelende pastoraal-terapeutiese verhouding, wat die politiek van mag insluit, is die grootste uitdaging. Om hierdie magspolitiek buite rekening te laat is om verantwoordelikheid te ontduik en die maklikste uitweg te kies. 'n Pastorale etiese posisie vereis dat die terapeut bewustelik haar eie posisie, met betrekking tot magsverhoudings in 'n bepaalde konteks, moet ontdek. Wanneer hierdie magsverhoudinge gedekonstrueer word, is die terapeut nie objektief daarteen nie, maar in 'n verhouding daarmee. Die helpende proses moet by die gespreksgenoot inpas. Die vroue ervaar 'n behoefte aan ondersteuning en persoonlike meelewing in hulle omstandighede. Insig en geloof in God kan deur berading gefasiliteer word, wat tot vertroosting kan bydra.

Om opreg in die vroue se lewe belang te stel, kan geweldig baie vir hulle beteken. Dalk is dit daardie arm wat jy om die vroue se skouers sit, wat hulle versterk om weer op te staan en voort te gaan. In aansluiting by narratiewe terapie sê Stander (2008:119) dat die terapeut vir ander mense tot seën kan wees, deur selfs net bereid te wees om na hulle verhale te luister. Mense vertel altyd stories. Hulle is omring deur hulle eie stories, asook die stories van ander, en sien alles wat deur hierdie stories gebeur. "Our lives are multistoried" (Morgan 2000:8). 'n Persoon probeer om te leef asof daardie persoon besig is om 'n storie te vertel. "Human beings think, perceive, imagine and make moral choices according to narrative structures" (Sarbin

1986:6). Die ontwikkeling van die aaneenlopende storie is van belang, aangesien die navorsingsproses oor meer as net storievertelling gaan (Malan 2006:1067).

Freedman & Combs (1996:43) "state that stories about therapy have been shaped by a variety of discourses." Daar is ten minste twee diskoerse oor traumaberading waaroor nagedink moet word. Dit behels die diskoerse waarin die terapeut die kundige is, en die diskoerse waarin die vroue die kundiges is (Müller & Laas 2009: Elektroniese bron). Narratiewe terapeute gaan uit van 'n "nie-weet" posisie, waar die kliënt as die kundige gesien word (Morgan 2000:2). Volgens Müller (2009a: Elektroniese bron) is daar egter 'n derde opsie, "...a realisation that the "I don't know, you know" (i.e. the "notknowing" position) can be as harmful as the "I know, you don't know" position." Dit behels 'n bewustheid van die dinamiek van magsverhoudings. Hierdie opsie is 'n poging om die dinamiek van die verhoudings, en die effek daarvan op trauma–ervarings, te ontdek. Die netwerk van verhoudings sluit in: ontwikkeling van 'n terapeutiese verhouding; die verwantskap van beide die klient en die terapeut oor dít wat na verwys word as 'n traumatiese gebeurtenis; en verhoudings met betekenisvolle ander in die skadu van traumatiese ervarings (Müller 2009a: Elektroniese bron).

## 7. DIE TERAPEUT

Voordat met die vroue in gesprek getree kan word, is dit nodig om die bewustheid van die navorser, in die terapeutiese proses, te verhelder. Dit behels sekere vrae wat die terapeut aan haarself moet stel. Hierdie vrae is na aanleiding van Müller (2009a: Elektroniese bron) se voorstelling opgestel. Dit is onder andere vrae soos:

- Wat stel my in staat om werklik te verstaan wat hierdie vroue ervaar het?
- Wie verstaan my ervaring die beste? Waarom?
- Hoe word ek geraak deur betrokkenheid by hierdie gesprek?
- Het my ervaring my begrip van myself verander?
- Het hierdie gesprek bygedra tot 'n nuwe begrip van myself as terapeut?
- Is daar van die vroue in wie se geselskap ek versterk voel met betrekking tot begrip vir myself en die aksies wat ek geneem het?

- Wie maak die grootste bydrae tot my voortgesette verstaan van narratiewe terapie?
- Hoe belangrik is dit vir my om in hierdie gesprek suksesvol te wees?
- Op watter wyse het hierdie gesprek tot my verstaan bygedra?
- Wat sal 'n aanduiding vir my wees dat hierdie gesprek geslaagd was?
- Wat is my verband met die gespreksgenoot se beoogde aksies?
- Wat, in die toekoms, sal vir my aantoon dat ek 'n beter begrip van myself na die ondervinding het?

Die aanname is dat die terapeut teologie op intellektuele vlak ken, maar dit ook in 'n persoonlike, groeiende, rypwordende wyse uitleef. Geloof en beroep moet deur die terapeut geïntegreer word (Stocks 1985:82).

## 8. ONTWERP

Die ontwerp van 'n gespreksprosedure vir hierdie navorsing word in hierdie afdeling aan die orde gestel. Die gesprekstruktuur van die narratiewe terapeutiese gesprek verwys na 'n gesamentlike strewe tussen terapeut en gespreksgenoot om, deur dialoog, te poog om die probleem te verstaan en te ontgin. Die gesprek vind plaas binne die medewerkende taalsisteem-benadering (Anderson & Goolishian, 1988:4).

Waar van gesprek gepraat word, is dit belangrik om kennis te neem van diskoerse. Diskoers is 'n sosiale proses vir gesprek wat tussen mense plaasvind. Die navorser gaan akkoord met die beskrywing van diskoers deur Freedman en Combs (1996:42-43) "as being a system of statements, practices and institutional structures that develop and are based on common values." In ooreenstemming met Van Jaarsveld (2001:154-159) word 'n gespreksprosedure vir die hantering van eksistensiële probleemsituasies, en die effektiewe kommunikasie van die heil met die oog op geloofsgroei, geformuleer. Kommunikasie en diskoers bepaal die sosiale organisasie. Die kern lê daarin dat promissioterapie geloofsgroei en geloofsvolwassenheid stimuleer. Die terapeutiese aspek het deur die bespreking van promissioterapie aan bod gekom. 'n Benadering word ontwikkel om hoop en vertroosting by vroue wat 'n eggenoot verloor het te fasiliteer. My narratiewe-pastorale merkers, as meganismes vir hierdie begeleiding, is eklekties. Dit kan as

eklekties gesien word aangesien dit Müller (2000:72-103) se vyf bewegings koppel aan die terapeutiese gesprek wat met die vroue gevoer word. Verskeie elemente van gesprekvoering, soos byvoorbeeld reflektering en vraagstelling, word beklemtoon. Die terapeutiese gesprek en verhouding kan ook "...ruimte skep vir 'n luisterende, afwagtende houding" (Müller 2000:72). Die feitelike gebeure van 'n storie moet, volgens White (2002:6), aansluiting vind by die betekenis wat aan die storie gegee word.

Die formulering van 'n benadering behels 'n samevloeiing van die vyf groot pastorale gespreksbewegings (Müller 2000:72-103), gebaseer op gesprek volgens die narratiewe benadering. Die gespreksbenadering is gekies omdat gesprek die basis van interaksie met die vroue vorm. Freedman & Combs (1996:40-41) stel vrae as riglyne voor om 'n narratiewe, sosiaalkonstruksionistiese posisionering te handhaaf. Aangesien hierdie ondersoek binne die postmoderne paradigma val moet hierdie riglyne nie as voorskriftelik gesien word nie, en daarom word dit as vrae aangebied.

Die navorser moet reflekteer, fasiliteer en wag totdat die intrige (betekenis) na vore kom. Riglyne, in terme van die gespreksmetafoor, handel oor die interaksie van die navorser met die vroue, en word by bewegings in die gesprekvoering geïnkorporeer. Hierdie riglyne is nie 'n metode om die vroue te begelei nie en daar is nie sperdatums nie. Dit word slegs as voorstelle in die fasiliteringsproses hanteer. Die modus van die navorsingsinteraksie word in die voorstelling van die gespreksmetafore weergegee. Die gespreksmetafore kan as 'n padkaart gesien word, met roetes wat aangedui is, maar die vroue moet self die roete kies om by hulle bestemming uit te kom. Hulle word net bewus gemaak van alternatiewe keuses.

> *Die terapeut kan die vroue ondersteun in die fasilitering van realiteitstoetsing en die moeilike taak om hulle lewens te herbou. Gevoelens word saam met hulle deurgewerk (Clinebell 1987:221).*

Die doel van die formulering van 'n benadering is om die belewenis van die vroue se rou, na die verlies van 'n eggenoot, te verstaan en te interpreteer. Die benadering is deur die gebruik van meganismes van die narratiewe benadering geïnformeer. Die

beginsels van hierdie benadering behels om altyd 'n posisie van nuuskierigheid te behou en altyd vrae te vra waarop die antwoorde nie bekend is nie. Narratiewe gesprekke is interaktief en altyd in medewerking met die gespreksgenoot. Die vroue is die kundiges en bepaal die agenda van die gesprek. Begrippe soos dominante storie, dun beskrywings, eksternalisering, dekonstruksie, unieke uitkomste, alternatiewe stories en ryk beskrywings is eie aan die narratiewe benadering en sal in die gesprekke van toepassing wees (Morgan 2000:6-32). Om hierdie begrippe te verhelder is 'n kort beskrywing van elkeen van hierdie begrippe nodig.

- Dominante storie – word die tema in die vroue se lewe (allesoorheersend) (Morgan 2000:6-10).
- Dun beskrywings – lei dikwels tot dun afleidings omtrent die vroue. Dit word dikwels as waarhede omtrent die persoon, wat met die probleem sukkel uitgedruk (kan gesien word as hopeloos, wanhopig, ensovoorts). Hierdie dun afleidings, vanuit die probleemdeurdrenkte stories, ontmagtig mense omdat dit gewoonlik op ontoereikendheid, disfunksie of swakhede gebaseer is. Soms verberg hierdie dun gevolgtrekkings breër magsverhoudings (Morgan 2000:12-14).
- Dekonstruksie – plaas die probleem in konteks. Die vroue moet gevra word om hul idees, oortuigings, endiesmeer, te omskryf, te ondersoek, uitmekaar te haal en oor hul geskiedenis te praat (Morgan 2000:45-50).
- Eksternalisering – die konteks van die vroue se lewe moet in eksternaliserende gesprekke hanteer word. Die naam van die probleem moet by die ondervinding van die vroue pas, en hulle moet aktief betrek word om te besluit oor die naam. Dit moet in gedagte gehou word dat die probleem die probleem is, en die persoon die persoon is. Eksternalisering skuif die probleem van binne die persoon na buite die persoon, en daardeur word 'n deeglike ondersoek moontlik gemaak (Morgan 2000:17-28).
- Relasionele eksternalisering is vrae waarmee die terapeutiese vrae versterk word om die terapeut se bewustheid te oorweeg. Dit moet voortdurend in oorweging wees en behels vrae soos: Hoe voel ek omtrent hierdie gesprek? Waarom? Watter gevoelens ondervind ek omtrent hierdie gespreksgenoot? Wie se taal of traumatiese gebeurtenis gebruik ek? Van watter ander stories raak ek bewus terwyl ek na hierdie storie luister? Watter emosies ondervind

ek terwyl ek na hierdie storie luister? Wat ontdek ek omtrent myself? (Müller 2004:84, 85).

- Unieke uitkomste – dit help die vroue om hulle visie te verbreed en om glinsteroomblikke te onthou. In enige verhouding is daar iets van waarde. Soos hierdie unieke uitkomste verder ontgin word, sal dit skakel en saamsmelt om 'n alternatiewe storie te vorm (Morgan 2000:51-58).
- Alternatiewe stories – dit behels stories wat gespreksgenote identifiseer, waarvolgens hulle graag sou wou lewe. Dit kan die invloed van probleme verminder en nuwe moontlikhede om te lewe skep (Morgan 2000:14-15).
- Ryk beskrywings – dit behels die uitspreek van fynere detail in die storielyne van 'n persoon se lewe. Die terapeut stel belang om maniere te vind om die vroue by te staan en aan die alternatiewe storie vas te hou, of verbind te bly (Morgan 2000:15).

Wanneer ryk beskrywings en dun gevolgtrekkings gemaak word, is die terapeut en kliënt met terapie besig (Freedman & Combs 1996:94-95).

Reflektiewe vrae, volgens Müller (2009a: Elektroniese bron), oor die narratiewe benadering tot gesprek, ná die ervaring van trauma, is ook van toepassing in die betrokkenheid en gespreksmeganisme van hierdie navorsing.

- Wat is anders omtrent hierdie benadering?
- Wat is die sterkpunte en swakpunte van hierdie benadering?
- Waarom dink die navorser dat hierdie benadering tot gesprek, na ervaring van trauma, effektief kan wees?
- Wat sal die kriteria wees in terme waarvan die gesprek as geslaagd gesien kan word?
- Wat, na my mening, is die funksie van die vrae met betrekking tot die bewustheid van die terapeut?
- Voel jy toegerus om hierdie benadering toe te pas? Waarom?

Daar sal in hoofstuk 6 gepoog word om op hierdie vrae te reflekteer, wanneer die betroubaarheid en geldigheid van die navorsing bespreek word.

## 9. ELEMENTE VAN DIE PASTORALE VENNOOTSKAP

Die navorser het uit die voorafgaande besprekings die volgende beginsels geformuleer, wat in die begeleidingsproses van toepassing is, volgens die gespreksbenadering in hierdie studie.

- Die kundigheid en verantwoordelikheid van die terapeut is daarin geleë om 'n ruimte in die terapeutiese proses te skep waarbinne die terapeutiese gesprek kan plaasvind, en om die proses te fasiliteer. Die rol van die terapeut is om 'n konteks te skep waarbinne redigering kan plaasvind (White, 1991:123-124).
- Dit is belangrik dat die terapeut opreg, onbevooroordeeld, empaties en met aanvaarding en deernis saam met die vroue deur hulle rouproses werk. Deur begeleiding word die vroue gehelp om, op grond van hulle lewensoortuigings, hulle eie keuses te bepaal en besluite te neem. Dit het ook betrekking op geestelike leiding. Ondersteuning en aanmoediging is nodig, totdat die vroue weer hulle persoonlike en geestelike bronne kan mobiliseer om betekenis te vind (Collins 2005:34)
- Kennis van gespreksvaardighede is belangrik. In die narratiewe benadering is die effek van storievertelling, en die luister na stories, 'n belangrike pastorale oriëntering (Louw 1999a:23). Die terapeut moet haarself duidelik uitdruk en die vroue se boodskappe akkuraat ontvang. Die terapeut moet op verbale en nie-verbale boodskappe bedag wees.
- Elke vrou het eie, individuele behoeftes en kan nie in 'n vooropgestelde raam geplaas word nie. Vroue moet dienooreenkomstig ondersteun word. Gespreksgenote is uniek en hanteer die rouproses op hulle eie unieke manier en tyd. Die terapeut moet teen die vroue se pas beweeg. Louw (2005b:100) sê dat die moontlikheid om in 'n krisis anders te reageer afhang van die graad van volwassenheid, "...van hoe 'n persoon se geloofsinhoude, norm- en waardestelsels by sy/haar identiteit en gedrag geïnternaliseer is." Sommige van die vroue sal makliker op krisisse reageer as gevolg van 'n hoë mate van kongruensie en selfinsig.
- Elke vrou beleef die fases van die rouproses op haar besondere manier, en nie reglynig, of afgebaken en voorskriftelik nie. Hulle kan heen en weer deur hierdie fases beweeg. Kennis van die fases in die rouproses is nodig om die

emosies en reaksies van die vroue te verstaan. Dit is ook nodig om moontlike abnormale roureaksies uit te ken. Kübler-Ross & Kessler (2005:7) sê dit is "...part of the framework that makes up our learning to live with the one we lost."

- Die navorser moet haar eie persepsie en vooropgesteldheid oor die dood evalueer, om te voorkom dat eie, onverwerkte bagasie op die vroue oorgedra word. Die terapeut moet 'n "...ware prentjie skep daarvan wat in hulself gebeur, maar ook van wat in die wêreld rondom hulle gebeur" (Collins 2005:33). Die terapeut se eie verhouding met die spesifieke storie van trauma, en ander traumastories, is van belang. Die terapeut loop ook die risiko om te verander.
- Kennis van die Bybel is noodsaaklik, aangesien die terapeut die kanaal vir God se liefde en vertroosting is. Die Skrif leer 'n mens wat die Here in Sy Woord oor die dood sê. Pastorale terapie het te doen met, "...die toepassing van geloofsbronne, die effek van Skrifgebruik en die uitwerking van gebed" (Louw 1999a:13).
- Kennis van hulpdissiplines is belangrik. Dit behels wetenskapsteorieë wat gebruik word om 'n teologiese basisteorie te verhelder, of te operasionaliseer (Louw 1999a:29).
- Die etiese aspek is op die narratiewe benadering gebaseer, soos deur Morgan(2000:2) uiteengesit:

> *Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counselling and community work, which centres people as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives.*

Vervolgens die verbatim fragmente van die vroue se verhale, wat hulle ervarings in taal konstrueer.

## 10. VERHALE IN DIE NAVORSING

Uittreksels van die vroue se verhale weerspieël die geheelbeeld van hulle ervaring. Alles in 'n verhaal het betekenis, niks is toevallig nie. In die verwoording van die volgende verhalestudies word die vroue se stories van verlies, hoop en vertroosting metafories aangetoon. Metafore word gebruik om ons werklikhede te beskryf, maar verteenwoordig egter nie die werklikheid nie. My eie verhaal word ook weergegee aangesien my ervaring 'n rol in die navorsing speel. Die modus van interaksie, gegrond op die vyf bewegings van Müller, word in die gesprekke weergegee. Die bewegings word metafories aan Totius se gedigte, en sy ervaring van verlies, teruggebind. Die terapeutiese gesprekke moet deurgaans geëvalueer word.

- *Die noodverhaal*

  In sy gedig "O die pyn-gedagte" kry mens die indruk van Totius se noodverhaal.

  *Maar daar skiet aldeur 'n pyn in my hart,*
  *só, dat my lewe se glans verdwyn...(Totius 1933:21)*

  In hierdie beweging van die gesprek word op die vroue se realiteit gefokus en hulle vertel daarvan. Daar moet eers genoeg aandag aan die *storytelling* bestee word (Müller 2000:74). Daar moet genoeg tyd afgestaan word om die vroue se volledige verhaal te hoor. Hulle moet hulle ervarings in taal verwoord en uitgenooi word om ook oor irrasionele gedagtes en emosies te praat. Die navorser moet rustig, met empatie en opregtheid, na die vroue luister en hulle aanmoedig om te praat en hulle verhale te deel. Hulle het iemand nodig wat hulle tyd en ruimte sal gee om te rou. Die navorser moet saam met die vroue, teen hulle pas beweeg, anders kan eie verwagtings maklik op hulle geprojekteer word. Volgens Van Niekerk (2002:76) is dit vir gelowiges deel van die rouproses om hul eie geloofsantwoorde oor verlies te vind.

*Janie: Dit is vir my baie moeilik om sy dood te aanvaar. Dit voel vir my asof daar niks is wat my kan vertroos nie. Ek kan nie daarmee vrede maak en dit aanvaar nie (dominante probleem).*

*Navorser: Vertel my meer oor jou gevoelens wat jy ondervind en watter invloed dit op jou lewe het.*

*Janie: Ek voel verlore en wonder waar hy nou is. Dit maak dat ek nie hoop het nie en dat die lewe nie meer betekenis vir my inhou nie.*

*Navorser: Wat sal maak dat die lewe weer vir jou betekenis inhou?*

*Janie: As ek kan weet dat hy in die hemel is en vir my wag.*

Met hierdie gesprekstrant kan die terapeut vir beskrywings van meer as een werklikheid vra. Daar kan op só 'n wyse geluister word, dat verstaan word hoe die gespreksgenoot se realiteitservaring sosiaal gekonstrueer is. Luister of daar stories is wat die probleem van die vroue ondersteun. Probeer om vas te stel of daar dominante stories is wat die vroue se lewe onderdruk of beperk. Watter gemarginaliseerde stories hoor ek? Is ek deursigtig omtrent my konteks, waardes en intensies sodat hierdie persoon die uitwerking van my vooroordele kan evalueer? Word die probleme, gebaseer op die kwessie in die persoon se ondervinding, in samewerking met die gespreksgenoot omskryf? Bly ek weg van *kundige* hipoteses of teorieë?

- Die verledeverhaal

Totius het ook teruggedink aan wat verby is. Dit word weerspieël in sy gedig "Verbye tye."

*'k Dink aan die verbye*
*lank vervloë tye*
*wat nie loop meer maar lê rus*
*aan die skemerende kus;*
*wat nie langer by my meer nie*
*vriendelik met my verkeer nie,*
*maar aan tyd'likheid ontvoer*
*uit die verte net nog loer*

*of dit, sedert hulle weg is,*

*met my nog wel goed en reg is (Totius 1933:42).*

Die verledeverhaal is deel van die vroue se identiteit en vorm die basis waarop terapeuties met hulle gewerk kan word. Wanneer die vroue terugkyk na die lewe saam met hulle mans, kan hulle dalk skuldig voel oor dinge wat nie ideaal was nie. Van Niekerk (2002:38) sê dat "Nie alle herinneringe aan 'n geliefde is altyd positief nie." Hulle moet egter die lewe in perspektief bring en aanvaar wat was. Dit is gesond om jou man te onthou soos hy was. Volgens Becvar (2001:251) "...various unresolved issues such as guilt, blame or a feeling of responsibility relative to the death may emerge as significant impediments to the recovery process." Dit moet geïdentifiseer word en die terapeut moet daarop fokus. Die terapeut kan deur Skriftekste en gebed die vroue se geloof opnuut veranker. Die verlede verskaf die boustene vir rekonstruksie.

*Sarie: Wat is daar tog oor vir my in die lewe wat my enigsins hoop kan gee? My steunpilaar in die lewe is weg.*

*Navorser: Waarop het jy altyd jou hoop gebou?*

*Sarie: Ons het altyd saam stiltetyd gehou en daaroor gesels. Ons godsdiens was ons anker in die lewe. Ten spyte van sy siektetoestand het hy aan sy geloof vasgehou. Dit was nie vir hom 'n probleem om te praat oor doodgaan en die hemel nie. Hy het altyd gesê dat hy daar vir my sal wag. Dit is vir my vertroostend om te weet daar is 'n lewe hierna.*

Daar moet in die terapeutiese gesprek in gedagte gehou word wie se taal bevoordeel word. Die terapeut moet voortdurend poog om die gespreksgenoot se linguistiese beskrywings te verstaan. Is daar aanduidings tot marginale stories wat nog nie uitgespreek is nie? Hoe kan ek hierdie persoon uitnooi om kennis rondom hierdie marginale stories oor te dra?

➢ Die verduisterde toekomsverhaal

In sy gedig "Ek het gesoek" skep Totius die indruk dat hy vasgevang voel en nie vorentoe kan beweeg nie.

*Dit was my laaste aardse hoop.*
*En ag, hoe hopeloos gering!*
*Want – in haar grafkuil lê sy al,*
*Ek het haar self daarheen gebring (Totius 1933:20)*

Die vroue kan verlore voel en bang wees om besluite te neem en vorentoe in die lewe te beweeg. Hulle moet geduldig wees en geleidelik leer om besluite te maak. Om aan te beweeg beteken om sin in lyding te vind. Becvar (2001:233) sê trouens "...just as the search for meaning tends to have long-lasting implications, it is a lengthy and painstaking process that evolves slowly." Die toekoms het nie net met die toekoms te doen nie; dit is nou reeds lewend in verwagtinge. Die terapeut moet saam met die vroue probeer om weer betekenis te vind. "Die toekomsverhaal funksioneer nie eksplisiet nie, maar implisiet" (Müller 2000:87).

*Belinda: Ek was bewus van die verganklikheid van die mens en die verlies van my man het 'n vrees vir eensaamheid laat ontstaan. Ek het gewonder wat word nou van my vorentoe en het nie lus gehad om aan te gaan nie.*
*Navorser: Wat is daar wat nog vir jou betekenis het en jou sal aanmoedig om voort te gaan?*
*Belinda: Al is hy nie meer hier nie sou hy graag wou hê dat ek normaal moet aangaan in die lewe. Die idee dat ek nog iets vir hom kan doen help. Ek sal graag wil hê hy moet nog trots wees op my.*

Die verhale moet ontgin word, sodat die vroue saam met die vertel van die verhaal ontwikkel. Die volgende vrae is van belang: Fokus ek op betekenis eerder as feite? Nooi ek die persoon uit om aangeleenthede self te evalueer of is ek besig om die persoon te evalueer?

➢ Die hervertelde verledeverhaal

Dit blyk in sy gedig "Geloof" asof Totius besef het dat hy die lewe in 'n ander lig moet sien.

*Tog leef ons voort, gewis en vas,*
*al het ons ook geen oogbewys;*
*tog seil ons voort op ons kompas:*
*die kusland sál ons oog verras*
*as 't uit die golwe oplaas verrys (Totius 1933:54)*

Herstrukturering is 'n heroriëntasie in terme van waardes wat herontdek word, en van waaruit 'n nuwe vertel van die verhaal moontlik word. Volgens Lester (1995:139) help die terapeutiese proses mense "... to rearrange the furniture and 'change the decorations' that make up a 'certain room' in their memory." Dit is nuttig waar mense anders moet begin dink oor hul toekoms en nuwe situasies.

Die vroue ervaar nou 'n nuwe realiteit waarin hulle eggenotes nie meer teenwoordig is nie. Verlies konfronteer ons met ongelukkigheid, maar kan dalk help om 'n nuwe onafhanklikheid en lewensuitkyk te ontdek. Die dood herinner 'n persoon daaraan dat daar nou 'n nuwe realiteit is waarin die oorledene nie meer teenwoordig is nie. Die lewe moet nie noodwendig as ongelukkig ervaar word nie. Dit is God se begeerte dat ons die lewe in sy volheid moet ervaar (Johannes 10:10). Om weer betekenis te vind behels om weg te beweeg van wat ons doen, tot by wat ons kan doen (Neethling 1996:119). In die proses moet nuwe vaardighede ontwikkel word om die situasie suksesvol te hanteer. Herformulering is nie net bedoel om die persoon beter te laat voel nie. Dit moet ook help om betekenisvolle verandering te laat plaasvind. Ander, nuwe betekenisse word toegeken, maar die verlede mag nie vergeet word nie. Die keuse tot verandering lê in die mens self.

*My stem: Ek het besef dat hy nie meer hier is nie en dat die lewe steeds aangaan. Ek moet buite my veilige grense beweeg en uitreik na ander. Ek moet voortbou op dit wat ek gehad het en 'n nuwe sin van behoort ontwikkel.*

Wanneer ek iets in my eie taal beskryf, om watter rede doen ek dit? Wat is die effek van die verskillende linguistiese onderskeidings wat in die terapeutiese gesprek na vore tree? Is my mening in my eie persoonlike ervaring gesetel?

- Die verbeelde toekomsverhaal

Totius het ook, volgens sy gedig "Veldeensaamheid", sy oë op die toekoms gerig.

*Ek kyk my in die vertes weg;*
*wat in my eng was, word nou wyd,*
*wat swaar was, lig ... Is dit, my siel,*
*geen oomblik uit die ewigheid? (Totius 1933:59)*

Volgens Neethling (1996:119) is die toekomsbeeld die selfbeeld wat op die toekoms geprojekteer word. Wanneer die vroue uitgenooi word om oor drome en die toekoms te praat, neem dit op natuurlike wyse vorm aan. Hoe sterker die beeld, hoe makliker om nou reeds die toekoms te beleef. "Uit wat ons in die verlede ervaar het en uit wat ons nou in die hede ervaar, projekteer ons beelde (verbeelding) van wat ons bestaan in die toekoms sal wees" (Müller 2000:99). Om te droom is om 'n voorstelling te maak van wat kán wees. Om in staat te wees om ander te help, gee sin en betekenis aan die lewe en laat 'n mens goed voel. Volgens Louw (2005b:101) het sin te doen met koers en rigting. Dit beteken nie dat daar 'n *oplossing* vir die krisis bestaan nie. Dit is 'n proses gekoppel aan norme, waardes, geloofsoortuigings en lewensbeskoulike stelsels. Hy sê verder dat sin 'n kwalitatiewe begrip is, wat saamhang met die vraag van toepaslike en ontoepaslike gedrag in 'n krisis. Om toepaslik te reageer beteken om verantwoordelikheid te aanvaar. Om sinvol te leef is om nuwe doelwitte te

stel, om te verander wat jy kan en diit wat jy nie kan verander nie, as 'n gegewe, eksistensiële werklikheid te aanvaar. Ondersteuning van ander speel 'n groot rol daarin om te kan volhou. Die kerk, gemeenskap, vriende en familie is hier 'n belangrike faktor.

*Janie: Die lewe het weer betekenis en ek kan weer my talente beoefen en my take geniet. Ek gaan weer naaldwerkklasse vir 'n klompie vrouens gee.*

*Sarie: Ek voel soos 'n vlinder wat met vreugde van blom na blom vlieg om die soet van die nektar te kry, maar ook om die blomme te bestuif. Ek besef nou dat ander my nodig het en dit voel asof die lewe weer betekenis gekry het.*

*Belinda: Ek kan nou terugkyk na die pad waarlangs ek gestap het en dank die Here vir 'n goeie huwelik. Hy het my weer hoop gegee om aan te gaan.*

*My stem: Die moontlikheid om nuwe verhoudings te kan bou en vir ander van waarde te wees het vir my 'n nuwe toekoms geskep. Daar sal dalk tye kom wanneer die verlies steeds oorweldigend sal wees, maar ek besef dat daar ander mense is wat my nodig het en wat ek kan ondersteun.*

Die vroue kon hulle belangstellings op die toekoms rig en het toekomsverhale gekonstrueer wat realisties is en sin maak. Dit is nodig om te weet wat elkeen werklik wil hê. Dit moet realistiese moontlikhede wees en in besonderhede weergegee word. Hulle moet vertel watter plan hulle het om dit te bereik, watter opofferings hulle bereid is om te maak, die tyd wat dit sal neem, 'n wenslys en hulle verantwoordelikhede. Die uitdaging lê nou daarin dat hulle moet volhou.

## 11. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die funksies van die pastoraat verhelder, sodat dit sinvol toegepas kan word om 'n betekenisvolle lewe vir die vroue te bewerkstellig. Daar is uitgewys dat betekenis en verstaan sosiaal gekonstrueer is, en slegs deur die neem van kommunikatiewe aksie en betekenisvolle diskoers bereik word. Om die

boodskap, wat God deur Sy Woord vermeld, te verstaan is die hermeneutiek bespreek. God se storie kan 'n persoon help om die verlede, sowel as die toekomsstorie, so te herformuleer dat dit nuwe sin aan die hede gee. Die terapie is 'n deelnemende proses waarin die terapeut met die vroue saamwerk. Dit behels 'n aksie om hulp te verleen, wat konstruktiewe en positiewe implikasie vir die vroue se bestaan, en sinvolle funksionering, tot gevolg kan hê. Dit beteken om in gesprek met die vroue se diskoerse te gaan, in die lig van God se storie. In die hermeneutiese dialoog gaan dit om 'n interaksie van interpretasies met die wete dat finale interpretasies nie moontlik is nie.

Die bepaalde konteks waarin die vroue se sosiale lewe en verhoudings afspeel, beïnvloed hulle begrip van die realiteit. Die menslike konteks moet in terme van die Skrifteks verstaan en vertolk word. Die vroue se emosies, veronderstellings, geloof en spiritualiteit is die fokus van die studie. In die terapeutiese ontmoeting kan die konteks waarin die kwessie van hoop en vertroosting bestaan, die idees en oortuigings wat dit onderhou, en die geskiedenis van hierdie voorstellings oorweeg word. In die pastorale gesprek gaan dit oor 'n dialogiese proses van kontak en ontmoeting. Die funksie van die navorser, in die gesprek, is om die vroue se oordrag van hulle eie verhale van verlies en rou te fasiliteer.

Die gespreksprosedure, vaardighede en taal is verhelder. In die pastorale gesprek kom die volle verhaal van die gespreksgenoot na vore. Die navorser en medenavorser rekonstrueer die lewensverhaal op soek na sin en betekenis. Aangesien gesprek die kern van die navorser se benadering tot begeleiding is, word daar in hierdie navorsing van Müller se gespreksbenadering van *vyf groot bewegings* gebruik gemaak. Die bewegings is sirkulêr en nie reglynig nie. Die terapeut moet, in 'n bepaalde konteks, van haar eie posisie met betrekking tot magsverhoudings bewus wees. Narratiewe terapeute gaan uit van 'n "nie-weet" posisie, waar die kliënt as die kundige gesien word. Daar is egter 'n derde opsie, naamlik die besef dat die nie-wetende posisie net so skadelik soos die *ek weet – jy weet nie* posisie is. Dit behels 'n bewustheid van die dinamiek van magsverhoudings. Die netwerk van verhoudings sluit die volgende in: ontwikkeling van 'n terapeutiese verhouding; die verwantskap van beide die kliënt en die terapeut oor dít waarna verwys word as 'n

traumatiese gebeurtenis; en verhoudings met betekenisvolle ander in die silhoeët van traumatiese ervarings.

Die bewustheid van die navorser, in die terapeutiese proses, is verhelder. In die narratiewe terapeutiese gesprek verwys die gesprekstruktuur na 'n gesamentlike strewe tussen terapeut en gespreksgenoot, om deur dialoog te poog om die probleem te verstaan en te ontgin. Die benadering in hierdie navorsing is 'n samevloeiing van die vyf groot bewegings in die pastorale gesprek, gebaseer op gesprek volgens die narratiewe benadering. Gesprek vorm die basis van interaksie met die vroue. Die doel van die formulering van 'n benadering is om die belewenis van die vroue se rou, na die verlies van 'n eggenoot, te verstaan en te interpreteer. Die benadering is deur die gebruik van meganismes van die narratiewe benadering geïnformeer. Begrippe soos dominante storie, dun beskrywings, eksternalisering, dekonstruksie, unieke uitkomste, alternatiewe stories en ryk beskrywings is verhelder. Die navorser het uit die voorafgaande besprekings beginsels geformuleer, wat volgens die gespreksbenadering in hierdie studie in die begeleidingsproses van toepassing is.

Uittreksels van die vroue se verhale, wat die geheelbeeld van hul ervaring weerspieël is aangehaal. Die gesprekke is verbatim weergegee, aangesien alles in 'n verhaal betekenis het en niks toevallig is nie. In die verwoording van die verhalestudies is die vroue se stories van verlies en rou, asook hoop en vertroosting, metafories aangetoon.

Die volgende hoofstuk behels die reflektiewe proses. Dit behels die bereiking van die navorsingsoogmerke, navorsingsbeperkings, die waarde van die navorsing en die bydrae deur die studie gemaak. Verder dien die hoofstuk as samevatting van die navorsingsprojek.

# HOOFSTUK 6

# 'N REFLEKSIE OOR DIE NAVORSINGSPROSES

## 1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk het die navorser, met die voorstelling van skakels nege en tien van die navorsingsketting, die funksies van die pastoraat verduidelik, sodat dit betekenisvol toegepas kan word om 'n sinvolle lewe vir die vroue te bewerkstellig. Met skakel nege is die hermeneutiek verhelder om die boodskap, wat God deur Sy Woord vermeld, te verstaan. God se verhaal kan nuwe sin aan die hede gee. Die betrokkenheid is in skakel tien as 'n deelnemende proses gesien, waarin die terapeut met die vroue saamwerk. Dit behels 'n dialogiese proses van kontak en ontmoeting binne die pastorale gesprek. Die funksie van die navorser is gesien as die fasiliteerder van die vroue se oordrag van hulle eie verhale van verlies en rou. Die gespreksprosedure van Müller (2000:72-103) as basis van die navorsingsbegeleiding, sowel as vaardighede en taal, is verhelder. Die bewegings is sirkulêr aangebied. Die bewustheid van die navorser in die terapeutiese proses, en haar eie posisie met betrekking tot magsverhoudings, is verhelder. Daar is deur dialoog gepoog om die probleem te verstaan en te ontgin. Fragmente van die vroue se verhale is aangehaal. In die vertel van 'n verhaal het alles betekenis en daarom is die gesprekke verbatim weergegee. Dit behels die verwoording van die vroue se verhale van verlies en rou, asook oor hoop en vertroosting.

In hierdie hoofstuk, wat die eindpunt van die navorsingsketting is, word 'n refleksie oor die navorsingsproses, sowel as die terapeutiese betrokkenheid daarby, aangebied. Die probleem is na aanleiding van die navorser se persoonlike ervaring van verlies geïdentifiseer en navorsingsverwagtings is gestel. Aangesien die mens deur eie interpretasies op aksies van God reageer (Gerkin 1986:110), is die hermeneutiek 'n uitvloeisel van die navorser se begrip van die Skrif. Ander interpretasies in die studie vloei voort uit gesprekke met medenavorsers en gegewens in vakliteratuur. Dit is moontlik dat ander standpunte en bevindings van hierdie navorsing verskil, maar dié studie is gedoen in die hoop dat dit waardevol sal

wees vir vroue in hulle soeke na hoop en vertroosting, na die verlies van 'n eggenoot.

Metafories het die navorsingsproses vir die navorser 'n ketting, met skakels wat inmekaar pas om 'n eenheid te vorm, verbeeld. Die beginpunt was die bewuswording van die probleem en die eindpunt die uitkomste van die navorsing. Die skakels tussenin het die navorsingsverhaal kontinu gevorm. Hierdie skakels is metafories saamgebind met gedigte uit Totius se versameling *Passieblomme.*

## 2. 'N TERUGBLIK

Met die voorstelling van skakels in 'n ketting het die navorser, om die aaneenskakeling uit te beeld, die ondersoek soos volg aangepak:

- *Skakel een*

  Die eerste skakel van die navorsingsverhaal behels die navorsingsontwerp, waarin die navorsingsprobleem omskryf word. Verder omvat dit die doelstelling, asook die paradigmatiese perspektief van die studie. Die metodologiese benadering, sowel as maatreëls om vertrouenswaardigheid te verseker, kom ook binne hierdie skakel aan bod.

- *Skakel twee*

  Aangesien hierdie 'n pastorale ondersoek is, is dit noodsaaklik dat die teologiese verband uitgewys word. In hierdie skakel is daar gepoog om die navorsing binne die Teologie te plaas deur dit in Praktiese Teologie te posisioneer. Volgens Pieterse (1991:43) is die dominante neiging binne die veld van Praktiese Teologie om die teorie van kommunikatiewe handelinge as basiese metodologiese teorie, geldig vir pastorale terapie, in te sluit. 'n Praktiese Teologiese posisionering is gesien as geskikte vertrekpunt vir hierdie navorsing en die grondrede daarvoor is verduidelik.

➢ *Skakel drie*

Hierdie skakel handel oor die paradigmatiese benadering van die studie. Die navorsingsverhaal is binne postmoderniteit, as subjektiewe integriteit, beperktheid van taal en die misterie van verstaan, geleë (Van den Berg 2006:168-172). Dit word duidelik in die navorser se verkenning en verheldering van die begrippe postmodernisme, postmoderniteit en pastoraat. Volgens Heitink (1998:69) is die narratief 'n vertakking binne die hermeneutiese stroming en daarom is die navorsing binne die narratief-hermeneutiese benadering geplaas, en die sosiale konstruksie diskoers is verkies. Dit beteken dat mense hulle begrip van die wêreld of situasies deur woorde en aksies konstrueer (Botha 2007:40).

Met die studie is gepoog om insig te verkry in die wyse waarop die vroue gebeurtenisse ervaar. Dit het daartoe gelei dat kwalitatiewe navorsing gebruik is, sodat medenavorsers deel van die ondersoek raak en beginsels onderliggend aan deelnemende aksienavorsing gebruik kan word. Kliënt en terapeut praat en werk as twee ewe belangrike vennote saam. Volgens Freedman & Combs (1996:1) lei narratiewe terapie die terapeut om oor mense se lewens as stories na te dink, en om met hierdie stories te werk, om sodoende hulle lewensverhale op betekenisvolle en vervullende wyses te ondervind.

➢ *Skakel vier*

In hierdie skakel word die antropologiese siening weerspieël. Aangesien die mens die middelpunt van die navorsing vorm, is 'n antropologiese epistemologie aangebied en 'n eie interpretasie en formulering van die antropologie vir hierdie studie geformuleer. In hierdie skakel word daar met die bespreking van onderskeie perspektiewe oor die mens gepoog om die sluier oor *wie* en *wat* die mens is te lig. Spiritualiteit, met betrekking tot die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese aspekte, is verhelder. 'n Mens kan volgens hierdie drie fasette onderskei word. "Jou gees stel jou in staat om kontak te hê met geestelike dinge. Jou siel gee jou toegang tot jou

emosies en gedagtes. Jou liggaam het te doen met die werklikheid van jou vyf sintuie" (Shirer 2008:60).

- *Skakel vyf*

Met die klem op die tema van die studie is die begrippe eskatologie en promissioterapie in hierdie skakel verken en verhelder. Dit is gedoen met die oog daarop om faktore, wat tot hoop en vertroosting kan lei, te ondersoek. Die begrip eskatologie is eerstens aan die orde gestel en die rede daarvoor aangevoer. Dit is na aanleiding van die eskatologiese noodsaaklikheid, betekenis en funksie van die eskatologie, asook eskatologiese perspektiewe, gedoen. In die proses word die verband tussen eskatologie en hierdie studie uitgelig en bespreek. Aangesien daar 'n verband tussen die mens, as spirituele wese, en die eskatologie bestaan, word dit aan die hand van die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese omskryf. Die bipolêre benadering van die studie word deur die eskatologiese perspektief aangevul.

- *Skakel ses*

Promissioterapie, wat die hooftema van die navorsing uitmaak, kom in hierdie skakel aan bod. Daar is getoon dat die pastoraal-terapeutiese gesprek as *promissioterapie* gesien kan word. Aangesien gesprek die kern van die navorser se benadering tot begeleiding is, het die navorser in hierdie navorsing van Müller (2000:72-103) se gespreksbenadering van *vyf groot bewegings* gebruik gemaak. Louw (1999a:518) stel dit dat promissioterapie die effek het dat dit "...die proses van geloofsgroei stimuleer en die dimensie van spiritualiteit bevorder." Die doel van promissioterapie behels dus die bevordering van spiritualiteit sodat groei in geloof kan plaasvind. Groei in geloof kan andersyds weer spiritualiteit bevorder. Met God as die Heler kan genesing, deur die bevordering van geloof en spiritualiteit, plaasvind. Die Heilige Gees is ons Heelmeester (Van Niekerk 2002:61). Die vroue kan dus die realiteit op 'n ander wyse waarneem en verstaan.

➢ *Skakel sewe*

'n Begripsomskrywing van die rouproses, en die verband met hoop en vertroosting, is in hierdie skakel toegelig. Dit is nodig om kennis van die rouproses te hê sodat die terapeut die gespreksgenoot kan ondersteun, en hoop en vertroosting kan fasiliteer. Dit blyk dat rou aan die begrip van verlies gekoppel word, en daarom is die konsep van verlies aan die orde gestel. Botha (2007:396) onderskei tussen verdriet (*grief*), wat ervaar word, en rou. Verdriet verwys na die liggaam se reaksie op verlies en rou na die openbare uitdrukking van verdriet (en hier speel die konteks 'n rol). Die navorser stem saam met Arnold & Gemma (1994:8) dat verdriet nooit geklassifiseer, gekategoriseer of ten volle beskryf kan word nie. Volgens Worden (1993:31) verwys verdriet na die persoonlike ervaring van die verlies, terwyl rou die proses wat daarna plaasvind aandui. Om te rou is 'n helingsproses, wat jou leer om die verlies te aanvaar en om daarmee saam te leef. 'n Nuwe paradigma, met die fokus op betekenis-rekonstruksie in die reaksie op verlies tydens verdriet, het volgens Botha (2007:397) in die teorie rondom verdriet na vore gekom. Hierdie benadering is gebaseer op die aanvaarding dat die psigologiese lewe grondliggend in verhoudings, en interpersoonlik georiënteerde betekenis, ingebed is. Mense is organiseerders van betekenis en persoonlike narratiewe.

➢ *Skakel agt*

In hierdie skakel het die diskoers oor hoop en vertroosting die aandag op vrae van die gespreksgenote gevestig, in die oortuiging dat daar 'n lewe hierna bestaan. Dit het gelei tot medenavorsers se voorstelling van die lewe hierna, wat as 'n bestemming in die toekoms gesien is. Hulle siening van die hemel is verbeeld deur die gebruik van taal en fragmente van hulle gesprekke is aangebied. In die proses is hulle perspektief van die hemel deur inligting uit verwante literatuur ondersoek en verhelder.

- *Skakel nege*

Met hierdie skakel word 'n blik op hermeneutiek en pastorale terapie gegee. Narratiewe-pastorale begeleiding is, na aanleiding van die begrippe pastorale terapie, hermeneutiek en konteks, bespreek. Die waarde van die eskatologiese perspektief vir die ontwerp van 'n benadering, ten opsigte van betrokkenheid by die vroue, het onder die soeklig gekom. 'n Raamwerk, met Bybelsgefundeerde beginsels, is voorgestel om hoop en vertroosting by vroue, wat 'n eggenoot verloor het, te fasiliteer. God, as deel van die narratief, is bespreek om die vroue se godsdienstige ervaring te beskryf en om aan te toon hoe dit betekenis aan die gebeure in hulle lewens gee. Daar is hermeneuties te werk gegaan.

- *Skakel tien*

Hierdie skakel dien as die voorstelling van 'n narratiewe-pastorale benadering om hoop en vertroosting by die gespreksgenote te fasiliteer. 'n Gespreksbenadering, wat op Müller (2000:72-103) se vyf groot bewegings gebaseer is, is geformuleer. Dit is gedoen op grond daarvan dat "The conversation is part of the hermeneutic struggle to reach understanding with the client" (Botha 2007:102). Die pastorale werker is die interpreterende fasiliteerder en mediator, met betrekking tot beide die Christelike geloofstradisie en die menslike situasie (Gerkin 1986:54-74). Die terapeut is die instrument waardeur mense bemagtig word om hulle huidige situasie deur nuwe lense te kan sien. Die navorser wou nie slegs inligting insamel nie, maar 'n narratiewe-pastorale benadering formuleer, vir die fasilitering van hoop en vertroosting by vroue wat hulle eggenote verloor het. Daar is in gedagte gehou dat die menslike konteks in terme van die Skrifteks verstaan moet word.

Met hierdie tien skakels is die verloop van die navorsingsprojek aangedui. Die studie is met werklike belangstelling onderneem. Die terapeut het daarna uitgesien om die vroue se reisgenoot op die reis te wees, waartydens hulle tot hoop, vertroosting, en sinvolle lewens gelei sou word. In die proses is na meganismes,

om hoop en vertroosting by die vroue te skep, gesoek. Die begrip hoop is beklemtoon, aangesien dit 'n persoon se vertroosting en funksionering in die lewe raak. Daar is gepoog om, met behulp van promissioterapie, insig by gespreksgenote te fasiliteer. Bronne oor betrokke diskoerse is sodanig gebruik dat dit met mekaar in gesprek getree het. Die rede hiervoor is om die betekenis daarvan, vir fasilitering van hoop en vertroosting, vas te stel. Die navorser het die terapeutiese proses vanuit 'n navorsingsoogpunt waargeneem. In 'n terapeutiese situasie is daar altyd sprake van 'n verhouding en daarom word die verhoudingsaspek in hierdie navorsing vervolgens bespreek.

## 3. DIE VERHOUDING TUSSEN TERAPEUT EN GESPREKSGENOTE

Die rol van die navorser in hierdie studie was tweeledig; eerstens die rol as terapeut en tweedens die rol van primêre data-insameling en naspeuring. "A therapist remains part of a continuing learning process" (Botha 2007:57). Wetenskaplike teoretiese navorsing, soos in narratief-kwalitatiewe navorsing beoefen, ontwikkel tot 'n hoogtepunt waarin die eindresultaat nie vooraf bepaal word nie, maar die produk van 'n intense proses van dialoog en interpretasie binne die medenavorsers se sosiale konstrukte is (Fourie 2008:59). Met behulp van die volgende uiteensetting van dialoog, vertrouenswaardigheid, belangrikheid van ondersteuning, die Skrif en die pastoraat, word 'n blik gegee op die verhoudingskonteks.

➢ *Dialoog*

Die narratief-pastorale terapeut behoort die gesprek op so 'n wyse te fasiliteer dat aansluiting by die spirituele intelligensievermoëns van die vroue gevind kan word. Die gesprek of dialoog kan as die veranderingsagent, of soos in hierdie studie, as 'n meganisme om hoop te fasiliteer, gesien word. Lester (1995:127) beklemtoon dat verandering altyd toekomsgerig is. Die verhale van die vroue, wat die omstandighede vertel en as problematies ervaar word, moet verander. Terapie, insluitend pastorale terapie, is volgens Botha (2007:7) nie betekenisvol as dit nie heling of verligting teweegbring nie. In hierdie navorsing behels die verandering in die verhale van die vroue dat hulle weer hoop en vertroosting na die verlies van hulle eggenote kan vind.

Sulke nuwe verhale ontstaan binnne die gesprek as die uitkoms van die dialoog tussen die terapeut en gespreksgenoot. Die terapeut is medenavorser en ko-konstrueerder van die vroue se verhale. Volgens Freedman & Combs (1996:88-89) "Each bit of construction can be responded to with an infinite number of questions, each of which would lead in a different direction." 'n Nuwe verstaan en betekenis, of verhaal, wat uniek aan 'n bepaalde gesprek is, word voortgebring. Tydens die dialoog is die terapeut se belangrikste terapeutiese instrument die vrae wat gestel word. Die gespreksgenoot se noodverhaal word vertel, en die terapeut fasiliteer die vertelling aan die hand van vrae. Die narratiewe vorm hou verband met die denkraamwerk, wat deur kontekstuele ervaringe gevorm word (Müller 1996:3). Volgens die narratiewe benadering, wat in hierdie navorsing van toepassing is, word gespreksvrae vanuit 'n nie-wetende posisie gestel. Dit impliseer die volgende:

- Die terapeut werk nie met gestruktureerde of vooraf geformuleerde vrae, wat berus op een of ander metodologie, nie. Soos die gesprek vorder word vrae geformuleer. Uit die vertelling van die vroue se verhale word 'n volgende vraag gebore.
- Die veronderstelling is dat die terapeut nie die "eintlike" verhaal ken nie, maar dit nog moet hoor. Vrae word nie gestel om te spekuleer, of om vermoedens oor wat die eintlike probleem is, te toets nie.
- Die noodverhaal dra gewoonlik die dominante probleem, wat verander moet word, oor. Deur vrae te stel word moontlikhede vir herbeskrywing en nuwe beskrywings geopen. In die kontinu proses van vertelling-vraag-uitruiling, neem die nuwe verhaal vorm aan.

Volgens Louw (1999a:310) word die kuns van die pastorale gesprek geleer in 'n "...gehoorsame luister na die stem van God." In die oomblik van stilwees voor God, word die regte woorde gebore.

➢ *Vertrouenswaardigheid*

In die terapeutiese situasie is die vroue se verhale die realiteit waarbinne hulle leef, en dit illustreer die toekoms waarheen hulle op pad is. Die verbeelde

toekomsgerigte verhaal moet vir hierdie studie op die aanvaarding van eskatologiese hoop uitloop. Die aanvaarding van eskatologiese hoop is deel van die konvergensiepunt, verlossing, verandering, vernuwing, herstel en groei van die nuwe mens in Christus, op grond van God se genade (Louw 1999a:15).

Gespreksgenote se verhale is deur die navorser as vertellings omtrent hulle lewens gesien en in 'n ernstige lig beskou. Die terapeut kan net "...saamloop en saamluister met 'n sensitiewe oor en langs die pad ander perspektiewe aanbied" (Endres 2009a:210). Slegs moontlikhede kan uitgespel word. Die storie agter die storie sal mettertyd aan die lig kom. Terselfdertyd bied die betreklike openhartigheid van die vroue se selfnarratiewe hoop vir 'n nuwe verstaan van die self en die toekoms. Vertrouenswaardigheid impliseer betrokkenheid ten opsigte van opregtheid, eerlikheid en vertroulikheid van beide die gespreksgenoot, asook die terapeut. Tydens 'n gespreksessie moet die navorser emosioneel gebalanseerd en gefokus bly, begrip toon en luister na die gespreksgenoot se verhaal. Die terapeut moet deurgaans, in 'n bepaalde konteks, van haar eie posisie met betrekking tot magsverhoudings bewus wees.

➢ *Belangrikheid van ondersteuning*

Dit is vir die gespreksgenote nodig om die ekwilibrium, en die self wat voor die trauma bestaan het, terug te vind (Botha 2007:455). Die terapeut handhaaf 'n nie-wetende posisie en is tydens die gesprek nie bewus van ander verhale, wat die gespreksgenoot die beste pas nie. 'n Nie-wetende posisie beteken slegs dat die terapeut nie oor kennis van die vroue se verhale beskik nie. Dit beteken nie dat die terapeut geen kennis of vaardighede het nie. Nolte (2007:38) sê dat mense as kundiges van hulle eie lewensverhale, met deernis en medelye met hulle nood en innerlike verwondheid, beskou moet word. Met hierdie benadering word mense gerespekteer en word dit aanvaar dat hulle potensiaal tot heelwording in hulle self geleë is. Die terapeut se kundigheid word op die terrein van gesprekvoering gevind. In die gesprek is dit die taak van die navorser om die gespreksgenoot se vertel van 'n eie storie van verlies te fasiliteer (Oates 1997:19).

Verhale ontwikkel tydens die gesprek. Endres (2009a:210) stel dit dat die terapeut as mede-konstrueerder van die getraumatiseerde se verhaal, sensitief na die verhaal kan luister. Verder sê sy dat die terapeut geen raad moet gee nie, maar vrae vanuit 'n nie-wetende posisie stel. In gevalle waar die gespreksgenoot by die terapeut aandring op inligting, moet slegs tentatiewe moontlikhede, ter ondersteuning, gebied word. Die keuse uit hierdie moontlikhede bly altyd die gespreksgenoot se keuse. Die terapeut moet gesien word as 'n fasiliteerder van die gesprek, wat op die konstruering van 'n alternatiewe verhaal moet uitloop. Die terapeutiese proses behels goeie kommunikasie tussen terapeut en gespreksgenoot, asook toepaslike kommunikasievaardighede, wat uiters belangrik is (Egan 1994:91). Die feit dat die terapeut beskikbaar is, en bereid is om na die vroue se verhale te luister, is uit die aard van die saak ook ondersteunend.

➢ *Die Skrif*

Volgens Louw (1999a:427) verwys terapie na hulp en diens wat voortspruit uit die offergestalte van Christus se neerbuigende liefde en God se barmhartigheid. Die wesenlike narratiewe aard van die vroue se Christelike geloof dra daartoe by dat die verhale van die vroue, en God se verhaal, met mekaar in verband gebring kan word. In die pastorale gesprek word die vroue se verhale met die navorser gedeel en hierdie verhale "...worden verbonden met het verhaal van God" (Ganzevoort & Visser 2007:100). Dit kan alleen suksesvol wees as die navorser se eie verhaal en God se verhaal saamgevleg is (De Beer 2007:61). Die konteks waarbinne die vroue geplaas is, en God se bedoeling daarmee, kan in die Skrif gesoek word. Die Bybel bied nie 'n meesterverhaal of oplossings vir menslike nood nie, maar wel brokkies inligting waaruit, in die dialoog tussen die terapeut en gespreksgenoot, 'n nuwe verhaal geskep kan word. Kennis van die Bybel plaas die terapeut nie in 'n posisie om die antwoorde op die probleme wat mense ondervind te ken nie. Verder speel die terapeut ook nie die rol van vertolker van die Bybel, wat geïnterpreteerde waarhede aan die gespreksgenoot deurgee, nie. Die mens verstaan altyd by benadering wat met 'n persoon se Skrifbeskouing en Godskonsep verband hou. Dit beteken dat daar gepoog moet word om mense se Godskonsep te beïnvloed en te verander. Hierdie verandering vind plaas

wanneer die persoon met Skrifbeloftes gekonfronteer word. In terapeutiese verhale is die fokus op die skakeling tussen geloof in God en die soeke na betekenis (Louw 1999b:253). Volgens Moltman (1974:33) is die enigste metode om hoop te genereer, blootstelling aan God se trou.

➢ *Die pastoraat*

Volgens Ganzevoort & Visser (2007:22-29) behels pastoraat hulpverlening, medemenslikheid, geestelike versorging en kerklike aktiwiteit. Die doel van die pastoraat is om te "...komen tot verstaan: verstaan van zichzelf, verstaan van elkaar, in het perspectief van het evangelie, opdat mensen weer weten, waartoe zij bestaan" (Bons-Storm 1989:9). Die lewensverhaal van mense, én die verhaal van God, is die middelpunt. Pastoraat het ook 'n opvoedingsfunksie omdat dit op persoonsverryking en geloofsgroei van gelowiges gemik is (Clinebell 1966:214). Die terapeut behou egter 'n openheid in die verstaan van, en benadering tot, pastoraat. Hierdie verstaan is 'n onafgeslote en onvoltooide proses. Die navorser se verstaan van pastoraat is ook 'n wordingsproses. Die terapeut moet altyd bereid wees om eie verstaan en kennis op te skort en om veral van gespreksgenote te leer. Dit moet dus van ander terapieë onderskei word. Die terapeutiese pastoraat kan gesien word as gebeure wat in taal plaasvind (Kotzé 1994:37). Terapie vind in die vorm van gesprek plaas. Storievertelling, en om te luister na stories wat 'n diversiteit van verhale behels, is belangrik. Daar moet binne die narratiewe benadering 'n fusie tussen die Godsverhaal en die mensverhaal plaasvind (Louw 1999:23). Dit behels prosesse wat uiteindelik tot hoop en vertroosting lei. Hoop, vir Moltman (1974:189), handel oor God se beloftes.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat gesprek gesien kan word as 'n meganisme om hoop en vertroosting te fasiliteer. Opvolggesprekke is met medenavorsers gevoer om hulle ervaringe, en waarde wat die terapie vir hulle ingehou het, te weerspieël. Die navorser het 'n aanvoeling vir die problematiek wat hieruit kan voortspruit.

## 4. ONTLUIKING VAN DIE VROUE SE VERHALE

Die vroue se verhale bied toegang tot die eintlike werklikheid, wat agter die verhale is. Hulle verhale kan, soos 'n ui wat laag vir laag afgeskil moet word om die diepere betekenis te vind, gesien word. Hulle verhale is bloot leidrade, wat deur die terapeut gevolg moet word, om by die kern van die verhaal uit te kom. Die eintlike werklikheid gaan oor die storie agter die storie. Voortsetting van diskoerse oor die pastoraal-terapeutiese benadering, narratiewe-pastorale terapie en pastorale terapie in die vyf bewegings van gesprek, is van belang en word vervolgens bespreek.

➢ *Pastoraal-terapeutiese benadering*

Die vroue is die kundiges oor hulle lewens en hulle verhale geniet deurgaans voorrang. Die terapeut is nie die interpreteerder nie, maar die geduldige, respekterende en nuuskierige luisteraar. Geloof in die mens se vermoë om te kan verander en die effek van gesprek, taal en stories op beide die terapeut en gespreksgenoot, maak die kern van narratiewe terapie uit (O'Hanlon 1994:28). Hierdie aspekte het betrekking op 'n pastoraal-terapeutiese benadering, wat deur die sosiale konstruksionisme geinformeer is. Die verband met die benadering behels die rol van taal en verhale in die vroue se lewens. Taal is nie neutraal nie, maar kreatief. Jy skep die werklikhede waarbinne jy leef aan die hand van die taal wat jy gebruik. Die werklikheid word verbeeld deur middel van die verhale wat ons aan mekaar vertel. Rou data van die vroue se ervarings word aanmekaar geweef om 'n betekenisvolle geheel, of 'n verhaal, te vorm. Dit stem ooreen met Morgan (2000:5) se siening van die verhaal, wat deur haar beskryf word as 'n draad wat gebeure in 'n spesifieke volgorde, en oor 'n tydperk, aanmekaar weef om 'n storie te vorm. Die betekenis wat ons reeds aan ervaring gegee het, naamlik ons vertelde verhale, beïnvloed weer die wyse waarop ons verdere interpretasies maak en nuwe verhale skep (De Beer 2007:17). Elke verhaal wat vertel word, is in dié sin tegelykertyd 'n toekomsverhaal.

Dit gaan dus oor die *eintlike* en die *uiteindelike*, wat weer die eskatologiese perspektief weerspieël. Die verhaal word die roete van die toekoms vir die vroue. Dit geld ook vir die verhale van die mens self (selfnarratiewe). Daardeur word

menswees gestruktureer en die verhale oor die self geleef. Die verhale wat die vroue oor hulleself vertel vorm hulle identiteit. Die mens is egter voortdurend besig met die herformulering van selfnarratiewe en om met nuwe beskrywings vorendag te kom. Morgan (2000:8) skryf dat die mens se lewe uit veelvuldige stories bestaan. Dit skep die indruk dat die self altyd in wording is, soos verhale ontvou. "We have always known that life is a process and that we are continually in the act of becoming" (Jackson 1957:25).

Daar is ook die breër stories van die kultuur waarin 'n persoon leef (Morgan 2000:9-10). Die konteks waarbinne verhale vertel word, maak sekere vertellings moontlik en ander vertellings word ontmoedig. "This context contributes to the interpretations and meanings we give to events" (Botha 2007:16). Die dialogiese self word na gelang van verhale, wat sosiale skeppinge is, gevorm.

➢ *Narratiewe-pastorale terapie*

In hierdie navorsing is uitgewys dat die probleem die probleem is. O'Hanlon (1994:24) sê "...the person is never the problem; the problem is the problem." Die probleem waarmee gewerk word, is die probleem soos deur die gespreksgenoot vertel. Die persoon het, deur geïnternaliseerde gesprekke, die probleem binne die self geplaas (Morgan 2000:18). Daar word, volgens Botha (2007:23), 'n soort terapie benodig wat beide pastoraal- en kliënt-gesentreerd is. Die narratiewe benadering is volgens die navorser in staat om 'n proses in werking te stel wat hoop en vertroosting na verlies kan fasiliteer. Dit neem verder ook relasionele kontekste en diskoerse by die ko-konstruksie van verhale in aanmerking. 'n Probleem het nie 'n dieper oorsaak wat ontdek moet word en wat as die ware probleem geld nie. Dit word gedoen deur die gespreksgenote se vertelling van probleemversadigde verhale deurentyd te hanteer. Daar is nie 'n diagnose, met 'n gepaste voorskrif vir behandeling, van wat as die eintlike probleem beskou word nie. Die narratiewe benadering beweeg weg van die modernistiese siening van voorskriftelikheid en steun eerder op die volgende oortuigings rakende probleme:

- Sin en betekenis terwyl die terapie ontvou. Volgens O'Hanlon (1994:24) moet die verhaal tot 'n bevrydende gesprek opbou waarbinne gespreksgenote hulle van dominante, destruktiewe en ondermynende oortuigings en boodskappe kan bevry.
- Belangrikheid van kulturele voorskrifte (konteks). *"Problems* only survive and thrive when they are supported and backed up by particular ideas, truths, beliefs and principles from the broader social cultural context" (Botha 2007:109). Daar is 'n wisselwerking tussen die stories waardeur mense leef en die breër kulturele stories.
- Die vroue se ervaringe. Die persoon met die probleem neem die langdurige bestaan van die probleem, en hulle mislukte pogings om dit op te los, as 'n weerspieëling op hulleself, mekaar en/of hulle verhoudings (White & Epston 1990:38). Hulle maak "dun" gevolgtrekkings, wat hulle as waarhede sien. Dit kan etikettering meebring, wat verandering in die wiele kan ry. "This disempowers the client as a person with weaknesses, disabilities, dysfunctions or inadequacies" (Botha 2007:106).
- Behoeftes van die vroue. "New alternative meanings, realities and stories can be co-developed, where the client may experience a new sense of agency, freedom and self-capability" (Botha 2007:106).
- Verloop van tyd. "An altered understanding of *the problem* can evolve which means that *the problem* is no longer viewed or experienced as a problem, and may actually be dissolved through actions" (Botha 2007:106)
- Vordering in die bereiking van hoop en vertroosting. Volgens Anderson 1993:325) mag verandering plaasvind as 'n gevolg van die gesprek. "Gradually, a new story is co-created and a new reality begins to emerge" (Botha 2007:111).

➢ *Die voortsetting van pastorale terapie in die vyf bewegings.*

Fragmente van opvolggesprekke word bespreek in 'n poging om die verloop van die verhale, met betrekking tot die vyf bewegings, te skets. Daar word slegs kort uittreksels van opvolgsessies gegee en nie die totale terapeutiese verhaal nie.

- *Noodverhaal*

Die klem in hierdie beweging van die gesprek is op die vroue se realiteit en hulle vertel daarvan. Die terapeut raak deel van die proses met die doel om hierdie verhale te hoor. In hierdie navorsing is dit verhale wat betrekking het op die verlies van 'n eggenoot. Dit is belangrik om sensitief te bly vir die unieke maniere waarop individue, in 'n gegewe konteks, die verskynsel van dood beleef (Becvar 2001:29). Die noodverhaal kan as een van die meganismes van die narratief gedekonstrueer word (White 1991:109-149). Die terapeut moet egter nie antwoorde of verklarings probeer gee, of regstellings probeer maak nie. Die verhaal kan in verband met die toekoms gebring word. Volgens Lester (1995:22) hou die mens se noodverhaal primêr met die verbeelde toekomsverhaal verband. Daar moet dus gewerk word aan 'n bemoedigende storie wat hoop vir die toekoms bied (Müller 2000:12). Die gespreksgenote begin gewoonlik hulle verhale met betrekking tot die hede vertel, en beweeg dan terug na die verlede. In die proses van vertelling werk die gebeure in op mekaar, wat weer aanleiding tot toekomsdenke gee. Dit is belangrik dat die terapeut saam met die vroue teen hulle pas beweeg anders kan eie verwagtings maklik op hulle geprojekteer word.

Vervolgens verbatim fragmente uit die terapeutiese gesprek met medenavorsers oor hulle ervaring van die dominante probleem.

*Opvolgsessie met Janie*

*Navorser: Dit is vir my belangrik om te hoor hoe dit met jou gaan.*

*Janie: Dit gaan beter, maar met tye is dit nog moeilik om te aanvaar dat hy werklik dood is.*

*Navorser: Wil jy my meer vertel oor die tye wat aanvaarding nog moeilik is?*

*Janie: Dit is veral wanneer ek alleen voel en verlang.*

*Navorser: Hoe hanteer jy hierdie alleenheid en verlange?*

*Janie: Ek raak kwaad. Dit voel vir my asof ek beheer oor my emosies verloor. Ek word kwaad oor onbenullighede en sal sommer my woede op die eerste persoon wat naby my kom uithaal.*

*Die navorser verduidelik dat woede tydens die rouproses ervaar kan word.*

*Navorser: Wil jy my nog meer vertel van die alleenheid en verlange?*

Die gesprekke het op dieselfde trant, ingevolge die vyf bewegings, voortgegaan. Daar is tydens opvolgsessies na Janie se gevoelens met betrekking tot moedeloosheid, depressie, hartseer, onsekerheid, skuldgevoelens en die feit dat sy nie meer wou kerk toe gaan nie, geluister. Sy is aangemoedig om haar emosies te verbaliseer en te ontgin. Haar probleem-deurdrenkte verhaal is 'n weergawe van haar werklikheid, soos sy dit gekonstrueer en in taal verwoord het.

*Opvolgsessie met Sarie*

*Navorser: Baie dankie dat jy bereid was om vir 'n opvolgsessie te kom. Hoe gaan dit met jou?*
*Sarie: Daar is soms nog vrae waarvoor ek nie antwoorde kan vind nie.*
*Navorser: Is dit vir jou belangrik om antwoorde te vind?*
*Sarie: Ek wil graag weet hoekom 'n liefdevolle God pyn en lyding kan toelaat.*
*Navorser: Waarom is dit vir jou belangrik om 'n antwoord op hierdie vraag te hê?*
*Sarie: Ek is nie seker nie. Miskien sal dit my help met die aanvaarding. Ek het probeer antwoorde vind in die Bybel. Dit voel egter vir my asof ek na 'n naald in 'n hooimied soek en ek voel heeltemal verlore.*
*Navorser: Jy sê jy voel verlore. Kan ons oor die 'verlore' ervaring praat?*
*Sarie: Ek is bang dat so iets met my ook kan gebeur en dat ek nie beheer daaroor sal hê nie. Sal daar iemand wees wat my bystaan?*
*Navorser: Kan ons bietjie gesels oor hierdie 'bang' wees?*

Dit het verder in gesprekke aan die lig gekom dat Sarie bang is dat sy nie hemel toe sal gaan nie en sy wou graag haar verhouding met die Here herstel, sodat sy sekerheid daaroor kon hê. Sy het uitgesien om hemel toe te gaan, sodat sy by die Here kan wees en weer met haar man herenig kon word. Sy het ook vrese gekoester ten opsigte van siekte en dat dit haar moontlik sal tref. Sy het gevoel dat haar man se siekte vir haar 'n baie negatiewe ervaring was. In opvolggesprekke is hierdie gevoelens saam met haar ontgin.

*Opvolgsessie met Belinda*

*Navorser: Ek wou net graag hoor hoe dit met jou gaan sedert ons mekaar laas gesien het?*

*Belinda: Ek voel nog met tye asof ek nie die alleenheid en eensaamheid kan hanteer nie.*

*Navorser: Wil jy my meer vertel van hierdie alleenheid en eensaamheid wat jy ervaar?*

*Belinda: Dit voel vir my asof ek verlate is, dat ek geen betekenis meer het vir iemand nie, dat ek nie meer nuttig is nie en asof niemand meer vir my omgee nie.*

*Navorser: Jy het nou sommer 'n klomp gevoelens openbaar en ek dink dit is belangrik dat ons oor elkeen moet praat. Jy het vir my genoem dat jy verlate voel, nie betekenis het nie, nie nuttig voel nie en dat niemand omgee nie. Oor watter een van hierdie gevoelens dink jy moet ons eerste praat?*

*Belinda: Dit is vir my die slegste dat ek voel asof ek nie meer betekenis vir iemand het nie.*

*Navorser: Wat laat jou voel of dink dat jy nie meer betekenis het nie?*

Belinda het intense gevoelens ervaar. Tydens volgende sessies is gevoelens rondom verwerping, eensaamheid, liefde, vergifnis en selfliefde saam met haar ontgin. Dit het tot 'n latere gespreksessie gelei waar sy tye, en gepaardgaande aksies, kon identifiseer wat sy nie alleen gevoel het nie.

*Die navorser se verhaal in retrospeksie*

*My stem*

*Aanvanklik het ek ook gevoelens ooreenstemmend met die fases van die rouproses ervaar. Met die kennis wat ek as gevolg van my studies oor die rouproses opgedoen het, was dit vir my moontlik om hierdie gevoelens te identifiseer en te hanteer. Dit het nie die pyn van die verlies weggeneem nie, maar ek kon verstaan.*

- *Verledeverhaal*

  In die vertel van verhale praat mense oor traumatiese gebeure en moet hulle dit interpreteer. Dit is 'n verhaal met 'n storie, en 'n uiteensetting van die storie ten opsigte van feitelike gebeure. Nie alle herinneringe aan 'n geliefde is altyd positief nie (Van Niekerk 2002:38). In die vertelling van die verledeverhaal word die verlies deur die vroue herbeleef. Die rekonstruksie van die verlies verg moed van beide die getraumatiseerde persoon en van die terapeut. Trauma bring vrae oor die sin en die doel van die gebeure na vore (Endres 2009a:277) en dit laat mense oor die gebeure nadink. Die verledeverhaal verbeeld die rekonstruksie van die verlies wat die vroue ervaar het. Müller (1996:114) reken dat 'n "...grondige terapeutiese proses nie werklik op dreef kan kom sonder 'n deeglike omgaan met die verledestorie nie."

Die agtergrond van die gespreksgenote is reeds in hoofstuk 1 geskets en hier volg slegs 'n kort opsomming om die leser se geheue te verfris.

*Verledeverhaal van Janie.*

*Janie se man is gedurende Oktober 2007 oorlede nadat hy twee hartaanvalle gehad het. Hulle het finansieel in die moeilikheid beland en het hulle plaas verloor. Daarna het haar man gaan skoolhou, maar hy was ongelukkig en sy gesondheid het as gevolg van die stres agteruitgegaan. Janie het emosioneel na haar verlies baie swaar gekry.*

*Verledeverhaal van Sarie.*

*Sarie se man is gedurende Julie 2007 oorlede na 'n moeilike lyding met emfiseem. Sy het hulpeloos en magteloos gevoel omdat sy niks vir hom kon doen nie en net moes toekyk hoe hy agteruitgaan. Hulle het 'n baie goeie en gelukkige huweliksverhouding gehad.*

*Verledeverhaal van Belinda.*

*Belinda se man is gedurende Januarie 2008 skielik na 'n hartaanval oorlede. Hierdie verlies was vir haar moeilik om te hanteer aangesien sy alreeds twee seuns weens ongelukke verloor het. Sy het ook verlies van haar gesondheid*

*ervaar toe sy met borskanker gediagnoseer is en 'n mastektomie moes ondergaan.*

*Verledeverhaal van die navorser.*

*My man is op die 11<sup>de</sup> September 2007 in 'n motorongeluk oorlede. Hy het gou gaan besigheid doen en nooit weer teruggekeer nie. Die impak van sy skielike dood het my emosioneel baie diep getref.*

Verledeverhale word met die oog op die toekoms geïnterpreteer. Die verledestorie is ook 'n toekomsstorie, maar selde eksplisiet. Daar is bindingslyne tussen die hede en die verlede (Louw 1999a:416). Die toekomsstorie lê onder die oppervlak van die verledestorie en dit is die taak van die terapeut om die toekoms uit die verlede te ontsluit (Müller 2000:40). Hoe meer volledig die verledeverhaal is, hoe meer kom die geïntegreerde persoonlikheid na vore (Lester 1995:34; Gerkin 1997:169).

- *Verduisterde toekomsverhaal*

Die verhale moet ontgin word sodat die persoon saam met die vertel van die verhaal ontwikkel. Volgens Müller (1996:115) het die toekoms "...nie net met toekomstige gebeure te doen nie, dit is nou reeds lewend in verwagtinge en angste, in beplanning en ontwerp." Dit is van belang om vas te stel wat hierdie probleem vir die persoon se toekoms beteken. In antwoord op hierdie vraag is dit moontlik dat die eintlike pyn na vore sal tree. Wanneer die toekomsperspektief heeltemal verduister is, is dit asof die persoon na niks meer kan uitsien nie. As daar gepoog word om vorentoe te dink, verval die persoon in wanhoop. Die geloofsverhaal kan 'n rol in die fasilitering van rekonstruksie van die verduisterde toekomsverhaal speel. In die rekonstruksie van die verduisterde toekomsverhaal moet die terapeut vir die vroue 'n realiteit fasiliteer, wat nie slegs hartseer nie, maar ook vreugde insluit. Aksies wat ons neem veronderstel ook toekomstige gevolge en in die volgende uittreksels word dit sigbaar.

Vervolgens *kort* fragmente uit opvolgsessies met gespreksgenote om die verduisterde toekomsverhaal te verhelder. Daar is tydens hierdie gespreksessies op gevoelens, wat hulle gedurende die eerste jaar ervaar het, gefokus.

*Janie: Daar was 'n stadium wat dit vir my gevoel het asof iets in my ook doodgegaan het. Ek het geen lig gesien nie en wou nie aangaan nie.*

*Sarie: Ek het geweet dat dit nooit weer sal wees soos toe my man gelewe het nie. Ek het met tye gewonder of die lewe nog sin en betekenis kan inhou.*

*Belinda: Ek onthou die keer toe ek onseker was oor alles en dit vir my gevoel het asof daar niks was wat hierdie leemte kon vul nie. Ek het nie altyd lus gehad om aan te gaan nie.*

Die gespreksgenote het gevoel of hulle pad vorentoe versper was. Müller (1996:115) sê dat die versteurde toekomsperspektief die primêre motivering vir betekenisvolle verandering is. Met opvolgsessies is die vroue gehelp om die pad vorentoe te sien, sodat hulle die ervaring van die hede kan verander. Hulle moet hulle persepsies van die verlede herformuleer en herstruktureer sodat hulle 'n duidelike toekomsbeeld kan kry. Hierdie toekomsbeeld vorm die basis vir verandering in die hede. Volgens Müller (1996:116) moet 'n nuwe ekwilibrium genoeg van die verledeverhaal én die nuwe verhaal insluit. Daar moet 'n balans tussen stabiliteit en verandering gehandhaaf word.

- *Hervertelde verledeverhaal*

Die terapeut soek saam met die vroue, uit hulle vertelling van hulle verledeverhale, na toekomsverhale. Daar word noukeurig na die stories van die gespreksgenote geluister om sodoende unieke uitkomste te identifiseer, wat benut kan word om die mens se storie aan God se storie vir die mens te verbind. Vorige stilhouplekke van die lewe word herbesoek. Deur aansluiting te vind by unieke uitkomste word die verledeverhaal in konteks met die hede en die toekoms gebring. Dit gaan oor die hoogtepunt in die interaksie en word deur die terapeut en medenavorsers gesamentlik ervaar. Die toepaslikheid tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms moet ontdek word. Die rekonstruksie van die trauma is egter nooit heeltemal voltooid nie (Endres 2009a:214). Daar kom altyd nuwe kennis by. Ander, nuwe betekenisse word aan

gebeure toegeken (Müller 1996:116). Herstrukturering behels, volgens Capps (1990:128), die volgende:

> *...to change the conceptual and emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the 'facts' of the same concrete situation equally well or even better and thereby changes its entire meaning.*

Die rekonstruksie van verhale wat die persoon verkies, is gebaseer op die identifisering van unieke uitkomste. Rekonstruering van die persoonlike narratiewe van gespreksgenote word dikwels in ooreenstemming met God se narratief gebring. Deur vrae te stel word die gespreksgenote aangemoedig om aandag aan unieke uitkomste te gee. Landskap van aksie, landskap van bewustheid en landskap van identiteit word ondersoek (White 1988:41-43). Die terapeut wil soveel as moontlik, elke klein detail, omtrent die gebeure weet. Relevante kommunikasievaardighede vir die terapeut tydens terapie is baie belangrik (Egan 1994:91). Vrae ontgin die *landskap van aksie,* wat saamgestel is uit ondervindinge van gebeure, wat in volgorde geskakel is deur tyd en volgens 'n spesifieke intrige. Die *landskap van bewustheid* behels ware selfkennis, wat vra na die stories van die mens se lewe. Deur die oorvertelling daarvan groei die mens tot volwassenheid. Volgens White (1988:38) het die nuwe stories gewoonlik 'n ryk weergawe en nie die kompleksiteit van die ou weergawes nie. Die *landskap van identiteit* het te doen met die interpretasies wat gemaak word deur daardie gebeure te oordink wat ontvou deur die landskap van aksie. Hierdie vrae ondersoek onder andere begeertes, wense, voorkeure, persoonlike waardes, intensies, planne, vermoëns, oortuigings en waardes. Dit verken dus die landskap van die verhaal. Die vroue word uitgenooi om hulle stories te herskryf. Vervolgens verbatim voorbeelde van landskapsvrae.

*Janie: Dit was vir my baie sleg toe ek die tyding van sy dood kry.*
*Navorser: Waar was jy toe dit gebeur het?*
*Janie: Ek was by die huis.*
*Navorser: Was jy alleen?*

*Sarie: Bybelstudie was vir ons belangrik en ek het ná sy dood gedink ek sal antwoorde in die Bybel vind.*
*Navorser: Wat was jou verwagtinge van Bybelstudie?*
*Sarie: Ek het gedink dit sal my help om sy dood te kan aanvaar.*
*Navorser: Het dit jou gehelp?*
*Sarie: Die idee van die opstanding het my tot 'n mate rustiger gestem.*

*Belinda: Ek het al soveel mense wat naby aan my was verloor. Ek kon nie verstaan hoekom dit moes gebeur nie.*
*Navorser: Hoe voel jy nou daaroor?*

*Belinda: Ek lewe nog en kan nog vir ander iets beteken. Ek het seker nog nie my "destiny" hier op aarde bereik nie.*
*Navorser: Wat dink jy is jou "destiny"?*

*My stem: Daar wag 'n toekoms saam met Christus vir ons almal. Ek het besef dat die lewe voortgaan en dat ek nuwe sin en betekenis moet vind. Geloof is al wat belangrik is.*

Die blote gebruik van ander taal en woorde, gee ander betekenisse aan ervaringe. Müller (1996:129) skryf dat deur "...taal op 'n sekere wyse in die terapeutiese situasie te gebruik, vind daar herstrukturering en uiteindelik rekonstruksie plaas." In die proses gee die vroue nuwe betekenisse en beskrywings van die self, ander, verhoudings en nuwe toekomstige moontlikhede. Deur die vroue te bemagtig:

- raak hulle bewus van die magsdinamiek wat in hulle lewenskonteks besig is,
- ontwikkel hulle vaardighede en vermoëns om beheer in hulle lewe te neem,
- beoefen hulle dit sonder om inbreuk op ander se regte te maak en
- ondersteun hulle die bemagtiging van ander in hulle gemeenskap.

Soos die alternatiewe storie ontstaan stel die terapeut belang om maniere te vind om die persoon by te staan om daaraan verbind te bly. Volgens Müller (1996:165) is 'n voorwaarde vir herstrukturering, dat mense hulle trauma objektiveer en verpersoonlik.

- *Verbeelde toekomsverhaal*

Wanneer die vroue uitgenooi word om oor die toekoms en toekomsdrome te gesels, behels dit die selfbeeld wat op die toekoms geprojekteer word. Die mens het die vermoë om voorstellings van die realiteit te vorm. In die verbeelding van die toekomsverhale kan metafore 'n belangrike rol speel. Verhale bevat altyd elemente van vertel en van droom (Müller 2000:13). Deur 'n nuwe verhaal te verbeeld word nuwe toepaslikheid ontdek en verandering bewerkstellig. Deur met metafore en verbeelding nuwe verbande te skep, word dít wat nog nie gesê is nie, en dalk vergeet kan word, na die oppervlak gebring en word dit 'n krag tot verandering.

Vervolgens *kort* fragmente uit opvolgsessies met gespreksgenote om die verbeelde toekomsverhaal te verhelder. Daar is tydens hierdie gespreksessies gefokus op metafore in die ervaring van hulle toekoms. Die gespreksgenote is gevra om hulle toekoms uit te beeld deur 'n metafoor te gebruik.

*Janie: My lewe vorentoe laat my dink aan 'n roos wat besig is om oop te gaan en sy geur versprei. So moet ek ook my liefde vir ander betoon.*

*Sarie: Ek voel soos 'n vlinder wat met vreugde van blom na blom vlieg om die soet van die nektar te kry, maar ook om die blomme te bestuif. Ek besef nou dat ander my nodig het en dit voel asof die lewe weer betekenis gekry het.*

*Belinda: Ek sien my lewe tweeledig. As ek terug kyk sien ek duisternis en as ek vorentoe kyk sien ek lig. Ek is deel van hierdie lig wat vir ander hulle lewens moet verhelder. Dit gee my weer hoop om aan te gaan.*

*My stem: Die toekoms is vir my soos 'n atleet wat die wenpaal bereik het. Die moeilike van die verlede is verby en daar wag nou nuwe uitdagings. Nou kan*

*ek aan nuwe verhoudings bou en vir ander van waarde wees. Daar sal seker nog moeilike tye opduik, maar ek het nou hoop om aan te gaan.*

Die teologiese begronding van eskatologies-toekomsgerigte stories moet uit 'n pastoraal-teologiese, antropologiese perspektief benader word (Lester 1995:39). Dit gaan oor Goddelike bestuur, wat uitloop op ewige hoop, wat in Jesus Christus gestalte gekry het. "Hiervolgens kan die mens-in-nood met 'n nuwe perspektief bely dat hy glo in die opstanding van die vlees, vergifnis van sonde en die ewige lewe" (Moore 2004: 331).

Die terapeut en gespreksgenote kan die rigting waarheen 'n unieke uitkoms lei, in hulle verbeelding sien. Die vroue moet egter self hierdie nuwe verhaal skryf. "The way is now open for the therapist and client to co-construct a new story through which the client can live in preferred ways" (Botha 2007:112). Verandering of transformasie in die toekomsverhale is nodig vir 'n bevredigende voorstelling en herstelling van hoop (Lester 1995:126). Daar is 'n nuwe bewuswording van die self, en die vroue se identiteit en lewensverhaal word herskryf. Op hierdie stadium kan die gespreksgenoot die alternatiewe storie 'n naam gee. Daar is, volgens Morgan (2000:72), die volgende voordele hieraan verbonde:

- Dit ondersteun die persoon om verder van die gevolge van die probleem-deurdrenkte, dominante storie geskei te raak;
- Dit laat ruimte vir die persoon se eie idees en verbintenisse, en om aktief in die rigting van persoonlike voorkeure en keuses te beweeg;
- Dit laat die persoon toe om konstante verwysingspunte te hê oor watter aksie of gebeurtenis beter by die probleem-deurdrenkte, dominante storie of die alternatiewe, dominante storie pas.

Nadat die nuwe verhaal 'n naam gegee is, kan die persoon gehelp word om die effek van die alternatiewe, dominante storie, met betrekking tot denkprosesse, gevoelens en aksies, te ontgin.

Moore (2004:328) reken dat sommige kliënte "...skaam is oor wat hulle as hul toekomsgerigte stories beskou en bied daarom weerstand om daaroor te gesels." Hulle hou hulle toekomsverhale geheim, aangesien hulle bang is vir veroordeling, bespotting of verwerping. Daar kan, volgens Lester (1995:116), ook weerstand teen toekomsgerigte verkenning wees. Dit raak duidelik wanneer gespreksgenote byvoorbeeld sê: "ek dink nie aan die toekoms nie, ek het geen idee nie, of dit is nie die moeite werd om aan die toekoms te dink nie."

Die verbeelde toekomsverhaal in 'n narratief-pastorale konteks verwys na die ewige versoening en hoop in Christus op die kontinuum van verlede, hede en toekoms (Moore 2004:330). Volgens White & Epston (1990:61, 65) speel verbeelding en verantwoordelikheid 'n beduidende rol in die identifisering van unieke uitkomste, en die toeskrywing van betekenis daaraan. Om te droom is om 'n voorstelling van wat kán wees te maak. Dit blyk dus dat met die konstruering van 'n toekomsverhaal gepoog word om die verhaal in ooreenstemming met die Godsverhaal vir die mens te rekonstrueer.

## 5. DIE WAARDE VAN DIE NAVORSING

➢ *Bydrae gemaak deur die studie*

Die voorsiene impak van die voorgenome navorsing, byvoorbeeld in watter opsigte dit 'n nuwe bydrae tot die vakgebied sal lewer, hoe dit konvensionele sienswyses bevestig of bevraagteken, hoe dit bydra tot bestaande debatte, en/of watter gevolge die toepassing van hierdie nuwe kennis in die samelewing sou kon hê (indien van toepassing) word bespreek. In hierdie studie word die volgende aspekte as bydraend beskou en dit word voorts uitgewys:

- Die basiese, teologiese voorveronderstelling van die studie kan gesien word in die diskoers dat 'n eskatologiese perspektief God se identifisering met die mens se lyding, in die kruis en opstanding van Christus beklemtoon en hoop aan persone, wat rousmart ervaar, bied.

- Die navorser se perspektief, wat in ooreenstemming met Louw (1999a:299) gesien kan word as 'n unieke benadering om, in aansluiting met die ander perspektiewe, die totale welsyn van die mens te bevorder, kan ook as 'n bydrae gesien word. Die navorser se perspektief behels die volgende:

  - Die antropologiese konteks van die mens behels liggaam, siel en gees as eenheidsgedagte (eenheid van menslike ervaring).
  - Die mens is, met ander woorde, 'n komplekse wese wat as liggaam, siel en gees funksioneer.
  - Die driedeling behoort in harmonie saam te werk.

- Die volgende siening, wat persoonlik deur die navorser ondersteun word, kan bydraend beskou word aangesien dit die sintetiese, stereometriese en perspektiwiese mensvisie verhelder:

  - Die sintetiese mensvisie behels die fisiologiese/biologiese prosesse, aangesien die mens slegs deur en in die liggaam in hierdie wêreld kan bestaan.
  - Die stereometriese siening van die mens behels die kognitiewe, affektiewe en konatiewe prosesse. Dit verwys na die wesenlike gevoels- en ervaringslewe.
  - Die perspektiwiese beskouing oor die mens gaan oor daardie gedeelte wat 'n verhouding tussen God en die mens uitvoerbaar maak. Dit kan beskou word as die middelpunt daarvan om mens te wees, aangesien hierdie vlak 'n invloed op die fisieke, emosionele, intellektuele en sosiale staat uitoefen.

  Dit beklemtoon die eenheidsdenkbeeld van hierdie drie perspektiewe van die mens, wat in wisselwerking verkeer.

- Eskatologie word op God se beloftes gebaseer. Om die inhoud van hierdie hoop, en die betekenis van die kruis, te begryp, moet die teologie die kruis vanuit die opstanding van Christus vertolk (Endres 2009a:317).

- Herstrukturering kan die vroue help om anders oor hulle verlies te dink. Wanneer die vroue gehelp is om betekenis aan unieke uitkomste te heg, kan dit heelwaarskynlik 'n ryk beskrywing van 'n alternatiewe dominante storie tot gevolg hê (White & Epston 1990:16; Morgan 2000:52).

- Promissioterapie bind die terapie in wese aan 'n teologiese saak. Dit dra by daartoe dat in terapie tussen die psigologiese en pastorale betekenis onderskei kan word. Samehangend met die hoop van die Christelike geloof kan pastorale terapie as *promissioterapie* omskryf word. Promissioterapie raak die totale gebied van die mens se ervarings, behoeftes en verwagtings en sluit aan by die verwagtings, deur hoop in die harte van mense te prikkel. Die betekenis van die begrippe *eskatologie* en *promissioterapie* is vervleg. Eskatologie hou verband met die opstandingshoop en promissioterapie kan as die teologie van die opstanding gesien word.

- Eskatologie, promissioterapie, hoop, vertroosting, rou en narratiewe terapie is soos ratte wat inmekaar pas om die totale mens se funksionering te beïnvloed. Hulle betekenis is vervleg, maar elke rat draai ook op sy eie.

- Hoop en vertroosting is weer met eskatologie en promissioterapie ineengestrengel. Hoop het altyd 'n element van die toekomstige. Dit impliseer verwagting en antisipasie, wat gebaseer is op God se beloftes en trou, en wat hoop vestig. Vertroosting spruit voort uit geloof in die beloftes, wat gekoppel is aan die opstanding en die Ryk van God.

Vervolgens word die uitkomste van hierdie navorsing bespreek.

➢ *Uitkomste*

Die uitkomste van hierdie studie is gebaseer op inligting, wat deur gespreksgenote voorsien is. Dit lei tot 'n beter begrip van die navorsingsverhaal.

Die navorsingsverwagtings, soos in hoofstuk 1 gestel, lei tot die vertolking van uitkomste in die studie.

- Die vroue se vertolking van hoop en vertroosting speel 'n rol in die rouproses. Gespreksgenote het wisselende beskrywings van probleme en dit verskil tydens dieselfde gesprek, asook van een konteks of gesprek na 'n volgende. Die konteks is die hele narratiewe struktuur waaruit 'n persoon op 'n gegewe oomblik handel. Indien daar meer as een gespreksgenoot is, het elkeen sy eie perspektief. Elkeen se ervaring van hoop en vertroosting word op 'n eie unieke manier ervaar en speel 'n rol in die wyse waarop hulle die rouproses ervaar.
- Die veronderstelling dat promissioterapie 'n rol speel in die skep van hoop en vertroosting na verlies van 'n geliefde. Promissioterapie gaan in hierdie navorsing oor die herstrukturering van die vroue se begrip van rousmart, om hoop en vertroosting te fasiliteer. Dit laat die mens nie slegs fokus op *singewende* waardes nie, maar beklemtoon ook die *sinontvangende* lewensbron, wat die mens daagliks kan help om dankbaar te leef en hoopvol te sterf (Louw 1999a:14).
- Hoop op opstanding uit die dood hou implikasies vir die daaglikse bestaan van die bedroefde in. Pastoraal kan die belangrikheid van die eskatologie gesien word in die feit dat dit met Christenskap en hoop verband hou. Hier hou hoop verband met die opstanding. Die eskatologiese paradigma veronderstel ook die lewe hierna (*hemel*). Dit handel met ander woorde oor die toekoms. Die teenswoordige moet egter ook in gedagte gehou word, aangesien dit wesenlik deel van eskatologie is. Pastorale terapie behels hoopterapie aan die mens in 'n soeke na lewensin.
- Christenvroue, vanweë hul spirituele agtergrond, vind hoop en vertroosting uit die veronderstelling dat hul geliefdes in die hemel is. Die teenwoordigheid van God word beklemtoon, wat geloofsgroei bevorder en geloofsvolwassenheid kweek. Hoop en vertroosting is, om ten spyte van verlies, God se teenwoordigheid te verstaan en Hom vir Sy liefdestrou te dank. Nel (2005:11) sê dat die Christelike geloof troos en hoop bied, en Conradie (2006:42) reken dat die hoop op lewe na die dood onmiddellike

troos bied. Volgens Smit (2000:11) is Christene "...mense wat kan treur met hoop in hulle harte."

- Die vroue se persepsie en konstruering van hulle voorstelling van die lewe hierna (hemel) word deur hulle stemme, in die vorm van taal, uitgebeeld. In die gespreksgenote se vrae oor die hemel word die verband met hoop en vertroosting in die verbatim fragmente van hulle verhale uitgewys. Dit lei tot die afleiding dat hulle fokus op die lewe hierna 'n rol in die hoop en vertroosting wat hulle ervaar speel.
- 'n Narratiewe-pastorale benadering vir betrokkenheid in die fasilitering van hoop en vertroosting, by persone van wie 'n geliefde gesterf het, kan ontwikkel en nuttig aangewend word. Pastoraal is die verband met die narratiewe benadering daarin dat daar, in die lig van God se narratief, met die vroue in gesprek getree is. Die betekenis en implikasie van die rouproses het die vroue metafories in hul verhale gekonstrueer en deur taal oorgedra. Bepaalde gedrag kan slegs verstaan word deur die hele konteks, waarin dit ingebed is, in ag te neem. In die pastorale gesprek is die vroue se verhale met die navorser gedeel en verbind met die verhaal van God. Deur hulle stories te herïnterpreteer en te herstruktureer het verandering plaasgevind, wat daartoe bygedra het dat die vroue weer hulle eie bestaan as betekenisvol beleef het. Gesprek word in die terapeutiese benadering beklemtoon en kan in ooreenstemming met Kotzé & Kotzé (1997:35) gesien word as "...conversation, ...therapeutic conversation, ...as an art of conversation, ...dialogue ...and as being discourse-sensitive through paying attention to the ongoing conversation, but also to the institutionalized forms of speaking..."

➢ *Leemtes en beperkinge van die studie*

- Die studie weerspieël slegs denkpatrone van vroue wat 'n eggenoot verloor het. Aangesien daar in die navorsing slegs die stemme van drie medenavorsers en die navorser self gehoor word, kan geen veralgemenings gemaak word nie.

- Die navorsing stel nie ondersoek in na mans wat 'n eggenoot verloor het nie. Dit is belangrik, aangesien skrywers (Cleiren 1993:54;Corr, Nabe & Corr 1994:405) reken dat geslag 'n rol in die rouproses speel.
- Die studie behels slegs 'n ondersoek na Christenvroue en ander kulture en gelowe word nie verken nie.
- Daar is egter 'n kwelvraag wat hier kan ontstaan indien die geliefde nie 'n gelowige was nie. Watter hoop en vertroosting kan dan aan 'n agtergeblewene gebied word? Dit is 'n aangeleentheid wat in verdere studie oor sodanige onderwerp nagevors kan word.
- Die hermeneutiek is 'n uitvloeisel van die navorser se begrip van die Skrif.

> *Aanbevelings*

Met betrekking tot die terapeutiese hantering van vroue, wat rousmart ervaar en hoop verloor het, word aanbeveel dat op eskatologiese vertroosting gefokus word tydens promissioterapie.

> *Geldigheid*

Die navorser moet daarop bedag wees om nie 'n eie agenda te volg nie, maar wel die gedagtepatrone van die gespreksgenote in gedagte te hou. Die navorser het gepoog om hierdie moontlike beperking te verminder deur onderhoude noukeurig met behulp van verbatim fragmente te dokumenteer.

> *Voorstelle vir toekomstige navorsing*

Die literatuur dui op toenemende bewustheid van die feit dat mans en vroue verskillend rou (Cleiren 1993:54; Smit 2000:6; Corr, Nabe & Corr 1994:405; De Beer & Van den Berg 2008:46). Studies sal gedoen moet word om die dinamiese ontwikkeling, en verloop van gedagtepatrone, van mans te ondersoek. Hierdie studies is noodsaaklik ten einde te verstaan waarom mans se ervaring van die rouproses verskil en om riglyne vir terapie te ontwikkel.

Volgens Smith (2002:182) is alle lewensstories in 'n bepaalde kulturele konteks ingebed. Die reaksies in rousmart is dus nou verbonde aan die lewens- en wêreldbeskouing van die individu en sy groep (De Beer 2007:4). Dit behels die bepaalde opvattings, gebruike, ideale, norme, waardes, praktyke, tradisies, kultuur en godsdiens van die individu en sy groep (De Klerk 1972:144). Studies, om hoop en vertroosting oor kultuurgrense te bepaal, kan ook van waarde wees.

Studies, om vas te stel wat hoop en vertroosting aan ongelowige vroue bied, kan ook vir toekomstige navorsing oorweeg word.

'n Tema van *alleenheid,* wat sigbaar na vore gekom het en wat die vroue ervaar het, kan moontlik in 'n verdere studie ondersoek word.

## 6. GESPREKSGENOTE SE ERVARING VAN DIE NAVORSING

Om vas te stel wat die waarde van die navorsing vir die gespreksgenote was, is 'n groepsessie met die vroue gereël om hulle gesamentlike mening te verken. Die rede waarom 'n groepsessie gereël is, is dat die gespreksgenote mekaar se ervarings kon deel. Hier volg 'n kort verbatim weergawe van die ontmoeting met al drie gespreksgenote.

*Navorser: Dankie, dat julle ingestem het vir 'n groepsessie saam met die ander gespreksgenote. Julle was van die begin af deel van hierdie navorsing en ek wil ek graag hoor wat die terapeutiese gesprekke vir julle ingehou het?*

*Belinda: Dit het vir my baie beteken om my ervaring en pyn met iemand te deel wat bereid was om na my te luister.*

*Janie: Ja, en die feit dat ek openlik oor my gevoelens kon praat, het my baie gehelp.*

*Sarie: Ek kon myself wees in die gesprekke en kon huil sonder om daaroor skuldig te voel.*

*Navorser: Het dit vir julle betekenis ingehou om oor julle verlies te praat?*

*Janie: Dit het veral baie beteken om te weet dat ek normaal is, wanneer ek so aggressief raak. Die feit dat daar sekere fases is wat mens deurmaak, en dat ander dit ook deurmaak, het my beter laat verstaan.*

*Navorser: Wat het julle nog ervaar tydens die terapeutiese sessies?*
*Belinda: Dat die lewe nog betekenis het. In die begin het ek nie so gevoel nie, maar nadat ek die kans gehad het om te praat het ek besef dat daar nog baie is om voor te lewe. Ek moet dit net self ontdek.*

*Sarie: Ek het weer moed gekry om aan te gaan. Dit is veral vir my lekker om te dink dat ons tog weer eendag almal bymekaar sal wees in die hemel.*

*Navorser: Waarop sou jy sê is hierdie "moed" gebou?*

*Sarie: Net op geloof. Die feit dat Jesus vir ons sondes gesterf het en weer opgestaan het, is 'n bewys daarvan. Hy het ook gesê Hy gaan vir ons plek voorberei.*

*Navorser: Het die gesprekke oor die hemel vir julle betekenis gehad?*

*Janie: Vir my het dit baie beteken.*

Die inhoud van die gesprek, soos dit verder ontwikkel het, word opsommend weergegee. Volgens die gespreksgenote het die terapeutiese gesprekke, volgens die vyf bewegings, vir hulle die volgende ingehou:

- Hulle gevoelens is saam met hulle deurgewerk.
- Hulle het begrip rondom die pyn van hulle rousmart, na hulle verlies, ervaar.
- Hulle visie het verbreed en hulle is gehelp om glinsteroomblikke te onthou.
- Hulle kon toekomsverhale identifiseer waarby hulle graag sou wou lewe.
- Dit het vir hulle nuwe moontlikhede, om aan te gaan met die lewe, geskep.

- Daar is ruimte binne die terapeutiese proses geskep waarbinne hulle eie oortuigings kon hê en besluite kon neem.
- Hulle het opregtheid, empatie, aanvaarding en deernis tydens die gesprekke oor hulle verlies en oor geestelike leiding ervaar.
- Hulle het hoop en vertroosting ervaar, veral op grond van God se beloftes en uit die oortuiging van 'n lewe hierna. Hulle wou 'n sinvolle lewe hier lei totdat dit tyd raak vir hulle om na hulle ewige tuiste te verhuis.
- Hulle kon hulle lewens herbou.

Aan die einde van die sessie het die navorser die verloop van die studie aan die vroue verduidelik. Daar is verduidelik dat hulle medenavorsers in die navorsingsproses was en die volgende stappe is uitgelig, sodat hulle die navorsingsverhaal kan volg:

- Die studie is binne die raamwerk van Praktiese Teologie geplaas aangesien dit 'n pastorale ondersoek is.
- Daar is aan hulle verduidelik dat hulle verhale, wat hulle met die navorser deel, in die pastorale gesprek met die verhaal van God verbind word.
- Die oorhoofse doel van die studie, om hoop en vertroosting by vroue te fasiliteer, is verduidelik.
- Die begrippe eskatologie en promissioterapie is aan hulle verduidelik, asook die rol wat elkeen in die fasilitering van hoop en vertroosting speel.
- Die rouproses is verduidelik. Hulle is daarop gewys dat dit 'n normale respons op die verlies van 'n geliefde is en dat elkeen op sy eie unieke manier dit hanteer.
- Die narratiewe-pastorale benadering, om hoop en vertroosting te fasiliteer, is verhelder.
- Die waarde van hulle bydrae, ten opsigte van hulle vrae oor die hemel en perspektiewe uit die literatuur daaroor, is bespreek.
- Die benutting van 'n gespreksmodel, met betrekking tot die vyf groot bewegings, is in terme van elkeen se beweging deur die noodverhaal, verledeverhaal, verduisterde toekomsverhaal, herverteide verledeverhaal en verbeelde toekomsverhaal verduidelik.

- Browning (1991:34-39) se model van 'n sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie vorm die basis van die wyse waarop gesprekke met die vroue omskryf word. Hierdie proses is aan die hand van hulle gesprekke oor die hemel aan die vroue verduidelik.

Die groepsessie het waarde vir die navorsing ingehou aangesien dit die menings van die vroue, oor die terapeutiese opset van hierdie studie, weerspieël het.

## 7. PERSOONLIKE ERVARING VAN DIE NAVORSING

- Die beskrywing van pyn, wat gespreksgenote ondervind het na hulle verlies, het 'n persoonlike emosionele ervaring van rou by die navorser na die oppervlak gebring. Hierdie sekondêre blootstelling aan rousmart was emosioneel dreinerend.

- Die studie het aan die navorser die geleentheid gebied om na ander vroue se verhale van verlies te luister en saam met hulle 'n pad te loop. Dit het my lewe verryk en meer begrip vir ander gegee.

- 'n Belangrike taak was om die vroue te laat besef dat hulle onvoorwaardelik aanvaar word, ten spyte van hul gedagtes en gevoelens.

- Tydens die fasiliteringsproses was selfondersoek deur die navorser ook nodig om begrip te kry. In die proses het ek meer bewus geraak van my eie lewensverhaal en myself beter leer ken.

- Die navorsing het my ook gehelp om saam met my eie verlies te leef en my hoop op die lewe hierna, saam met God, te vestig.

- Die narratiewe benadering het vir my duideliker geraak in die lig van die gespreksbenadering van Müller (2000:72-103), en ek het die waarde daarvan in promissioterapie besef.

- Die interpretering van die navorsingsprosedures en -uitkomste is beïnvloed deur my teologiese, wetenskaplike en filosofiese posisionering.

- My eie teologie het bepaal hoe pastorale terapie beskou word. 'n Tekortkoming wat ek ervaar het, is 'n breë akademiese agtergrond van die teologie.

## 8. SLOT

Dit het duidelik geraak dat gespreksgenote hoop en vertroosting volgens elkeen se unieke behoeftes ervaar het. Elkeen het haar eie ervaring van die rouproses gehad. Hierdie verskille is hoofsaaklik as gevolg van konteks, familie, agtergrond, verhoudings, kultuur en geslag. Dit het al drie gespreksgenote egter oor die lewe hierna laat nadink. Die toer deur rousmart het 'n ontdekkingstog van die self, eie potensiaal en ander bronne in die ontmoeting met die lewe geraak (De Beer 2007:68). Die noodsaaklikheid van eskatologie en promissioterapie, om hoop en vertroosting te laat realiseer, is uitgewys. In die proses is die verband tussen eskatologie en hierdie studie verken en verhelder. Daar is gevind dat die gespreksgenote se probleem-deurdrenkte, dominante stories geëksternaliseer en gedekonstrueer kan word om ruimte vir 'n alternatiewe diskoers te skep. Hierdie alternatiewe diskoers is nie slegs op unieke uitkomste gebou nie, maar ook op die verbeelde toekomsverhaal. In hierdie geval was 'n belangrike unieke uitkoms die hoop wat ervaar is. Die verbeelde toekomsverhaal het oor hereniging in die hemel, in God se teenwoordigheid, gehandel.

Die narratiewe-pastorale proses is op die realistiese aanvaarding van die verlies gerig, om deur meelewing die vroue individueel en pastoraal tot hoop en vertroosting te begelei. Vertroosting impliseer kommunikasie en kommunikasie troos "...omdat dit die eensaamheid van lyding ophef" (Du Toit 1990:8). Die vroue se verhale was oop-eindigend, want hulle lewensreise is nie afgesluit nie. Dit het by die postmodernistiese aanslag van die studie ingepas. Dit kan gestel word dat hulle herinneringe saam met hulle op reis vorentoe is. Dit het ook vir die vroue duidelik geraak dat daar 'n kontinuïteit van die lewe, sonder die fisiese teenwoordigheid van jou eggenoot, is. Die terapeutiese proses het volgens die vyf bewegings van Müller (2000:72-103) verloop, waartydens die navorser nie die deskundige was nie, maar

die medenavorsers die kenners van hulle verhale. Gesprekke is vanuit 'n posisie van nie-weet nie gevoer.

In aansluiting hierby kan gesê word dat die ervaring van die verlies van 'n eggenoot, deur God se genade, geloof kan verdiep en deur ervaring van hoop en vertroosting die lewe weer betekenisvol kan maak. In ooreenstemming met Van Wyk (2006:83-84) is dit die navorser se siening dat dit God se wil met mense is dat hulle "heel" moet wees; voltooid in elke faset, of dit nou as individu, gesinne, gemeenskappe of in die wye sosiale, nasionale of internasionale verband is. Deur in Christus te glo en Sy voorbeeld na te volg, kan mense word wat God beplan het hulle moet wees. Stories van hoop word in die proses gevorm, om die gespreksgenote te help om sinvol met hulle lewens voort te gaan. "Hoop plaas die *uitsien na* terug in ons lewe" (Nel 1999:107). Hulle kan dan ook heling in Christus beleef en 'n verskil in ander se lewens maak, ten spyte van die verlies en rousmart wat hulle ervaar het.

Totius se woorde uit sy gedig "Droefheid-Vreugde" weerspieël hoop en vertroosting.

*Die reën is verby;*
*verby is die nag.*
*Die son is uit*
*in vonkelprag;*
*aan gras en kruid,*
*met doulaag oorsprei,*
*hang druppels wat lag (Totius 1933:67)*

Ons word almal geroep om volkome op God te hoop (1 Petr 1:13). Mag die gespreksbenadering meehelp dat daar begrip vir vroue is, wat hoop en vertroosting nodig het, om hul lewens te hervat. Hoop kan die verskil maak tussen 'n lewe sónder betekenis en 'n lewe mét betekenis (Bartlett 2007:24). Mag promissioterapie bydra daartoe dat hoop en vertroosting vir die vroue weer sin en betekenis in hulle lewens fasiliteer.

# LITERATUURVERWYSINGS

Alcorn, R. 2005. *Die Hemel. Ons ewige bestemming.* Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.

American Psychiatric Association 1994. *Diagnostic criteria from DSM-IV. Quick reference.* 3ed. Washington, DC: American Psychiatric Association.

Anderson, H. 1993. On a roller coaster: A collaborative language systems approach to therapy. In: *The New Language of Change.* Edited by S. Friedman. New York: Guilford Press, 323-344.

Anderson, H. 1997. *Conversation, language, and possibilities: A postmodem approach to therapy.* New York: Basic Books.

Anderson, H. & Goolishian, H.A. 1988. *Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for theory.* Family Process 27(4), 371-393.

Arnold, J.H. & Gemma, P.B. 1994. *A Child Dies. A Portrait of Family Grief.* 2$^{nd}$ Edition. London: An Aspen Publication.

Bartlett, A. 2007. *Waar hoop is, is lewe. Vir vuisvoos-teen-die-wind-mense.* Wellington: Lux Verbi B.M.

Becvar, D.S. 2001. *In the presence of grief. Helping family members resolve death, dying, and bereavement issues.* New York: The Guilford Press.

Becvar, D.S. & Becvar, J. 1996. *Family therapy: A systematic integration.* Boston: Allyn & Bacon.

Bezuidenhout, J.P. 2005. *Volwassewording as problematiek in pastorale konteks.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Bird, J. 2001. *To do no harm.* Keynote address given at the inaugural Pan Pacific Family Therapy Congress, 4-7 September 2001, Melbourne, Australia.

Bodemer, W. 1990. *'n Mediese perspektief. God in ons lyding: God, mens en wêreld.* Onder redaksie van C. Vos & J. Müller. Pretoria: Orion.

Bons-Storm, R. 1989. *Hoe gaat het met jou? Pastoraat als komen tot verstaan.* Kampen: Kok.

Bosch, D.J. 1991. *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission.* New York: Maryknol.

Botha, A. 1998. *Pastoral therapy and extra marital affairs: a narrative approach.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Botha, P. 2001. Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk en swak punte. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences.* Vol 29, 13-19.

Botha, J.A. 2003. *Narratiewe pastorale egskeidingsmediasie: Stories van hoop.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Botha, A.C. 2004. *'n Gegronde studie oor seksuele molestering.* Ongepubliseerde D.Litt. et Phil proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Botha, S.W.J. 2007. *Can marriage survive traumatic child death? A 'narrative dance' towards an alternative discourse for spouses' emotional attachment through pastoral therapy.* Unpublished Ph.D. thesis. Practical Theology. Bloemfontein: University of the Free State.

Bothma, G. 2004. *'n Prakties Teologiese ondersoek na die kerklike jaar in die prediking van die Nederduits-Gereformeerde Kerk.* Ongepubliseerde Ph.D proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Bothma, J. 2006. *Waar is my geliefde wat gesterf het?* Wellington: Lux Verbi B.M.

Bowlby, J. 1979. *The making and breaking of affectional bonds.* London: Tavistock.

Bowlby, J. 1980. *Attachment and loss: Loss, sadness and depression.* Vol III. New York: Basic Books.

Bowlby-West, L. 1983. The impact of death on the family system. *Journal of Family therapy* 5: 279-294.

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste.* Pretoria: Academica.

Browning, D.S. 1991. *A fundamental practical theology. Descriptive and strategic proposals.* Minneapolis: Fortress Press.

Brueggeman, W. 1989. *Finally comes the poet: Daring speech for proclamation.* Minneapolis: Fortress.

Brueggeman, W. 1993. *Texts under negotiation. The Bible and postmodern imagination.* Minneapolis: Fortress Press.

Brunsdon, A.R. 2006. *Pastoraat aan die afgetrede egpaar deur kanker geaffekteer: 'n Narratiewe benadering.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Burger, C.W. 1995. Paassondag. Johannes 20:1-10, 11-31. In *Woord teen lig 1/9. Verdere riglyne vir Paas-, Hemelvaart- en Pinksterprediking.* Onder redaksie van C.W. Burger, B.A. Müller & D.J. Smit. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, I. 2006. *Die eerste 5 Minute na die Dood. Wat gebeur as 'n mens sterf...* Nuwe hersiene uitgawe met gesprekvrae oor die ewige lewe. 6de druk. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

Burger, I. 2008. *Die laaste 5 Minute voor die Dood.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

Burns R.B. 1990. *Introduction to research methods.* London: Sage.

Burr, V. 1995. *An introduction to social constructionism.* 1st Ed. London: Routledge.

Bybelse aanhalings en verwysings: Alle Bybelse aanhalings en verwysings kom uit die 1983 vertaling van die Afrikaanse Bybel.

Bynum, C.W. 1991. *Fragmentation and redemption: Essays on gender and the human body in medieval religion.* New York: Zone Books.

Capps, D. 1980. *Pastoral counseling and preaching: A quest for an integrated ministry.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Capps, D. 1990. *Reframing: New method in pastoral care.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Capps, D. 1995. *Agents of hope. A pastoral psychology.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Chamberlain, D.F. 1990. *Narrative perspective in fiction: A phenomenological meditation of reader, text, and world.* Toronto: University of Toronto Press.

Cleiren, M.P.H.D. 1993. *Bereavement and adaptation. A comparative study of the aftermath of death.* Washington: Hemisphere Publishing Corporation.

Clinebell, H.J. 1966. *Basic types of pastoral care & counseling: resources for the ministry of healing and growth.* Nashville: Abingdon Press.

Clinebell, H.J. 1987. *Basic types of pastoral care and counseling.* Nashville: Abingdon Press.

Cloete, T.T. 1976. *Vyftig gedigte van Totius. 'n Keur deur TT Cloete.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Collins, G.R. 2005. *Die A tot Z van berading. Bybelse perspektiewe op probleemoplossing.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Conradie, E.M. 2006. *Lewe anderkant die dood? In gesprek oor die hoop op die opstanding uit die dood.* Wellington: Lux Verbi B.M.

Corr, C.A., Nabe, C.M. & Corr, D.M. 1994. *Death and dying, life and living.* 5th Edition (2006). Australia: Thomson Wadsworth.

Crafford, J.D. 2003. *Die groei van hoop na mastektomie: 'n Narratiewe pastoraal-gesinsterapeutiese studie.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Crenshaw, D.A. 1991. *Bereavement: Counseling the grieving throughout the life cycle.* New York: Continuum.

Cyprianus, T.C. 2007. They wait for us. Through the eyes of Lewis, CS, Dr. Evans, T, Miller, C, Alcorn, R, Sanders, JO, Wesley, J, and others. In *A Glimpse of Heaven.* Compiled by R. Leonard and J.N.L. Sundberg. New York: Howard Books.

d'Assonville, V.E. 1993. *Dit is Totius. J.D. du Toit 1877-1953.* Lynnwoodrif: Marnix

De Beer, A. 2006. *Verlies en rou by die weduwee: 'n Pastoraal-narratiewe studie.* Ongepubliseerde Honneurs Skripsie. Bloemfontein : Universiteit van die Vrystaat.

De Beer, A. 2007. *Afsluiting na die verlies van 'n kind – 'n Narratiewe pastorale studie van 'n moeder(s) se belewenis.* Ongepubliseerde Magister Skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

De Beer, A. & Van den Berg, J-A. 2008. "Afsluiting" na die verlies van 'n kind: 'n Narratiewe pastorale studie van 'n moeder(s) se belewenis(se). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Vol 23 (2) : 44-61.

Degenaar, J. 2000. *Die keuse vir 'n postmoderne viering van kulturele diversiteit.* Gelewer te KKNK op 29 Maart 2000. Retrieved from the World Wide Web on 26 November 2006 at http://www.litnet.co.za/seminaar/degenaar.asp .

Deist, F. 2007. *Oorstaptyd. Gedagtes oor geloof in krisistye.* Wellington: Lux Verbi. BM.

De Klerk, W.J. 1972. *Rousmart. Die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare.* Johannesburg: Die Evangelis Boekhandel de Jong (Edms) Beperk.

De Kock, H. 2007. *As dood lewe word. 'n Verhaal van bemoediging vir elkeen wat 'n geliefde aan die dood moes afstaan.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Denton, R.A. 2005. *Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God: 'n Pastorale gestaltbenadering.* Ongepubliseerde Magister verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 1994. Introduction: Entering the field of qualitative research, in *Handbook of qualitative research,* 1-17. Edited by N.K. Denzin & Y.S. Lincoln. 2$^{nd}$ Edition (2000). United States of America: Sage.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2003. *The Landscape of qualitative research.* London: SAGE Publishers.

Devon, M. 2006. *Closure Principle.* Retrieved from the World Wide Web on 17 November 2006 at Http://changingminds.org/principles/closure.htm .

De Vos, A.S. 1998. *Research at grass roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik.

Dick, B. 1997. *A beginners guide to action research.* Retrieved from the World Wide Web on 21 November 2006 at http://www.scu.edu.au/schools/sawd/arr/guide.html.

Dill, J. 1996. *'n Basis teorie vir pastorale teorie in die lig van postmoderne epistemologie.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Dingemans, G.D.J. 1991. *In de leerschool van het geloof. Mathetiek en vakdidactiek voor catechese en kerklijk vormingswerk.* Tweede druk. Kampen: Kok.

Dooyeweerd, H. 1969. *Wat is die mens?* In Afrikaans vertaal deur prof. HJ Strauss. Bloemfontein: Sacum Beperk.

Dreyer, T. 2009. *God se sekerheid binne die dood se onsekerheid.* Retrieved from the World Wide Web on 16 March 2009 at http://www.gkrandburg.org.za/jmla1/%5Ccomponents%5Ccom_sermonspeaker%5Cmedia%5CPDFPreke%5C20090510TD_O.pdf.

Dreyer, Y. 1999. Vroue-ervaring en spiritualiteit. In *Hervormde teologiese studies.* Jaargang 55. Pretoria: BB Print.

Du Rand, J. 2007. *Die A-Z van Openbaring. 'n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Du Toit, C 1990. *'n Teologiese perspektief. God in ons lyding: God, mens en wêreld.* Onder redaksie van C. Vos & J. Müller. Pretoria: Orion.

Du Toit, A. 2003. *Die gebruik van rituele as 'n terapeutiese hulpmiddel tydens rouberaad: 'n Prakties-Teologiese ondersoek.* Ongepubliseerde Magister verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Du Toit, P. 2007. *Lewe in 'n geestelike dimensie.* Retrieved from the World Wide Web on 1 May 2008 at

http://www.truthexposed.co.za/index.php?option=com content&task=view&id=62&Itemid=1 .

Egan, G. 1994. *The skilled helper. A problem-management approach to helping.* Pacific Grove, California: Cole Publishing Company.

Endres, A. 2009a. *Getraumatiseerde adolessente se soeke na hoop: 'n Pastorale model.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Endres, A. 2009b. *Trauma.* Artikel vir Junie 2009. (Bediening in Afrikaans, Dr. Henk Grobler). Retrieved from the World Wide Web on 2 June 2009 at http://bedieningia.com/index files/Page564.htm.

Farley, E. 1987. Interpreting situations: an inquiry into the nature of Practical Theology. In *Formation and Reflection. The promise of Practical Theology.* Edited by Lewis S Mudge & James N Poling. Philadelphia: Fortress Press.

Ferreira, C. 2008. *Sterwensbegeleiding.* Die Dameskring. 'n Kultuurorganisasie vir Afrikaanssprekende Christenvroue. Sekundus, Vrystaat Sentraal en Suid. Retrieved from the World Wide Web on 1 May 2008 at http://www.dameskring.co.za:80.index.php?option=comcontent&task=view&id=94&Itemid=37.

Fourie, J. 2004. *Die stories en storiemoontlikhede van Christelike geloofstaal in 'n dominant-gereformeerde geloofsgemeenskap.* Ongepubliseerde Magister verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Fourie, J. 2008. *Publieke pastorale sorg aan persone geïnfekteer met en geaffekteer deur M.I.V. en /of Vigs in die bruin gemeenskap van Oudtshoorn.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Fourie, M. & Van den Berg, J-A. 2009. *Die ontwikkeling van pastoraal-narratiewe mentorskapbeginsels as effektiewe leerbenadering.* Retrieved from

the World Wide Web on 23 June 2009 at http://www.ufs.ac.za/faculties/documents/journal/6/22/169/05-Fourie&VdBerg.pdf.

Frankl, V. 1975. *Waarom lewe ek.* Pretoria: Hoolandsch Afrikaansche uitgevers Maatschappij.

Freedman, J. en Combs, G. 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities.* New York: Norton.

Frör, K. 1967. *Biblische hermeneutik. Dritte auflage.* München: Kaiser Verlag.

Ganzevoort, R.R. 1994. *Een Cruciaal Moment. Functie en verandering van geloof in een crisis.* Zoetermeer: Boekencentrum.

Ganzevoort, R.R. & Visser, J. 2007. *Zorg voor het verhaal. Achtergrond, methode en inhoud van pastorale begeleiding.* Zoetermeer: Meinema.

Gergen, K.J. 1991. The saturated self: dilemmas of identity in contemporary life. USA: Basic Books

Gerkin, C.V. 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society.* Philadelphia: The Westminster Press.

Gerkin, C.V. 1997. *An Introduction to Pastoral Care.* Nashville: Abington Press.

Geyser, D.T. 2003. *Die missionêre aktualiteit van die soekersensitiewe kerkmodel in 'n postmodernistiese samelewing.* Ongepubliseerde D.Litt. et Phil proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Gous, H. 2005. *Om die ondraaglike te dra. Vir mense wat die seer van dood, selfmoord of depressie beleef het.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Grobbelaar, E. 2009. *Gees en Siel.* Retrieved from the World Wide web on 22 June 2009 at *http://www.lyrix.co.za/Elmi/Passions/research/Gees%20en%20siel%20upd%20051109.htm.*

Hagman, G. 2001. Beyond Decathexis: towards a new psychoanalytic understanding and treatment of mourning. In: *Meaning Reconstruction & the Experience of Loss,* edited by R. A. Neimeyer. Washington: American Psychological Association, 13-32.

Heitink, G. 1979. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* Kampen: Kok

Heitink, G. 1998. *Pastorale zorg : Theologie, differentiatie, praktijk. Handboek Praktische Theologie.* Kampen: Kok

Heyns, J.A. 1981. *Dogmatiek.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *A Primer in Practical Theology.* Goodwood: National Commercial Printers.

Hestenes, M.E. 2007. Different perspectives of suffering and healing: An overview. *Practical Theology in South Africa.* Vol 21 (3 December): 68-85.

Hugo, E. 1990. *'n Maatskaplike Perspektief. God in ons lyding: God, mens en wêreld.* Onder redaksie van C. Vos & J. Müller. Pretoria: Orion.

Isherwood, L. 2000. *The good news of the body: Sexual theology and feminism.* Introduction. Edited by L. Isherwood. Studies in Theology and Sexuality, (5) 9-18 Sheffield: Sheffield Academic Press.

Immink, F.G. 2003. *In God geloven: Een praktischtheologische reconstructie.* Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Jackson E.N. 1957. *Understanding grief. Its roots, dynamics and treatment.* New York: Abingdon Press.

Janse van Rensburg, J. 1996. Verbond en Pastoraat: Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *NGTT* 37 (1): 152-165.

Janse van Rensburg, J. 1999. Etiek en Pastoraat in Hermeneutiese konteks. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 39(2): 158 –167.*

Janse van Rensburg, J. 2000. *The Paradigm Shift. An Introduction to Postmodern Thought and its Implications for Theology.* Pretoria: Van Schaik.

Janse van Rensburg, J. 2002 Die postmoderne mens aan wie die Evangelie verkondig word. *Praktiese Teologie in SA* 17(2), 2002:3960.

Jordaan, W. 1990. *'n Psigologiese Perspektief. God in ons lyding: God, mens en wêreld.* Onder redaksie van C. Vos & J. Müller. Pretoria: Orion.

Kerlinger, F.N. 1973. *Foundations of Behavioral Research.* New York: Holt.

King, U. 1998. Spirituality in a postmodern age: faith and praxis in new contexts. In *Faith and praxis in a postmodern age.* Edited by U. King. London: Cassel.

Klopper, B. 2006. *Gesprekke Oor Rou. Praktiese raad vir mense wat treur.* Elektroniese bron. BKCD 0002. Suid-Afrika: Bemark en versprei deur L. Lourens.

Klopper, F. 2006. Alles is voorlopig: oor modernisme en postmodernisme. Retrieved from the World Wide Web on 18 November 2006 at http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=285.

König, A. 2006. *Die Groot Geloofswoordeboek.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Kotzé, E. 1994. *The Social construction of a family therapy training programme.* Unpublished D.Litt. et Phil thesis. Johannesburg: Rand Afrikaans University.

Kotzé, D. 2002. Doing participatory ethics. In *Ethical ways of being.* Edited by D. Kotzé, J. Myburgh, J. Roux & Associates. 1-34. Pretoria: Ethics Alive.

Kotzé, P.E. 2004. *Pastoraat en Verbond. Enkele merkers vir die begeleiding van homoseksuele mense.* Ongepubliseerde Magister skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Kotzé, D.J. en Kotzé, E. 1993. Die Predikant se Storie: 'n Narratiewe Benadering tot die Ontwikkeling van die Persoon van die Predikant. *NGTT,* 34 (3), 363-370.

Kotzé, E. & Kotzé, D.J. 1997. Social construction as a postmodern discourse: An epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica.* 17(1): 27-50.

Kotzé, E. & Kotzé, D. 2001. *Telling Narratives.* Spellbound edition. Pretoria: Ethics Alive.

Kriel. J.R. 2002. And the flesh became mind: Evolution, complexity and the unification of animal consciousness. In *Brain, mind and soul.* Edited by Cornel W. du Toit. (Pretoria: UNISA), 135-178.

Kruger, S.F. 2000. *Menslike persoonlikheid en toerustende herderlike bediening. Aspekte van 'n metateorie, basisteorie en praktykteorie.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Kruger, A. 2006. Hoop en die Handves van menseregte. In *Deur Trauma,* Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Kruger, G. 2008. *Kerkgeskiedenis. Groot Denkers en hul invloed op die Kerk.* (Deel 1). Retrieved from the World Wide Web on 22 March 2008 at http://ngdriehoek.vaal.co.za/html/body_artikels.html.

Kübler-Ross, E. 1975. *Death: The final stage of growth.* New Jersey: Prentice-Hall.

Kübler-Ross, E. & Kessler, D. 2005. *On grief and grieving. Finding the meaning of grief and through the five stages of loss.* London: Simon & Schuster.

Landman, W.A. 2009. *Voordragte oor navorsing. Hermeneutiese Metode* (B.Ed). Retrieved from the World Wide Web on 2 May 2009 at http://www.landmanwa.co.za/lesing19.htm.

Leder, D. 1990. *The absent body.* Chicago: The University of Chicago Press.

Lester, A.D. 1995. *Hope in pastoral care and counseling.* Louisville Kentucky: Westminster John Knox Press.

Louw, D.J. 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Louw, D.J. 1985. *Sin in lyding. 'n Teologiese besinning rondom kruis en opstanding.* Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1997. Hoe teologies is die praktiese teologie en hoe prakties is die teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 12(2) 43-63.

Louw, D.J. 1999a. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: 'n teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Nuwe hersiene uitgawe. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1999b. *A mature faith. Spiritual direction and Anthropology in a Theology of Pastoral Care and Counselling.* Louvain Theological & Pastoral Monographs 25. Louvain: Peeters Press.

Louw, D.J. 2003. The Paradigmatic Revolution in Practical and Pastoral Theology: From Metaphysics (Substantial Thinking) to Empirism (Experiential Thinking); from Theism to Theopaschitism (Hermeneutical Thinking). *Practical Theology in South Africa.* 18(2):33-57.

Louw, D.J. 2005a. *Paradigm shifts and new perspectives on anthropology in pastoral care and counseling: cura animarum as cura vitae.* Ongepubliseerde lesing. Prof. D.J. Louw Fakulteit Teologie, Dorpstraat 171, Stellenbosch Universiteit, Suid-Afrika.

Louw, D.J. 2005b. *Ratwerke van die menslike siel. Oor volwassenheid en lewensvaardighede.* Stellenbosch: Sun Press.

Louw, D.J. 2006a. Om te kan hoop. In *Deur Trauma*, Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Louw, D.J. 2006b. Krisis, trauma en hoop. In *Deur Trauma*, Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Louw, D.J. 2006c. Sonder hoop is jy 'n lyk in 'n lykswa. In *Deur Trauma*, Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Louw, D.J. 2006d. Glo dat daar vir jou hoop is, want.... In *Deur Trauma*, Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Louw, D.J. 2006e. Drie belangrike vrae en drie denkskuiwe. In *Deur Trauma*, Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Louw, D.J. 2006f. Die Christelike hoop. In *Deur Trauma*, Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Louw, D.J. 2006g. *Hoekom? Hoekom nie? Wáár is God wanneer ek ly? En waarom ly ek?* Wellington: Lux Verbi. B.M.

Louw, D.J. 2007. *Wow, God! Oor die verrassende binnepret van glo.* Wellington: Lux Verbi B.M.

Louw, D.J. 2008. *Cura Vitae.* Wellington: Lux Verbi B.M.

Lutzer, E.W. 2000. *Oomblikke na jou dood. 'n Voorskou van jou eindbestemming.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Lynch, G. 1997. The role of community and narrative in the work of the therapist: A postmodern theory of the therapist's engagement in the therapeutic process. *Counseling Psychologist* 10(4): 353-363

Lyon, D. 1994. *Postmodernity. Concepts in the social Sciences.* Buckingham: Open University Press.

Malan, C.N. 2006. Die verhale van kinders wat seksuele misbruik oorleef het: 'n Pastoraal-narratiewe ondersoek. *Hervormde Teologiese Tydskrif* 62(3) 1057-1080.

Malan, J. 2008. *Eskatologie – Die Leer oor die Laaste Dae.* Retrieved from the World Wide Web on 11 July 2008 at http://www.bibleguidance.co.za/Afrboeke/Eskatologie/Esk0.htm.

Marais, W. 1992. *Ons dode lewe.* Vierde uitgawe (1999). Pretoria: Aktuapers.

Maris, J.W. 1994. *Schepping en verlossing – het kader van een bijbelse spiritualiteit.* Kampen: Kok Uitgeverij.

McCarthy, M. 2000. Spirituality in a postmodern era. In *The Blackwell reader in pastoral and Practical Theology.* Edited by J. Woodward, & S. Pattison. Consultant editor J. Patton. Malden: Blackwell Publishing.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2001. *Research in education. A conceptual introduction.* 5th Edition. Virginia: Longman.

Meeks, M.D. 1979. Moltmanns's contribution to Practical Theology. In *Hope for the church. Moltmann in dialogue with Practical theology.* Moltmann, J. with Meeks, M.D., Hunter, R.J., Fowler, J.W. & Erskine N.L. Edited and translated by T. Runyon. Nashville: Abingdon.

Meier, P. Clements, M.D. Bertrand, D.M.D. & Mandt, Sr M.A. 2005. *Blue Gene. Breaking free from the chemical imbalances that affect your moods, your mind, your life, and your loved ones.* Carol Stream, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.

Moltmann, J. 1967. *Theology of hope. On the ground and the implications of a Christian eschatology.* London: SCM Press Ltd.

Moltmann, J. 1974. *Het experiment hoop: verkenningen.* Utrecht: Baarn.

Moltmann, J. 1979. The life signs of the Spirit in the fellowship community of Christ. In *Hope for the church. Moltmann in dialogue with Practical theology.*

Moltmann, J. with Meeks, M.D., Hunter, R.J., Fowler, J.W. & Erskine N.L. Edited and translated by Theodore Runyon. Nashville: Abingdon.

Moolman, L. 2006. Glo dat daar hoop is! In *Deur Trauma,* Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Moore, A.G. 2004. *'n Narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Morgan, A. 2000. *What is Narrative Therapy? An easy-to-read introduction.* Adelaide South Australia: Dulwich Centre Publications.

Mullan, J.T., Skaff, M.M. & Pearlin, L.I. 2003. The Bereavement Process: Loss, Grief, and Resolution. In *Dying, Death, and Bereavement.* A Challenge for Living.

Edited by I. Corless, B.B. Germino, & M.A. Pittman. 2nd Edition. New York : Springer Publishing company.

Müller, B.A. 1985. Eskatologiese prediking. In *Riglyne vir eskatologiese prediking: Woord teen die lig.* Onder redaksie van C.W. Burger, B.A. Müller & D.J. Smit. Reeks 6, 9-22. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom.* Pretoria: RGN.

Müller, J. 2000. *Reis-geselskap – Die Kuns van verhalende pastorale gesprekvoering.* Wellington: Lux Verbi BM.

Müller, J. 2002. *Gesinne van binne. Vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin.* Bloemfontein: Barnabas.

Müller, J. 2004. A narrative-based pastoral conversation following the experience of trauma. *Praktiese Teologie in SA* 19 (1):77-88.

Müller, J. 2005. *A postfoundationalist, HIV-practical theology.* Paper presented at the international Biennial Conference of the International Academy of Practical Theology.

Müller, J. 2006. *Opstanding.* Wellington: Lux Verbi.

Müller, J., Van Deventer, W. & Human, L. 2006. *Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach.* Retrieved from the World Wide Web on 6 October 2006 at http://www.julianmuller.co.za/narrative%20research.htm.

Müller, J 2009 (a). *A narrative-based pastoral conversation following the experience of trauma.* Retrieved from the World Wide Web on 19 February 2009 at http://www.julianmuller.co.za/articles/doc_view/89-n-narrative-based-pastoral?tmpl=component&format=raw.

Müller, J. 2009 (b). *Tweede en Derde Orde Kubernetiek.* Retrieved from the World Wide Web on 19 February 2009 at http://www.julianmuller.co.za/articles/doc_view/99-tweede-en-derde-orde-kubernetiek?tmpl=component&format=raw.

Müller, J. 2009 (c). *Spirituality and the narrative.* (Paper delivered to the National Congress of the Pastoral Association for pastoral work). Retrieved from the World Wide Web on 19 February 2009 at http://www.julianmuller.co.za/articles/doc_view/98-spirituality-and-the-narrative?tmpl=component&format=raw.

Müller, J. 2009 (d). *A postfoundationalist, HIV-positive Practical Theology.* Retrieved from the World Wide Web on 20 March 2009 at http://www.julianmuller.co.za/articles/doc_view/5-a-postfoundationalist-hiv-positive-practical-theology?tmpl=component&format=raw.

Müller, J. & Laas, J. 2009. *Die essensie van die narratiewe pastoraat.* "Telling a past, dreaming a future" (Walter Brueggemann). Retrieved from the World Wide Web on 25 Jun 2009 at http://www.julianmuller.co.za/articles/doc_view/14-die-essensie-van-die-narratiewe-pastoraat?tmpl=component&format=raw.

Murphy, N. 2002. Introduction. In *Neuroscience and the person. Scientific perspectives on divine action.* Edited by R.J. Russel, N. Murphy, T.C. Meyering & M.A. Arbib. Pp i-xxxv. Berkeley: Center for Theology and the Natural Sciences.

Murphy, N. 2006. *Bodies and souls, or spirited bodies?* Cambridge: Cambridge University Press.

Myburg, J.L. 1995. *Gereformeerde spiritualiteit in gesins- en huweliksterapie.* Ongepubliseerde Magister skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Neethling, K. 1996. *Die moed om 'n nuwe môre te groet.* Pretoria: Benedic Boeke.

Neimeyer, R.A. 2001. Meaning reconstruction and loss. In *Meaning Reconstruction & the Experience of Loss.* Edited by R. A. Neimeyer. (1-12). Washington: American Psychological Association.

Nel, M. 1999. *Om uit genade te leef. Perspektiewe op oorwinning.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

Nel, A. 2005. *Die groot belofte-boek. Beloftes, toeseggings en troos uit die Bybel.* Wellington: Lux Verbi B.M.

Nicholson, W.P. 2008. *Hemel – Ons tuiste. Sondevergifnis en versekering van vrede met God.* W.J. Patton. Retrieved from the World Wide Web on 14 January 2008 at www.revivalmovement.org.

Nolte, C. 2005. *Wanneer God in my pyn verdwyn. Die belydenis van 'n pa.* Met 'n naskrif deur Julian Müller. Wellington: Lux Verbi. B.M.

Nolte, S.P. 2007. Pastors as gewonde genesers: emosionele intelligensie en pastoraat. Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Oates, W.E. 1983. *Pastoral care and counseling in grief and separation.* Creative pastoral care and counseling series. Edited by H.J. Clinebell, Jr. Philadelphia: Fortress Press.

Oates, W.E. 1997. *Grief, transition and loss.* Creative Pastoral Care and Counseling Series. Minneapolis, MN: Fortress.

Odendaal, R. 2008. *Hoe teologiseer ons?* Die Kerkpad Jaargang 6, No. 2 van Maart 2002. Retrieved from the World Wide Web on 22 March 2008 at http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/Maart2002/pers4.html.

O'Hanlon, B. 1994. The Third Wave. *Family Therapy Networker,* 18(6), 19-29.

Ortberg, J. 2002. *Die lewe wat jy nog altyd wou hê. Geestelike groei vir gewone mense.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Pangrazzi, A. 1986. Grief: The Road to Recovery. In *The pastoral role in caring for the dying and bereaved: pragmatic and ecumenica.* Edited by B.P. O'Connor, et al, with the assistance of L.G. Kutscher. Foundation of Thanatology series (7) 208-216. New York: Praeger.

Paré, D.A. 1995. Of families and other cultures: The shifting paradigm of family therapy. *Family Process* 34 (1), 1-19.

Parkes, C.M. 1996. *Bereavement: Studies of grief in adult life.* 3rd Edition. London: Routledge.

Pieterse, H.J.C. 1991. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in SA.*, 6(1), 38-49.

Putter, J.J.J. 2005. *Diskoerse oor heling binne 'n narratief-pastorale benadering.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Prozesky, M. 1998. *Faith, praxis and politics: the South African experience in the period from Gandhi to Desmond Tutu.* In Faith and praxis in a postmodern age. Edited by U. King. London: Cassel.

Raath, A.W.G. 2008. Ons enige troos. In *Roeping en riglyne*, Mondstuk van die VCHO, lewer prof. A.W.G. Raath onder bovermelde opskrif die boodskap van die voorsitter (Jes 2 ; 3 - 5). In *Die Kerkpad.* Jaargang 8, No. 1, Januarie. Retrieved from the World Wide Web on 24 June 2009 at http://www.kerkpad.co.za/argief/januarie2004/pers1.html.

Redman, R. 1994. The purpose of pastoral care. In *Leadership Handbooks of Practical Theology.* Volume 2. *Outreach & care.* Edited by J.D. Berkley. Michigan: Baker Books.

Retief, Y. 2005. *Genesing vir Trauma in die Suid-Afrikaanse konteks.* Tweede druk. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Retief, F. & Retief, E. 2006. "Glo net...: versus "Soek na sin". In *Deur Trauma,* Boek 4. Samesteller – Maretha Maartens. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Rice, H.L. 1991. *Reformed spirituality. An introduction for believers.* Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Rogers, C.R. 1960. *Client centred therapy on becoming a person.* Boston: Houghton.

Sarbin, T.R. 1986. Narrative *Psychology: the storied nature of human conduct.* New York: Praeger.

Sauer, J. 1981. "Der ursprüngliche 'Sitz im leben' von MK 10, 13-16. *Zeitschrift für Neuen Testamentliche Wissenschaft* 72, 27-50.

Scholtz, E. 2005. Pastorale Benaderings: 'n Herbeskrywing vanuit 'n Narratiewe Perspektief. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Vol 20 (2): 140-152.

Schneiders, S.M. 2005. Approaches to the Study of Christian Spirituality. In *The Blackwell companion to Christian spirituality.* Edited by A. Holder. Malden, Oxford, Victoria: Blackwell Publishing Ltd.

Schurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* A.S. De Vos. Pretoria: Acadamic, JL. van Schaik.

Sears, J.T. 1992. Researching the Other/Searching for Self. Qualitative Research on (Homo)Sexuality in Education. *Theory into Practice,* 31(2), 147-156.

Seegers, J.J. 2005. *Dekonstruksie van die Christus-kerk metafoor in Pastorale Huweliksterapie.* Ongepubliseerde Magister skripsie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Senekal, D.P. 2005. *Die funksionering van Bybelse inhoude in 'n narratief-pastorale gesprek.* Ongepubliseerde Magister verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Shirer, P. 2008. *So klink God se stem. Hoe om te weet dit is God wat praat.* Wellington: Lux Verbi. B.M.

Shotter, J. 1993. *Conversational realities: Constructing life through language.* London: Sage.

Sizook, S. 1987. *Biopsychosocial aspects of grief and bereavement.* Washington: American Psychiatric Association.

Smit, N. 2000. *Wanneer 'n vrou treur.* Wellington: Lux Verdi.BM.

Smit, D. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan.* Wellington: Lux Verbi.B.M.

Smit, G. 2008. Die Ontwikkeling van 'n Strategiese Gemeentelike Ekklesiologie – Op Pad na 'n Missionerende Bedieningspraxis. *Acta Theologica* 2008:1. Retrieved from the World Wide Web on 11 July 2008 at http://www.ufs.ac.za/faculties/documents/journal/5/20/189/Smit.pdf.

Smith, W.J. 2002. *'n Prakties-Teologiese Perspektief op Hoop as Pastorale Bemagtiging en Verryking in die Rouproses.* Ongepubliseerde Ph.D proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Stander, H. 2008. *Jou dink nuut gids oor die hemel. Antwoorde oor die dood en die lewe daarna.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

Stevens, C. 2002. *Liggaam en gees is één. Die wetenskaplike soektog na die fonteine van jeugdigheid.* Retrieved from the World Wide Web on 1 May 2008 at http://www.zambi.co.za/loerie/nav_top_files/archives/april%202002/copy%20april2002.htm.

Steyn, E. 2000. *Die grafte jubel. Kroniek van pyn en genesing ná die dood van 'n kind.* Wellington: Lux Verbi. B.M.

Steyn, H.M. 2003. *Die nooit-getroude vrou sonder kinders: 'n Pastoraal narratiewe benadering met besondere verwysing na diskoerse.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Steyn, J. & Van den Berg, J-A. 2005. 'n Pastoraal-narratiewe metode om lewenshanteringsvaardighede by kankerpasiënte te identifiseer. *Praktiese Teologie.* Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Stocks, M. 1985. Personal and spiritual growth. In *The Holy Spirit & Counseling.* Volume 1. Theology & Theory. Second printing 1990. Massachusetts: Hendrickson Publishers.

Strydom, H. 2002. Participatory Action Research. In *Research at Grass Roots.* For the Social Sciences and Human Service Professions: 419-434. Pretoria: Van Schaik.

Sundberg, J-N.L. 2007. Preface in *A Glimpse of Heaven.* Through the eyes of Lewis, CS, Dr. Evans, T, Miller, C, Alcorn, R, Sanders, JO, Wesley, J, and others. Compiled by R. Leonard, & J.N.L. Sundberg. New York: Howard Books.

Swinton, J. & Mowat, H. 2006. *Practical Theology and qualitative research.* London: SCM Press.

Symington, J. 1990. *My Kind Sterf. God in ons Lyding.* Onder redaksie van Cas Vos, & Julian Müller. Pretoria: Orion.

Tolle, E. 2005. *A New Earth. Awakening to your life's purpose.* England: Penguin Books.

Totius (Du Toit J.D.) 1933. *Passieblomme. Verse van Totius.* Bloemfontein: Nasionale Pers Beperk.

Travis, S.H. 1980. *Christian hope and the future of man.* Downers: Inter-Varsity Press.

Travis, S.H. 1982. *I believe in the second coming of Jesus.* London: Hodder & Stoughton.

Van den Berg, J-A. 2004. 'n Hoofstuk in die (outo)biografie van die predikant (pastor?). *Acta Theologica Supplementum* 6: 183-206.

Van den Berg, J-A. 2006. 'n Verandering in Tongval...? 'n Verwoord(-beeld)-ing van Pastoraal Teologiese Perspektiewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* (2) 164-181.

Van den Berg, J-A. 2007. 'n Beliggaamde siel: Voorgestelde perspektiewe vir 'n pastorale antropologie. An embodied spirituality: Proposed perspectives for a bodily pastoral anthropology. Artikel aangebied as werkswinkel tydens die 8ste Wêreldkongres van die *International Council on Pastoral Care and Counseling* met as tema "Treasure in Earthen Vessels-Care of Souls facing Fragility and Destruction-Individual and Systemic Perspectives", Krzyzowa, Pole, 7-14 Augustus, 2007.

Van den Berg, J-A. & Van den Berg, J. 2007. Mental and spiritual health: Crossroads between brain and soul. *Practical Theology in South Africa,* Vol. 22(2): 192-208.

Van den Berg, J-A. 2008. An embodied spirituality: Perspectives for a bodily pastoral anthropology. *Acta Theologica.* Volume 28 (2) 118-132.

Van den Berg, J-A. & Smit, A. 2009. *Transformasie in terapie: 'n Reisjoernaal van pastorale betrokkenheid in 'n Suid-Afrikaanse multi-geloofsgemeenskap.* Retrieved

from the World Wide Web on 22 June 2009 at http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Transformasie terapie Reisjoernaal.pdf.

Van der Merwe, M. 1995. *Nuwe treë saam met God. Riglyne en programme oor spiritualiteit en gemeentevernuwing.* Gemeente en bediening 5. Kaapstad: Lux Verbi.

Van der Merwe, P. 2002. *Rousmartbegeleiding deur middel van die Pastorale Narratief, toegepas op die Treurende Lidmaat by die Verlies van 'n Geliefde.* Ongepubliseerde Magister skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van der Ven, J.A. 1993. *Practical theology: an empirical approach.* Translated by B. Schultz. Kampen: Kok Pharos.

Van der Walt, T. 1969. *Die voleinding van die Koninkryk.* In Du Toit, S. (voorsitter van eindredaksie); Duvenhage, SCW, Snyman, WJ Van der Walt, T. 1969. Die Koninkryk van God. Potchefstroom: Potchefstroom Herald Bpk.

Van der Walt, N. 2006. *Postmodernisme.* Retrieved from the World Wide Web on 18 November 2006 at http://www.reformed.org.za/afrikaans/lektuur/Traktate/trakt postmodernisme.htm.

Van der Walt, N. 2009. *2 Kor. 5:1-8: Die hiernamaals.* [2]. No. E58. Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente (Pretoria): 31-12-06. Posbus 12371, Queenswood, 0121. T: (012) 329 3012; 082 7766 141. E-pos: nico.vanderwalt@reformed.org.za. Retrieved from the World Wide Web on 23 June 2009 at http://www.antipas.org.za/downloadattachment.php?ald.

Van Eck, E. 2008. *Eskatologie en koninkryk in die Markus evangelie.* Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap Universiteit van Pretoria. Retrieved from the World Wide Web on 5 December 2008 at http://www.up.ac/space/bitstream/2263/6244/1/VanEck Eskatologie(2008).

Van Huyssteen, J.W. 1999. *The Shaping of Rationality. Toward inter-disciplinarity in Theology and Science.* Michigan/Cambridge, UK: W.B. Eerdmans Publishing Company Grand Rapids.

Van Huyssteen, J.W. 2006. Lecture One: Human Uniqueness as an Interdisciplinary Problem. In: *Alone in the World? Science and Theology on Human Uniqueness* van J. Wentzel van Huyssteen. (The Gifford Lectures: University of Edinburgh 2003/2004). Grand Rapids: W.B. Eerdmans Publishing Company.

Van Jaarsveld, F.J. 2001. *Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n Konstrukteoretiese benadering.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van Niekerk, R. 2002. *Verlies, pyn en die verwerking daarvan. Praktiese begeleiding vir mense wat die beproewing van die dood ervaar het en steeds deurleef.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van Niekerk, R. 2008. *Verlies, pyn en die verwerking daarvan. Vind hoop en vertroosting na die dood van 'n geliefde.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van Wyk, B.J. 2006. *Seksueel-etiese aspekte in die Simsonverhaal (Rigters 13-16) as vertrekpunt vir Christelike berading binne 'n multi-godsdienstige beradingsituasie.* Ongepubliseerde Magister skripsie. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.

Van Wyk, A. 2008. *Artikels / Julian Müller en opstanding.* Retrieved from the World Wide Web on 11 July 2008 at http://www.ngkok.co.za/Artikels/JulianMullerEnOpstanding_AvanWyk.pdf.

Van Wyngaard, A. 1991. *Die eskatologiese dimensie in die wêreld sendingkonferensies 1910-1938.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Veling, T.A. 2005. *Practical theology: "On earth as it is in heaven."* Maryknoll, New York: Orbisbooks.

Von Benecke, J. 2005. *Spiritualiteit in terapie. 'n Narratief-pastorale studie.* Ongepubliseerde Magister skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Vos, C.J.A. 1995. Praktiese Teologie as katedraal – in gesprek met Gerben Heitink. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 10(1), 105-108.

Vos, C.J.A. 1995. Die Blye Tyding. Pretoria: RGN

Vorster, J.N. 1997. The body as strategy of power in religious discourse. *Neotestamentica* 31(2), 388-410.

Vorster, J.N. 2001. 'n Politieke tegnologie van die vroeë Christen se gepynigde liggaam. *Verbum et Ecclesia* 22(2), 434-454.

Vosloo, R. 2001. *Wat God doen, laat ons na Hom verlang.* Retrieved from the World Wide Web on 11 July 2008 at http://academic.sun.ac.za/buvton/leesrooster/Openbaring220621 270501 pink 2001.htm.

Vosloo, R. 2009. *Die beweging van God deur tyd - 'n meditasie.* Retrieved from the World Wide Web on 27 June 2009 at http://www.gemeentes.co.za/Pdf/BewegingvanGoddeurtyd.pdf.

Wahl, W.P. 2007. *Die verhouding "Ekklesia" tot die "Koninkryk van God": 'n hermeneutiese studie in die lig van Openbaring 1-3.* Ongepubliseerde Magister Skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

White, M. 1988. The process of questioning. A therapy of literary merit? *Dulwich centre newsletter.* Winter 1988: 37-46

White, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Centre Newsletter*, 3, 21-40.

White, M. 2000. *Reflections on narrative practice: Essays and interviews.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, M. 2002. *Narrative practice and the unpacking of identity conclusions.* Retrieved from the World Wide Web on 12 July 2005 at http://www.dulwichcentre.com.au/narrativepractice.html.

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* 1st Ed. New York: Norton.

Whitehead, J.D. 1987. The practical play of theology. In *Formation and Reflection. The promise of Practical Theology.* Edited by L.S. Mudge & J.N. Poling. Philadelphia: Fortress Press.

Worden, J.W. 1993. *Grief Counseling and Grief Therapy.* A Handbook for the Mental Health Practitioner (2nd Ed.). London: Routledge.

Yancey, P. 1990. *Where is God when it Hurts?* A Comforting, Healing Guide for Coping with Hard Times. Grand Rapids, Michigan 49530: Zondervan.

Zodhiates, S. 1994. *Life after death.* Chattanooga, TN 37422: AMG Publishers.

# OPSOMMING

## Promissioterapie by vroue na die verlies van 'n eggenoot: 'n Narratiewe Pastorale Studie


Die navorsing word deur die metafoor van 'n ketting met skakels, wat die kontinuïteit van die navorsingsverhaal uitbeeld, voorgestel. Die beginpunt van die ketting behels die bewuswording van die probleem en die eindpunt die uitkomste van die navorsing. Die eerste, tweede en derde skakels van die navorsingsketting behels die uiteensetting van die navorsingsontwerp, die konteks waarbinne hierdie navorsing ontstaan het, die navorsingsdoelstellings, -verwagtings, -metodologie, en -beperkings, hoofstuk uiteensetting en slot. Die doel van hierdie studie was om hoop en vertroosting by vroue, na die verlies van 'n eggenoot, te fasiliteer. My persoonlike verlies van 'n eggenoot het tot die studie aanleiding gegee. Grepe uit Totius se gedigte word as voertuig voorgehou om die navorsing metafories saam te bind. Dit beeld die kongruente belewenis met die vroue se rouproses en pyn, uit.

Skakels twee, drie en vier van die navorsingsketting handel oor die teologiese plasing van die navorsing. Die studie is Prakties Teologies begrond en vanuit postmoderniteit as paradigma nagevors. Die epistemologiese uitgangspunt is die sosiaal-konstruksionistiese diskoers en die narratief-hermeneutiese benadering. Beginsels onderliggend aan deelnemende aksienavorsing is as deel van kwalitatiewe navorsingsmetodiek gebruik. Antropologiese paradigmas is verhelder om 'n antropologie vir hierdie navorsing te formuleer en om die betekenis vir Praktiese Teologie te bespreek. 'n Eie interpretasie en formulering van die antropologie vir hierdie studie is ontwikkel.

Skakels vyf en ses beeld die begrippe *eskatologie* en *promissioterapie* uit. Eskatologie beklemtoon die Christelike aspek en gaan oor die *eintlike,* en nie alleen oor die *uiteindelike* nie. Promissioterapie vloei uit die eskatologie voort, maar is ook daarmee vervleg. Dit kan verder gestel word dat promissioterapie om die beloftes, wat handel oor die *begin* in die *einde*, met ander woorde oor die eskatologie, gaan. Die begrippe *hoop* en *vertroosting* is verhelder. Daar is gelet op die vroue se unieke

voorstelling van die lewe hierna, en watter rol dit kan speel om hoop en vertroosting te bied. Die plan was nie om 'n uitgewerkte denkstelsel oor die hiernamaals te gee nie, maar om die verskillende sienswyses van die vroue in die proses te verwoord.

Skakels sewe en agt verhelder die begrippe *verlies*, *rou* en *rousmart*. Die narratiewe benadering is bespreek en enkele elemente van die benadering, soos sosiale konstruksie diskoers, dekonstruksie, rekonstruksie en ko-konstruksie, asook eksternalisering, is uitgewys en verduidelik. 'n Kort oorsig van die begrippe spiritualiteit, eskatologie, promissioterapie, hoop en vertroosting is gegee om die verband met die rouproses, en die narratiewe benadering, te verhelder. Diskoerse oor die hemel is in die vorm van gesprekke met die vroue weergegee en is verhelder deur inligting uit verwante literatuur te verkry. Die narratiewe klem is deur die sirkulêre benadering van die gespreksgenote se vrae beklemtoon.

Skakels nege en tien stel 'n raamwerk, met Bybelsgefundeerde beginsels voor om hoop en vertroosting by vroue, wat 'n eggenoot verloor het, te fasiliteer. Om die boodskap, wat God deur Sy Woord vermeld, te verstaan is die hermeneutiek bespreek. Müller se gespreksbenadering van *vyf groot bewegings* vorm die basis van die navorser se benadering tot begeleiding. Dit behels 'n hulpverleningsaksie, wat konstruktiewe en positiewe implikasie vir die vroue se bestaan, en sinvolle funksionering tot gevolg kan hê. Die terapie is 'n deelnemende proses waarin die terapeut met die vroue saamwerk. Uittreksels van die vroue se verhale, wat die geheelbeeld van hul ervaring weerspieël, is verbatim aangehaal.

Die eindpunt van die navorsingsketting behels die reflektiewe proses. Dit is 'n beskrywing van die bereiking van die navorsingsoogmerke, navorsingsbeperkings, die waarde van die navorsing en die bydrae deur die studie gemaak. Verder dien die hoofstuk as samevatting van die navorsingsprojek.

# ABSTRACT

This research is portrayed by the methaphor of a chain with links to represent the continuity of the research narrative. The starting point of the chain comprises the realization of the problem and the end of the chain the findings of the research. The first three links of the research-chain is a representation of the explanatiion of the research-plan, the context, the research-statements, -expectations, -methodology and –limitations as wel as the chapter exposition and summary. The purpose of this research is to facilitate hope and consolation among women, who have lost their husbands. My personal loss of my husband was the motivation for this study. The emotional aspect of pain was metaphorically depicted by fragments of poetry by Totius. The choice of texts represents the congruent experience with the women's pain and mourning.

The second, third and fourth link of the research-chain deals with the theological positioning of the research. This study is founded in Practical Theology and researched from a postmodern paradigm, with social constructionistic discourse as epistemological point of departure. Participatory Action Research, as part of qualitative research methodology, is used. Anthropological paradigms were explored to formulate an anthropology for this research. The researcher formulated an anthropology for this study.

The fifth and sixth link of the research-chain depicts the concepts *eschatology* and *promissiotherapy*. Eschatology emphasizes the Christian aspect and deals with the actual and not just the ultimate. Promissiotherapy deals with the promises that are concerned with the beginning and the end or in other words the eschatology. The concepts *hope* and *consolation* are clarified. The prospect of promissiotherapy, to understand and interpret the experience of mourning and to facilitate hope and consolation, was explored. Concepts regarding spirituality, eschatology and

promissiotherapy are singled out and clarified. In this discussion the women's portrayal of life hereafter and the role it can play to offer hope and consolation is illustrated.

The following two links clarifies the concepts regarding loss, mourning and grief. The following elements, sosial constructive discourse, deconstruction, reconstruction, co-construction and externalization, of the narrative approach are designated and explained. The research is informed by using mechanisms of the narrative approach. The women constructed their stories during the dialogue. Discourses on heaven are portrayed in verbatim conversations with the women.

The last two links introduces a framework of principles, that are funded in the Bible, to facilitate hope and consolation for women after the loss of a husband. To understand the message of God in the Bible it was necessary to discuss hermeneutics. Julian Müller's conversation approach is used to compose an approach to accompany women in mourning. The choice is made to enable the researcher to create space for dialogue. It established markers through the five movements for interaction between the women and the researcher. This comprises of a therapeutic action that may have a constructive and positive implication for the women's existence as well as meaningful functioning in their lives. The therapy is a participating process in which the therapist and the women work together. Verbatim exerptions of the women's narratives, that reflects the total image of their experience, are quoted.

The end of the research-chain represents the reflective process. There was speculation over the research prospects and their possibilities. It consists of a discussion about the plan, limits and the value of the research as wel as the contribution of this study. Furthermore is serves as a summary of the research project.

**SLEUTELWOORDE**

Postmoderniteit

Antropologie

Spiritualiteit

Eskatologie

Promissioterapie

Geloofsvolwassenheid

Pastorale ontmoeting

Narratiewe benadering

Rouproses

Hemel

Hoop en vertroosting

**KEYWORDS**

Postmodernity

Anthropology

Spirituality

Eschatology

Promissiotherapy

Faith maturity

Pastoral encounter

Narrative approach

Mourning process

Heaven

Hope and consolation

UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY